DIE LAAT-VICTORIAANSE MOSSELBAAI 1870 - 1902

deur

HELENA MARIA SCHEFFLER

Pectora roborant cultus recti

Proefskrif ingelewer vir die graad Doktor
in die Wysbegeerte aan die Universiteit
van Stellenbosch

Promotor: Prof. dr. P.W. Grobbelaar

Maart 1990

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Cornwall House — die toonbeeld van Koloniale elegansie. Die gesin James poseer op die stoep en balkon van hul woning op die hoek van Marsh- en Crookstraat. Figuursaagwerk, kantgordyntjies, dek- en rottangstoele en 'n varing op die balkon voltooi die Victoriaanse toneel.

Foto: Bartolomeu Dias-museum DD PBM 00330

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VERKLARING

Ek die ondergetekende verklaar hiermee dat die werk in hierdie proefskrif vervat, my eie oorspronklike werk is wat nog nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige ander Universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê is nie.

Handtekening Datum

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

OPSOMMING

Mosselbaai was aanvanklik moeilik van sy natuurlike hinterland, die Karoo, bereikbaar aangesien dit deur twee bergreekse van die binneland geskei word. Met die oopstelling van passe het die hawe algaande meer toeganklik geword en het die nedersetting, soos die in- en uitvoer toegeneem het, gegroei. Die Munisipaliteit is in 1852 gestig en daarna het die dorp in so 'n mate ontwikkel dat dit in 1871 'n koerant gehad het.

Mosselbaai was tot in die middel tagtigerjare 'n droë, boomlose dorpie met skaars genoeg water vir huishoudelike gebruik. Die ernstige gebrek aan water het stremmend op bykans elke gebied ingewerk. Nadat water in 1886 van die Outeniekwaberge aangelê is, kon die dorp nie slegs verfraai word nie, maar kon afvoerslote gewas en brande met sukses geblus word.

Die Dorpsraad het te kampe gehad met plakkers, rondloperhonde en ander loslopende diere. Die algemene higiëne het veel te wense gelaat. Die afvoerslote was vuil, sanitêre geriewe swak, stortingsterreine ongunstig geleë en daar is tot in 1891 midde-in die dorp geslag. Tifus en builepes het in die negentigerjare uitgebreek. Die dorp het oor 'n geneesheer en apteker beskik en tandartse het sporadies op besoek gekom. 'n "Cottage Hospital" is gestig.

Die misdaadsyfer was laag en die regter van die Rondgaande Hof het dikwels geen strafsake gehad om te verhoor nie. Op sakegebied was daar 'n mark, 'n ongewoon hoë aantal groothandelaars en verskeie ander sakeondernemings. Drie groot hotelle het huisvesting aan besoekers verskaf. Reisende fotograwe het die dorp gereeld besoek en 'n dekade lank was daar ook 'n residensiële fotograaf.

Die Mossel Bay Advertiser het 'n belangrike bydrae gelewer deur die openbare

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

mening te beïnvloed. Die blad het eweneens 'n groot rol gespeel ten opsigte van die stryd om spoorverbinding, wat die grootste deel van die Laat-Victoriaanse Tydperk gekenmerk het. Alhoewel 'n spoorlyn meermale beloof is, is dit eers in 1895 toegestaan.

Op maritieme gebied was daar groot ontwikkeling: stoomhyskrane en '-sleepbote is bekom en groot oseaanskepe het Mosselbaai tweeweekliks en later weekliks aangedoen en sodoende gereelde verbinding met Engeland bewerkstellig. Die Coode-verslag het egter bevind dat die baai besig was om vlakker te word en haweontwikkeling is afgekeur. Stoomskepe het op Sondae begin aandoen en het sodoende Sondagwerk op die inwoners afgedwing. Nadat die spoorweg tussen die Diamantveld en die hawestede Kaapstad en Port Elizabeth voltooi is, is Mosselbaai stadig as hawe vir die Groot Karoo verdring. In die negentigerjare is die diens van die stoomskiprederye ingekort, wat 'n geweldige slag vir die handel was. Aan die einde van die dekade is aangekondig dat die hawe 'n golfbreker en nuwe kaai sou kry. Alhoewel verskeie skepe deur die jare vergaan het, was dit min in vergelyking met die skipbreuke elders.

Ná die voltooiing van die Kleinbosch-waterskema in 1886 is die dorp as badplaas en gesondheidsoord bemark en het groot getalle vakansiegangers na die Baai gestroom om veral in die natuurlike swemsloep by die Punt te baai. Boere van die binneland het ook naby die strand by Diepkloof begin kampeer. Ná die instelling van 'n halfdagvakansie op Saterdae het sport groot aftrek geniet en is verskillende klubs gestig. Inwoners het ook by verskillende verenigings aangesluit om hul vryetyd op 'n opbouende wyse te verwyl.

Op kerklike gebied het 'n paar leraars besonder lank op Mosselbaai gearbei en het veel tot die ontwikkeling van die gemeenskap bygedra. Die onderwys is gekenmerk deur 'n stryd tussen die staatsondersteunde skole en dié van die kerke. Alhoewel klein, het die plaaslike skole goeie uitslae behaal en uitstekende studente opgelewer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

SUMMARY

The development of Mossel Bay was subject to the opening of passes accross the two mountain ranges between the coast and the interior of the country. As the harbour gradually became more accessible to its hinterland, the Karoo, imports and exports increased. The granting of municipal status in 1852 precipitated a period of growth and by 1871, the town even had its own newspaper.

Until the mid eighties, Mossel Bay was an arid town with little vegetation and scarcely enough water for domestic use. The serious shortage of water hindered the inhabitants in almost every way. With the completion of a water scheme in 1886 whereby water was received from the Outeniqua mountains, not only was the town embellished by the planting of trees but the drains could be cleaned and the fires successfully extinguished.

The Town Council had to deal with squatters, roaming dogs and other stray animals. The general hygienic conditions left much to be desired. The drains were dirty, sanitation poor, dumping sites unfavourably situated and until 1891, animals were slaughtered in town. Typhus and Bubonic Plague broke out in the late nineties. The town had its own doctor and pharmacist, while a dentist made sporadic visits. A Cottage Hospital was established.

The crime rate was low and the judge of the Circuit Court often had no criminal cases to hear. Commercially a market was established and an unusually high number of wholesalers began trading in the bay. Three large hotels accommodated the many visitors. Travelling photographers visited regularly and at one stage Mossel Bay even had its own resident photographer.

The Mossel Bay Advertiser made an important contribution in influencing public

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

opinion and in participating in the struggle for obtaining a rail link. This struggle was the major issue of the time. The link was frequently promised but it was only the last assurance in 1895 that was ultimately honoured.

Major development took place in Shipping: Steam cranes and steam tugs were acquired and large oceanliners called, first fortnightly and then weekly. In so doing, regular contact was established with England. However the Coode Report found that the bay was becoming shallower and for this reason harbour development was rejected. Immense dissatisfaction prevailed after steam ships began calling in on Sundays, thereby forcing the inhabitants to work on the Sabbath. With the completion of the railway lines linking Port Elizabeth and Cape Town to the diamond fields, these ports gradually took over the trade generated by the Karoo. The services of the steamship companies were curtailed in the nineties resulting in diminished trade. At the end of the decade, it was announced that the harbour would receive a new breakwater and wharf. The number of shipwrecks were relatively small in comparison with other places.

After the completion of the Kleinbosch Water Scheme in 1886, the town was marketed as a watering place and health resort. Many holiday makers flocked to the bay to swim in the natural bathing place at the Point. Farmers from the interior began to camp near the beach at Diepkloof. After the introduction of a halfday holiday on Saturdays, sporting activities became popular and sports clubs were established. Societies enabled participants to spend their leisure time in a constructive manner.

The contribution of the church was large. A few ministers held their posts for lengthy periods and left their stamp on the community. Education was characterised by the struggle between the state supported schools and those run by the church. Although small, the schools produced outstanding students.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

I take delight in history, even its most prosaic details, because they become poetical as they recede into the past. The poetry of history lies in the quasi-miraculous fact that once, on this earth, once, on this familiar spot of ground, walked other men and women, as actual as we are today, thinking their own thoughts, swayed by their own passions, but now all gone, one generation vanishing after another, gone as utterly as we ourselves shall shortly be gone like ghost at cock-crow. This is the most familiar and certain fact about life, but it is also the most poetical...

G.M. Trevelyan An Autobiography, and other essays; aangehaal deur Karel Schoeman in Bloemfontein die ontstaan van 'n stad.

Opgedra aan die nagedagtenis van my grootouers, Friedrich Carl Scheffler (1874 - 1966) en Lydia Charlotte Staklies (1878 - 1937).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

INHOUDSOPGAWE

OPSOMMING

SUMMARY

LYS VAN ILLUSTRASIES

BEDANKINGS

VOORWOORD 1-8

1. DIE VICTORIAANSE ERA 9-27

1.1 Ontwikkelinge in Engeland 9

1.2. Style 16

1.2.1 Vroeë Victoriaanse Era (1837-1855) 16

1.2.2 Middel-Victoriaanse Era (1855-1880) 17

1.2.3 Laat-Victoriaanse Era (1880-1900) 17

1.2.4 Versetstyle 17

1.3 Die Kaapkolonie in 1837: "the Cinderella of British posessions" 20

1.4 Stryd tussen Boer en Brit 22

1.5 Lojaliteit van die Kaapse Afrikaners 23

1.6 Plaaslike vooruitgang 25

2. DORPSAKE 28-81

2.1 Ligging van dorp 28

2.2 Munisipale grense 28

2.3 Munisipale bestuur 29

2.3.1 Munisipale geboue 29

2.3.2 Nuwe munisipale bedeling 32

2.3.3 Die Dorpsraad 34

2.4 Strate 38

2.5 Beligting 40

2.5.1 Straatbeligting 41

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.5.2 Binnenshuise verligting 43

2.5.3 Elektriese lig 44

2.6 Dorpshorlosie 47

2.7 Brande en brandbestryding 49

2.8 Water 54

2.8.1 Eerste groot waterwerke 55

2.8.2 "Amateur hydrolics" 57

2.8.3 Die Kleinbosch-skema 58

2.8.4 Schermbrucker-reservoir 60

2.8.5 Tuinbou en watervermorsing 62

2.8.6 Wasplek: "simply sickening" 63

2.9 Boomaanplanting 65

2.10 Honde 68

2.11 Rondloperdiere: "demons of mischief" 69

2.12 Plakkery 73

2.13 Bruin woongebiede 75

2.13.1 Aloestraat 75

2.13.2 Sunny Side 77

2.13.3 New Rush (Tarka) 78

2.14 Uitspanning 80

2.15 Dorpsweiding: Bovenplaats 80

3. GESONDHEIDSTOESTANDE EN MEDIESE DIENSTE 82-131

3.1 Algemene higiëne 82

3.1.1 Afvoerslote en "pestiferous stenches" 82

3.1.2 Sanitêre geriewe 86

3.1.3 Stortingsterreine 91

3.1.3.1 Huishoudelike afval 91

3.1.3.2 Karkasse 93

3.1.4 "Shambles" 94

3.2 Gesondheidsdienste 98

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.2.1 "Medical Men" 98

3.2.2 Tandheelkundige dienste 102

3.2.2.1 Sequah -- "The Great Wonder of the Age" 104

3.2.3 Apteker 108

3.2.4 Die bydrae van die Mossel Bay Advertiser 111

3.2.5 Mossel Bay Cottage Hospital 112

3.3 Epidemies 116

3.3.1 Pokke 117

3.3.2 Builepes: "the frightful doom" 121

3.3.3 Tifus 125

3.4 Begrafnisdienste 125

3.4.1 Begraafplase 125

3.4.2 Lykswa 126

3.4.3 Begrafnisse 127

4. MISDAAD EN GESAG 132-152

4.1 Gesag 132

4.1.1 Siviele kommissaris en Resident-magistraat 132

4.1.2 Die Residensie: "somewhat of a disgrace" 133

4.1.3 Magistraatskantoor: "rather dingy" 134

4.1.4 Tronk 136

4.1.5 Polisie 139

4.1.6 Rondgaande Hof 141

4.2 Misdaad 144

5. VERBINDING MET DIE BUITEWÊRELD 153-179

5.1 Passe en rivieroorgange 153

5.2 Posdienste 155

5.3 Spoorverbinding 158

5.4 The Mossel Bay Advertiser: "A social purveyor of news" 163

5.4.1 Stigting en ontwikkeling 163

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.4.1.1 George Advertiser (1.12.1864 - 28.12.1870) 163

5.4.1.2 MBA onder T.B. Adlard (4.1.1871 - 7.1.1874) 165

5.4.1.3 MBA onder J. Powrie (7.1.1874 - 4.5.1897) 167

5.4.1.4 MBA onder F. McIntyre (4.5.1897 - 1902) 171

5.4.2 Bydrae van die blad 174

5.4.2.1 Redakteurs en lesertal 174

5.4.2.2 Inhoud 176

5.4.2.3 Beïnvloeding van openbare mening 178

6. SAKE 180-231

6.1 Markte 180

6.2 Groothandelaars 182

6.2.1 Barry & Nephews 183

6.2.2 Prince, Vintcent & Co 188

6.2.3 P.J. Wassung & Co 192

6.2.4 Fleming & Mudie en J. Mudie & Son 194

6.2.5 Mataré, Bruns & Co 196

6.3 Winkels 198

6.3.1 Divine, Hall & Co; die latere C.W. Black 201

6.4 Banke 204

6.4.1 Standard Bank 205

6.4.2 Ander banke 206

6.5 Hotelle 207

6.5.1 Standard Hotel: "A solid palatial looking structure" 209

6.5.2 Union Hotel 215

6.5.3 Masonic Hotel 220

6.6 Diensbedrywe 221

6.6.1 Barbiers: "plying the tonsorial art" 221

6.6.2 Kleremakers 224

6.6.3 Fotograwe: "Secure the shadow ere it fades" 225

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

7. MARITIEME MOSSELBAAI 232-289

7.1 Oseanografiese toestande 232

7.2 "Harbour of Refuge" 232

7.2.1 Historiese agtergrond 232

7.2.2 Hawe-ontwikkeling 234

7.2.2.1 Dekade sestig 234

7.2.2.2 Dekade sewentig 236

7.2.2.3 Dekade tagtig 239

7.2.2.4 Dekade negentig 241

7.2.3 Haweraad 243

7.2.4 Elektriese beligting van kaai 243

7.2.5 Kaptein William Harries 244

7.2.6 Oorspronklike hawegeboue vandag 246

7.2.7 "[T]his the Cinderella of the ports" 247

7.3 Skeepvaart 252

7.3.1 Instelling van stoomdienste 252

7.3.2 Gereelde stoomverbinding met Mosselbaai 253

7.3.3 Skepe en skeepvaartnuus 255

7.3.4 Aankoms van posboot 259

7.3.5 Gesagvoerders 261

7.3.6 Ontvangs van oorlogskepe 262

7.3.7 Bedrywigheid in die baai 263

7.3.8 Swak behandeling deur stoomvaartmaatskappye 265

7.3.9 Passasiersdienste 267

7.3.9.1 Passasiers en passasiepryse 267

7.3.9.2 Dienste 268

7.4 Skipbreuke en reddingspogings 274

7.4.1 Skipbreuke 274

7.4.2 "Rocket brigade" 276

7.4.3 Oefeninge 278

7.4.4 Redding 279

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

7.4.5 Gedoemde skepe 284

7.4.6 Veilings op die strand 285

7.4.7 Chronologie van gestrande vaartuie 287

8. BADPLAAS EN GESONDHEIDSOORD 290-331

8.1 Totstandkoming van strandoorde 290

8.2 Plaaslike omstandighede 291

8.3 "The Brighton of South Africa" 293

8.4 Mosselbaai gemeet aan Britse vakansieoorde 299

8.5 Natuurlike aantreklikhede 308

8.6 "Sea bathing" 312

8.6.1 Poortontwikkeling 315

8.6.2 Swemdrag 318

8.6.3 Vroueswemtyd 320

8.6.4 "Nuisances" 321

8.6.5 Puntpad 322

8.6.6 Veiligheid 323

8.6.7 Swemplekke 323

8.7 Vakansieverblyf 324

8.8 Kampeerders 324

8.9 Inwoners se vakansiegebruike 330

9. GEESTELIKE LEWE 332-389

9.1 Nederduitse Gereformeerde Kerk 332

9.1.1 Stigting van gemeente 332

9.1.2 Die eerste kerkgebou 333

9.1.3 Die Klipkerk 334

9.1.4 Die pastorie en sy inwoners 336

9.1.5 Dienste en geleenthede 341

9.1.5.1 Engelse dienste 341

9.1.5.2 Voorleser en orrelis 342

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

9.1.5.3 Nagmaal 344

9.1.5.4 Onthale en kerkbasaars 345

9.2 Anglikaanse Kerk 347

9.2.1 Stigting en ontwikkeling 347

9.2.1.1 Ampstyd van eerw. T. Sheard (1855-1871) 347

9.2.1.2 Ampstyd van eerw. W.F. Taylor (1872-1895) 351

9.2.1.3 Ampstyd van eerw. C. Earp Jones (1895-1902) 355

9.2.1.4 Hulppredikers 356

9.2.2 Die St. Peter's kerk en pastorie vandag 357

9.2.3 Musiek 358

9.2 4 "Tea Meetings", konserte en basaars 359

9.2.5 Biskopale besoeke 361

9.2.6 "English Church Mission" 362

9.3 Rooms-Katolieke Kerk 364

9.4 Berlynse Sendinggenootskap 366

9.4.1 Stigting en ontwikkeling 366

9.4.2 Die Berlynse Sending-geboue vandag 374

9.4.3 Gemeentesake 375

9.4.4 Sendelinge 379

9.5 Heilsleër 382

9.6 Baptist Mission Church 386

9.7 Joodse gemeenskap 387

9.8 Kerklike matigheidsbewegings 388

10. ONDERWYS EN OPVOEDING 390-430

10.1 Verskillende skole 390

10.1.1 Eerste skole, Mossel Bay Public School en Mossel Bay Boys' Public School 390

10.1.2 Mossel Bay Girls' Public School 394

10.1.3 Private skole 397

10.1.4 English Church Mission School en Poor School 400

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

10.1.5 Berlynse sendingskool 403

10.2 Bestuur van skole 405

10.3 Vakke 409

10.4 Eksamens 414

10.5 Onderwysers 418

10.6 Buitemuurse bedrywighede 419

10.6.1 Prysuitdelings 419

10.6.2 Opvoerings, uitstallings en basaars 424

10.6.3 Skoolsport 427

11. SPORT 431-484

11.1 Perderesies 432

11.2 Perdry 435

11.3 Skyfskiet 436

11.4 Kroukie: "The handling of the mallet" 439

11.5 Krieket: "Wielding the willow" 442

11.5.1 Jaarlikse uitstappie na Groot-Brakrivier 447

11.5.2 Vrouekrieket 447

11.5.3 Besoekende Britse elftal 448

11.6 Roei 449

11.6.1 24 Mei 451

11.6.2 Klubs en bote 455

11.7 "Association football" en "the rugby game" 458

11.8 Atletiek en boeresport 464

11.8.1 Atletiek 464

11.8.2 Boeresport 466

11.9 "Paper chasing" (Snipperjag) 469

11.10 Tennis 470

11.11 "Rinking" 472

11.12 Fietsry 475

11.13 Gholf 481

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

11.14 Vrouehokkie 482

11.15 Tafeltennis 483

12. GEORGANISEERDE VRYETYDSBESTEDING 485-511

12.1 Biblioteek 485

12.2 Young Men's Mutual Improvement Society 488

12.3 Mossel Bay Literary and Debating Society 489

12.4 Toneelverenigings en opvoerings 492

12.5 Mossel Bay Choral Society en Mossel Bay Glee Club 495

12.6 Lodge of St. Blaize 498

12.7 Good Templars 500

12.8 Mossel Bay Ladies' Benevolent Society 504

12.9 Mossel Bay Horticultural Society 505

12.10 Mossel Bay Daub and Scratch Society 507

12.11 Mossel Bay Amateur Photographic Society 509

12.12 Christelijke Jongelings Vereeniging 510

13. SLOTBESKOUING 512-543

13.1 Plaaslike gebeure 512

13.1.1 Die dekade sewentig 512

13.1.2 Die dekade tagtig 513

13.1.3 Die dekade negentig 515

13.2 Mosselbaai en landsgebeure 517

13.3 Victoriaanse samelewing 522

13.3.1 Britsgesindheid 522

13.3.2 Victoriaanse gedrag 525

13.4 Evaluasie 533

AFKORTINGS 544-545

BRONNE 546-567

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ILLUSTRASIES

Cornwall House	Teenoor titelblad
	Tussen pagina
Markplein met Barry-pakhuis en Market House	28-29
Markplein met Barry-pakhuis en Stadhuis	30-31
Die waterskaarste van 1883	58-59
Die uitspanning	79-80
Advertensie vir die "Rooihuid"-Sequah se besoek, 1891	106-107
Advertensie vir "Scott's Emulsion", 1889	108-109
Advertensie vir "Eno's Fruit Salt", 1889	110-111
Marshstraat met residensie	133-134
Sprigg-brug met pont	154-155
Advertensie vir opening van Gouritsrivierbrug, 1892	155-156
Advertensie vir spoorwegvergadering, 1883	160-161
Voorblad van eerste uitgawe van Mossel Bay Advertiser	165-166
Aankondiging insake verbod op koerante, 1901	172-173
Die Mossel Bay Advertiser van 30 Julie 1901	173-173
Advertensie-bylae, 31 Mei 1892	175-176
Potloodskets van Barry & Nephews-gebou, C.1860	183-184
Barry-gebou met Market House	184-185
Volblad-advertensie van Prince, Vintcent & Co	187-188
Prince, Vintcent & Co se ou gebou	188-189
Prince, Vintcent & Co se nuwe gebou met Seunskool, 1901	189-190
Vintcent-woning, Kerkstraat	190-191
Mataré, Bruns & Co se gebou	197-198
C.W. Black se winkel (vroeër Divine, Hall & Co)	201-202
Advertensie van Divine, Hall & Co	203-204
Standard Hotel, Blandstraat	214-215

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Union Hotel, Blandstraat	218-219
Masonic Hotel, Marshstraat	220-221
Advertensie vir 'n nuwe haarsalon, 1882	222-223
Advertensie vir snyersonderneming, 1884	224-225
Advertensie van fotograaf I.B. Gavin, 1878	227-228
St. Blaise-vuurtoring met Poort-swemsloep	235-236
Houtkaai met "Queen's Warehouse", C.1881	239-240
Hawegebied met strandmuur, C.1896	241-242
Sleephelling met stoomsleepboot	245-246
Waterverftekening van Kaap St. Blaise met vuurtoring en seinpos	259-260
Houtkaai met skepe in die rede	264-265
Wrak van Noorse bark Galera by Danger Point, 1892	280-281
Die Union Company-stoomskip Asiatic gestrand by Vleesbaai, 1884	282-283
Veilingadvertensie van die gestrande Rosebud, 1888	285-286
Saamgestelde foto geneem van bopunt van Marshstraat C.1880/84	289-290
Saamgestelde foto geneem van sandduin by sleephelling C.1880/84	289-290
Waterverftekening van blik op Mosselbaai van posboot, 1880	292-293
Voorblad van reisgids vir SA and International Exhibition, 1892	295-296
Vakansiegangers ontspan op Munrostrand	299-300
Blandstraat met hawegebied	300-301
Kamp van Oudtshoorn Volunteers by die Punt, 1894/1895	302-303
Advertensie vir "professor" Price se balonvaart	306-307
Tonnelgrotte	309-310
Waterverftekening van Puntgebied met vuurtoring en Point House	311-312
Naakte baaiers by die Poort-swemsloep	316-317
Tentedorp by De Bak	326-327
Potloodskets van eerste NG kerk en pastorie	332-333
Klipkerk met oorspronklike toring en Vintcent-woning	334-335
Die gevaarlike Kerkstraat van bo gesien met Divine, Hall & Co	336-337
Interieur van die St. Peter's kerk	352-353
Blik op Mosselbaai met vyf kerkgeboue	368-369

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Perdewedrenprogram vir 1883	433-434
Advertensie vir regatta van 1883	450-451
Vierriemsbote tydens die "Championship of the Bay", 1885	452-453
Bemanning van die St. Blaize Rowing Club, 1896	454-455
Atletiekprogram, 1882	465-466
Point House met versierde vuurtoring	468-469
Advertensie vir 'n rolskaatskarnaval, 1892	473-474
Advertensie vir opening van Stadhuis, 1879	492-493
Advertensie vir Charles du Val se afskeidskonsert, 1881	493-494
Advertensie vir optrede van "professor" Sakarala, 1883	494-495
Advertensie vir optrede van "professor" Anderson, 1890	495-496
Stadhuis met lamp en ventilators	497-498
Munrohoek	506-507
Advertensie vir kroningsviering van Eduard VII, 1902	524-525
Advertensie vir heupbollas, 1887	526-527
Advertensie vir deftige huishoudelike veiling, 1901	530-531
Advertensie vir mansklerasie, 1889	535-536
Kaart C.1859 met erfnommers. (Vereenvoudig)	567-
Lugfoto van Mosselbaai C.1985 met plekname	567-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BEDANKINGS

Eerstens wil ek graag prof. dr. P.W. Grobbelaar, my promotor, bedank vir sy hulp en leiding met hierdie studie. Veral sy professionele raad op taalkundige gebied word uitgesonder asook die feit dat hy my geleer het hoe belangrik dit is om dinge op 'n duidelike en eenvoudige wyse te stel. Ook bedank ek hom in die besonder vir hulp met die hoofstuk oor die Victoriaanse Era.

Ek wil ook my erkentlikheid betuig teenoor prof. O.J.O Ferreira van die Universiteit van Pretoria, eksterne eksaminator, en prof. P.H. Kapp, interne eksaminator, vir hulle wenke en kritiek.

My waardering gaan aan verskeie personeellede van die Suid-Afrikaanse Biblioteek vir hul vakkundige hulp en bowenal vriendelikheid deur die jare: me. Arlene Fanarof en haar leeskamerpersoneel, mej. J.C.L. te Groen, voorheen hoofbibliotekaris, mej. M.F. Cartwright van die manuskripte-afdeling en mev. E.M.M. Purcell, wat in haar afwesigheid waargeneem het, mnr. P.R. Coates vir nuttige wenke en mev. A.U. Dees vir haar uitstekende fotografiese werk.

By die Kaapse Argiefbewaarplek wil ek graag die volgende personeellede bedank vir hul hulp in die leeskamer: mev. Pam Wernich, mnre. J. van der Merwe, Leon Theart en David McLennon. Ook 'n woord van dank aan mnr. Johan van Wyk, wat geen moeite ontsien het op fotografiese gebied nie. My waardering gaan aan dr. G.C. de Wet, wat goedgunstiglik gereël het vir die opsporing en fotokopiëring van 'n dokument by die Bindery in Pretoria.

Ek wil my dank betuig teenoor mev. Helene Fredericks, wat my by die Kaapse Aktekantoor touwys gemaak het en mej. Madge Joss, wat intussen oorlede is, vir haar altyd vriendelike hulp by die Bartolmeu Dias-museum op Mosselbaai.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Terselfdertyd bied ek graag my opregte dank aan die kurator van die museum, mnr. Graham Bell-Cross vir sy hulp, onder andere met die beskikbaarstelling van negatiewe en die vergunning om die kopieermasjien te gebruik.

Ook is spesiale dank verskuldig aan kdr. G.M.S. Nonin van die Suid-Afrikaanse Vloot se Taaldiens vir die skenking van 'n tweetalige Seemanstermelys, mev. Patricia Storrar van Plettenbergbaai vir die skenking van etlike foto-afdrukke, mnr. A.M. Visser van die Kaapse Provinsiale Administrasie vir twee foto-afdrukke, waarvan een in hierdie werk opgeneem is, mnr. Piet Bakker van Stauch Vorster Argitekte vir die beskikbaarstelling van 'n lugfoto van Mosselbaai, mej. Tanya Botha van J.P. Kriel Konstruksie vir tegniese hulp en mev. Molly Hanley en mej. Frieda Haak vir inligting oor hul families. Mnr. Charles Robertson van Mosselbaai word bedank vir baie dinge, onder andere die leen van sy motor by meer as een besoek aan die dorp, die verskaffing van familie-manuskripte en 'n besigtigingsvlug van Mosselbaai en distrik. Mnr. George Hofmeyr, direkteur van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardihede, word bedank vir sy belangstelling en aanmoediging deur die jare en hulp met die beskrywing van geboue.

Voorts spreek ek my waardering uit teenoor wyle mnr. Peter Crail wat my deur sy manuskrip die geheimenisse van navorsing geleer het en ook hoe om inligting so te liasseer dat dit redelik toeganklik is. 'n Spesiale woord van dank aan mej. Amanda Matthee, wat goedwillig die aansienlike taak onderneem het om die teks taalkundig na te sien. Ek bedank ook graag my ouers vir hulle volgehoue belangstelling. Aan my eggenoot, mnr. Cobus Kriel, my dank vir sy onderskraging en bystand.

Ten slotte my dank aan die Universiteit van Stellenbosch en die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir finansiële steun. Alle menings wat in hierdie proefskrif uitgespreek word of gevolgtrekkings wat gemaak is, is dié van myself en moet in geen geval as 'n weergawe van die menings of

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gevolgtrekkings van die genoemde Raad beskou word nie.

Helena Scheffler

Oranjezicht

25 November 1989

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VOORWOORD

Met die skryf van hierdie proefskrif is gepoog om die lewe op Mosselbaai gedurende die Laat-Victoriaanse Tydperk weer te gee. Die dorp se groei, dikwels pynlik, word aangetoon, asook die geleidelike verandering wat in die administrasie, voorkoms, geriewe en sosiale lewe plaasgevind het.

Die tydperk van 1870 tot 1902 is gekies aangesien die dorp toe reeds sy nedersettingstatus ontgroei het en die sowat drie dekades deur buitengewone ontwikkeling gekenmerk is. Koningin Victoria is reeds in 1901 oorlede, maar die beëindiging van die Anglo-Boereoorlog in 1902 het vir 'n werklike afsluiting van 'n era gesorg en dien daarom as logiese eindpunt vir hierdie werk. Vir die doel van dié studie word met Mosselbaai bedoel die baai wat van Kaap St. Blaise tot by die mond van die Klein-Brakrivier strek, en die gebied wat binne die munisipale grense val soos dit met dorpswording in 1852 vasgestel is. Na Mosselbaai is daar destyds, net soos na Port Elizabeth, as "die Baai" verwys en na die inwoners as "Bayonians".

My belangstelling in Mosselbaai kan daaraan toegeskryf word dat my grootouers, eerw. Friedrich Carl Scheffler (1.3.1874--9.12.1966) en Lydia Charlotte Staklies (27.3.1878--22.10.1937), sowat veertig jaar in diens van die Berlynse Sending op die dorp en in die distrik werksaam was. My avontuurlike grootmoeder het Pruise verlaat om aan die Kaap met 'n landgenoot wat sy nog nooit voorheen gesien het nie, in die huwelik te tree en het die grootste deel van haar huwelikslewe hier deurgebring en haar kinders hier grootgemaak. Albei grootouers lê by die Punt begrawe. Dit, en die feit dat die familiestrandplek steeds die aangrensende Vleesbaai is, het my aangespoor om meer oor die baai te wete te kom.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die enigste geskiedkundige werk wat nog oor Mosselbaai geskryf is, is G.F. Steyn se boek: Eeufees-gedenkboek van die N.G. gemeente, Mosselbaai 1845-1945. Dit is gebaseer op kerkraadsnotules en is uitstekend nagevors alhoewel daar minder wetenskaplik te werk gegaan is deur nie bronverwysings en 'n bronnelys in te sluit nie. Waar die inligting egter nie op die notules berus nie en van sekondêre bronne gebruik gemaak is, kom foute wel voor. Hierdie werk was van groot hulp met die skryf van die hoofstukke oor die geestelike lewe en die onderwys. Twee M.A.-verhandelinge in die Aardrykskunde is oor aspekte van Mosselbaai geskryf, te wete dié van D.E. Nel getitel: Die hawe en fabrieksnywerhede van Mosselbaai (US, 1947), en dié van H.P.M. Raubenheimer: Die distrik George en die dorpe George en Mosselbaai (US, 1943). Daar is ook die M. Comm.-verhandeling van A.C. Stroebel: 'n Ekonomiese ondersoek na vervoerfasiliteite in Suid-Kaapland met besondere verwysing na die belangrikheid van Mosselbaaihawe (US, 1969). Met die Dias-fees in 1988 het 'n populêre werk, Mosselbaai 500 jaar deur Siegfried Stander, verskyn. Hierdie werk berus nie op diepgaande navorsing nie en is ongelukkig 'n voorbeeld van waar mites, wat geskep word om oorlewerings uit die verlede populêr te verklaar, verhef word tot feitelike geskiedenis (Contree Jan 1985: Redaksioneel).

Die belangrikste gedeelte van die navorsing is in die Suid-Afrikaaanse Biblioteek in Kaapstad onderneem. Die res van die navorsing is gedoen in die Parlementsbiblioteek, die Jagger-biblioteek (U.K.), die St. Georgeskatedraal-argief, die Kaapse Argiefbewaarplek en die Aktekantoor (almal in Kaapstad), die J.C. Gericke-biblioteek (op Stelllenbosch), die Africana-museum (in Johannesburg), die Bartolomeu Dias-museum (op Mosselbaai) en die Public Record Office (in Londen). Die navorsing wat in laasgenoemde inrigting gedoen is, was egter vrugteloos.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die vernaamste bron was die Mossel Bay Advertiser, wat in 1871 gestig is. Koerante van oor 'n tydperk van 31 jaar is deurgewerk wat tot gevolg gehad het dat 'n redelike noukeurige beeld van die ryk geskakeerde bedrywighede van die dorp gevorm kon word. Soos D.M. Moore tereg in sy artikel "The local historian and the press" (Contree Jan 1986: 10) beweer, is die tipiese plattelandse dorpskoerant 'n venster waardeur na baie fasette van die alledaagse lewe van meer as 'n honderd jaar gelede gekyk kan word. Hy skryf ook dat dié bron uniek is aangesien geen ander soveel inligting omtrent so baie aspekte van die lewe in 'n enkele tipe dokument bevat nie. Victoriaanse verslaggewing word daarby as van 'n hoë standaard beskou. Daar is ook ondervind dat die waarde van die Mossel Bay Advertiser moeilik oorskat kan word. Afgesien van internasionale en nasionale nuus, is noukeurig verslag gedoen oor die verrigtinge van die Dorpsraad en Afdelingsraad en oor alles wat op die dorp gebeur het. Briewe aan die redakteur was besonder waardevol aangesien dit 'n aanduiding gee van wat die algemene reaksie op amptelike en ander beleidsrigtings en optredes was. Aankondigings van owerheidsweë en veral advertensies was volop en van onskatbare waarde. Die versameling van hierdie koerante in die Suid-Afrikaanse Biblioteek is bykans volledig en in 'n goeie toestand, afgesien van 'n paar uitgawes van 1880 wat deur rotte gevreet is. Vergunning om hierdie bundel te gebruik, is nogtans toegestaan. Aangesien gate slegs in die middel van die blaaie voorkom, kon daar om die beskadigde deel gelees word en het nie te veel inligting verlore gegaan nie.

Die tydperk voor die verskyning van die Mossel Bay Advertiser, dit wil sê van 1860 tot 1871, is gedek deur die George Advertiser te bestudeer. Die Cape Argus het in die sestigerjare van die vorige eeu gereeld oor Mosselbaai berig wanneer 'n belangrike gebeurtenis plaasgevind het, soos byvoorbeeld die inwyding van 'n gebou. Die uitgawes van 1862 en 1863 is stelselmatig deurgewerk en daarna is na betrokke berigte gaan soek waar nodig, soos wat ook met ander tydgenootlike blaaie gedoen is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Verskeie manuskripte -- dagboeke, reisjoernale en briefversamelings -- is opgespoor en het waardevolle nuwe kennis verskaf. Hier moet veral die werk van Peter Crail uitgesonder word, wat 'n groot deel van sy lewe gewy het aan die navorsing van die geskiedenis van die omgewing van George met die oog op 'n boek oor Groot-Brakrivier. Weens gesondheidsredes kon hy egter nie die projek afhandel nie en is dié boek, The story of Great Brak River (Kaapstad 1975), na sy dood deur Margaret Franklin geskryf. Ook gepubliseerde reisjoernale van die vele vroeë reisigers wat Mosselbaai aangedoen het, is geraadpleeg. Boeke oor 'n wye verskeidenheid onderwerpe het agtergrondinligting verskaf. Regerings-publikasies soos die Cape of Good Hope almanac (1801-1802; 1804-1887) en die jaarlikse verslae van die siviele kommissaris en resident-magistraat in die Blue-book for the Colony of the Cape of Good Hope (1858-1879) is bestudeer.

Die navorsing in die Kaapse Aktekantoor (in Kaapstad) was van onskatbare waarde. Deur die geduldige en stelselmatige bestudering van die George Freeholds (1814-1858) en die Mossel Bay Freeholds (1858-1919) kon daar vasgestel word in watter orde die erwe uitgegee is, wanneer dit verkoop is, aan wie, en teen watter bedrag. Hierdie inligting het tot gevolg gehad dat kaarte van die dorp geteken kon word om te sien hoe die dorp gegroei het en hoe dit in bepaalde jare gelyk het. Die inligting wat hier oor 'n tydperk van etlike maande versamel is, kon gebruik word om verskeie verdigsels oor geboue, wat as waar in druk verskyn het, finaal as verkeerd te bewys en reg te stel. Baie van die historiese inligting wat in die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede se ongepubliseerde verslag "An annotated survey of buildings of architectural, historical and contextual importance in the central area of Mossel Bay" (1985) opgeneem is, is verkry uit die studie wat vir dié proefskrif gedoen is.

Naas die inligting uit die aktekantoor, het foto's die grootste bydrae gelewer om die fisieke voorkoms van die dorp te help rekonstrueer. Mosselbaai is

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gelukkig dat hy gereeld deur reisende fotograwe besoek is en ook 'n dekade lank 'n resident-fotograaf, I.B. Gavin, gehad het. Dit is egter 'n groot verlies dat al Gavin se negatiewe, waarskynlik etlike duisende, in 'n brand verwoes is. Hierdie foto's was nie slegs van die dorp nie, maar ook van die inwoners, hul gebruike, lewenswyse, vryetydsbesteding en belangrike gebeure. 'n Aantal saamgestelde foto's van die dorp het egter behoue gebly en is vandag van groot waarde vir die bestudering van veral die geboue. Afgesien van die fotoversameling van die Bartolomeu Dias-museum op Mosselbaai, is ook dié van die Africana-museum in Johannesburg en dié van die Kaapse Argiefbewaarplek deurgewerk. Kaarte was van groot waarde in die bestudering van die uitleg van die dorp. Dié in die Kaapse Argiefbewaarplek is geraadpleeg sowel as die diagramme en kaarte wat in die Kaapse Aktekantoor gevind is.

Navorsers is dikwels so gefassineerd met hul projekte dat hulle later verdere studies oor dieselfde onderwerpe aanpak. In hierdie geval is die omgekeerde waar. Nadat die navorsing vir die laaste drie dekades van die Laat-Victoriaanse Tydperk voltooi is, was skrywer hiervan se geesdrif nie te beteuel nie en is getrag om by die Argief vas te stel hoe die dorp ontstaan het waaraan soveel jare se studie gewy is. Die inligting wat daar gevind is, was so interessant dat die weke spoedig maande geword het en verskeie argivale groepe deurgewerk is.

Die inligting wat bekom is, was uit die aard van die saak te veel en die tydperk te lank om in een studie te verwerk. Op aanbeveling van my promotor is toe gehou by die oorspronklike onderwerp. Die feit dat aanvullende navorsing gedoen is, het egter 'n veel groter begrip vir die dorp en baai se geskiedenis tot gevolg gehad. Daardeur was dit ook moontlik om die voorgeskiedenis te gee van talle onderwerpe wat in die proefskrif behandel word. Die werk wat in die Kaapse Argiefbewaarplek gedoen is, was besonder tydrowend en omslagtig aangesien groot dele van die Swellendam- en feitlik die hele George-argief

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(waaronder Mosselbaai geval het) in brande verwoes is. Heelwat inligting is ook deur middel van korrespondensie van argiewe en museums in Denemarke, Nederland en Frankryk verkry. Die deel van die navorsing wat oor die vroeë tydperk handel, is nie ter sake nie en sal dus nie verder bespreek word nie. Daar sal hopelik later op 'n ander wyse van die inligting gebruik gemaak word.

Volgens die tradisionele historiese proses word die verlede van "bo" gerekonstrueer, met die handelinge van die sentrale owerheid, die staat en nasionale figure as fokuspunt. Met die bestudering van plaaslike geskiedenis word hierdie proses omgedraai. Die verlede word uit die plaaslike hoek benader met die kleinere gemeenskap en die gewone mens en sy handelinge as vertrekpunt. Plaaslike geskiedenis is dus die rekonstruksie van die ontstaan, groei, agteruitgang of verval van 'n gemeenskap, die verhaal van menslike prestasies en mislukkings in gemeenskapsverband (Contree Jan 1977: Redaksioneel; Jan 1987: Redaksioneel; April 1989: Redaksioneel). Kultuurgeskiedenis gaan nog wyer met die klem op die mens self.

Na aanleiding van bogenoemde is daar in hierdie proefskrif drie dekades van 'n gemeenskap se voor- en teenspoed, stryd en worsteling onder die loep geneem. Groot klem word gelê op die mens en individue word daarom telkens by die naam genoem. Die meeste van hierdie mense, wat vroeër sinoniem met Mosselbaai was, is vandag vergete en hul name word soms nog slegs aan strate verbind. Wie die mense was, is egter onbekend. Een van die doelstellings van dié studie is om van die vroeëre inwoners wat op een of ander wyse tot die ontwikkeling van die dorp bygedra het, weer in herinnering te roep.

Daar sal gesien word dat dieselfde name -- dié van die geneeshere, magistrate, geestelikes, groothandelaars -- gedurig voorkom. Die gemeenskap was klein en het gevolglik oor min leiersfigure beskik. Die Mosselbaai wat geskilder word, is egter nie net dié van die invloedryke families nie, maar ook die Mosselbaai

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van die talle klerke, die winkeliers, die ambagslui, die gewone burgery. Oor die bruin gemeenskap het daar ongelukkig min in die Advertiser verskyn. Waar inligting wel gegee is, soos met die stigting van woonbuurte, word dit volledig bespreek.

Die redakteurs van die plaaslike blad het meer as enige ander mens gehelp om die dorpsbewoners se mening, te vorm. Die redakteurs -- Thomas Adlard, Joseph Powrie en Francis McIntyre -- was bekwaam en professioneel, en dit is deur hul beskrywende verslae dat ons vandag 'n beeld het van 'n era wat na die Anglo-Boereoorlog grootliks verander het. Hul woorde word sporadies aangehaal om iets van die Victoriaanse gevoel weer te gee en ook die taalgebruik, wat dikwels fleurig was, te illustreer.

Deur telkens die presiese ligging van sakegeboue, wonings en ander geboue aan te toon, word getrag om die Mosselbaai van gister met dié van vandag in verband te bring. Daar word ook gemeld of die betrokke geboue behoue gebly het en, indien wel, of dit deur die RNG as bewarenswaardig beskou word. Indien dit gesloop is, word die slopingsjaar aangedui waar moontlik. Op dié wyse word gepoog om 'n nog groter nuttigheidswaarde aan die studie te verleen en word daar gehoop dat dit ook op die gebied van bewaring 'n bydrae kan lewer. In die lig van die aansienlike ontwikkeling wat op Mosselbaai met die Mossgas-projek kan plaasvind, is die studie in hierdie opsig relevant en word daar gehoop dat dit deur besluitnemers geraadpleeg sal word.

Die destydse geldeenheid, naamlik die pond sterling, is nie na die huidige eenheid omgeskakel nie, maar myle is wel na kilometer herlei. Die proefskrif word tematies aangebied. Die gebeure word egter chronologies in elke hoofstuk behandel. Dié oor die Victoriaanse Era in die algemeen berus geheel en al op sekondêre bronne en dien slegs as agtergrond en aanloop tot die proefskrif.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ter afsluiting kan gesê word dat daar lank gemeen is dat gebeure op plaaslike vlak nie van veel betekenis vir die bestudering van nasionale geskiedenis is nie. Al hoe meer historici begin egter glo dat plaaslike geskiedenis 'n belangrike bydrae tot die algemene geskiedeniswetenskap lewer deurdat 'n studie van die mikrokosmos en die rol van die gewone mens daarin help om die breë historiese ontwikkeling beter te begryp (Contree Jan 1977: Redaksioneel; Jan 1987: Redaksioneel; April 1989: Redaksioneel).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1. DIE VICTORIAANSE ERA

Die uitdrukkings Victoriaans en Victoriaanse Era word dikwels gebruik om na die tydperk van Junie 1837 tot Januarie 1901 te verwys toe koningin Victoria op die troon was, soos daar ook byvoorbeeld na die Elisabetaanse Era verwys word. Die benaming is beduidend aangesien koningin Victoria se bewind van sowat 64 jaar, afgesien van dié van keiser Franz-Josef van Oostenryk (1848-1916), die langste was van alle heersers in die moderne geskiedenis. Haar bewind was in elk geval die langste in die geskiedenis van Engeland. Die benaming is ook betekenisvol aangesien Groot-Brittanje gedurende hierdie tydperk die leiding gegee het op feitlik elke gebied -- veral ten opsigte van gebiedsuitbreiding, tegnologie, staatsmag, welvaart en politieke stelsels. Die term Victoriaans beteken egter meer as net 'n blote tydperk. Dit verwys na 'n eenheid, 'n era, met bepaalde kenmerke: idees, uitkyk, gewoontes en algemene kultuur (Tingsten 1972: 17).

1.1 Ontwikkelinge in Engeland

Omstandighede in die land het tydens hierdie lang bewind grootliks verander. Engeland was in die dertigerjare vanweë die gevolge van die Napoleontiese oorloë ontredderd en in 'n staat van misgenoegdheid en onrus. Hierteenoor is dit gedurende die laaste dekades van die eeu gekenmerk deur kalmte en voorspoed. Die Britte was toe trots op die jare van vrede, trots op die wyd verspreide besittings van die Ryk, trots op die Britse lewenswyse, welvaart, vooruitgang en die Britse heerskappy. Die Great Exhibition van 1851, die grootste in sy soort in die geskiedenis, was 'n toonvenster vir die Ryk se prestasies en het aan die wêreld getoon dat Groot-Brittanje geïndustrialiseerd geraak het en die leier was op die gebied van die werktuigkunde, die wetenskap en stoflike ontwikkeling in die algemeen (Avery 1970: 7).

UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK U.S.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die bevolking het uit drie stande bestaan wat die hele kultuur beïnvloed het. Daar was die aristokrasie en grondeienaars, die middestand, wat die toon aangegee het, en die arbeidersklas. Engeland se ekonomie, administrasie en regstelsel het tot die vroeë dekades van die 19de eeu berus op die aanname dat dit 'n landbouland was en die grondeienaars het gevolglik regeer -- hulle was in die Parlement, het die wette gemaak en dit is na hul belange waarna omgesien is (Avery 1970: 11-12). Die suidelike deel van Engeland was aan die begin van die 18de eeu die digste bevolk en die vernaamste stede was Londen, Bristol, Norwich, Exeter en Southampton. As gevolg van die Nywerheidsomwenteling en veral die ontwikkeling van die stoomenjin het die land egter sy landboukarakter verloor. Die stoomenjins en ysterfabrieke het steenkool benodig en die nuwe industrieë is gevolglik in die noorde van die land opgerig waar dié energiebron vryelik beskikbaar was. Die bevolking het noordwaarts beweeg en talle markdorpies het in uitgestrekte, grou fabriekstede ontwikkel met eindelose rye klein en karakterlose huisies. Stede soos Birmingham, Manchester, Leeds, Sheffield, Liverpool, Hull en Newcastle het spoedig die ou stede verbygesteek (Fry 1976: 195-196).

Daar was 'n skrille teenstelling tussen die rykdom van die aristokrasie en middelklas en die armoede van die werkersklas. Om uitgawes tot 'n minimum te beperk, het fabrieksnyweraars probeer om soveel mense as moontlik op 'n stuk grond te huisves. Die terrein was soms moerasagtig en die rye huise, wat rug teen rug gebou is, is slegs deur middel van nou stegies van mekaar geskei. Min lig en lug het die wonings binnegedring, sanitêre geriewe het omtrent nie bestaan nie en water is bekom uit riviere wat ook as stortplek vir riool gedien het. Afgesien daarvan dat die stede dig bebou was, was die huise oorbewoon en het verskeie gesinne dikwels in 'n enkele vertrek gebly (Lindsay & Washington 1967: 59-61).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Om die werksmag te vergroot, is ook van kinder- en vrouearbeid gebruik gemaak. Die werkers se omstandighede was erbarmlik: hulle het die grootste deel van die dag, ses dae per week, in koue, swak beligte en rookgevulde fabrieke deurgebring en selde sonlig gesien. Werkers het voor hul tyd oud geword en was geredelik die slagoffers van siektes. Bowenal was daar geen kommunikasie tussen die fabrieksnyweraar, wat al welvarender geword het, en die werker nie en gevolglik ook geen begrip nie. Dit het tot klassehaat gelei (Fry 1976: 198; 200).

Daar is besef dat hervorming nie veel sou beteken indien die laer klasse nie stemreg verkry nie. Namate die eeu gevorder het, is die stemreg aan al hoe meer burgers toegeken totdat alle mans bo 21 jaar uiteindelik in 1884 stemgeregtig was. Van 1884 het die werker dus inspraak in landsake verkry en het sy lewe ook algaande meer houdbaar geword. Huisvesting is verbeter, 'n elementêre opvoeding is verskaf en meer geriewe vir vryetydsbesteding is voorsien. In die fabrieke is werksomstandighede verbeter en vakbonde is gewettig (Avery 1970: 15).

Die hervormers het geen maklike taak gehad nie. Hulle het geduldig en deeglik probeer om orde te skep uit die chaos. Omstandighede is noukeurig bestudeer en verslae en statistieke is voorberei. Daar word beweer dat geen gemeenskap nog ooit tevore aan soveel ondersoeke onderwerp is nie. Dit was egter nie net 'n saak van wette maak en toesien dat dit uitgevoer word nie. Hervormers het ook te kampe gehad met die algemene mening dat die hervormings buitensporig ingemeng het met die vryheid van die indiwidu -- die indiwidu wat die reg gehad het om byvoorbeeld mis in die straat te laat ophoop of om gevaarlike toestande in die fabriek te duld, al is werkers beseer. Dit het lank geduur voordat die vooruitgang wat die middelklas se lewens meer fatsoenlik en gemaklik gemaak het, dieselfde uitwerking op die werkersklas gehad het. Teen die eeuwending het omstandighede grootliks verbeter. Die stede het nog hul agterbuurte gehad,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

maar dit is as sodanig erken en nie meer beskou as geskikte woonplek vir armes nie (Avery 1970: 15-16).

Die Nywerheidsomwenteling het aan bekwame indiwidue met deursettingsvermoë die geleentheid gebied om hulself op te werk, ongeag die status van hul ouers. Die leiers van die nuwe middelklas, wat op dié wyse tot stand gekom het, was vername en besonder welvarende handelaars wat nie in die grondeienaar-aristokrasie opgeneem is nie. Die grootste gedeelte van die stand het egter uit kleiner vervaardigers en handelaars en ook uit professionele mans bestaan. Op die grens was vooraanstaande vakmanne, die belangrikste winkeleienaars, prokureurklerke en ander kantoorwerkers. Daar was dus 'n aansienlike kloof tussen die leidende figure en die laagstes van die stand. Die ryker inwoners het hulle in nuwe woonbuurte aan die buitewyke van die stede gevestig, waar hulle gewoonlik 'n drieverdiepinghuis met 'n tuin bewoon het. Massiewe mahoniemeubels, dik rooi gordyne, rooi Turkse matte en donkerrooi muurpapier was kenmerkend van 'n deftige interieur. Swaar olieverfskilderye en 'n oordaad van ornamente en snuisterye is gebruik om vertrekke te versier (Lindsay & Washington 1967: 50-51; 55). Groot waarde is aan gerief geheg. Stoele en rusbanke is opgestop soos nog nooit tevore nie, gordyne is met watte uitgevoer en tapyte was groot. Alles was met patrone versier, gewoonlik helder geblom -- muurpapier, materiale en vloerbedekkings (Evans 1966: 161; 163). In teenstelling met hierdie oordaad en strewe na gemak, is daar op 'n oop koolstoof gekook en het die sanitêre geriewe bestaan uit 'n sinkput ("cesspool") onder die huis en 'n spoeltoilet in 'n donker, ongeventileerde kas onder die trap. Die sanitasie het tot aan die einde van die eeu veel te wense gelaat en was waarskynlik die rede hoekom Victoriaanse vroue, wat baie tyd tuis verwyl het, chronies effens ongesteld was (Lindsay & Washington 1967: 55-56).

"Home! Sweet home!" was die gewildste van alle Victoriaanse liedere alhoewel die lirieke of musiek nie van hoogstaande gehalte was nie. Die gewildheid van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dié lied het die Victoriaanse burger se houding jeens sy huis goed weerspieël (Phillips 1978: 90-91). "Home was the shrine of the Goddess of the Hearth, the gentle, good woman who was soft where the outside world was hard, kind where it was cruel, comforting where it was bitter, comfortable where it was bruising", het 'n kontemporêre skrywer dit gestel. Dit was hier waar die vader van sy sakeverpligtinge kon rus en die gesin saans om die klavier kon vergader en "Danny Boy" of Sullivan se "Onwards, Christian soldiers" te sing of te luister hoe een van die gesinslede 'n vervolgverhaal voorlees (Phillips 1978: 92-93; 95; 98).

Die gesin is algemeen as die middelpunt van die gemeenskap beskou. Vroue het talle kinders gehad en gesinne van twaalf was algemeen, terwyl dié van twintig nie ongewoon was nie. Die vader was die gesagsfiguur en kinders het hom sonder teëspraak gehoorsaam. Sy eggenote het hom selde in die openbaar teengegaan en het hom dikwels nie op sy voornaam aangespreek nie, maar as mnr. So-en-so. Dissipline is as die belangrikste faktor in 'n kind se opvoeding beskou. Streng gedragsreëls het op alle terreine gegeld, soos byvoorbeeld met besoeke aan familie en vriende. Die verhouding tussen jongmense van verskillende geslagte was ongemaklik en onnatuurlik. 'n Meisie is oral deur 'n chaperone vergesel en dit was bykans onmoontlik vir haar om saam met iemand van die teenoorgestelde geslag alleen te verkeer (Lindsay & Washington 1967: 51-53).

Alhoewel die fabrieke grootliks daartoe bygedra het om die tradisionele Engelse lewenspatroon te verander, het die koms van die spoorweg dit selfs nog verder omvergewerp. Burgers se reisvermoë is vroeër bepaal deur die afstand wat die perd kon aflê. Die koms van die spoorweg het egter selfs 'n klerk in staat gestel om kilometers van sy werk te woon en nuwe dorpe het op hierdie wyse buite die groot stede ontstaan. Kusoorde het belangrik geword toe mense, wat vroeër hul hele lewe binne die klein radius van hul tuiste geslyt het, op vakansies met seebaaiery begin aandring het -- 'n luukse waarvan die vorige

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geslag nie eens sou droom nie. Die spoorweg het ook die Engelse landskap blywend verander. Met onversaagde energie en primitiewe pikke, grawe en kruiwaens is spoorwalle gemaak, uitgrawings gespit en valleie met viadukte (boë) bespan (Avery 1970: 16; 18).

Die energie en passie wat met die bou van die spoorweë en hervorming geopenbaar is, is ook op intellektuele sake toegepas. So is daar dwarsdeur die 19de eeu 'n diepgaande belangstelling in die teologie gehandhaaf. Dit was 'n tyd van groot onstuimigheid in die Anglikaanse Kerk. Die vroeë Victoriane was by 'n godsdienstige herlewing betrokke en het hul besig gehou met die vraag oor watter vorm godsdiens moes aanneem. J.H. Newman (later kardinaal), een van die mees vooraanstaande teoloë en skrywers van die eeu, was met 'n paar akademici van Oxford vir die stigting van die Oxford Movement, ook genoem die Tractarian Movement, verantwoordelik. Die Tractarians het groot klem gelê op die oorsprong van die kerk en het teruggedink aan die tyd toe die kerk in Engeland nog onverdeeld was. Onder leiding van Newman het verskeie Anglikane later die kerk verlaat om by die Rooms-Katolieke Kerk aan te sluit. Latere Victoriane het meer grondliggende sake, soos die wese van die geloof self, bevraagteken (Avery 1970: 19-20). Charles Lyell se nuwe gedagtes oor die evolusieleer, wat in 1830 verskyn het, is met agterdog bejeën, maar Charles Darwin se teorie waarin die proses van evolusie op die mens toegepas is, is as godslasterlik beskou. Sy <u>Origin of species</u> is in 1859 gepubliseer. Afgesien hiervan was teoloë in Duitsland besig om geloof in die letterlike waarheid van die Bybel te bevraagteken (Lindsay & Washington 1967: 91-93).

Victoriaanse intellektuele energie het ook 'n letterkunde van formaat opgelewer en 'n gemeenskap wat groot genot daaruit geput het. 'n Groter getal waardige romanskrywers as in enige ander era het in hierdie tyd werke gepubliseer. Daar was onder meer Dickens, George Eliot, Trollope en die Brontë-susters, om maar enkeles te noem (Avery 1970: 20). Ook musiek het 'n belangrike plek in die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

alledaagse lewe ingeneem. Werke soos die Messiah van Handel en die Elijah van Mendelssohn is uitgevoer en die operettes van Gilbert en Sullivan het groot skares gelok (Philips 1978: 92).

Die doeltreffender vervoermiddels het tot gevolg gehad dat die posstelsel verbeter kon word en spoedig was daar 'n poskantoornetwerk dwarsoor die uitgestrekte Ryk. Die ondersese kabel tussen Ierland en Newfoundland in Kanada is in 1866 in gebruik geneem en Alexander Graham Bell en Guglielmo Marconi se uitvindings, die telefoon en radio, het kommunikasie verder gerevolusioneer. Burgers kon nou nie net hoor en lees wat elders gebeur het nie, maar is ook deur die nuwe wonder van die fotografie in staat gestel om dit visueel te ervaar (EB Mic 1 1974: 948; EB Mic VI 1974: 606)

Die Britte was met die eeuwending nie slegs trots op die brûe en spoorweë, die burgerlike geboue, hospitale, skole en dreineringstelsels nie, maar ook op die hervorming van die staatsdiens, die weermag, munisipale administrasie, gevangeniswese, onderwysstelsel en die oplewing op kerklike gebied. Hulle was trots op die nuwe gees wat die private sowel as die openbare lewe gekenmerk het en wat die luidrugtigheid, onverfyndheid en korrupsie van die vorige geslag vervang het (Avery 1970: 11).

Hierdie gees is gekenmerk deur 'n aantal sedelike eienskappe wat beperkend van aard was: erns, fatsoenlikheid, plig, harde werk en spaarsamigheid. Dié deugde is verheerlik in die talle boeke van Samuel Smiles, die skrywer van die blitsverkoper Self-help wat in 1859 verskyn het. Hierdie eienskappe is later in die eeu gekritiseer en Charles Dickens het byvoorbeeld gereeld die draak gesteek met die Victoriaanse oorfatsoenlikheid en huigelagtigheid (EB Mac 3 1974: 268). Werkgewers het Sondae vroom die kerk bygewoon, maar gedurende die week hul werkers uitgebuit. Mans, wat verwag het dat hul vroue tuis bly, het saans na werk prostitute besoek. Londen was berug vir sy skaduwêreld. Daar

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

was tallose bordele -- van die laagste soort losieshuise met drankverslaafde prostitute tot die meer elegante en diskrete instellings wat deur "madames" beheer is en waar uitgesoekte jong vroue en kinders vir elke smaak, gier en afwyking voorsiening gemaak het (Burton 1972: 228). In Frankryk is prostitute in hierdie tyd geregistreer, maar die Britte het dit nie geduld nie. 'n Sekere preutse erotisisme het ook in die populêre skilderkuns en beeldhoukuns voorgekom (Burton 1972: 228; Phillips 1978: 104-105).

Imperialisme was die sleutelwoord van die negentigerjare. Dit het nie slegs verband gehou met die ekonomiese belange van die sakelui, die soeke na materiaal en afsetgebiede, en die geesdrif van die skare wat opgewek is deur die avontuur van 'n Empire nie, maar ook met die tradisionele luister van die kroon. Dieselfde energie wat vroeër aangewend is vir staatkundige verbeteringe, is nou op imperiale probleme toegepas. 'n Britse mag -- bowenal 'n seemag -- is gevestig om die Ryk te beskerm (EB Mac 3 1974: 272).

Die selftevredenheid en selfingenomendheid met Brittanje se ekonomiese mag, internasionale aansien en leiersposisie is goed weerspieël in die persoonlikhede van koningin Victoria en haar Duitse gemaal, prins Albert. Nadat die Koningin in 1870 ook tot vorstin van Indië benoem is, het sy die Britse imperialisme en nasionalisme versinnebeeld (Kapp ea 1984: 206-207).

1.2 Style

Die Victoriaanse Era is gekenmerk deur talle stylherlewings en eklektisisme wat in drie algemene tydperke ingedeel kan word.

1.2.1 Vroeë Victoriaanse Era (1837-1855)

Die volgende style het in hierdie tydperk voorgekom: Die Klassieke, of Griekse

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

styl, die Rococo- of Lodewyk XIV-styl, die Elisabetaanse, Tudor-, Stuart- of Jakobeaanse styl, die Renaissance- of Francois Premier-styl, die Gotiese styl en die naamlose of Naturalistiese styl, wat die gewildste was (Hayward 1965: 207-210).

1.2.2 Middel-Victoriaanse Era (1855-1880)

Die Gotiese styl was opnuut gewild en Georgiaanse- en Queen Anne-herlewings het voorgekom (Hayward 1965: 214).

1.2.3 Laat-Victoriaanse Era (1880-1900)

Die tydperk is gekenmerk deur massavervaardiging en meganisasie. Alhoewel herlewings soortgelyk aan dié in die vroeëre tydperke voorgekom het, was die Neo-Renaissance-styl die kenmerkendste (Hayward 1965: 216).

1.2.4 Versetstyle

Teen die middel van die 19de eeu het 'n hernieude belangstelling ontstaan op die gebied van die sierkuns en die literatuur. Dit was in verset teen die meganisasie en die kommersiële en wetenskaplike gees wat geheers het, en dit het die vorm aangeneem van verskillende bewegings: die Pre-Raphaelite, die Aesthetic en die Arts and Crafts Movement (Aronson 1965: 33).

Die Pre-Raphaelite Movement het sy ontstaan gehad in die Pre-Raphaelite Brotherhood wat in 1848 gestig is. Die drie stigterslede -- Dante Gabriel Rosetti, Willaim Holman Hunt en John Everett Millais -- was almal jonger as 25 jaar oud en studente aan die Royal Academy. Hulle het sterk gereageer teen die verbeeldinglose en anekdotiese skilderkuns van die Academy en wou in hul werk nuwe standaarde stel deur opregte idees uit te druk en direk van die natuur te

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

skilder. Die naam van die beweging spruit uit hul bewondering vir die kuns van die tydperk voor die Hoog-Renaissance en hul verwerping van die Europese akademiese tradisie wat die Klassisme van Raphael vereer het (EB Mic VIII 1974: 192; Lindsay & Washington 1967: 105).

Hulle is afgestoot deur materialisme en sogenaamde verdrukking en het hulself as meer as net kunsrevolusionêre beskou. Morele en godsdienstige onderwerpe veral was die temas van hul skilderwerk, asook dinge wat hulle uit die Romantiese, Renaissance- en Middeleeuse literatuur gekies het om tydgenootlike ongeregtighede aan te val. Die skilderstyl was besonder grafies met baie detail en helder kleure. Die lede van die Brotherhood het gesamentlik, maar anoniem uitgestal. Nadat hul identiteit en jeugdigheid aan die lig gekom het, is hul werk erg gekritiseer, veral oor die oënskynlike pïeteitloosheid waarmee godsdienstige onderwerpe op 'n nuwe, realistiese wyse benader is. Die toonaangewende kunsresensent John Ruskin het die Pre-Raphaelites egter verdedig. Alhoewel die beweging slegs sowat 'n dekade bestaan het, was die Brotherhood se invloed op die skilderkuns en sierkuns in Engeland aansienlik (EB Mic VIII 1974: 192).

Die ontwerper, vakman en digter William Morris (1834-96) het die 19de eeu met sy masjienvervaardigde produkte verafsku. Hy het die verlaagde standaarde van die Middel-Victoriaanse Tydvak betreur en het dit aan die fabrieke toegeskryf en aan die feit dat vakmanne nie meer met hul eie hande gewerk het nie. Morris het die skeppende proses as 'n bron van vreugde beskou wat tot goeie vakmanskap aanleiding gegee het. Sy smaak was op eenvoud gegrond, alhoewel dit nie luuksheid uitgesluit het nie. In 1861 het hy met 'n paar vriende die onderneming Morris, Marshall, Faulkner & Co gestig wat meubels, materiale, gebrandskilderde glas en muurpapier ontwerp en vervaardig het (EB Mic VII 1974: 34; Lindsay & Washington 1967: 106-107).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die Aesthetic Movement het in die laaste kwart van die 19de eeu ontstaan as reaksie teen die pragmatiese sosiale filosofieë van die tyd en die onaantreklikheid en kultuurloosheid van die nywerheidsera. Die beweging het hom beywer om op die gebied van die kunste en letterkunde, skoonheid ter wille van die skoonheid te skep sonder om dit aan die daaglikse lewe te koppel (EB Mic I 1974: 115).

Die Arts and Crafts Movement het in die tagtiger- en negentigerjare gildes gestig om die algemene gehalte van ontwerp te verhoog deur samewerking tussen kunstenaar en vakman te bevorder. Die beweging het ontwikkel uit die teorieë van Rushkin, Pugin en Morris. Die benaming Arts and Crafts het in 1888 ontstaan toe die Arts and Crafts Exhibition Society gestig is. Die beweging het heelwat argitekte geïnspireer om meubels te ontwerp. Dit het in die negentigerjare groter aanvaarding gevind en is gevolglik nie meer aan slegs 'n klein groep verbind nie. Die opvattings van die beweging het na ander lande verprei en is mettertyd verbind met die toenemende internasionale belangstelling in ontwerp en veral in die Art Nouveau (EB Mic I 1974: 563).

Die Art Nouveau-styl het as reaksie teen die massavervaardigde artikels en die herlewingstyle ontstaan. Die ontwerpers wou met die nuwe styl terugkeer na goeie vakmanskap, eenvoud en die natuur. Art Nouveau is gekenmerk deur vloeiende en golwende lyne wat 'n gevoel van ligtheid, swier en vryheid gegee het. Die versieringsmotiewe was natuurgerig en dinge soos die voelhorings van insekte, lelies, flappe, rose, naaldekokers, seewiere en ander natuurlike vorms het hulle goed tot die styl geleen. Vroue met lang, los hare is ook graag uitgebeeld. Die styl het tot uiting gekom in die argitektuur, meubelkuns, keramiek, glas, juwele, boeke, plakkate, lampe en ander huishoudelike ware. Afgesien van William Morris, John Ruskin, Arthur Mackmurdo, Walter Crane en die Pre-Raphaelites, het die Amerikaanse skilder James McNeil Whistler, die Belg Henri van de Velde en Arthur Lazenby Liberty 'n groot invloed op die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ontwikkeling van die styl uitgeoefen. Ontwerpers het hulle ook beywer vir die herlewing van style soos die Gotiek, Barok en Rococo. Die bloeitydperk van die styl was tussen ongeveer 1890 en 1910, met die Paryse Uitstalling van 1900 as hoogtepunt. Art Nouveau het, soos die naam aandui, die nuwe sosiale ontwikkelinge, tegnologie en uitdrukking van die gees van die tyd verteenwoordig (EB Mic I 1974: 558-559; Just 1985: 87-88; 150).

1.3 Die Kaapkolonie in 1837: "the Cinderella of British posessions"

Aan die Kaap het koningin Victoria se troonopvolging min geesdrif gewek. Alhoewel die 1820-Setlaars reeds sewentien jaar vantevore aangekom het, was ander Britte traag om te immigreer en is hulle nooit in groot getalle gelok nie. Die Kolonie was nog net 31 jaar onder Engelse bewind en het slegs twintigduisend inwoners van Britse herkoms gehad (Bryden 1897: 1; Pama 1977: 1).

Die nuus van koning Willem IV se dood en die troonbestyging van die agtienjarige Prinses het Kaapstad eers twee en 'n half maande na die gebeurtenis bereik. Soos die wet vereis het, moes sy ook hier as vorstin uitgeroep word. Dié plegtigheid het om twaalfuur die middag van 12 September 1837 in die Stadhuis in Kaapstad plaasgevind. Die gewone burgers kon 'n adres aan die nuwe Koningin in die Commercial Exchange gaan onderteken. Daar was egter nie 'n enkele openbare feesgeleentheid nie, geen banket in die Kasteel, geen militêre parade, geen bal vir die inwoners nie. Selfs al sou van die Britte die gebeurtenis luisterryk wou vier, sou dit moeilik gewees het aangesien daar nie 'n Engelse koor aan die Kaap was nie (Pama 1977: 1).

Die Anglikaanse Kerk het wel aandag aan die gebeurtenis geskenk deur 'n diens aan die Koning se dood en die troonbestyging te wy. Die oorlede Koning kon egter skaars as 'n steunpilaar van die kerk beskou word aangesien hy 'n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

uitspattige lewe saam met die aktrise Dorothea Jordan by Bushey Park gelei het en verskeie buite-egtelike kinders by haar gehad het. Min van dié wat die diens in St. Paul's in Rondebosch bygewoon het, sou ooit kon droom dat die nuwe bewind een van die mees deurslaggewende in die Kolonie se geskiedenis sou wees, dat dit die wêreldkaart sou verander en ook die Kaap in hierdie proses 'n vername rol sou speel (Pama 1977: 1).

Kaapstad was in hierdie stadium begrens deur Buitenkantstraat en die Buitengracht en dus besonder klein. Die stad het bestaan uit platdakhuise tussen akkerbome en wingerde en breë, stowwerige strate. Die vernaamste geboue was die Groote Kerk, wat vier jaar later herbou sou word, die Kasteel, die Burgerwaghuis op Groentemarkplein en die slawelosie. Alhoewel baie klein, was Tafelbaai egter een van die bekendste hawens ter wêreld. Die gedagte om 'n kanaal te bou ten einde die Rooi See met die Middelandse See te verbind, is nog nie ernstig geopper nie en al die skepe na en van Indië en die Verre Ooste het Tafelbaai aangedoen. Werklike hawegeriewe was daar nog nie en vaartuie het in die rede voor anker gelê. Kaapstad sou eers drie jaar later sy eerste munisipaliteit, 'n Raad van Kommissarisse, kry. Die meeste van die koloniste was Nederlands/Afrikaanssprekend. Dié van Engelse herkoms was hoofsaaklik handelaars wat hul brood met in- en uitvoer verdien het en dan was daar ook die garnisoen by die Kasteel. Die omvang van die handel was beperk en is deur 'n gebrek aan goeie bankgeriewe bemoeilik. Daar was nog geen spesiale winkelgeboue nie, en sake is in huise beklink. Die enigste vervoermiddels was die perd, die perdekar en die ossewa. Die enigste skakel met die buitewêreld was die see (Boëseken 1983: 63; Pama 1977: 2).

Die bemannings van die besoekende skepe was op soek na aangename losiesplekke en gesellige kantiene en dié kon die Kaap hulle in oorvloed bied. Die bevolking wat hulle in Kaapstad aangetref het, was skaars meer as 15 000 mense. Daar was ook 5 000 gewese slawe wat in Desember 1838 hul algehele vryheid sou

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ontvang. Engelse militêre en amptenare wat in die Ooste diens gedoen het, is deur die milde klimaat en gemaklike lewenswyse gelok en het voortdurend na die Kaap gestroom. Sommige van die "Indians" of "Hindoos", soos hulle plaaslik genoem is, wou die gevaarike en veeleisende vaart na Brittanje onderbreek. Ander, soos ook dikwels militêre offisiere, het gekom om te herstel na vermoeiende jare in die trope (Pama 1977: 2-4).

Die Kaap, ver van die akademiese sentra van die tyd, kon nie spog met enige wetenskaplike prestasie nie. Sir Benjamin D'Urban, wat reeds sowat drie jaar lank goewerneur was, het 'n Wetgewende Raad in die lewe geroep, maar die koloniste het min belang daarby gehad aangesien al die lede in werklikheid deur die Kroon aangewys is (Grütter & Van Zyl 1982: 21).

In 1837 het die Britse besittings in Suid-Afrika slegs uit 'n klein gedeelte van die latere Kaapkolonie bestaan. In die noordweste het die gebied gestrek tot by die Buffelsrivier, wat ver ten suide van die Oranjerivier was. Ooswaarts het die Kolonie vroeër tot by die Keirivier gestrek, maar dié grens is kort vantevore met die veel nader Groot Visrivier vervang. Heelwat van die noordelike gedeelte van die Kolonie was nog onbewoon deur Europeërs en reusetroppe wild, onder andere leeus en al die groot boksoorte, het op die vlaktes voorgekom. Natal was in hierdie tyd in die onbetwiste besit van die Zulukoning Dingane en was 'n feitlik onbekende streek. Daar is lank na Suid-Afrika verwys as "the Cinderella of British possesions" (Bryden 1897: 3, 31).

1.4 Stryd tussen Boer en Brit

Die hele Victoriaanse Era staan wat Suid-Afrika betref in die teken van die stryd tussen Boer en Brit. Daar was die doelbewuste en volgehoue poging om Engels die enigste erkende taal van die land te maak, Afrikaner-verset in die vorm van die Groot Trek, die stigting van die Boererepublieke en uiteindelik

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die Anglo-Boereoorlog, wat weer eens die vryheidsideaal van die Boere vernietig het. Koningin Victoria se bewind oorspan dus twee van die grootste krisisse in die bestaan van die Afrikanervolk en dit het ook mettertyd gelei tot die vestiging van die Engelse kultuur in Suid-Afrika. Die Victoriaanse modestyle het in Suid-Afrika neerslag gevind. Soos telkens in die loop van die studie aangedui sal word, het Mosselbaai geblyk 'n tipiese voorbeeld te wees van die algemene tendense in die Kaapkolonie. Die Engelse meerderwaardigheidsgevoel was sterk by die inwoners te bespeur, soos die plaaslike koerant by geleentheid berig het: "we inflate our chests, throw back our heads, and thank God we are Britons" (MBA 2.5.1883: Brokkie).

1.5 Lojaliteit van die Kaapse Afrikaners

Die Kaapse Afrikaners het besonder geheg geraak aan koningin Victoria en aan die Britse vlag. Sy het vir hulle 'n moederfiguur geword en omdat sy so lank geregeer het, was sy die enigste vors wat hulle geken het. In die dele waar die meeste Afrikaners voorgekom het, is ook die meeste van haar portrette in huise aangetref (Snyman 1979: 10; 13). Daar is jaarliks, selfs op die mees afgeleë plekkies, met groot geesdrif aan die viering van haar verjaardag deelgeneem. Die nuus van haar dood op 22 Januarie 1901 het die Afrikaners diep geskok. Sommige het dit as 'n nasionale ramp en as 'n persoonlike verlies beskou. Simpatie met haar afsterwe is oral betoon en mosies van roubeklag is op talle plekke in Kaapland deur alle lae van die bevolking aanvaar. Die toenemende verskille wat in 1897 tussen Engeland en die ZAR aan die oplaai was, het nie die lojaliteit van enige seksie van die gemeenskap geraak nie en Victoria se Diamantjubileum is wyd en syd gevier. Die situasie is raak opgesom toe 'n anonieme bejaarde gesê het: "the Queen, she is a good and pious woman who means no evil to us, it is only that verdomde Kimberlain (Chamberlain) that has led astray the British people" (Snyman 1979: 12-13). Die Kaapse Afrikaners het later, toe dit gelyk het asof oorlog onvermydelik was, die toenemende

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

spanning tussen die regerings van Brittanje en van die Republieke met ontsteltenis gadegeslaan. Daar was feitlik nie 'n gesin wat nie vriende of familie in die Noorde gehad het nie (Snyman 1979: 13).

Ook op Mosselbaai het die inwoners 'n diep gewortelde liefde teenoor die Kroon en veral ten opsigte van die persoon van die Koningin gekoester. Die volgende gedig het, ter ere van haar Goue Jubileum, in die Mossel Bay Advertiser (25.5.1887) verskyn:

Eén juichtoon rijst uit millioenen monden;
  Eén danklied stijgt tot's Hemels troon;
Eén Lofzang ruischt door beide wereldronden:
  Heel de Aard' deelt in dien blijden toon!

't Is feest, een heerlijk feest, langs Theems- en Humberboorden;
  't Is feest in 't verre Canada;
Alom in Noord en Zuid weergalmen lofakkoorden
  Ter eere van Victoria.

't Gebulder van 't kanon verkondt de blijde mare
  Van 't vijftigjarig Jubelfeest
Der Koningin, die steeds in 't reine, goede en ware
  Een edel voorbeeld is geweest.

Haar Hof, -- en toonbeeld voor Europa's hoven,
  Waar reinheid steeds haar schepter voert.
Zag nooit zijn glans door ééne smet verdooven;
  Werd nooit door kruiperij beroerd.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Geen schrijver van Europa's hofschandendalen
  Vermat zich ooit op Haren naam.
Met bitterheid in 't Hart meedoogenloos te smalen;
  De lasterpijl brak op Haar faam.

Heil U, o Koningin! In luide jubeltoonen,
  Bij feestbanket en orgelklank;
In Oost en West, alom waar Britten wonen,
  Ruischt statiglijk het lied van dank:

God spaarde Haar, die in millioenen harten
  Zich eenen eerzuil heeft gesticht,
De koningin, die onder leed en smarten
  't Oog op Haar Schepper hield gericht."

1.6 Plaaslike vooruitgang

Koningin Victoria het tydens haar bewind gesien hoe haar beskeie grondgebied suid van die Oranje telkemale uitgebrei is totdat die "British red" op die landkaarte tot by die verste oewers van die Tanganjika-meer in die hart van Afrika gestrek het. Die nuwe gebied was groter as die gesamentlike oppervlakte van Frankryk, Duitsland, Oostenryk, Portugal, Spanje, Italië, Nederland, België, Skandinawië, Turkye, Griekeland, Serwië, Roemenië en Switserland.

Verskeie boeke het wêreldwyd in 1897 ter ere van koningin Victoria se Diamantjubileum verskyn. Die Britse reisiger H.A. Bryden het ook 'n boek oor The Victorian Era in South Africa geskryf. In hierdie boek word "the chief events which have marked Her Gracious Majesty's Rule in South Africa" bespreek en word ook interessante feite uiteengesit in verband met die buitengewone groei wat die land in die sestig bewindsjare ondergaan het (Bryden 1879:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Inleiding).

Met die Koningin se bewindsoorname in 1837 was die totale inwonertal van die Kolonie, wit en swart, 150 110 siele. Daarteenoor was die inwonertal in 1897, saam met dié van Brits-Betsjoeanaland wat kort tevore ingelyf is, meer as 1 590 224 mense, waarvan die wit bevolking 440 000 oorskry het.

Die in- en uitvoer van die Kolonie, wat ook die binnelandse handel ingesluit het, het gedurende die sestig jaar onderskeidelik 20-voudig en 43-voudig toegeneem. Die invoer het in 1837 hoogstens £819 270 bedra, terwyl dit in 1897 £17 935 039 was. Die uitvoer was oorspronklik slegs £384 229. Hiervan was wol vir £7 333 verantwoordelik en Kaapse wyn vir £84 220. Sestig jaar later was die algehele uitvoer £16 700 102. Dit het goud en diamante van Transvaal en Kimberley ingesluit.

Geweldige vooruitgang is op skeepvaartgebied gemaak. Die skeepvaartsyfers vir Kaapse hawens was in 1837 soos volg: inkomend 134 875 ton en uitwaarts 130 512 ton. Daarteenoor was die inkomende tonnemaat in 1896 6 029 097 en die uitwaartse 6 012 617.

Afgesien van 'n klein loodneerslag wat na bewering in die distrik Uitenhage voorgekom het, was daar geen bekende myne of minerale in die land nie. Wolskape was nog skaars en die inheemse vetstertskaap het nog die grootste deel van die boere se kuddes gevorm. Geweldige vooruitgang is op die gebied van besproeiing, paaie, brûe, spoorweë, hawens en openbare werke tydens koningin Victoria se bewind gemaak. Die beskeie 93 km lange spoorweg wat in 1863 van Kaapstad na Wellington voltooi is, is in die sestig jaar uitgebrei na Kimberley, die Vrystaat, Transvaal, Betsjoeanaland en Rhodesië. Die telegraaf is danksy, Rhodes se ondernemingsgees, tot anderkant die Zambezi verleng. Kaapstad was een van die mees strategiese plekke ter wêreld en het saam met sy

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

omgewing 'n bevolking van 85 000 gehad. Kimberley, met sy voorstad Beaconsfield, se inwonertal was 39 000. Die skrywer van die boek beweer dat indien die Nederlanders van die Bataafse Republiek aan bewind gebly het, dit hoogs onwaarskynlik was dat Suid-Afrika se vooruitgang selfs 'n tiende sou gewees het van dit wat deur die Britte teen 1897 bereik is.

Die werk sluit af deur te meld dat daar tydens die Koningin se bewind verskeie onluste en oorloë met inheemse stamme was. Alhoewel daar baie geveg is, het die bevolking grootliks toegeneem en is aansienlike ontwikkeling op die gebied van die handel en materiële welvaart gemaak. Ten spyte van menigvuldige moeilikhede, teenspoed en gevare wat oorkom moes word, vorm die Victoriaanse Era in Suid-Afrika 'n bladsy in die geskiedenis waarop selfs die voorste koloniseerders van die wêreld, die Britte, trots kon wees (Bryden 1897: 1-9, 80-87).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2. DORPSAKE

2.1 Ligging van dorp

Die dorp Mosselbaai is bo die Varkensbaai-inham teen 'n heuwel aan die noordekant van Kaap St. Blaise geleë (Almanac 1868: 288). As gevolg van die steil helling en die gevolglike gebrekkige kusvlakte, moes elke stukkie grond so voordelig moontlik benut word. Die wye strate en oop stukke grond wat die buurdorp George gekenmerk het, het nie op Mosselbaai voorgekom nie. 'n Groot deel van die beperkte gelyk grond langs die kus is deur hawebedrywighede, en later die spoorlyn, in beslag geneem. Die sakesentrum is gevolglik ook teen die platohang ontwikkel (Raubenheimer 1943: III: 6).

Volgens 'n korrespondent van The Cape Argus wat die dorp in 1858 vir die opening van Meiringspoort aangedoen het, het die reeks kranse en die hoogland daaragter, van die ankerplek gesien, aan Simonstad in die kleine herinner. Ook die strand was soortgelyk (Argus 10.3.1858; 21.12.1858: Cape).

2.2 Munisipale grense

Daar is op 12 Julie 1852 met dorpswording bepaal dat die munisipaliteit van Aliwal (Mosselbaai) uit die dorp, die grond by die Punt en die openbare weiding sou bestaan. Dit is begrens deur die plase Sevenfontein (die huidige Voorbaai), Droogefontein en die see (Gazette 15.7.1852). Vyf en twintig jaar later, met die wysiging van die munisipale regulasies in 1877, is verder bepaal dat die grense van die eintlike dorp binne 'n radius van 1,6 kilometer, vanaf die kruispunt van Marsh- en Kerkstraat, sou val (Gazette 31.7.1877). Met die uitvaardiging van die regulasies in 1899 is geen veranderinge aan die grense of

Ossewaens kom swaargelaai met wolbale op die Markplein aan vir die jaarlikse wolmark. Die groot gebou op linkerhand is die Barry-pakhuis en die geboutjie regs, die Market House. Let op dat die tweede munisipale gebou, die Stadhuis, nog nie opgerig is nie. Die foto dateer van voor 1879.

Foto: Kaapse Argief J2807

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

grootte van die dorp aangebring nie (MBM 1899: 1).

2.3 Munisipale bestuur

Die eerste drie kommissarisse wat in 1852 gekies is, was J.B.A. Bland, J.A. Muller en W.C. Kuys. Anders as wat Siegfried Stander in Mosselbaai 500 beweer, was die handelaar Joseph Vintcent nie kommissaris nie (1988: 26), maar beëdigde vertaler (Almanac 1853: 216). Die stadsvaders het maandeliks gesit om dorpsake te bespreek (Gazette 15.7.1852), maar dit is onbekend waar hierdie eerste vergaderings plaasgevind het.

2.3.1 Munisipale geboue

Ses jaar na die stigting van die munisipaliteit is 'n stuk grond van 223 vierkante meter wat deel van die markplein uitgemaak het, op 8 April 1858 aan Gustave Buschick, Joseph Vintcent en Daniel du Plessis Bland, trustees van die Public Building Company, toegeken "vir die oprigting van 'n Biblioteek, Leeskamer en gebou vir Munisipale Vergaderings" (AK: GF 14: 20). Die gebou, wat deur aandeelhouers opgerig is, is op Woensdagaand, 20 Oktober 1858, formeel geopen. 'n Groot aantal belangstellendes het in die biblioteekvertrek vergader. George Marsh, die eerste resident-magistraat, het voorgesit en kapt. H.W. Laws, hawemeester, het die openingsrede gelewer (Argus 30.10.1858: District). Hierdie eerste munisipale gebou het as die Market House bekend gestaan. Onthale, soos die "tiffin" wat in 1862 vir Sy Edele Richard Southey, koloniale sekretaris, aangebied is tydens die legging van die laaste steen van die nuwe kaai, is hier in die biblioteek gehou (Argus 8.3.1862). Dit het ook later as telegraafkantoor diens gedoen (MBA 22.1.1879: Correspondence).

Die inwoners se aanvanklike trots ten opsigte van die gebou het soos wat die dorp gegroei en ontwikkel het, in misnoeë verander. In die laat sewentigerjare

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

was die gebou hopeloos te klein en was daar geen lokaal op die dorp wat vir openbare vergaderings geskik was nie. In 'n hoofartikel in die Mossel Bay Advertiser is die gebou beskryf as "an antiquated squat little building, which is rather a disgrace to it [die dorp] than otherwise" (MBA 26.9.1877). 'n Korrespondent het daarna verwys as "The squat little building with the double title of Town-House and Public Library (save the mark!)" (MBA 25.10.1876: Correspondence). Die biblioteekkamer was tydens die openbare vergadering, wat gehou is om die moontlikheid van 'n nuwe munisipale gebou te bespreek, stampvol en talle belangstellendes moes buite staan (MBA 17.4.1878: Hall).

Hierdie gebou, wat in 1877 tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar is, front na die see, en nie soos verwag word na Markstraat nie. Die rede hiervoor kan daaraan toegeskryf word dat die stadsvaders die dorp aantreklik wou laat vertoon vanaf die ankerplek. Die vensters, deure en hoeke is met 'n gepleisterde sleutelpatroon, kenmerkend van die dorp se vroeë argitektuur, versier. Dit is tans 'n anneks van die Bartolomeu Dias-museum se afdeling vir plaaslike geskiedenis. Siegfried Stander fouteer wanneer hy beweer dat dit die dorp se oudste gebou is en dat dit 'n poskantoor was. Dit het ook geen verband met die eerste poshouer, Hans Abue, nie. Hy was met die oprigting van die gebou reeds sowat vier dekades dood (1988: 25-26).

Eerder as om 'n nuwe gebou op te rig, het die Dorpsraad dit oorweeg om 'n insolvent verklaarde handelaar, Ernst de Marillac, se pakhuis te koop. Kommissaris Ebenezer Powrie, apteker en een van die dorp se mees gerespekteerde inwoners, was daarteen en het aangevoer dat dit "an injury to the town" sou wees aangesien dit volgens hom van swak materiaal gebou en nie geskik vir die doel was nie. Hy het 'n "good substantial building of stone" verlang (MBA 17.4.1878: Hall). Die inwoners was nie eensgesind nie en na vele debatte het die bouvoorstanders uiteindelik met 34 teenoor 24 stemme gewen (MBA 17.4.1878: Hall). Die afgekeurde gebou, wat te Blandstraat 78 (erf 3421) geleë is,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Die Stadhuis, wat in Augustus 1879 geopen is, met die eerste munisipale geboutjie en markklok net links daarvan. Let op dat daar nog geen lamppaal voor die Stadhuis is nie en dat die ventilators ook nog nie op die dak aangebring is nie. Die lang Barry-gebou verskyn op linkerhand. Die foto dateer van voor 1885.
Foto: Bartolomeu Dias-museum J PBM 00171

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

huisves vandag P. Andrag en Seuns en is deur die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede (voortaan RNG) as moontlike gedenkwaardigheid gelys (NMC 1985: 7).

Volgens die spesifikasies sou die nuwe gebou van klip wees, die mure 0,6 meter dik en 3,66 meter hoog, die binnemate 21,3 x 9,1 meter, die dak van sink en die plafon en vloer van hout. Aan weerskante van die voordeur is twee vensters van 3,66 x 3,66 meter beplan en een aan elke kant van die agterdeur (MBA 21.8.1878). Nadat daar aanvanklik slegs een tender ingedien is, is die tendertydperk uitgestel en het vyf bouaannemers gereageer. Weymouth & Pickard, wat met hul tender van £1155 11s die laagste was, het opdrag gekry om die gebou op te rig. Met die bou is die mure se hoogte met twee voet vermeerder (MBA 18.9.1878: Municipality; 23.10.1878: Municipality). 'n Volstruisveremark, 'n raadskamer of munisipale kantoor en 'n kantoor vir die markmeester sou in die gebou gehuisves word. Voorsiening is vir die berg van vyf- tot seshonderd bale wol gemaak. Die gebou kon ook, indien nodig, as balsaal, 'n "supper room" en selfs as 'n banketsaal diens doen (MBA 5.2.1879: Correspondence).

Die Stadhuis is op Vrydagaand, 15 Augustus 1879, luisterryk met 'n vertoning van die verhoogkunstenaar Charles Lascelles geopen (MBA 21.8.1879: Hoofartikel). Dit is aanvanklik min vir openbare geleenthede gebruik aangesien dit nie met stoele of beligting toegerus was nie (MBA 8.9.1880: L&G). Sitplek is eers 'n bietjie meer as 'n jaar daarna aangebring (MBA 10.11.1880: Municipality). 'n Korrespondent van die Oudtshoorn Tribune het die gebou in 1882 snedig as "no better than a large barn" beskryf (2.2.1882: Mossel Bay). As verweer het die plaaslike koerant gemeld dat die gebou slegs deel uitgemaak het van 'n "more commanding structure" wat eerlank sou verrys (MBA 8.2.1882). Ook hierdie gebou sou nie lank in die groeiende dorp se behoeftes voorsien nie. Die burgemeester het in 1902 verklaar dat hy bewus was dat die Stadhuis nie veel beter as 'n skuur was nie, maar dat die oprigting van 'n ander gebou buite

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die kwessie was (MBA 9.9.1902: Council). Binnenshuise veranderings en nuwe syvensters is volgens 'n vloerplan van 1931 aangebring (KA: M1/1435).

Die Stadhuis (erf 3069) is langs die eerste munisipale gebou opgerig en front, anders as laasgenoemde, na Markstraat. Vandag word die Bartolomeu Dias-museum se afdeling vir plaaslike geskiedenis hier gehuisves. Die gebou is deur die RNG as moontlike gedenkwaardigheid gelys (NMC 1985: 35).

2.3.2 Nuwe munisipale bedeling

In 1883 is bekend gemaak dat die munisipaliteit by die owerheid wou aansoek doen om onder die nuwe Munisipale Wet, Wet no. 45 van 1882, te kon ressorteer. Dit sou vir die dorp groot voordeel inhou (MBA 7.2.1883: Hoofberig; 14.2.1883: Brokkie). Dit sou die aanstelling van meer kommissarisse en die opstelling van 'n lys van stemgeregtiges behels en bepaal dat slegs persone sou kon stem wat vaste eiendom met 'n jaarlikse belastingwaarde van £10 en hoër besit of bewoon het. Na gelang van hul eiendom, sou gegoede inwoners tot drie stemme kon uitbring (MBA 24.1.1883: Hoofartikel). Die Mossel Bay Advertiser het geglo die bestaande reglement "places voting power, for good or for ill, into the hands of many who are incapable of rightly judging as to what is most conductive to the advancement and well-being of the town" (MBA 7.2.1883: Hoofartikel). Daar is ook in 'n brief na "gutter votes" verwys (MBA 18.7.1883: Correspondence). Die minder gegoede inwoners wat min of geen vaste eiendom besit het nie, was ontstoke aangesien baie hul stemreg sou verloor. "A Working Man" het sy bitterheid in 'n brief aan die pers gelug:

> "only the rich sort can vote, and such as me are excluded [...] it is a one sided affair for the rich, who want to have the working man kicked out and have nothing to say [...] Now if they have three votes and one hundred and twenty or so of the likes of us

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nothing to say, why of course, they can do whatever they likes" (MBA 31.1.1883: Correspondence)

Alhoewel die voorstanders van die nuwe bedeling in die meerderheid was en die aansoek geslaag het (MBA 7.2.1883: Meeting), het die blad verwag dat die teenstanders 'n teenpetisie aan die owerheid sou rig (MBA 14.2.1883: Brokkie). Die kommissarisse, wat nou nege getel het, het kort daarna die naam van die munisipaliteit van Aliwal na Mosselbaai verander (MBA 19.12.1883). 'n Ronde stempel met 'n drie sentimeter-deursnee is vervaardig deur die Kaapstadse onderneming Saul Solomon & Co., wat ook die Kaapse driehoekseëls gedruk het (Stern 1970: 3). Dit was van brons en 'n anker en 'n afbeelding van Kaap St. Blaise is daarop gegraveer. Die woorde "Municipality of Mossel Bay" is om die rand aangebring (MBA 9.4.1884: Municipality; 7.5.1884; 8.10.1884).

In 1892 was daar tweehonderd geregistreerde munisipale kiesers waaronder 21 vroue en 34 wat elders woonagtig was (MBA 9.8.1892: Elections). Die voorsitter het in 1893 die titel "burgemeester" bekom (MBA 7.3.1893: Council). Die munisipale sekretaris was verantwoordelik vir die boekhouding en het ook as markmeester opgetree. Die "streetkeeper" moes na die strate en wateraangeleenthede omsien en daagliks aan die werkskomitee verslag doen (MBA 22.2.1882).

Inwoners moes behalwe die gewone belasting ook water-, huiseienaars-, huurders- en polisiebelasting betaal (MBA 11.12.1888: Waterworks). Spesiale belasting is vir ander uitgawes gehef. Die inwoners was ontevrede. 'n Korrespondent Economist skryf: "there is not another town in South Africa more heavily burdened with debt and taxation, in proportion to its size and valuations, than Mossel Bay; witness the ruinous prices landed property has been sold for of late years" (MBA 10.4.1894: Correspondence). Kort nadat hierdie brief verskyn het, was burgemeester S.J. Wiggett verplig om te bedank aangesien hy drie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

maande agterstallig was met die betaling van sy waterbelasting (MBA 11.9.1894: Council; Brokkie). In Mei 1900 is die belasting effens verlaag. Die Advertiser se kommentaar: "Britons nevah, nevah shall be slaves" (MBA 8.5.1900).

2.3.3 Die Dorpsraad

Die Mossel Bay Advertiser het dikwels sy mening uitgespreek dat die Dorpsraad omslagtig was en voortdurend aangepor moes word (MBA 11.3.1885: Hoofartikel). Ook die inwoners het die Raad van louheid (MBA 12.3.1884: Correspondence) en traagheid (MBA 10.3.1875: Correspondence) beskuldig. Soms het private persone 'n projek op eie koste aangepak omdat die stadsvaders so lank gesloer het. So is 'n bruggie byvoorbeeld oor 'n afvoersloot naby die Stadhuis gebou (MBA 9.11.1887: L&G) en het die gemeenskap self vir die swemplek by die Poort gesorg (Sien Poortontwikkeling).

Die Dorpsraad moes maandeliks vergader, maar het dikwels, volgens die blad, in gebreke gebly aangesien hul private sake voorrang geniet het (MBA 22.11.1876: Hoofartikel). Die stadsvaders is soms skerp aangeval soos toe die voorsitter, Thomas Simpson Sheard (MBA 14.2.1885: Municipality), wat teen die onmisbare Kleinbosch-waterskema was, nie sy pligte nagekom het nie. Redakteur Powrie het geskryf: "The Chairman of the Municipality did not turn up at his own called public meeting. This has been much remarked upon, and, I hold, justly so. Such conduct shows either great weakness in himself and his own opinions, or great contempt for the public." Ook 'n daaropvolgende raadsvergadering is geboikot omdat hy teen die nuwe projek was (MBA 21.1.1885). 'n Strofe van 'n rympie wat oor die voorval (MBA 28.1.1885) verskyn het, lui soos volg:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"Who stays at home on meeting night,
And then to George he takes his flight,
And thinks that things will still come right?
Not my respected Father."

Sheard, wat tot Desember 1880 munisipale sekretaris (MBA 10.11.1880) en vanaf Oktober 1880 onderbalju (MBA 20.10.1880) was, het in die negentigerjare van die dorp verdwyn en daar is ontdek dat hy in 1887 bedrog gepleeg het (MBA 9.7.1895: Warrant). Hy is insolvent verklaar en sy eiendom, onder andere ook die huis waarin sy vrou gewoon het (MBA 11.12.1894), is in sy afwesigheid verkoop (MBA 22.1.1895). Sy vrou was die dogter van Daniel Bland (MBA 1.11.1876), Lid van die Wetgewende Vergadering (GKH 16.11.1892) en kleindogter van J.B.A Bland, wat vir dekades die mees vooraanstaande inwoner was en na wie Blandstraat vernoem is.

Van die openbare vergaderings was wanordelik. Dit was nie slegs die publiek wat oproerig geraak het nie, maar ook die raadslede. Omtrent 'n vergadering in verband met die Kleinbosch-waterskema is daar in 'n hoofartikel in die Advertiser (14.1.1885) geskryf:

> "we regret [...] that the proceedings at one time, to put it very mildly, were most unseemly. Men holding the position even of Town Councillor should bear in mind that they have a character to sustain; and we feel pretty sure that conduct and language such as were indulged in on Monday last do not tend to raise that character in the estimation of the respectable portion of the community."

Vergaderings is by tye deur dwarstrekkery en naywerigheid gekenmerk en raadslede het mekaar aangeval en beswadder (MBA 6.9.1882). Raadslid J.H.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Cairncross het in 'n reeks beledigende briewe in die Advertiser na die Duitsgebore voorsitter, C.H. Bruns, as "Herr Professor" verwys. Hy het onder andere geskryf: "The chairman of the Municipality must not be a muddler. The Meat Company was muddled. Therefore the Professor must not be Chairman of the Municipality." (Cairncross het hier na 'n onsuksesvolle vleisonderneming verwys waarvan Bruns die voorsitter was.) Hierop het redakteur Joseph Powrie gereageer: "do the parties to this controversy raise themselves in public estimation by correspondence of this nature? We think not" (MBA 6.8.1882: Correspondence). Sowat 'n jaar later moes Cairncross op bevel van Bruns bedank weens 'n tegniese punt (MBA 6.6.1883: Municipality; 29.8.1883; 12.9.1883: Notice). John Cairncross het ook vir voorsitter P.J. Wassung daarvan aangekla dat hy munisipale grond wederregtelik gebruik (MBA 10.10.1883: Municipality) en dat hy sy weiregte op die dorpsweiveld oorskry het. Die voorsitter het die vergadering "amid high words" verlaat (MBA 9.5.1883: Municipality).

Na die eeuwending het die bestuur aansienlik verbeter en was die blad vol lof vir die Dorpsraad. "Good, Better, Best" is die opskrif van 'n hoofartikel waarin hulle as vaardig en geesdriftig beskryf word. Hulle het nie slegs die dorp verfraai nie, maar ook die belasting verlaag (MBA 23.4.1901: Ceaseless Activity; 14.5.1901).

Dit is vandag moeilik om te verstaan hoe 'n opkomende hawedorp soos Mosselbaai op so 'n onbekwame wyse bestuur kon word. Die algehele gebrek aan versiendheid, wat regdeur hierdie studie toegelig sal word, verbyster. As voorbeeld kan die traagheid om toeristeaantreklikhede te ontwikkel, genoem word (Sien Badplaas). Die Raad het hul tyd aan beuselagtighede bestee terwyl haglike toestande soos waternood, swak huisvestingstoestande en gesondheidsgevare geheers het. Die inwoners het gemor en sporadies klagtes deur middel van die Mossel Bay Advertiser se briewekolom gelug. Die minder gegoede deel van die bevolking het die swaarste onder die wantoestande gely, maar daar is

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geen aandag aan hulle gegee nie.

Mosselbaai se beklaenswaardige Dorpsbestuur was nie uniek nie. Van die Kaapstadse munisipale raad is die volgende beweer: "Cape Town's City Fathers between 1840 and 1890 were stepfathers in the worst sense of the word" (Picard 1969: 75). Hul sittings is deur misleiding, oproerigheid en bitter gevoelens gekenmerk en daar is net soveel as op Mosselbaai, indien nie meer nie, onder mekaar getwis (Picard: 1969: 78). Lede is daarvan beskuldig dat hulle hulself bevoordeel het. Die Kaapstadse kommissarisse, en heelwaarskynlik ook dié op Mosselbaai, was nie net onbesoldigd nie, maar moes ook tot die onderhoud van die plaaslike polisiemag bydra. Dit was wettig om aandele in ondernemings te besit wat werk vir die munisipaliteit gedoen het of vir die verskaffing van materiaal verantwoordelik was. Korrupsie is hierdeur feitlik gewettig en slegs heiliges sou, volgens die skrywer Hymen W.J. Picard, nie probeer om hulself minstens net vir hul dienste te vergoed nie. Volgens hom was dit nie die munisipaliteit wat vir die wanbestuur verantwoordelik was nie, maar die owerheid wat die wette gemaak het (1969: 70-71).

Regdeur die tydperk word gevind dat die Mosselbaaise munisipaliteit se fondse gebrekkig was. Uitgawes moes uit die klein bedrag aan belasting betaal word. Die Dorpsbestuur het die boetes wat vir oortredings opgelê is ontvang, maar dit was weinig -- in 1888 het dit vir 'n tydperk van ses maande slegs £3 10s bedra (MBA 28.8.1888: Meeting) en dit was nie ongewoon laag nie. Hierdie gebrekkige fondse het nie ontwikkeling aangemoedig nie en het die versiendheid van die kommissarisse aan bande gelê. Die stadsvaders het omgesien na die inwoners se watervoorraad, sanitêre dienste en beskerming teen vuur en misdaad, en het ten spyte van hul dikwels onbeholpe en apatiese bestuur veel goeds vir die dorp gedoen.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.4 Strate

Die dorp is uitgelê op terasse wat ses tot nege meter bo mekaar geleë is. Die belangrikste strate van die tydperk volg die kontoerlyne wat van oos na wes loop, en is gedeeltelik uit klei of rots gekap en gedeeltelik opgevul (MBA 11.10.1892).

Besoekers was dit eens dat die strate in 'n "wretched state" verkeer het (GA 11.7.1867: L&G). 'n Deel van Montagustraat was in die sestigerjare onbegaanbaar vir rytuie (BDM: EML Roads 22.11.1864) en die Kaapse pad het in winderige weer toegewaai met sand (GA 6.5.1869: Mossel Bay). Montagustraat was in droë weer uiters stowwerig en het aan 'n klein Sahara herinner (MBA 1.4.1885: Odds). In reënweer is strate bedek met grond van aangrensende tuine wat geen keermure gehad het nie (MBA 9.9.1902: Council). Na Marsh- en Montagustraat is in 1875 verwys as "Break-Neck and Break-Wheel streets" (MBA 10.3.1875: Correspondence). Meer as twee dekades later was daar min verandering. Die Mossel Bay Advertiser het berig: "Marsh Street is so amply scattered over with loose stones that it is quite a torture to get over it on foot" en het voorgestel dat die straat minstens weekliks gehark moes word (MBA 17.1.1899). Marsh- en Kerkstraat het aan 'n koei- of perdestal herinner en die blad wou weet waarom 'n vullisraper ("scavenger") nie aangestel kon word om daagliks mis te verwyder nie (MBA 1.2.1898: Jottings). Ook die Kaapstadse strate was tot die tagtigerjare stowwerig in die somer en modderig in die winter (Hattersley 1969: 178).

Nuwe lae gruis is voortdurend op die strate aangebring en het tot gevolg gehad dat die oppervlak al hoër geword het. Die koerant het gewaarsku dat, indien die saak nie reggestel sou word nie, die strate omskep sou word "into huge ramparts overtopping the roofs of the houses on the lower or sea side" en dat huise oorstroom kon word (MBA 10.10.1899: Hoofartikel). Die strate in die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bodorp was in 'n haglike toestand en die inwoners daar het die munisipaliteit dikwels tereg daarvan beskuldig dat hulle nie onkoste wou aangaan om dit te verbeter nie (MBA 30.6.1891: Correspondence). Hill- en Highstraat het volgens die Advertiser nie die benaming "straat" verdien nie en "locomotion either by cart or on foot" was hier vanweë 'n besonder diep waspoor uiters gevaarlik (MBA 31.5.1892: Notes). Hoe hoër strate geleë was, hoe duurder was die maak daarvan en onderhoud. Hier het ook nie gesiene burgers gewoon soos laer af in Marsh- en Blandstraat nie.

Die swak padoppervlak was die gevolg van ossewaens met swaar vragte, dikwels bouklip, en die gebruik van die padverwoestende remskoene. Beide die George Advertiser en sy opvolger, die Mossel Bay Advertiser, het dikwels teen remskoene beswaar gemaak en 'n boete voorgestaan (GA 6.5.1869: Mossel Bay; MBA 24.1.1871; 21.2.1871: Hoofartikel). Bandiete is vir straatonderhoud gebruik (GA 11.7.1867: L&G) en die dorpskar was vir dié doel beskikbaar. Die kar is ook vir die verwydering van balies gebruik en dit is dus nie verbasend dat die herstelwerk veel te wense oorgelaat het nie (MBA 10.3.1875: Correspondence). Marshstraat is in die tagtigerjare gemacadamiseer (MBA 11.3.1885: Town Council). Dit is 'n behandelingsmetode wat deur die Skot John McAdam uitgevind is en waarvolgens die straatoppervlak met 'n gebreekte klipbasis en daarna met 'n bolaag gruis bedek is (EB Mic VI 1974: 426). Minder belangrike strate is slegs gelyk gemaak. Oor die toestand van die sypaadjies was daar baie klagte (MBA 17.8.1887: L&G). Dié van Marshstraat is sporadies met 'n skulplaag bedek om te verhoed dat dit nie modderig word nie (MBA 2.8.1892: Notes; 9.1.1900: Council).

Die oorspronklike dorpsuitleg het veel te wense oorgelaat. Die sentrale blok, wat tussen Marsh- en Blandstraat geleë was, het van Mitchell- tot Kerkstraat gestrek. Die blok was 400 meter lank en het nie een dwarsstraat gehad nie. Voetgangers was verplig om kortpad oor private eiendom te steek. Die Mossel

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bay Advertiser het in Julie 1874 die stadsvaders aangeraai om nie langer met die aankoop van grond vir deurgangsroetes te sloer nie aangesien dit later selfs moeiliker sou wees om dwarsstrate in te pas en die koste ook sou styg (MBA 22.7.1874: Hoofartikel). Meer as twee jaar later moes redakteur Powrie die saak weer onder hul aandag bring. Volgens hom was die toestand, wat vroeër slegs ongerieflik was, nou "positively [...] vexatious and annoying" aangesien baie in die tussentyd gebou is (MBA 25.10.1876: Hoofartikel). Na hierdie beroep is 'n paar grondeienaars om dele van erwe genader (MBA 22.11.1876: Municipality), maar stemgeregtigdes het op 'n openbare vergadering, wat vroeg die volgende jaar gehou is, besluit dat 'n dwarsstraat onnodig was aangesien hulle teen die gepaardgaande spesiale belasting was (MBA 7.2.1877: Hoofberig; Meeting). Die gebrek aan versiendheid is vandag nog sigbaar. Die enkele dwarsstrate wat in hierdie blok voorkom, is met die uitsondering van Meyerstraat besonder nou en name soos Crook- en Blindstraat gee 'n aanduiding van die strate se voorkoms.

2.5 Beligting

Vir 'n gemeenskap wat slegs aan dowwe olielampe gewoond was, was helder lig iets besonders en is dit met feesgeleenthede verbind. Met koningin Victoria se jubileumvierings (MBA 8.6.1887; 16.2.1897), ander koninklike feeste (MBA 13.6.1893; 12.8.1902) en die ontsetting van Ladismith (MBA 6.3.1900) en Mafeking (vandag Mafekeng), is geboue en huise op die dorp verlig (MBA 22.5.1900). In die vorige eeu is daar, anders as vandag, geglo dat 'n lokaal nooit te helder verlig kon wees nie. "Every one knows how essential a well-lighted room is to the enjoyment of a ball -- especially by the fairer sex, whose natural charms are never detracted from by any amount of light which may be thrown on them", het die Advertiser berig (MBA 18.10.1876: Ball). Na 'n onthaal het die blad, behalwe die versierings, die musiek en die verversings, ook die beligting van die lokaal bespreek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.5.1 Straatbeligting

Die eerste straatliginstallasies is vroeg in die 19de eeu in Londen en Parys in gebruik geneem in 'n poging om misdaad te voorkom. Teen die einde van die eeu het straatbeligting ook prestigewaarde begin kry (EB Mac 10 1974: 962).

Op Mosselbaai was straatbeligting tot die tagtigerjare onbekend. "A Fine Large Lantern" wat van Engeland ingevoer en aan die voorkant van die Standard Hotel aangebring is (MBA 30.9.1885: L&G), is vir die eerste keer op die aand van 11 Oktober 1881 aangesteek (MBA 12.10.1881). Drie jaar later het die apteker en posmeester, Ebenezer Powrie, 'n groot paraffienstraatlamp by sy eiendom in Marshstraat (vandag "Fanie se apteek") opgerig wat 'n "fine light all around" verskaf het. Wynberg, Mowbray, die Paarl en ander plekke is in hierdie tyd met soortgelyke lampe verlig. Volgens die Mossel Bay Advertiser sou slegs 'n dosyn van die lampe voldoende gewees het om die dorp te verlig en sou die olie 'n nietige 3d. per lamp per aand gekos het. Powrie se straatlig het die aankoms en vertrek van die poskar vergemaklik (MBA 20.8.1884). Behalwe hierdie twee kolletjies lig, en twee lampe wat vanaf 1883 voor die St. Peter's kerk met die diens gebrand het (MBA 7.3.1883: L&G), was die hele dorp in duister gehul. 'n Lamp voor die nuwe Stadhuis het ook vanaf 1885 lig tydens samekomste verskaf (MBA 10.6.1885: Correspondence).

Die oprigting van twee of drie lampe op die belangrikste hoeke het tydens 'n munisipale vergadering in 1883 onder bespreking gekom, maar die stadsvaders was nie vir so 'n uitgawe te vinde nie. Raadslid J.F. Hudson het gevoel dat "it would make the darkness darker still" (MBA 8.8.1893: Council). Dit was gevaarlik om die dorp op 'n donker aand van die Riversdal-kant binne te kom en 'n korrespondent het vier jaar later geskryf dat een of twee goed geplaasde lampe die gevaar grootliks kon verminder (MBA 23.3.1897: Correspondence).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Later in dieselfde jaar het die Raad besluit dat die groei van die dorp straatbeligting vereis het. Die instroming van swart arbeid het risiko's en gevare ingehou en die gemeenskap moes beskerm word. Lampe sou nie net 'n gerief wees nie, maar sou snags ook die polisie se taak vergemaklik (MBA 10.8.1897).

Vroeg in Maart die volgende jaar arriveer die nege gaslampe wat teen 'n koste van £70 deur Prince, Vintcent & Co. bestel is (MBA 5.4.1898: Council). Nie almal was te vrede met hierdie vooruitgang nie: "Councillor Frederich expressed the opinion that it was a piece of folly -- this lighting of the street by means of lamps" (MBA 8.3.1898: Council). Die lampe is op die donker en reënerige Saterdagaand van 16 April 1898 vir die eerste keer aangesteek. Onder die opskrif: "New Departure" kondig die koerant trots aan: "The streets are now furnished with lampposts [,] lanterns and lamps which give them quite a novel and cheerful appearance" (MBA 19.4.1898: Supplement). In Julie 1901 is lamppale ook op die kaai aangebring (MBA 30.7.1901: Local). Aanvanklik is die lampe deur die "streetkeeper" skoongemaak en saans aangesteek. Dit het egter met sy ander pligte gebots en die werk is aan die munisipale kardrywer oorgedra (MBA 10.5.1898: Council), wat dit tot ontsteltenis van die stadsvaders aan klein straatjongens toevertrou het. Hulle kon die hele dorp afgebrand het aangesien die werk nie korrek uitgevoer is nie (MBA 5.7.1898: Council). Toe 'n gesondheidsinspekteur met die eeuwending aangestel is, is die versorging van die straatligte aan hom opgedra (MBA 3.7.1900).

Alhoewel die dorp in vergelyking met Kaapstad (Laidler 1952: 187) laat van straatbeligting voorsien is, was Mosselbaai George ver voor omdat George eers in 1900 ondersoek begin instel het daarna (MBA 13.11.1900). Kaapstad se gasligte is snags om eenuur gedoof (Laidler 1939: 356) en daar kan aangeneem word dat ook Mosselbaai die grootste gedeelte van die nag in duisternis gehul was.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.5.2 Binnenshuise beligting

Wonings is met kerse en olielampe verlig. Vetkerse was die algemeenste, maar die duur spermacetikerse, wat 'n beter lig gegee en egalig gebrand het, was vir welgesteldes beskikbaar (MBA 29.5.1878). Dit is van 'n soliede, waksagtige stof vervaardig wat in die breinholtes van die spermacetiwalvis voorkom (EB Mic II 1974: 506). Gekleurde kerse was reeds in 1878 by Mataré, Bruns & Co beskikbaar (MBA 29.5.1878). Pragtige lampe was in die plaaslike winkels verkrygbaar. Prince, Vintcent & Co het in Mei 1876 ses kiste tafellampe ontskeep. Die lampe het van Amerika gekom en het elk sy eie nieumodiese versiering gehad (MBA 17.5.1876). Fleming & Mudie het onder die opskrif: "Lamps! Lamps!!", aangekondig dat hulle pas "A Superior Assortment of Hanging, Duplex, Bedroom, and other Paraffine Lamps" uitgepak het (MBA 3.9.1873). George Hudson, die resident-magistraat het, soos waarskynlik ook ander welgesteldes, 'n kroonkandelaar in sy sitkamer gehad (MBA 31.7.1878).

Die nadele van oopvlam-beligting was groot. Olielampe het droewig geflikker en sleg geruik, veral as die lampolie nie suiwer was nie. Volgens die Advertiser moes lampe met brandstofhouers van metaal vermy word aangesien dit paraffien gou laat bederf het. Lampe met brandstofhouers van tin kon wel gebruik word (MBA 23.9.1885: Lights). Die lampe en kerse se rook het die plafonne swart gemaak. Om huiswerk en ook koste te bespaar, is daar in die meeste woonkamers slegs een lamp aangesteek. Die gewilde Victoriaanse gebruik om 'n boek saans vir die gesin voor te lees, was 'n direkte gevolg daarvan dat daar slegs vir een persoon voldoende leeslig was (Phillips 1978: 95). Daar is in hierdie tyd gedurig saamgeleef met die wesentlike vrees dat 'n brand kon uitbreek. Kerse en lampe kon maklik omgestamp of omgewaai word en veral gestorte olie kon 'n vuur met skrikwekkende snelheid deur 'n volgepropte Victoriaanse vertrek laat versprei. Dit was een van die redes waarom vensters in hierdie tyd selde

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

oopgemaak is. Die gebrekkige beligting was ook 'n rede hoekom die hele gesin saans saam verkeer het en nie elk na sy eie kamer toe gegaan het nie (Phillips 1978: 96).

Die eerste openbare gebou wat verlig is, was die oorspronklike Nederduitse Gereformeerde kerk in Blandstraat. Die kerse wat aanvanklik gebruik is, is later met 'n stel hanglampe vervang. Ook die latere Klipkerk en St. Peter's kerk is met behulp van olielampe verlig (Sien Geestelike lewe). Die Stadhuis, wat teen ongeveer dieselfde tyd as die St. Peter's kerk in gebruik geneem is, is eers, verbasend genoeg, nie van lampe voorsien nie.

2.5.3 Elektriese lig

Vir diegene wat aan skemerdonker interieurs en nog donkerder strate gewoond was, was elektriese lig 'n wonderbaarlike verskynsel. Vanaf 1880 het daar gereeld brokkies in die Mossel Bay Advertiser verskyn oor gebeure in Amerika en Kaapstad wat verband gehou het met "Mr Edison" se uitvinding (MBA 28.1.1880: L&G; 25.2.1880; 17.5.1882). Elektriese lig is vir die eerste keer op Mosselbaai gesien toe die Union-redery se "splendid steamer Trojan" op 8 September 1880 in die Baai was. Die Oudtshoorn Courant het verslag gedoen: "Captain Coxwell lighted the saloon by means of the electric light with the apparatus for which she is fitted, and most magnificent she looked, when the brilliant light streamed through her port holes over the bay" (14.9.1880). Talle wou aan boord gaan om die lig van naderby te sien, maar is deur 'n onstuimige see verhinder (MBA 15.8.1880). Slegs die luukste en nuutste skepe was elektries verlig en dit was tot die twintigste eeu 'n rare en groot gebeurtenis wanneer so 'n skip die ankerplek aangedoen het.

Ses jaar na die Trojan se besoek het 'n oorlogskip, HMS Racer, die Baai besoek en groot getalle mense het die skip gaan besigtig. Die Advertiser het berig:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"Another object of interest was the electric apparatus, which, in the evening was brought into play, the light being thrown upon various portions of the town and bay with beautiful and sometimes startling effects. [...It] lit up the place with a brilliancy nearly equal to daylight, and the light when looked at full was most dazzling" (MBA 21.7.1886: Racer). Tydens die besoek van twee ander Britse oorlogskepe is die elektriese lig vir 'n uur vertoon en 'n paar mans het selfs vol riviere en die moeilike pad van Oudtshoorn af aangedurf om dit te aanskou. Hulle was egter laat en het net betyds aangekom om die skepe te sien uitvaar (MBA 31.8.1887: Visit). Met die besoek van die nuut toegeruste Norham Castle in September 1888, is lesers ingelig dat passasiers te eniger tyd van die nag hul kajuite kon verlig deur slegs 'n knoppie langs hul slaapbanke aan te skakel (MBA 11.9.1888: Shipping).

In 1885 het 'n advertensie vir 'n draagbare elektriese lamp wat "selfs in die sterkste wind sou brand" en wat vir £4 10s van die Verenigde State van Amerika bestel kon word, 'n paar keer in die Advertiser (9.12.1885) verskyn:

> "The Latest American Invention. The Victory of Electricity. [...] Our Electric Lamp needs neither Machinery, Conductors, nor any expensive outlay, and is neither complicated, nor disagreeable in manipulation; all that is necessary is to refill it every 4 or 5 days with acid. The cost of lighting will be as cheap as gas (3/4 cents per hour), and it has before the latter the immense advantage of neither producing heat, smoke, nor carbonic acid, owing to which the air is not impured, and remains at the same degree of temperature. It is further, absolutely inodorous, and does not need to be kindled by match or otherwise, but simply by turning the key, thus avoiding all danger of fire, explosion, or suffocation [...]"

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit is onbekend of enige van hierdie wonderlampe bestel is, maar daar kan met sekerheid aangeneem word dat die advertensie druk bespreek is. In dieselfde jaar het die apteker se seun, Percy Powrie, elektriese lig op 'n uitstalling van die Debatsvereniging vertoon (MBA 23.9.1885: Conversazione). Sowat 'n dekade later is 'n verdere eksperiment uitgevoer toe kapt. Harries drie "twenty-candle-power Edison-swan lamps", wat van die dak van sy saagmeul gehang het, in die teenwoordigheid van genooides met 'n Siemens-dinamo laat brand het. Die Advertiser het verklaar: "The lamps gave a brilliant and steady light for one hour without any hitch" en het die hoop uitgespreek dat die uitstekende vorm van beligting prakties op die dorp aangewend kon word (MBA 27.11.1894: Electric).

Dit is 'n paar weke later gedoen toe elektrisiteit op 3 Januarie 1895 van die saagmeule, op die suidoostelike hoek van Meyer- en Blandstraat, na die kaai aangelê is waar die onderpunt met behulp van tien "16-candle power Edison-Swan incandescent lamps" verlig is. Die Oudtshoorn Volunteer Band het die aand hier voor 'n ongekende skare van 'n duisend toeskouers opgetree. Dit was die eerste keer dat elektrisiteit vir openbare beligting gebruik is (MBA 8.1.1895: Volunteers). In 1901 is drie elektriese ligte, wat so sterk was dat dit helfte van die dorp verlig het, by die hawewerke in gebruik geneem. Volgens die plaaslike blad sou 'n paar van hierdie ligte nag in dag kon verander (MBA 21.5.1901). Ook in Kaapstad was die hawe in 1882 die eerste om van elektriese lig voorsien te word (Picard 1969: 95).

In November 1902 het dit gelyk asof elektrisiteit moontlik op groot skaal bekom kon word toe 'n drywende dok met 'n elektrisiteitsaanleg aan boord naby die huidige Glentana gestrand het. Die moontlikheid om die aanleg vir die dorp aan te koop, is ondersoek (MBA 25.11.1902: Wreck; 13.1.1903: Hoofberig), maar daar het niks van gekom nie. Mosselbaai se eerste elektriese liginstallasie is op 21 Junie 1922 geopen (MBA 10.6.1922; 24.6.1922), 37 jaar nadat elektriese

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

straatbeligting in Kaapstad aangebring is (Laidler 1939: 365).

2.6 Dorpshorlosie

Die inwoners van Mosselbaai het tot in die vroeë negentigerjare nie oor 'n openbare uurwerk beskik nie. Voor die koms van die radio en telefoon het dit op sake- sowel as sosiale gebied groot probleme geskep. Slegs gegoede burgers het horlosies besit en min het dieselfde tyd aangetoon (MBA 25.10.1876: Correspondence). In Kaapstad is die probleem opgelos deurdat 'n tydkanon van 1864 af daagliks om twaalfuur deur middel van 'n elektriese stroom van Observatory afgeskiet is (Laidler 1939: 352). Van die inwoners op Mosselbaai, onder andere ds. I.G.J. Horak, het vroeg in die sewentigerjare onsuksesvol met die Telegraafmaatskappy onderhandel om 'n "time ball" te probeer bekom sodat die juiste tyd daagliks verkry kon word (MBA 31.1.1871: Supplement). 'n "Time ball" was 'n bal of skyf wat teen 'n vertikale paal kon beweeg. Die bal is daagliks vyf minute voor eenuur na die bopunt van die paal gehys en dit het dan, nadat 'n elektriese sein van die Sterrewag in Observatory ontvang is, presies om eenuur ondertoe geval. Dit was veral van groot waarde vir die skeepvaart. Simonstad het in 1861, na voltooiing van die telegraaflyn tussen Kaapstad en dié dorp, 'n tydbal gekry. Die tydbal, wat in 1883 in die Tafelbaaise hawe aangebring is, is tot in 1934 gebruik (Brock 1976: 136; RNG: 3/K/Kaa/77: Time ball).

Die enigste tydsein (MBA 3.6.1874: Correspondence) op Mosselbaai was die klok by die magistraatskantoor wat drie keer per dag, om 6 vm., 12 nm. en 8 nm., gelui is (MBA 25.10.1876: Correspondence). Alhoewel die staatskantoor op die buitewyke van die dorp was en die klok dikwels nie op die korrekte tyd gelui is nie, is die diens as so belangrik geag dat die breek van die klokvoetstuk in die plaaslike blad genoem en 'n rympie getitel "To the Broken-Down Bell" geplaas is (MBA 20.6.1871: L&G). Die herstel van die klok is ook gerapporteer

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(MBA 4.7.1871: L&G).

Daar het gereeld deur die jare briewe in verband met hierdie probleem in die Advertiser verskyn. 'n Inwoner wat homself Tempus genoem het, skryf in die koerant: "Other towns have their time-signals, and this, a sea-port town, ought not to be without one". Hy het voorgestel dat 'n tydbal so geplaas word dat dit van oral, ook deur die skeepvaart, gesien kon word (MBA 3.6.1874: Correspondence; 25.10.1876: Correspondence). Daar is ook baie gedebatteer oor waar 'n horlosie aangebring moes word. Die toring van die Nederduitse Gereformeerde kerk, wat voorsiening vir een gemaak het (MBA 8.12.1880: Odds), is deur die gemeenskap as die mees geskikte plek beskou alhoewel dit nie die ideale plek daarvoor was nie. Die ligging van die St. Peter's kerkgebou was meer sentraal, maar 'n toring is eers vir die toekoms beplan (MBA 28.5.1879). In April 1880 is 'n aanbod van die telegraafklerk aanvaar om die markklok daagliks om 1 nm. te lui (MBA 7.4.1880: Municipality). Dit was vermoedelik nie geslaag nie aangesien die rubriekskrywer Jack-O'-Lantern sewe maande later weer 'n tydbal voorgestel het (MBA 3.11.1880: Odds). So 'n stelsel is egter nooit opgerig nie aangesien die koste daaraan verbonde te hoog was (15.11.1892: Clock).

Vroeg in 1885 het die Mossel Bay Advertiser sy lesers oor "The Clock of the future" ingelig. In Amerika waar treinreise soms dae geduur het, is 'n nuwe stelsel vir die aanduiding van tyd in gebruik geneem. Volgens hierdie stelsel het 'n dag uit 24 uur bestaan en dit sou die verwarring van voor- en namiddag-indelings op treinroosters uitskakel. By Greenwich in Engeland is die ure reeds jare lank op hierdie wyse afgetel, maar vanaf 1885 sou die metode amptelike status verkry. "January 1st, 1885, will begin immediately after midnight and end at twenty-four o' clock", lui die berig (MBA 7.1.1885: Brokkie).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Mosselbaai het op Saterdag, 12 November 1892, altesame 26 jaar en 10 maande na die Advertiser se eerste berig in verband met 'n dorpshorlosie, sy openbare uurwerk gekry toe die horlosie in die NG kerktoring formeel in werking gestel is (MBA 15.11.1892: Clock). Jare van frustrasie, ongerief en jammerklagte soos: "Why haven't we a town clock?" (MBA 16.6.1891: Notes) is hiermee beëindig.

2.7 Brande en brandbestryding

Volgens die eerste munisipale regulasies van 1852 was vuurwerke, oop lig of vuur op straat en die oprigting van strooihutte en veldkombuise verbode (Gazette 15.7.1852). Die wenslikheid van rietdakke, wat groot brandgevaar ingehou het, is in 1871 op 'n huiseienaarsvergadering bespreek, maar rietdakke is tot redakteur Adlard se misnoeë nie as ongewens verklaar nie (MBA 9.8.1871: L&G). Daar is eers ses jaar later bepaal dat alle nuwe huise van of lei- of metaaldakke voorsien moes word (Gazette 31.7.1877).

In die somer van 1861 is 'n houtgebou, wat aan die handelaar en skeepsagent J.B.A. Bland behoort het, deur 'n brand in puin gelê en etlike gesinne is dakloos gelaat. Was die aangrensende dakke nie van lei nie, sou die gevolge veel erger gewees het (C Chron 22.2.1861: District). Gedurende die volgende somer het een van die grootste brande in die tydperk op die dorp uitgebreek. Die Cape Chronicle het onder die opskrif "Great Fire at Mossel Bay" berig dat 'n sterk wind die vlamme aangeblaas het en dat die huis wat deur die sakeman C.A. Vreede bewoon is en die pakhuis wat deur Collison, Shepherd & Co gebruik is, die nag van 27 Januarie afgebrand het. Daar is gevrees dat die vlamme die aangrensende geboue sou verswelg en soveel moontlik is gedoen om verspreiding te verhoed. Die verwoestende brand is na ses uur in bedwang gebring (31.1.1862: District). Die historiese Barry-gebou (op die suidwestelike hoek van Kerk- en Markstraat) en die Bland-woning, die "Castle", wat in daardie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

stadium die mees imposante huis op die dorp was, is amper deur die brand verwoes.

Na hierdie twee brande moes die munisipaliteit 'n brandspuit bekom het, want in September 1873 berig die plaaslike weekblad: "On Monday morning, at about ten o'clock, the Bay was thrown into considerable excitement on the alarm of fire being raised [...] The bells were set ringing and the fire engine was ordered out, but after all the consternation, it proved nothing more serious than the burning of a chimney" (MBA 17.9.1873). Die brandbestryding was nie goed georganiseerd nie. Toe John Barry, die posondernemer, se stalle vier jaar later aan die brand geraak het, was daar groot wanorde en niemand om die leiding te neem nie (MBA 24.1.1877: L&G). Die brand waarin die rietdakgebou van 15 meter verwoes is en wat sewe uur gewoed het, het die ontoereikendheid van die brandblustoerusting en watervoorraad getoon. Die Mossel Bay Advertiser het voorgestel dat sakelui die voorbeeld van Fleming & Mudie volg wat hul gebou (vandag die MBA-gebou op die suidwestelike hoek van Kerk- en Gravestraat) toegerus het met brandblusapparaat en ondergrondse watertenks. Aangesien die stal naby die gebou geleë was, is van hierdie water benut. Daar is voorgestel dat die gebruik van seewater ondersoek moes word (MBA 24.1.1877: Hoofartikel), maar daarvan het niks gekom nie.

'n Maand voordat die Kleinbosch-waterprojek in 1886 voltooi is, het die Dorpsraad besluit om 'n brandpyp van sowat 91 meter en ander brandblustoerusting aan te koop (MBA 10.2.1886: Council). Nadat die goedere van Engeland opgedaag het (MBA 21.4.1886: L&G), is 'n brandweer met W. Mitchell as brandmeester gestig (MBA 24.8.1887: Fire). Die pakkamer langs die biblioteek is as tydelike brandweerstasie ingerig (MBA 7.7.1886: Council), en 'n brandbluswa waarop die brandslang vervoer kon word, is bekom (MBA 1.9.1886: Correspondence). Tydens die eerste brandweeroefening is 'n straal water op die NG kerktoring, die hoogste bouwerk op die dorp, gerig. Met die tweede oefening

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

is twee strale gelyktydig hoog oor die St. Peter's kerk gespuit. Die Mossel Bay Advertiser skryf: "With such a splendid supply of water as the town now possesses and such facilities for putting out fires [...] insurance companies ought, we think, to reduce the rates of premiums considerably" (MBA 1.9.1886). Die versekeringstarief is inderdaad minder as 'n jaar later met 25 tot 50 persent verminder (MBA 24.8.1887: Hoofartikel).

Aan die einde van die jaar is die nuwe brandweer vir die eerste keer op die proef gestel toe I.B. Gavin se fotografiese ateljee aan die brand geraak het. Die brandweer was binne tien minute op die toneel en het groot lof vir hul stiptheid, ordelikheid en energieke optrede gekry. Dit was besonder vinnig as in ag geneem word dat lede in verskillende buurte woonagtig was en nie almal oor perde beskik het nie. Die toevoer van die water wat vir die nag van die hoofpyp afgesluit was, moes ook eers herstel word. Voor die voltooiing van die Kleinbosch-skema sou 'n soortgelyke brand homself moes uitwoed, wat uiteraard groot gevaar vir die omliggende geboue ingehou het. Die brand is binne 'n halfuur geblus, maar die houtgebou, waardevolle fotografiese toerusting en 'n groot versameling negatiewe het in die slag gebly (MBA 8.12.1886: Hoofartikel; Fire). Na die brand is besluit dat maandelikse oefensessies noodsaaklik was (MBA 12.1.1887: Council) en brandbestryders is ook van "over-all suits" van seildoek voorsien (MBA 9.3.1887: Council).

Die brandweer het nie oor 'n leer beskik nie en het een van die min langes op die dorp geleen wanneer dit nodig was. Nadat 'n brand ontstaan het by 'n gebou wat Cairncross se winkel en die pos- en telegraafkantoor gehuisves het (op die suidoostelike hoek van Kerk- en Blandstraat), het die Advertiser gemaan dat 'n nagtelike brand rampspoedig kon wees as 'n leer nie beskikbaar was nie. "A certain length of hose and a dozen or so men with hatches do not constitute a properly equipped brigade." Die brandweer moes 'n sterk maar ligte brandleer kry en die brandblussers helms om hulle verder van die skares wat by brande

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

saamgedrom het, te onderskei (MBA 24.8.1887: Hoofberig; Fire). Kort daarna is 'n verstelbare leer in drie dele bestel. Die dele was onderskeidelik 3,5, 3 en 2,5 meter lank en het £4 10s gekos (MBA 7.9.1887; 12.10.1887: Council).

Daar was egter ook ander gebreke. Tydens 'n oefening is byvoorbeeld gevind dat mnr. Duck, die waterbeheerbeampte, wat die water moes aandraai, nie op die dorp was nie en dat die sleutel soek was (MBA 8.7.1890: Council). Die maandelikse oefeninge wat in 1887 ingestel is, het later verval. In 1894 is halfjaarlikse oefeninge waarvoor die brandweer dertig sjielings elk betaal sou word, ingestel (MBA 9.1.1894: Council). Die residensie en die aangrensende woning van burgemeester P.J. Wassung is soms bespuit (MBA 9.4.1895: Council; 23.4.1895: Fire). Die brandweerstasie was in die middel negentigerjare steeds naby die Stadhuis (MBA 7.5.1895: Council) en daar kan aangeneem word dat dit eers later in die 20ste eeu verskuif is. Ses van die tien brandweermanne was van brandbyle en oorpakke voorsien. Die toerusting het bestaan uit lampe (MBA 6.2.1894: Council), ses stukke brandpyp van seil wat elk 15 meter lank was, (MBA 10.2.1886: Council), twee straalpype, drie staanpype en die lang drieledige leer (MBA 7.5.1895: Council). Die Advertiser het hul optrede by geleentheid soos volg beskryf:

> "Hope at last! It is the Fire Brigade! Yes, there is no mistaking those forms clad in white fully equipped and armed with their hatchets. Down they rush, dragging behind them the hose reel. No word is spoken, every man knows his duty, and within five minutes of the alarm being given the hose is fixed on to the fire hydrant, the word is given to turn on the water, and a magnificent jet rushes out of the nozzle and is set to play at the burning mass."

Almal was dit eens: "the Brigade was smart" (MBA 20.4.1887: Brigade). Die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

brandweer het £10 vir hul dienste gevra en £2 vir die water wat hulle gebruik het (MBA 7.9.1887: Council). Na jare van waterskaarste was die dorp besonder trots op sy goeie voorraad. In 'n bespreking van 'n brand berig die blad: "Mention must not be omitted of the splendid pressure of water obtainable, and which did not in the least diminish during the whole of the operations" (MBA 9.1.1894: Fire).

Hoe om brandalarm te maak, was problematies. Die munisipale klok is aanvanklik gebruik, maar die gemeenskap het hul soms min daaraan gesteur aangesien hulle onder die indruk was dat 'n mark aangekondig is (MBA 24.8.1887: Hoofartikel). Die klok was nie sentraal geleë nie en dus ook nie altyd goed hoorbaar nie. By een geleentheid het slegs vier van die tien brandbestryders by die brand opgedaag (MBA 9.1.1894: Council). Toe die mark- en tronkklokke vroeg die oggend van 1 Januarie 1894 as brandalarm gelui is, het dorpenaars aangeneem dat dit feesgangers was wat besig was om die Nuwejaar in te lui. Vrywilligers was reeds met die brandslang op die toneel voordat die brandweer uiteindelik opgedaag het (MBA 9.1.1894: Fire). Hierna is die kerkklokke, wat beter hoorbaar was, gebruik om alarm te maak, maar die klokke is so dikwels vir dienste gelui dat die koerant voorgestel het dat 'n ander alarmsein bedink moes word (MBA 10.3.1896: Council). Tydens die Anglo-Boereoorlog is die klok van die St. Peter's kerk as brandalarm gelui terwyl 'n diens aan die gang was. Kerkgangers en inwoners het opgewonde aangeneem dat dit die ontset van Mafeking (vandag Mafekeng) aangekondig het (MBA 20.3.1900). Later gedurende die oorlog is die gemeenskap een oggend om twee-uur deur die gebeier van klokke en 'n geraas op straat gewek. Daar was 'n brand by Reeder se losieshuis in Kerkstraat, maar die dorp het onmiddellik gedink dat die vyand aan die kom was. Die Town Guard het die brandweer bygestaan (MBA 27.8.1901: Fire).

Feitlik alle brande het in die droë somermaande voorgekom. Slegs drie groot brande het buite die somer plaasgevind (MBA 25.8.1880; 24.8.1887; 20.9.1898).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit was gewoonlik hoogs ontvlambare materiaal wat aan die brand geraak het. Perdestalle was 'n groot brandgevaar. Droë mis gemeng met strooi het hier opgehoop en kaf is op die solder geberg (MBA 7.1.1880: Correspondence). In die sowat dertig jaar het drie stalle, waarvan een 'n houtgebou en die ander onder 'n grasdak was, afgebrand (MBA 24.1.1877; 24.12.1879; 25.8.1880). Onversorgde skoorstene en kaggels het soms brande tot gevolg gehad (MBA 17.9.1873: L&G; 26.4.1892: Fire; 15.6.1897). In die laat negentigerjare het drie paraffienpakhuise, wat sowat 366 meter buite die dorp teen die heuwel naby Georgeweg geleë was, vlam gevat en 1 200 kiste van die brandstof het uitgebrand. Daar was geen brandkraan in die omgewing nie en slegs die vinnige optrede van die brandweer het verhinder dat die orige twee opslagplekke met 2 500 kiste nie ook verwoes is nie. Die brand het een oggend om drie-uur ontstaan en het sowat sewe uur gewoed. Dit was gelukkig windstil (MBA 20.9.1898: Fire).

Die Advertiser het dikwels berig dat Mosselbaai selde deur brande geteister is (MBA 24.1.1877; 1.7.1890; 23.4.1895). Die feit dat 'n hele straatblok nooit in puin gelê is soos sporadies op ander dorpe gebeur het nie, is daaraan toegeskryf dat geen wind tydens brande gewaai het nie. Die enigste uitsondering was toe die Benede-Kerkstraatgebied in 1862 inderdaad bedreig is. Die weekblad het berig dat die brandweer gunstig met dié van enige ander dorp in Suid-Afrika vergelyk het en het trots bygevoeg dat hulle al die mans, die water en die druk wat nodig was, gehad het (MBA 23.4.1895: Brigade). Stander fouteer dus wanneer hy beweer dat die dorp tot in die 20ste eeu nog geen amptelike brandweer gehad het nie (1988: 55). In Kaapstad is vier handspuite gebruik totdat dit in 1882 met 'n stoombrandweer vervang is (Laidler 1939: 353)

2.8 Water

Dit is ironies dat Mosselbaai met sy fontein, wat die eerste waterbron vir

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Europese skippers in Suid-Afrika was, gedurig onder 'n watergebrek gebuk moes gaan. Nuwe waterskemas was pas voltooi en lenings skaars vereffen, of die gebruik het so toegeneem dat daar opnuut 'n tekort was. Die water was afkomstig van fonteine in die heuwels aan die suidwestekant van die dorp (MBA 3.3.1886: Hoofartikel). Met dorpswording het die kommissarisse die reg voorbehou om die bestaande watervoorraad aan te vul en met behulp van kanale na die verskillende erwe aan te lê. 'n Belasting sou gehef word om die koste te dek. Die was van klere in fonteine of kanale is verbied en 'n boete van 5 sjielings of 8 dae gevangenisstraf kon vir oortredings opgelê word (Gazette 15.7.1852).

2.8.1 Eerste groot waterwerke

Die hoeksteen van die eerste groot waterwerke is op 24 Mei 1859, sewe jaar ná dorpswording gelê. Siviele ingenieur W.D. de Vignon van Alphen sou twee reservoirs en 'n openbare fontein bou, water vir die skeepvaart na die hawe aanlê, en Kerk- en Springstraat van pypleidings voorsien. Probleme is egter met die watertoevoer ondervind en Van Alphen is na slegs vier maande weer weg. Volgens 'n bevinding van die koloniale ingenieur het die bestaande opgaartenk voldoende water vir die dorp en skeepvaart bevat. Die pypleiding moes egter met die hoofstrate langs na die hawe gelê word (BDM: EML Water 24.5.1859; 3.8.1859; 21.9.1859; 22.11.1859). Die waterpypstelsel was van gietyster en openbare pompe en drinktrôe het volgens die amptelike magistraatsverslag van 1861 "a superabundant supply of good water for man and beast" verskaf. Die netwerk na die houtkaai, wat onder leiding van G.W. Pilkington in aanbou was, is voltooi (Blue Book 1861: JJ12; Laws 1861: 573). In 1865 is Montagustraat ook van 'n pypleiding voorsien (GA 23.3.1865).

'n Dekade na die magistraat se verslag moes waterbeperkings toegepas word (MBA 28.3.1871). Die watertekort wat voortdurend toegeneem het, was die grootste

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

probleem waarmee die stadsvaders te kampe gehad het. Dorpsbewoners het slegs met die grootste moeite water gekry om in hul daaglikse behoeftes te voorsien en wasvroue kon dikwels nie hul werk doen nie. Die reservoirs was feitlik leeg en die Mossel Bay Advertiser (15.10.1873: L&G) het geskryf dat indien dit nie gou sou reën nie, "the thirsty souls of Mossel Bay will have to gaze sea-ward, and exclaim

'Water, water, everywhere
And not a drop to drink'"

Daar was drie reservoirs of "water-houses" soos wat hulle bekend was, in die Waterkloof (MBA 4.3.1874: Correspondence). Hierdie kloof het deur die park en daarna deur die NG pastorietuin geloop (Gazette 31.7.1877). Die reservoirs moes 'n stroompie opvang, maar was uiters ondoeltreffend aangesien heelwat water weggevloei het (MBA 6.5.1874: Hoofartikel). Die hoofreservoir was as gevolg van sy voorkoms as "Napoleon's Tomb" bekend (MBA 19.8.1874: Correspondence; 10.3.1875: Correspondence). Die reservoirs se gesamentlike inhoudsvermoë was 67 950 liter en die vloei was 33 522 liter per 24 uur tydens die reënseisoen. Elk van die 1 300 inwoners was op 24,915 liter per dag geregtig. As in ag geneem word dat 'n gemiddelde bad 45 liter water benodig, kan gesien word dat die voorraad skraal was (MBA 15.12.1875: Municipality). Die feit dat van die inwoners water in tenks en vate opgegaar het, het die probleem verlig (MBA 3.6.1874: Correspondence).

In hierdie tyd word "the old standing disgrace of an insufficient water supply for man and beast" dikwels in briewe aan die koerant aangeroer. 'n Waardevolle koei het gevrek nadat sy vuil wasgoedwater gedrink het en 'n ander het op soek na water in een van die reservoirs beland (MBA 10.3.1875: Correspondence). Verbasend genoeg is die Waterkloof nie afgekamp nie. Vullis en menslike ontlasting is gereeld hier gestort en het tydens reëns in die watertenks ingespoel. Volgens 'n korrespondent was dit verstommend dat die dorp so

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

siektevry was (MBA 6.6.1877). Eers in Junie 1877 is 'n regulasie uitgevaardig waarvolgens "any person committing nuisance in the ravine from which the supply of water is derived, and commonly known as the Water Kloof, will be prosecuted" (MBA 6.6.1877: Notice).

2.8.2 "Amateur hydrolics"

In die middel sewentigerjare is 'n lening van £3 000 aangegaan en verbeterings is aan die waterwerke aangebring (MBA 9.7.1879; 3.3.1886: Hoofartikel). Die werk is as "amateur hydrolics" afgemaak en die munisipaliteit is daarvan beskuldig dat hulle "fritter [...] the public money away on experiments" (Oudt Cour 16.12.1879). Van die inwoners was in hierdie stadium reeds 'n week sonder water (MBA 3.9.1879: Correspondence). Aangesien die voorraad, verbeterings ten spyt, steeds ontoereikend was, is besluit om 'n artesiese put in die boonste deel van die Parkkloof te sink (MBA 21.9.1881). Die boorwerk was onsuksesvol; slegs 'n diepte van 56,7 meter (MBA 9.3.1881: Municipality) in plaas van die beoogde 91,46 meter (MBA 21.1.1880) is bereik. Die vooraanstaande handelaar Alfred Jones en ander was nou reeds 'n maand sonder water (MBA 26.1.1881: Correspondence). Die plaaslike blad het die hoop uitgespreek dat die kommissarisse "will devote to this great question their first attention, and will grapple with its difficulties in a spirit of invincible determination" (MBA 2.21881: Hoofartikel). In Oktober 1881 is water uit die boonste reservoir vir besproeiingsdoeleindes verbied (MBA 19.10.1881: Notice). Dit is verbasend dat dit nie reeds vroeër gedoen is nie. Water was so skaars dat advertensies van beskikbare behuising melding van die toevoer gemaak het. So word "Two Comfortable Cottages with ample supply of Water laid on", in hierdie tyd geadverteer (MBA 9.2.1881).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.8.3 Die Kleinbosch-skema

Die droogte wat in 1880 begin het en etlike jare sou voortduur, het die munisipaliteit verplig om ernstig oor die probleem te besin. Die Kleinbosch-skema, waarvolgens water oor 'n afstand van 40 kilometer (MBA 3.3.1886: Hoofartikel) van die Kleinboschrivier op die plaas Dietskraal, aangelê sou word, is laat in 1881 as 'n oplossing voorgestel (MBA 28.12.1881: Correspondence; 11.1.1882: Water). Van die inwoners, onder andere die munisipale voorsitter (MBA 21.1.1885: Correspondence), was sterk teen die plan gekant. Die plaaslike geneesheer, dr. Thomas Kitching, het geskryf dat indien die voorstel afgekeur sou word, dit "one of the most disastrous events that could happen to this town" sou wees. Gesondheidstoestande was haglik soos uit die volgende gesien kan word. Water moes teen 6 pennies per emmer gekoop word. Wasvroue is verplig om hul dienste te staak en vuil klere en beddegoed is gevolglik gebruik. Slote kon nie gewas word nie en was smerig. Die lyding van transportosse wat twee of meer dae lank sonder water moes klaarkom, was groot. Die dokter het geys oor wat die moontlike gevolge kon wees as dit nie spoedig sou reën nie -- "it is fearful to contemplate" (MBA 28.12.1881: Correspondence). Kinders van behoeftiges en diegene sonder aangelegde water het met emmers en blikke op straat water gebedel. Die Advertiser het opgesom: "We are threatened with a water famine" (MBA 15.2.1882: Hoofartikel).

In Januarie 1882 het belastingbetalers ten gunste van die projek gestem en £24 000 is van die owerheid geleen (MBA 3.3.1886: Hoofartikel). Dit sou egter nog drie jaar lank duur voordat die skema voltooi is. Maria Mackay, eienaar van die Standard Hotel (MBA 4.1.1882), het in Februarie 1882 reeds drie maande water van bure geleen en sou sonder hul hulp die hotel moes sluit (MBA 15.2.1882: Correspondence). Skares het bedags by die openbare pompe vergader om hul beurt met emmers en blikke af te wag (MBA 25.10.1882: Hoofartikel). Later het ook mans met houers rondgegaan om water te bedel (MBA 21.11.1883:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die groot waterskaarste van 1883. Mense wag geduldig hul beurt af bo in Marshstraat by die pomp. Die vroue en kinders het emmers op die kop en die mans dra hul houers aan pale oor die skouer. Let daarop dat die straat besonder ongelyk is en met mis besaai lê. Die kraanvoëls was 'n bekende gesig. Dr. Thomas Kitching het die huis op regterkant bewoon.

Foto: Bartolomeu Dias-museum J PBM 00019

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Waterworks). "The cry for water is pretty general all over the Colony at present", het die Advertiser ingelig (MBA 11.1.1882: Hoofartikel). Die droogte het die handel erg benadeel aangesien dit vir transportryers en boere moeilik was om die dorp te besoek (MBA 7.2.1883: Hoofartikel). Die waternood het ook tot gevolg gehad dat transport, groente en brandversekering astronomies hoog was (MBA 11.1.1882: Correspondence). Huishoudings moes al om die ander dag met drie tot vier emmers vuilerige brakwater klaarkom (MBA 11.6.1884: Pipes). Water is na die dorp gebring en vir 'n halfkroon per vat van die hand gesit (MBA 24.12.1884: Meeting). Maria Mackay van die Standard Hotel het onder die opskrif "Scarcity of Water!" bier teen laer pryse geadverteer (MBA 23.1.1884). Daar is van die "magnificent stream of water" (MBA 10.12.1884: Correspondence) gedroom wat die dorp eerlank sou bereik en wat die verskroeide plek in 'n oase vir vakansiegangers sou omskep (MBA 17.12.1884: Correspondence).

In Junie 1884, toe die pypleiding reeds 3 kilometer in die rigting van die dorp gevorder het, het 'n groep van sowat dertig mense, waaronder ook drie vroue, die oog van die Kleinboschrivier by Kleinberg, 'n uitloper van die Outeniekwareeks (MBA 3.3.1886: Hoofartikel), besoek. Die gaste het om sesuur die oggend in 'n feestelike stemming met karre uit die Baai vertrek, "the procession presenting a pretty picture". Halfpad is uitgespan vir 'n ontbyt van ham- en beesvleistoebroodjies, koue hoender en skaapvleis, 'n speenvarkie en karmenaadjies warm van die vuur. Koffie, kakao en bier is geniet. Hulle het van die Dietskraalopstal deur die pragtige varingryke omgewing na die oorsprong van die rivier gestap. Een van die dames "ventured as far as the waterfall, of which [...] she took a sketch". 'n Reuse-geelhoutboom met 'n deursnee van meer as 3,5 meter is ook bewonder. Middagete is in 'n groot tent by gedekte tafels genuttig. Die resident-magistraat was ook teenwoordig en vele toesprake is gemaak en heildronke is ingestel (MBA 11.6.1884: Pipes; 18.6.1884: Kleinbosch).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Op Saterdagoggend, 17 Januarie 1885, is die Kleinbosch-water ten aanskoue van talle toeskouers wat die "cheering sight" wou sien, vir die eerste keer in die ou reservoir ingelei. Die klank van die water was soos aangename musiek op die oor. Die Advertiser voorspel 'n verandering vir Mosselbaai, "from a barren, sterile, uninviting spot to a pleasant little seaport town, with its streets lined with trees and its pretty flower gardens, its park and the thousand other desirable things which are sure to follow in the wake of an abundant supply of pure fresh water". Die einde van die dorp se waterprobleme was dit egter nie: die reservoir kon slegs 'n klein hoeveelheid hou en twee-derdes van die daaglikse lewering is heuwel af die see in (MBA 21.1.1885: Hoofartikel).

Die water was net sekere ure aangedraai en slegs inwoners van die belangrikste strate het oor water beskik wat aangelê was. 'n Inwoner van Marshstraat, die hoofstraat en "de Fraayste Straat in Mosselbaai" (GA 23.3.1865), het daarteen geprotesteer dat hy nie soggens die "costly luxury" van 'n bad kon geniet nie (MBA 4.3.1885: Correspondence). Die invloedryke sakeman P.J. Wassung was ook ontevrede omdat hy eerder soggens as middae water wou hê (MBA 11.11.1885: Council). Na vele vergaderings en debatte is besluit dat die dorp 'n nuwe watervoorsieningsnetwerk moes kry (MBA 6.5.1885).

2.8.4 Schermbrucker-reservoir

Meer as dertien maande nadat die Kleinbosch-water die dorp bereik het, breek die groot dag aan waaroor daar vir 'n volle dekade lank gedroom is. Kol. F. Schermbrucker, kommissaris van Openbare Werke, is op die dorp om die nuwe diens formeel te open. Die oggend van 1 Maart 1886 sien Mosselbaai daar feestelik uit. Vlae en vlagdoek wapper aan elke paal en baniere met woorde soos "To-day we open our Waterworks" is oor die strate gespan. Daar word ook van die geleentheid gebruik gemaak om vir spoorverbinding, wat vuriglik begeer is, te agiteer met spreuke soos: "Our railway soon we trust", "A sequence -- Water,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Railway, Prosperity", en "Belofte maak Schuld" wat na die lang beloofde spoorweg verwys.

Lank voor die bestemde uur het 'n menigte, waaronder driehonderd skoolkinders met vlae en baniere, by die nuwe reservoir saamgedrom. 'n Banier het gelui: "Welcome to the Chief of Public Works". Nadat toesprake bo-op die reservoir gehou is, het die magistraatsvrou, Hester Anna Crozier, 'n bottel sjampanje gebreek en die opgaardam "Schermbrucker Reservoir" gedoop. Hierna het 'n vierhonderd meter lange optog onder leiding van die Mosselbaaise blaasorkes na die Stadhuis beweeg. Die orkes is gevolg deur skoolkinders, lede van die Independent Order of Good Templars (Matigheidsbond) in regalia, professionele mans, vrederegters, lede van die Kamer van Koophandel, die doeanebeampte en hawemeester, lede van die Provinsiale Raad, die ingenieur en kontrakteurs, lede van die Munisipale Raad, die resident-magistraat en Parlementslid en les bes die kommissaris van Openbare Werke en die voorsitter van die munisipaliteit. Die optog was indrukwekkend. Die Mossel Bay Advertiser het trots opgemerk: "when going down Church-street, which was gaily decorated with bunting, etc., the sight was really grand, and one of which larger towns than Mossel Bay might justly be proud". Veral die kinders van die Girls' Public School het pragtig gelyk in hul wit rokke en blou sy "Tam-o'-Shanters" en lyfbande.

Op die Markplein was 'n groot verhoog opgerig met 'n banier: "Advance Mossel Bay! From Water to Steam". Kol. Schermbrucker het die waterwerke formeel geopen deur een van die staanpype op die plein oop te draai en 'n manjifieke stroom water hoog die lug te laat inskiet. Sewentig vooraanstaande mans en vroue is op 'n noenmaal in die Stadhuis, smaakvol versier met vlae en blomme wat met behulp van die nuwe water gekweek is, onthaal. Daar is gemeld dat die teenwoordigheid van die vroue en hul veelkleurige tabberds tot die sjarme van die toneel bygedra het. Menigvuldige heildronke, op die Koningin tot uiteindelik op die plaaslike dames, is ingestel en beantwoord. 'n Man het

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

namens die vroue geantwoord. Die bal het die aand om halftien begin en "dancing was [...] kept up with spirit until nearly one o'clock, when a visit was paid to the supper room. This was the market shed which, covered in tarpaulins and flags, made a very cool and pleasant retreat." Daarna is die dansery tot die vroeë oggendure hervat (MBA 3.3.1886: Hoofartikel).

Die Schermbrucker-reservoir wat aan Kaapweg geleë is, is slegs vyf jaar na Kaapstad se Molteno-reservoir voltooi (Laidler 1952: 180).

2.8.5 Tuinbou en watervermorsing

Joseph Powrie, redakteur van die Mossel Bay Advertiser (MBA 27.4.1897: Hoofartikel) en eienaar van 'n boekwinkel (MBA 11.5.1897) wat enige denkbare artikel te koop aangebied het, het onder die opskrif "Completion of the Water Supply Scheme", geelhoutheiningpale geadverteer vir diegene wat tuine wou aanlê (MBA 27.1.1886). Hy het ook groentesaad onder die opskrif "The Kleinbosch Water Scheme" te koop aangebied (MBA 22.10.1884). Daar is met geesdrif tuin gemaak. Benewens groente en blomme is ook lappe gars en lusern verbou (MBA 6.12.92: Notes). Krane is oopgelaat sodat water outomaties begin loop het wanneer die toevoer aangedraai is (MBA 11.12.1888: Correspondence). Volgens die Advertiser het dit "for days on end" geloop (MBA 14.12.1887: Correspondence). Die grond is in so 'n mate deurdrenk dat die Dorpsraad gevrees het dat nabygeleë huise beskadig kon word (MBA 11.8.1886: Council). Die kosbare water het ook oor die strate in die afvoerslote afgeloop (MBA 7.12.1887: Hoofartikel). Dit was veral die minder gegoede inwoners van die bodorp wat waarskynlik hul inkomste met tuinbouprodukte wou aanvul, wat hulle hieraan skuldig gemaak het (MBA 12.1.1887: Council). Tuine is nou vir die eerste keer in huisadvertensies genoem (MBA 19.1.1887; 6.7.1887).

As 'n brand sou ontstaan wanneer die reservoir nie vol was nie, kon dit

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

rampspoedige gevolge hê. Die water is gevolglik snags afgedraai om die watervlak te laat styg (MBA 11.8.1886: Council). Die eerste brand het nege maande na die voltooiing van die waterskema uitgebreek (MBA 8.12.1886: Hoofartikel). Die watervoorraad was toereikend, maar daarna is beperkings ook bedags ingestel sodat die reservoir weer kon vol loop en ook vol kon bly (MBA 8.12.1886: Waterworks; 12.1.1887: Council). Die inwoners was ontevrede. Daar was baie klagtes oor die gebrek aan water, die skandelike vermorsing en ook die ongerieflike waterure waarvolgens die toevoer vir meer as 16 uit 24 uur afgesluit was (MBA 7.12.1887: Hoofartikel; 11.12.1888: Council). Veral die Mackays, wat nou beide die Standard en Union Hotel besit het, en wat uiteraard 'n groter kwota as gewone huishoudings benodig het, het onder die beperkings gely. Die dorp se goeie watervoorraad is in die bemarking van die hotelle beklemtoon en hulle het aangedring op langer ure sodat water in vate geberg kon word (MBA 22.11.1892). In 1892 is nuwe regulasies ingestel waarvolgens gestipuleer is hoeveel vierkante meter elke inwoner kon besproei. Onbeboude erwe is ook van die toevoer afgesny behalwe wanneer 'n meter aangebring is. Veral die inwoners van die bodorp was ontstoke. Die bewering is gemaak dat indien daar ooit oproerigheid op Mosselbaai sou wees die waterregulasies dit sou veroorsaak (MBA 6.12.1892: Notes).

2.8.6 Wasplek: "simply sickening"

Wasgoed is nie tuis versorg nie, maar is deur wasvroue by die openbare wasplek in die Waskloof gewas (MBA 15.4.1885: Council). Die Waskloof was sowat sewe minute se stap van die dorp af (MBA 16.5.1899: Meeting). Dit is die bosryke klofie wat vandag skuins agter die ou kragsentrale (die huidige Mossref-gebou) gesien kan word. Die wasplek self was naby Georgeweg (MBA 14.12.1881: Hoofartikel) en sowat 365 meter wes van die destydse magistraatskantoor (MBA 9.6.1880; 16.5.1899: Brokkie). Dit het aanstoot gegee en van die inwoners het begeer dat dit verskuif word (MBA 22.7.1874: Correspondence).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Soos reeds gesien, het die ernstige droogte van die vroeë tagtigerjare die vroue se werk grootliks benadeel. Haglike toestande het geheers. Die Mossel Bay Advertiser het berig dat dit by tye "simply sickening" was om die waspoele te aanskou. "But," is vervolg, "the washerwomen have to use these pools of dirty stagnant water, for they have no other" (MBA 14.12.1881). Later was daar selfs nie eens meer vuil water nie en die vroue moes anderkant Danger Point (naby Santosstrand) gaan was (MBA 24.12.1884: Meeting). Die diens moes van tyd tot tyd ook heeltemal opgeskort word (MBA 15.3.1873: L&G; 28.12.1881: Correspondence).

In 1885 is water na 'n plek naby die parkgrens gelei en is die wassery daarheen verskuif (MBA 6.5.1885: Council). Tydens die tifusepidemie in 1901 is water vir dié doel na die Whale-hole naby die Punt aangelê (MBA 8.1.1901: Supplement; 8.10.1901: Council). Die jaar daarna het vroue tot die ergernis van die munisipaliteit onwettig by die reservoir gewas (MBA 11.2.1902: Council). In Kaapstad is wasgoed ook in strome gewas en oor bosse uitgesprei om te droog. In 1888 is 'n munisipale wassery wat 250 vroue kon huisves by Platteklip in gebruik geneem (Laidler 1971: 342).

Vroue het selde hul mening in die pers gelug, maar met die eeuwending het 'n ontevrede huisvrou haar tot die plaaslike blad gewend. Volgens haar het vroue die dae wat die wasgoed afgelewer is, gevrees aangesien hulle nooit seker kon wees of skoon water gebruik is nie. "I have lived in various other places, but this place beats them hollow for slovenliness, want of cleanliness and general disregard as to how your washerwoman does her work." Haar voorstel was dat "one or more of those hard and neat working poor German families who know how to combine cleanliness with honest work" 'n wassery op die dorp moes kom bedryf (MBA 1.1.1900: Correspondence). Volgens die Advertiser was die wasvroue "a class who do not know, as a rule, what cleanliness means, and who live, most of

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

them, like pigs in a sty" (MBA 19.3.1901: Hoofartikel). Die blad het tydens die tifusepidemie gewaarsku dat niks die vroue verhoed het om die klere en beddegoed self te gebruik nie (Sien Tifus). Dit het ook aan die lig gekom dat een van die vroue melaats was en 'n huis met nog twee ander gesinne gedeel het. 'n Bekommerde korrespondent het geskryf: "It is both unpleasant and disgusting to think that such cases are in our midst" (MBA 14.1.1890: Correspondence).

2.9 Boomaanplanting

Mosselbaai was 'n droë, boomlose dorpie en het 'n ongunstige indruk op skeepspassasiers wat voor anker was, gemaak (Sien Badplaas en gesondheidsoord). In die laat sewentigerjare is 'n parlementêre wet aangeneem wat die aanplanting van bome bevorder het (MBA 21.6.1876: Hoofartikel; 6.2.1878: Hoofartikel) en die owerheid het saad aan munisipaliteite beskikbaar gestel. Die Dorpsraad het in 1878 hiervan bestel (MBA 17.4.1878: Municipality), maar dit was eers nadat die Kleinbosch-water die dorp in 1885 (MBA 21.1.1885: Hoofartikel) bereik het dat die stadsvaders besluit het om die park te verbeter en om bome langs die dorpstrate aan te plant (MBA 6.5.1885: Council). Na voltooiing van die Schermbrucker-reservoir (MBA 3.3.1886: Hoofartikel) het die dorp vir die eerste keer in sy geskiedenis oor volop water beskik en het die "Plantation Committee" seshonderd bome van die Botaniese Tuin in Kaapstad bestel. Van die bome, wat per stoomboot sou kom, sou aan sending- en openbare skole geskenk word sodat die kinders daarna kon omsien. 'n Waterleiding is ook gratis aan die Boys' Public School verskaf (MBA 9.6.1886: Council).

Bome is in Marsh-, Bland- en Montagustraat geplant. Redakteur Joseph Powrie skryf in die Mossel Bay Advertiser: "and with proper care, we may in a few years' time behold Mossel Bay a changed place -- a veritable Garden of Eden" (MBA 7.7.1886: Hoofartikel). Baie is in hierdie jare van owerheidsweë gedoen om boomaanplanting te bevorder aangesien kundiges geglo het dat bome die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

klimaat kon beïnvloed. Die blad Scientific News het dit soos volg gestel: "One of the most important effects of woods upon a climate is that they promote rain" (MBA 1.5.1888: Trees). Volgens hierdie teorie kon die reënval van 'n gebied dus aansienlik deur aanplanting verhoog word. Die boomarm Mosselbaai het, anders as bosryke plekke, ernstige droogtes ondervind en die Advertiser het 'n beroep op die "powers that be" gedoen om bome plaaslik aan te plant (MBA 18.5.1887: Hoofartikel). Die superintendent-generaal van onderwys, dr. Langham Dale, het Vrydag, 25 Julie 1886, tot "Arbor Day", die eerste boomplantdag van die Kolonie, verklaar. Op sy voorstel moes elke onderwyser, assistent en senior skolier op dié dag 'n boom plant en die daaropvolgende jaar daarvoor sorg (MBA 28.4.1886: L&G; 23.6.1886: Hoofartikel). Die oggend van die verrigtinge het 'n ongekende stormwind gewaai. Die dogters van die Girls' Public School was in hul gebruiklike wit feesrokke met blou lyfbande en blou "Tam-o'-Shanters" van sy by die Seunskool (vandag die Doch-'n-Dorisdrankwinkel aan Blandstraat) waar hulle, aldus 'n koerantberig, tot die aantreklikheid van die geleentheid bygedra het. Die skoollokaal was met vlae, blomme en loof versier en magistraat R.J. Crozier het as voorsitter opgetree (MBA 30.6.1886: School). Sowat 50 000 bome is na raming op dié dag in die Kolonie geplant (MBA 22.9.1886: Brokkie). Boomplantdae is ook die twee daaropvolgende jare gehou. Dr. Dale het onder andere die aanplanting van hakeaheinings voorgestel (MBA 18.5.1887: Hoofartikel; 24.4.1888: Arbor Day).

Die boomaanplanting in die strate was volgens die Mossel Bay Advertiser 'n "miserable failure". Jong boompies wat op private grond geplant is, het in pragtige bome verander terwyl baie van die munisipale bome "in our public streets have been struggling for a bare existence [...], and are now mere scraggy growths with a scant covering of leaves, which it would be much better to uproot than to leave standing where they are -- a constant eyesore to passers-by". Die redakteur wou sien dat Marsh- en Montagustraat in "really fine avenues" omskep word en dat bome teen die kop aangeplant word om die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kaalte, wat so 'n ongunstige indruk op skeepspassasiers gemaak het, te bedek (MBA 31.5.1892: Hoofartikel).

Die munisipaliteit het by twee geleenthede geldelike steun van owerheidsweë ontvang en het die aansienlike bedrag van £355 aan die projek bestee. James Cooper, bosbewaarder van Knysna, het die bome in 1892 kom ondersoek. Volgens hom had die bome 'n "forlorn appearance and have undoubtly been neglected". Slegs 279 uit die 600 bome was lewend en net 200 van hulle was nog aan die groei. Die resultate het vir Cooper op "a want of knowledge of many of the rudiments of aboriculture" gedui. Behalwe 35 sipresse was almal bloekoms. Baie van die bome is deur rondlopende perde beskadig en hy het aanbeveel dat stewige boomskutte om die bome aangebring moes word (MBA 11.10.1892: Council). Tydens sy tweede inspeksiebesoek sowat 'n jaar later was die boomkundige ontevrede aangesien niks sedert sy vorige besoek gedoen en daar op geen van sy voorstelle gereageer is nie. Die boomplantkomitee het intussen eenparig uit protes bedank toe die werker wat vir die natgooi verantwoordelik was, as gevolg van 'n gebrek aan fondse ontslaan is (MBA 11.7.1893: Notes).

Van die inwoners het baie gedoen om hul erwe deur middel van bome te verfraai. Die bekende handelaar C.W. Black het bykans al sy vryetyd hieraan bestee (MBA 13.8.1895: Correspondence). Die welgestelde mnre. Vigne en Noble, wat paleisagtige huise teen die heuwel besit het, het grond bo hul wonings aangekoop met die uitsluitlike doel om die gewraakte rotse wat so aanstoot gegee het, in "a tree-covered slope refreshing to the eye" te omskep (MBA 7.12.1897: Veil).

Deur die vergelyking van saamgestelde foto's van hierdie tyd, kan daar duidelik gesien word hoe die dorp van 'n boomlose plek in 'n meer boomryke buurt verander het. Redakteur Powrie se droom van "a veritable Garden of Eden" is helaas egter nooit bewaarheid nie. Cooper se boomskutte met hul sukkelende

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bloekomboompies kan op baie tydgenootlike foto's gesien word. Dit is ironies dat skoliere in die vorige eeu aangemoedig is om hakea te plant.

2.10 Honde

Alhoewel daar reeds in die oorspronklike munisipale regulasies bepaal is dat rondloperhonde afgemaak kon word (Gazette 15.7.1852), was honde gedurende die hele tydperk 'n groot las. In 1880 berig Jack-o'-Lantern in die Mossel Bay Advertiser: "The dog nuisance is as bad as ever" (MBA 1.12.1880). Sowat twee dekades later kla 'n briefskrywer (MBA 6.12.1898: Correspondence), en die redakteur beaam elke woord:

> "It is really a most disgusting nuisance that the principal street of the town is converted every night into a veritable Pandemonium by the dogs that are allowed to run loose through the streets, where they kick up an uproar with their incessant barking, snarling, whining, moaning, baying, growling and wantoning in every form of pure cussedness, that makes sleep impossible."

In 1878 is bepaal dat alle honde geregistreer moes word en dat honde sonder halsband en munisipale nommerplaatjie afgemaak sou word (MBA 14.8.1878: Notice). In 1884 is 'n jaarlikse belasting van 5 sjielings gehef (MBM 1884: 13). Dit wil egter voorkom asof hierdie regulasies van weinig nut was aangesien die Advertiser (5.3.1901: Hoofartikel) tydens die builepesepidemie van 1901 steeds te velde trek teen rondloperhonde:

> "especially those ownerless curs and mongrels which are becoming quite a pest in this town, and who roam about at night making night hideous with their maddening barking, howling, whining, etc., and infesting the streets, after prowling about all day in

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

places where, perhaps, there is more of the filth that generates disease than most people are cognisant of".

Ook in die distrik het die diere groot ergernis veroorsaak. Verhongerde honde wat glo aan swartmense behoort het, het vee en wild gevang en ook amok onder volstruise gemaak (MBA 16.1.1894: Correspondence). Boere, onder andere F. Gericke van die bekende plaas Voorbaai, het gereeld geadverteer dat hulle alle honde op hul grond summier sou doodskiet (MBA 23.4.1889). In die middel negentigerjare het ook die Afdelingsraad hondebelasting in die distrik ingestel (MBA 23.1.1894: Tax). Die probleem was nie net tot Mosselbaai beperk nie, maar orals in die Kolonie het die groot getalle honde van armblankes en swartmense wild in so 'n mate uitgeroei dat die owerheid met die eeuwisseling die belasting verdubbel het. Die Mosselbaaise Afdelingsraad het dié bepaling verwelkom (MBA 18.7.1899: Council).

2.11 Rondloper diere: "demons of mischief"

Loslopende varke het ook amok gemaak. Volgens die oorspronklike munisipale regulasies kon huiseienaars varke wat op hul erwe oortree het, summier doodskiet (Gazette 12.7.1852). Gedurige klagtes oor die "filthy pigs" (MBA 30.5.1877: Correspondence) het die stadsvaders sporadies laat aankondig dat streng optree sou word (15.7.1874; 10.5.1876) en dan is enkele oortreders gevonnis. By een geleentheid is apteker Ebenezer Powrie aangekla en is J.S. Batten, die plaaslike geneesheer, selfs 'n boete opgelê (MBA 17.5.1876: Court). Hierdie veldtogte was volgens 'n korrespondent wat gekla het dat "the whole town seems to be overrun by these animals" nie van lange duur nie. Die toestand het dan weer na die gebruiklike teruggekeer of selfs vererger (MBA 30.5.1877: Correspondence).

In die sewentigerjare is 'n "vagabond boar [...] the most active pig in the

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bay" deur die strate gejaag. Die dier het later op die see afgepeil en in die rigting van die ankerplek geswem. Sy agtervolgers is met 'n bootjie agterna en hy is uiteindelik met 'n klopper (die stok waarmee vis doodgeslaan word) in die water doodgeslaan. Die vark het in sy leeftyd groot skade aangerig, maar was te uitgeslape om gevang te word. 'n Rubriekskrywer van die Advertiser het beweer dat hy hom selfs op 'n wonderbaarlike wyse oor 'n 1,5 meter hoë heining sien spring het (MBA 7.11.1877: L&G). Die varkprobleem is in Junie 1901 tydens die builepesepidemie opgelos toe alle varkhokke uit die dorp verwyder is (MBA 25.6.1901: Notice).

Die "vast herd of donkeys which are allowed to roam and divert themselves unmolested through our streets at all hours of the day", is as 'n groter steurnis beskou aangesien hulle mense snags met hul onaardse gebrei wakker gemaak en ook op sedelike gebied aanstoot gegee het (MBA 24.5.1876: Correspondence). Drie aanvullende polisiebeamptes is aangestel om die regulasie in verband met loslopende diere af te dwing, maar hulle het volgens die verontwaardigde Advertiser nie die donkies geskut nie (MBA 18.9.1878).

Perde was uiteraard volop en van die diere het dikwels weggeloop. Die redakteur Powrie het in die sewentigerjare gesien hoe "a loose horse, at whose heels were a lot of barking curs, [went] tearing down the street, rearing and kicking at such a rate as to endanger the life of a child who had just sense and time enough to get out of its way" (MBA 30.5.1877). Bekommerde vaders het protes aangeteken en hul verbasing uitgespreek dat kinders nog nie beseer is nie. Volgens een van die beswaardes het van die loslopende perde aan die hoofkonstabel en aan een van die stadsvaders behoort (MBA 11.6.1884: Corespondence; 15.10.1884: Correspondence). Die lang gevreesde ongeluk het in 1888 plaasgevind toe die arm van 'n agtjarige kind naby die Punt afgeskop is. Die koerant het die hoop uitgespreek dat die gevaar onmiddellik beëindig sou word (MBA 7.8.1888). Skaars 'n jaar later is drie kinders amper in Marshstraat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vertrap deur 'n paar wegholperde wat uit raadslid P.J. Wassung se perseel gekom het. Wassung, wat dikwels ook burgemeester was, het met slegs 'n waarskuwing van die Raad daarvan afgekom (MBA 10.9.1889: Council).

Tot en met die voltooiing van die Kleinbosch-waterprojek was tuinmaak feitlik 'n onbegonne taak en het slegs die mees toegewydes probeer om 'n tuintjie aan te lê. Dit is dus te verstane dat afgedwaalde beeste wat tuine verwoes het, gevoelens hoog laat loop het. 'n Inwoner skryf ontsteld aan die plaaslike blad:

> "What makes our town look so bare and dreary? The absence of trees and vegetation, and the general bare look of our houses consequent thereon [sic]. Yet, if one attempts with great pains, to rear a few plants, -- a few trees or shrubs, -- and to make one's home look pleasant to the eye, then in come these demons of mischief and mar and destroy all" (MBA 5.7.1876: Correspondence).

Op 4 Oktober 1876 kondig kapt. G.E. Bird op die voorblad van die Mossel Bay Advertiser aan dat sy tuin die vorige nag verwoes is en dat hy voortaan bedags vee sou skut en snags in slagysters sou vang. In dieselfde uitgawe verskyn ook 'n soortgelyke aankondiging van W.A. Hall van die bekende winkel Divine, Hall & Co (MBA 28.5.1879). Twee weke later is 'n versoekskrif deur etlike vooraanstaandes opgestel waarin die munisipaliteit gevra is om loslopende vee te skut. Die Dorpsraad se antwoord dat inwoners self die diere skut toe moes bring, het die dorpslui geskok. Volgens hulle was drie mense nodig om die vee aan te keer en was die skade dan reeds aangerig. Boonop het die munisipaliteit die skutgeld geïn. 'n Leser het gemaan dat indien die stadsvaders sou aanhou weier om hul regulasies af te dwing, "Mossel Bay must continue to look like one of the most dreary, dirty broken-down farm yards on a large scale" (MBA

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

18.10.1876: Correspondence).

Kapt. Bird het in die magistraatshof verskyn op aanklag dat hy 'n vuurwapen onwettig afgevuur het toe hy 'n bok in sy tuin geskiet het. Hy is vrygespreek aangesien dit volgens die regulasies geoorloof was indien die erf omhein was (MBA 10.1.1877: Court). 'n Sekere groep het met bokke geboer en die diere het groot skade aangerig en baie ergernis veroorsaak (MBA 1.8.1883: Correspondence). Die Mossel Bay Advertiser het dikwels die munisipaliteit aangespreek om die regulasies af te dwing (MBA 12.1.1881; 6.8.1884). Net soos met die veldtogte teen varke, het die Dorpsraad sporadies opgetree, maar daarna weer sake hul loop laat neem (MBA 24.9.1884: L&G).

Volstruise het soms los geloop. In 1889 het die blad (MBA 30.4.1889: L&G) die volgende ongewone gebeurtenis verhaal:

> "Yesterday morning, the water being low, an ostrich was seen perambulating the beach between Munro's Bay and Danger Point. To the surprise of some persons who were watching it, the bird took to the water and swam out for about one hundred yards; it returned to shore and walked to Munro's Bay, where it was attacked by some dogs; but of this it took no notice, and after continuing its peregrinations along the beach for some time longer, again went into the water about where the Santos was wrecked, and remained in for about three quarters of an hour. The bird then landed in Munro's Bay and walked home."

Twee jaar daarna is 'n volstruis in die branders in die Poort aangetref. Mense het die uitgeputte voël op die rotse gehelp, maar kon nie daarin slaag om hom aan land te kry nie. Hy is twee dae later op die rotse dood (MBA 8.12.1891: Brokkie). In die tagtigerjare is voetgangers gereeld buite die dorp deur 'n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

volstruis aangeval en soms verplig om vir meer as vier uur in bosse te skuil (MBA 8.6.1881: Correspondence).

2.12 Plakkery

Groepe hawelose bruinmense het gedurende die winter van 1874 op verskillende plekke aan die buitewyke van die dorp begin plak. Die munisipaliteit het hulle verskuif na 'n gebied wat spoedig as De Vrystaat bekend geword het, en wat op die heuwel onder Georgeweg geleë was (MBA 30.6.1875: L&G). Die naam is volgens die Mossel Bay Advertiser ontleen aan die ongedwonge lewe wat daar gelei is (MBA 19.8.1874: Hoofartikel). Die "unsightly and disreputable tin shanties" (MBA 5.12.1877: Hoofartikel) het 'n ongunstige indruk op reisigers van George af gemaak. Redakteur Joseph Powrie was die plakkers aanvanklik simpatiek gesind en het hom daarvoor beywer dat die dorp huisvesting aan hulle moes verskaf, maar hy het mettertyd sy geduld verloor en gevoel dat die krotte die dorp oneer aangedoen het en dat die plakkerskamp buite sig moes wees (MBA 15.12.1875: Hoofartikel).

De Vrystaat is in 1877 ontruim en grond is in die Aloestraat-woonbuurt vir bruinmense beskikbaar gestel waar ordentlike huise opgerig kon word. Die plakkers het geweier en hulle "in defiance of all municipal authority" naby die dorp op die heuwel in die rigting van die Punt gevestig -- in volle sig van die skepe by die ankerplek. Inwoners was gegrief dat hulle op hul geliefkoosde wandeling na die Punt by "these disgraceful hovels" moes verbystap. Die plakkerskamp se nuwe ligging was dus selfs 'n groter steen des aanstoots as wat De Vrystaat was (MBA 15.12.1877: Hoofartikel).

Die gemeenskap het op 'n openbare vergadering besluit dat die munisipaliteit die reg moes hê om bousels op private grond te verwyder en om alle beplande huise te keur (MBA 3.4.1878: Meeting). Die owerheid het egter geweier om die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nuwe regulasie te bekragtig aangesien dit teen die reg van die indiwidu ingedruis het. Die feit dat die gesondheid van die gemeenskap ter sprake was, het blykbaar min getel (MBA 14.8.1878: Hoofartikel). In die vroeë tagtigerjare het dakloses ook op die parkgrond bo die tronk skuilings opgerig en het die munisipaliteit hulle ses maande kennis gegee om die gebied te verlaat (MBA 13.4.1881).

Sewentien jaar later het "a nest of squatters" steeds 'n "abominable nuisance" naby die park en reservoir veroorsaak. Swartmense wat vir die bou van die strandmuur na die Baai gekom het, het hier geplak. Benewens die feit dat die kamp as gevolg van sy ligging naby die reservoir 'n gesondheidsgevaar ingehou het, was dit "a harbour and rendezvous for all the lazy, idle vagabonds who drift in from the country". Die mense was volgens die plaaslike blad van die laagste stand en het in die park rondgesluip. Dorpsvroue en kinders "run the risk of meeting with sights and scenes offensive to their sense of propriety, besides incurring the danger of being molested", het die koerant berig. Later dieselfde jaar is die werkloses van die grond verwyder en is agtien werkende plakkers na 'n plek by Diepkloof, wat sowat 'n halfuur se stap weg was (MBA 16.5.1899: Hoofartikel), verskuif. Die nuwe kamp het onmiddellik die naam The New Rush gekry. 'n Bedrag van 3 sjielings moes maandeliks as woongeld betaal word (MBA 5.4.1898: Council; 10.5.1898: Council). Die dorpsowerheid het egter steeds hul hande vol gehad met die plakkers en het slegs met die grootste moeite die geld geïn (MBA 10.1.1899: Council).

Redakteur Joseph Powrie se profetiese bewering van die middel sewentigerjare, dat selfs 'n Kaapse Salomo nie Mosselbaai se plakkersprobleem sou kon oplos nie (MBA 15.12.1875: Hoofartikel), het dus geblyk waar te wees.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.13 Bruin woongebiede

2.13.1 Aloestraat

Alhoewel bruin en wit dieselfde woonbuurte gedeel het (MBA 5.11.1895: Council), het 'n groot gedeelte van die bruin gemeenskap by Undercliff of Aloestraat, soos dit algemeen bekend was, gewoon (MBA 8.12.1896: Council). Die Aloestraatbuurt was op die punt tussen Varkens- en Munrobaai geleë. Die straat Undercliff, wat vandag nie meer bestaan nie, was aan die onderpunt van Kerkstraat geleë en het van Adamstraat, verby die seekant van die huidige Maritieme Museum en tot by Shortstraat (wat in 1988 toegemaak is) gestrek (AK: Transfers 195: 9704). Tydgenootlike foto's toon lae witgekalkte rietdakhuisies dig teen die see tussen rotse. Die buurt, wat besonder laagliggend was, het van onder die Barry-gebou (MBA 16.5.1899: Hoofartikel) tot by Munrobaai, waar die Seiljagklub tans is, gestrek en is deur die Mossel Bay Advertiser (23.5.1899: Location) soos volg beskryf:

> "The site of the [...] location, which has existed so to say from time immemorial in a spot among the rocks on the sea-shore [...] was a picturesque one, however much that may have been disfigured by a slight amount of squalor incident to the humble means of the section of the population abiding there. There fisher folk and others enjoyed as comfortable quarters as was consistent with their wants, and their proximity to the town rendered the site a very convement [sic] one for those who lived there [...]"

Vis het feitlik voor elke deur aan stellasies gehang om droog te word (MBA 8.11.1898: Council). Van die huise was eenvoudig en nie alle kamers het vensters gehad nie. In die laat negentigerjare is die buurt as 'n "regular hotbed" van tering beskryf en het die plaaslike geneesheer, dr. Alfred McNally,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bevind dat etlike van die huise nie vir menslike bewoning geskik was nie (MBA 11.4.1899: Council). Die Berlynse sendeling Louis Alpermann is met sy koms in die vroeë tagtigerjare (MBA 10.3.1880) hier "[i]n der am Strande sich entlang ziehenden Aloestrasse, dem Heckenest aller liederichen, verkommenen, heidnischen und mohammedanischen Personen" uitgejou en met klippe bestook. (Alpermann is in Aloestraat wat langs die kus loop -- die broeines van alle losbandige, vervalle heidense en Mohammedaanse mense -- uitgejou en met klippe bestook.) 'n Paar jaar se sendingwerk het die gemeenskap se gesindheid so verander dat sendelinge met vriendelike gesigte en geestelike liedere begroet is (Wangemann 1886: 393).

Na die voltooiing van die Kleinbosch-waterskema in 1886 (MBA 3.3.1886) het die munisipaliteit die dorp as badplaas en gesondheidsoord begin bemark. Daar is toe besef dat dié buurt die beste deel van die kus vir diegene wat "the sea benefits" wou kom geniet, in beslag geneem het. Indien die gebied opgevul sou word, kon 'n promenade opgerig word wat dit in 'n aantreklike oord sou omskep (MBA 25.8.1891: Notes). In 1891 is besluit dat huise wat leeg sou word, gesloop moes word (MBA 11.9.1888: Council; 11.8.1891: Council). Die munisipaliteit se beslissing het veel lyding veroorsaak aangesien Aloestraat-bewoners, soms behoeftige vroue wat die gebied verlaat het, nie hul huise kon verhuur of verkoop nie en gevolglik finansiële verliese gely het (MBA 12.7.1892: Notes). Die munisipale sekretaris en die distriksgeneesheer, dr. Thomas Kitching, het in die middel negentigerjare tydens 'n inspeksie van alle huise wat deur bruinmense bewoon is, bevind dat die Aloestraat-huise die sindelikste was. Dit is daaraan toegeskryf dat die buurt naby die see was en gevolglik makliker skoongehou kon word (MBA 5.11.1895: Council; Notes).

Toe dit gelyk het asof die gemeenskap se agitasie om spoorverbinding suksesvol sou wees, moes 'n terrein vir 'n nuwe vissersbuurt gevind word aangesien die beplande spoorlyn deur Aloestraat sou loop. Almal was dit eens dat die nuwe

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

buurt om gesondheidsredes weer na aan die see moes wees (MBA 5.11.1895: Notes). Daar is by die owerheid om die stuk grond tussen die Haweraad se eiendom en die Punt-begraafplaas aansoek gedoen, maar dit is tot teleurstelling van beide die bruin en wit gemeenskappe nie toegestaan nie (MBA 9.3.1897: Council). Die grond was goed geleë: na aan die werksplekke en teen die see en sou dus geen gesondheidsgevaar inhou nie (MBA 8.9.1896: Hoofartikel). Aan die einde van 1896 is die dorp onder die indruk gebring dat spoorverbinding 'n uitgemaakte saak was en het die Aloestraat-inwoners gevolglik kennis gekry om op 1 Januarie van die volgende jaar hul huise te ontruim (MBA 10.11.1896: Council). Die spoorweg het egter so gesloer dat die vissers nog twintig maande langer vertoef het voordat hulle uiteindelik op 1 September 1899 finaal die buurt moes verlaat (MBA 25.7.1899: Notice).

Die eerste vissers wat hulle in die Baai gevestig het, het hul wonings waarskynlik hier opgerig. Alhoewel die mense daar kon bou, kon hulle die grond nooit koop nie (LKK: Ecker gd: 3). Die naam Undercliff verskyn reeds op 'n ongenommerde kaart van die vyftigerjare in die Bartolomeu Dias-museum. Aalwyne het in die buurt voorgekom (MBA 9.10.1888: Court) en het tot die volksnaam Aloestraat, wat op geen kaart verskyn nie, aanleiding gegee. Toe die vissersbuurt na sowat 'n eeu gesloop is, het Mosselbaai 'n skilderagtige hoekie verloor wat gunstig met Waenhuiskrans se Kassiesbaai sou kon vergelyk. Dit is ironies dat die spoorlyn waaroor daar so lank gedroom is, nie net die kuslyn geskend het nie, maar ook die dorp van die see afgesny het waaraan hy sy stigting en bestaan te danke gehad het.

2.13.2 Sunny Side

Met die ontruiming van die Aloestraat-gebied was New Rush, wat met die oog op plakkers gestig is, die enigste bestaande buurt vir bruinmense. Dit was sowat 'n halfuur se stap weg en onprakties vir die vissers (Sien Plakkery). Die nuwe

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

woonbuurt wat Aloestraat vervang het, was sowat agt minute se stap van die dorp teen die heuwel net bokant Georgeweg geleë. Dit was 365 meter wes van die destydse magistraatskantoor en sowat 46 meter wes van die Waskloof. Die plek was sowat vyftig treë van Georgeweg en nie van die pad sigbaar nie (MBA 16.5.1899: Brokkie; Hoofartikel; Meeting). Aanvanklik is daar slegs na "the new location" verwys, maar in Junie 1900 het die munisipaliteit die gebied die naam Sunny Side gegee (MBA 5.6.1900: Council).

Die Mossel Bay Advertiser het die hoop uitgespreek dat huisvesting aan behoeftiges wat die verpligte trek nie kon bekostig nie, verskaf sou word (MBA 16.5.1899: Hoofartikel). 'n "Alms House" wat uit ses wonings bestaan het, is in Maart 1900 voltooi (MBA 15.8.1899: Advertensie; 6.3.1900: Council). Benewens die armehuis is 35 boupersele van 9 x 7 meter afgepen. 'n Jaar na die verskuiwing was daar reeds vyftien huise voltooi en agt was in aanbou. Die wonings was as gevolg van die inwoners se armoede nie na wense nie. Die munisipaliteit het sanitasie as noodsaaklik geag (MBA 16.10.1900: Council), maar die inwoners moes meer as 'n jaar wag voordat huise van buitetoilette voorsien is. Van die mense het egter geweier om dit te gebruik, vermoedelik omdat geen reëlings in verband met die verwydering van nagvuil getref is nie (MBA 16.4.1901: Council). In Maart 1902 was daar reeds dertig tot veertig huise (MBA 11.3.1902: Council). Hierdie buurt, in die omgewing van waar Langstraat en Vyfdelaan ontmoet (KA: M4/212), is tans blanke woongebied. Toe die buurt later in die huidige eeu ontruim is, is die inwoners na New Sunnyside, bo Louis Fourieweg verskuif. Hulle was nou verder van die dorp en die kus.

2.13.3 New Rush (Tarka)

New Rush was by Diepkloof geleë, sowat 'n halfuur se stap van die dorp. Soos reeds gesien, het hierdie buurt sy ontstaan gehad toe plakkers in 1898 daarheen

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verskuif is (Sien Plakkery). As gevolg van die afgesonderde ligging was die inwoners ver van die kerk, skool en mediese dienste. Vroue wat as huishulpe gewerk het, moes ook saans na donker 'n lang ent op 'n onbeskermde pad huis toe loop. Behalwe hierdie nadele, was dit in 'n "splendid position" geleë en die munisipaliteit het minder streng bouregulasies as elders toegepas. "De ruwer klas inboorlingen" en tydelike arbeiders het hier 'n heenkome gevind (MBA 16.5.1899: Hoofberig; Meeting).

Die buurt, wat volgens 'n matroos van die ankerplek soos 'n mynkamp daar uitgesien het (MBA 18.6.1901: Supplement), het tot aan die einde van die eeu as beide New Rush en Sunny Side bekend gestaan (MBA 16.5.1899: Hoofartikel; Meeting). Eers nadat die nuwe buurt dieselfde naam gekry het, is laasgenoemde benaming laat vaar. Daar is soms ook na die "Diepkloof-lokasie" verwys (MBA 24.4.1900: Court; 15.5.1900: Court). Die huidige benaming, Tarka, het vir die eerste keer in die Mossel Bay Advertiser van 7 Mei 1901 (Council) verskyn en is daarna al hoe meer gebruik. Die huisvesting het oor die algemeen bestaan uit "disreputable looking dwellings" wat van takke en ou sak opgerig is (MBA 9.9.1902: Council). Aan die einde van 1901 is bepaal dat skuilings gesloop en verbrand moes word en dat slegs huise van sink, baksteen of klip toegelaat sou word (MBA 10.12.1901: Council).

Gedurende die Anglo-Boereoorlog was daar 'n astronomiese bevolkingsgroei toe swartmense uit die distrik gevlug en hulle hier kom vestig het. In die tweede helfte van 1901 was daar 76 hutte (MBA 9.7.1901: Council). Minder as anderhalfjaar later het die inwonertal tot sewehonderd siele gestyg. Dit is onbekend hoeveel hutte daar toe was (MBA 11.11.1902: Council). Die munisipaliteit het geglo dat hulle na die opheffing van krygswet weer sou vertrek en het teen die aanlê van water besluit (LKK: Ecker gd: 3; MBA 10.12.1901: Council). In Maart 1902 is 'n klein klipkerkie, skool en woonhuis van die Baptist Mission Church teen die hoogte by Tarka ingewy (MBA 12.2.1901:



Die uitspanning, waar togryers oorgestaan het, was tussen die VOC-graanskuur (lang gebou links van sykant gesien) en die magistraatskantoor regs voor. Die uitspanning was naby die Markplein, die Barry-pakhuis en ander Kerkstraatondernemings en die twee NG kerkgeboue op regterhand. Blandstraat verdwyn in die verte.

Foto: Bartolomeu Dias-museum X PBM 00650

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Council; 25.3.1902: Church).

2.14 Uitspanning

Die openbare uitspan waar boere en togryers tydens besoeke aan die Baai kon oorstaan, was op die onbeboude gebied tussen die magistraatskantoor (Gazette 31.7.1877) en die VOC-graanskuur, dit wil sê tussen Bland- en Gravestraat. Waens wat graan ingebring het, het reeds in die 18de eeu toe Mosselbaai nog 'n Kompanjiespos was, hier uitgespan. Dit was gerieflik geleë aangesien dit na aan die Nederduitse Gereformeerde kerk (Steyn 1945: 17), mark en die sakegebied van laer Kerkstraat was. Die sentrale ligging was egter daarvoor verantwoordelik dat die uitspanning in 1896 afgeskaf is as gevolg van die ongerief wat dit veroorsaak het. Die lawaai van die drywers, die gebulk van die troppe beeste en die groot hoeveelheid mis wat so na aan die huise opgehoop het, het vermoedelik hiertoe aanleiding gegee. Die vure wat noodgedwonge daar toegelaat is (Gazette 31.7.1877), het ook 'n brandgevaar ingehou.

Die nuwe staanplek was sowat 2,5 kilometer buite die dorp geleë. Transportryers was ontevrede aangesien hulle òf hul waens moes inbring en die trekosse dan ses tot agt uur, dikwels in die brandende son, ingespan moes staan, òf hulle moes buite die dorp uitspan en vee en waens daar laat terwyl hulle transportwerk gesoek het (MBA 4.2.1896: Correspondence). Op talle tydgenootlike foto's kan spanne osse gesien word wat op pleine en in strate in die juk lê en rus.

2.15 Dorpsweiding: Bovenplaats

Met die totstandkoming van die munisipaliteit was elke erfbewoner, hetsy huurder of eienaar, na gelang van die waarde van sy grond geregtig om tussen sestien en dertig perde of beeste en tien tot twintig skape of bokke op die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gemeenskaplike weiveld aan te hou (Gazette 15.7.1852). Die weiding was bo-op die bult en het, net soos die dorp, deel van die plaas Driebrakkefontein, wat in 1820 as dorpsgrond beskikbaar gestel is, uitgemaak. Hierdie gebied het as "Bovenplaats" bekend gestaan en heet tans steeds Boplaas (Scheffler 1988a: 69).

Soos die inwonertal toegeneem het, het die getalle van die vee afgeneem. Volgens die regulasies van 1884 is slegs vyf tot tien perde of beeste en tien tot twintig skape of bokke per erfbewoner toegelaat (MBM 1884: 18). Met die uitvaardiging van nuwe regulasies vyftien jaar later is die getalle onveranderd gelaat (MBM 1899: 23). Deur die jare het van die inwoners mekaar sporadies daarvan beskuldig dat hulle meer vee aangehou het as waarop hulle geregtig was. By een so 'n geleentheid het raadslid John Cairncross die munisipale voorsitter in die plaaslike koerant daarvan aangekla dat hy sy weireg oorskry het (MBA 31.1.1883). Daar is ook op die gemeenskaplike grond gejag, skyfgeskiet en perderesies gehou (Sien <u>Sport</u>).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3. GESONDHEIDSTOESTANDE EN MEDIESE DIENSTE

3.1 Algemene higiëne

3.1.1 Afvoerslote en "pestiferous stenches"

Afvoerslote het gedurende die hele tydperk groot ontevredenheid en ongerief veroorsaak. Die inwoners was ook selde tevrede met die "streetkeeper" wat vir die instandhouding daarvan verantwoordelik was. In die sestigerjare het hy 'n verspoelde sloot naby die nuwe kaai met mis opgevul en dit het 'n geweldige stank veroorsaak (BDM: EML Complaints: 21.12.1864). 'n Dekade later is die amptenaar as 'n "Jack of all trades, and consequently [...] master of none" beskryf. Die slote was verstop en is nooit skoon gespoel nie (MBA 10.3.1875: Correspondence).

Die hawe was die poort tot die dorp en die plek waar besoekers, dikwels vreemdelinge, aan wal gestap het. Hulle is begroet met "nuisances" wat nie net aanstoot aan die "vision" gegee het nie, "but also to the olfactory nerves". Onderweg na die Union Hotel, wat sowat twee minute se stap daarvandaan was, moes besoekers die visskoonmaakplek "generally covered with fish entrails, sharks' heads, etc. lying for days festering in the sun" trotseer, met links die dorpsmishoop. Van die regterkant het die onuithoudbare stank van die afvoersloot agter die "Queen's Warehouse" gedreig om hulle te oorweldig. Hierdie onhigiëniese toestand het nie net 'n swak eerste indruk by besoekers geskep nie, maar ook inwoners erg laat ly, veral wanneer die wind van die see se kant gekom het. "[It] tries the olfactory nerves to the utmost", was een van vele klagtes (MBA 15.12.1875: Hoofartikel; 22.1.1879: Correspondence; 11.4.1883: Notice).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Mosselbaai het geen ondergrondse afvoerslote gehad nie, maar slegs oop slote wat na die see gelei het (KA: G.55 -- 1896 I:113). In die middel sewentigerjare het die Mossel Bay Advertiser begin agiteer vir beter dreinering. Die blad waarsku: "in too many places pools of stagnant, fetid water are to be met with, offensive to both the eye and nose, and unpleasantly suggestive of fever and other maladies" (MBA 26.7.1876: Hoofartikel). Verskillende dele van die dorp het ten hemel geskrei, maar die stank was die ergste in die omgewing van die twee hotelle in Blandstraat. Die reuk was die onaangenaamste saans wanneer die inwoners op die kaai wou lugskep (MBA 15.1.1879). Die allergrootste bron van stank was die "now famous sluit" agter die "Queen's Warehouse" by die kaai, wat dames na hul reukflessies laat gryp het (MBA 22.1.1879: Correspondence). A Patient Sufferer het geskryf dat dit hom verbaas dat huiseienaars in die haweomgewing nie 'n klag by die magistraat teen die Dorpsraad ingedien het nie (MBA 6.8.1879: Correspondence). In 1879 het die munisipaliteit besluit om die gewraakte afvoersloot een keer per week te laat spoel (MBA 12.3.1879) en later dieselfde jaar is die "now celebrated drain" met klip bestraat (MBA 6.8.1879; 13.8.1879: Notice). Hierna is ook ander groot strate van klipvore voorsien (MBA 24.9.1879).

As gevolg van die watergebrek kon slote nie skoongemaak word nie en daarom het die stank, klipslote ten spyt, nie afgeneem nie. In 1882 kon inwoners dit weer eens nie waag om na die kaai te gaan nie as gevolg van die "pestilential effluvium" wat van die afvoersloot daar afkomstig was. Die koerant het die gebruik van seewater voorgestel (MBA 21.6.1882: Hoofartikel), maar die Dorpsraad het hierdie moontlikheid nooit ernstig ondersoek nie. As slote wel skoongemaak is, is watervate wat volgens die koerant te klein was, gebruik (MBA 12.7.1882: Hoofartikel). Die stank was in die meeste strate ondraaglik maar die inwoners van Kerk-, Marsh- en Blandstraat is die swaarste geteister. 'n Briefskrywer wat homself Proboscis genoem het, het geskryf: "the putrescent

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

matter arising from them [afvoerslote] threatens to lay the greater part of the town up with fever or some other deadly disease" (MBA 6.8.1884: Correspondence). Redakteur Powrie was dit met hom eens en het verklaar dat sanitêre reëlings die belangrikste van alle munisipale verantwoordelikhede was (MBA 13.8.1884: Hoofartikel).

Die klipslote was grof en vullis wat in die gleuwe vasgevang is, het walglike reuke laat ontstaan (MBA 16.2.1897: Smells). Die slagplase was tot die vroeë negentigerjare tussen die huise en bloed in die slote het "an abominable stench" tot gevolg gehad (MBA 8.10.1889: Council). Vuil water ("slopwater") is volgens die distriksgeneesheer se amptelike verslae in die slote gegooi (KA: G.48 -- 1898 I:94). Mense het ook "offensive matter", waarskynlik ontlasting, in die vore gestort en dit het "Pestiferous Stenches" veroorsaak (MBA 11.4.1883: Municipality). Miskien het dit getroos toe Advertiser-lesers in die tagtigerjare verneem het dat die "effluvium arising from the stink traps in the streets of Cape Town is enough to knock a person down" (MBA 8.2.1882).

Nadat die dorp van die middel van die agste dekade as badplaas en gesondheidsoord bemark is (Sien Badplaas en gesondheidsoord) het die Advertiser onder die opskrif "Unsavory and Unsightly" berig dat baie van die "sweetness and salubrity of our atmosphere" sou afhang. "If visitors come and find the pure ozone which they expected to breathe to be mixed considerably with exhalations from stagnant water, etc., we cannot reasonably expect them to return", het die blad gewaarsku (MBA 14.1.1896). Die berugte afvoersloot agter die doeanegebou, waar die besoekers sou moes verby, was nog steeds aanstootlik. "The effluvium arising from that is something fearful [...]", het die rubriek "Notes by the Way" ingelig (MBA 13.3.1894). Volgens die blad was dit slegs aan die dorp se heilsame ligging teen 'n hang te danke dat daar nog geen uitbrake van tifus was nie (MBA 14.7.1896: Hoofartikel).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Builepes het in 1901 in die Kolonie uitgebreek en Mosselbaai het nie vrygespring nie. Die stadsvaders het as voorsorgsmaatreël vuil water laat wegry. Dit is as 'n "abomination" en 'n "unnecessary inconvenience and heart-burning" beskryf. Drie "slop carts" is bestel, maar toe hulle in Augustus 1902 opdaag, is gevind dat die karre remloos was en te swaar om teen die heuwels te gebruik. Daar is besluit om die diens op 15 Augustus 1902 te beëindig aangesien daar uit die bodorp, waarop die diens eintlik gerig was, slegs 'n klein hoeveelheid afvalwater per dag gekom het. Die gesondheidsinspekteur het voorgestel dat 'n staanpyp bo in elke straat opgerig moes word en dat drie mans soggens die slootjies moes uitspuit. Die afvoerslote sou skoner wees en siekte sou nie deur rioolwaens versprei word nie. Die dienste van die ses mans en twee muile kon opgeskort word en die prys vir die verwydering van toiletemmers of "stercus removals" soos dit algemeen genoem is, kon ook verlaag word (MBA 12.8.1902: Council). Die Mossel Bay Advertiser was verheug. Dit was selde dat die koerant die stadsvaders geprys het, maar onder die boskrif "A Splendid Sanitary Measure" het redakteur Francis McIntyre veklaar:

> "The suggestion of the Sanitary Inspector for superseding the disagreeable and publicly offensive system of removing slopwater by means of a wagon and tank parading the streets every and the whole day is an excellent one [...]".

Die gebruik van die dreineringstelsel sou "more wholesome, effective and economical" wees. Hy wou weet waarvoor daar ten duurste slote aangebring is as dit nie vir alle water gebruik kon word nie. Gewetenlose mense sou wel snags in die geheim "objectionable matter" in die slote stort, maar dit kon maklik soggens weggespuit word. Hy het voortgegaan: "the system of carting away slops would be a farce [... We] have splendid slopes laid with excellent concrete and sement gutters and drains that, with regular flushing, ought to make this port one of perfect drainage" (MBA 19.8.1902: Splendid).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die ruwe klipslote is in 1897 met gladde betonslootjies vervang om die skoonmaak te vergemaklik (MBA 9.3.1897: Sanitation). Die slootjies en die nuwe "superlatively excellent" stelsel het egter nie 'n einde aan die probleme gemaak nie. In die laaste jaar van die tydperk is daar steeds klagtes oor die stank wat die hotel omgewe het en wat van die sloot by die doeanegebou afkomstig was (MBA 11.2.1902: Council). Later in dieselfde jaar het die raad die onwelriekendheid van die dorp bespreek en tot die gevolg gekom dat te min skoonspuitwerk gedoen word (MBA 11.11.1902: Council).

Baie Victoriaanse dorpe het sleg geruik. Soos reeds gesien, het ook Kaapstad die probleem gehad omdat die stad tot in die sestigerjare 'n oop straatriool in die hoofstraat gehad het en straatvore tot aan die einde van die eeu as oop dreineringstelsels gedien het (Laidler 1971: 344). Medici het geglo dat siektetoestande soos tifus en cholera deur die atmosfeer versprei is weens skadelike gasse wat deur ontbindende organiese stowwe veroorsaak is (Altick 1974: 48). 'n Kaapstadse dokter het verklaar dat hy een van sy eie kinders as gevolg van die stank verloor het (Laidler 1939: 359). Volgens 'n Kaapstadse blad is die tifusepidemie deur vuil en stinkende slootjies veroorsaak (Picard 1969: 83). Ook die Mossel Bay Advertiser het hierdie mening gehuldig: "poisonous gases are the fruitful source of virulent and fatal diseases" (MBA 21.1.1880: L&G).

3.1.2 Sanitêre geriewe

Met dorpswording was daar geen regulasies in verband met sanitêre geriewe nie behalwe die bepaling dat vullis en afval op 'n vasgestelde plek gestort moes word (Gazette 15.7.1852). Die meeste van die inwoners het van die emmerstelsel gebruik gemaak (KA: G.48 -- 1898 I:94) en was self verantwoordelik vir nagvuilverwydering wat tussen tienuur saans en vyfuur soggens moes geskied

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(Gazette 31.7.1877). Anders as met baie ander regulasies, is hierdie regulasie toegepas en mense wat stortwerk na ure gedoen het, is vervolg (MBA 8.11.1876: Court; 12.1.1887: Court). Van die emmerinhoud het soms in die straat gestort (MBA 8.1.1901: Council), maar daar is eers in 1899 bepaal dat slegs geskikte houers met deksels gebruik moes word en dat mense moes skoonmaak as daar gemors is (MBM 1899:9).

Van die inwoners het sinkputte ("cesspools") gehad wat dikwels so vol was dat dit oorgeloop het, "exposing the disgusting filth to sight and sense". Dit het 'n inwoner genoop om te vra: "Where are your devoted affectionate Town Commissioners?" (MBA 23.10.1872: Correspondence; 10.9.1884). In sy verslag vir die jaar 1892 kon distriksgeneesheer Thomas Kitching meld dat die meeste van hierdie sinkputte verwyder is en dat daar net nog twee of drie op die dorp was. Daar was volgens hom ook 'n paar gesinne wat van die putstelsel ("dry earth closets") gebruik gemaak het (KA: G.14 -- 1893 II:67). Na die uitbreek van builepes in 1901 het die burgemeester, A.I. Vintcent, beplan om 'n "Bacterial Tank System" soos wat Cecil Rhodes "to his greatest satisfaction" gebruik het, tuis te laat installeer (MBA 10.12.1901: Council). Een sou ook op 'n proefgrondslag vir die gemeenskap opgerig word (MBA 10.12.1901: Council) maar, daar is nooit weer van die uitvoer daarvan melding gemaak nie. Die Trevanion Hotel (die vroeëre Union) het oor 'n "water closet" beskik wat baie nuwerwets voorgekom het, maar die riool het bloot in 'n tenk ingeloop wat onder die hotel was. Dié tenk was vierkantig en was so breed soos die hotel. Die riool is daarvandaan met die gewone straatvore verder gevoer. Die eienaar, Herman Solomon, is tydens die Anglo-Boereoorlog, toe tifus en builepes op die dorp geheers het, onder Krygswet daarvan aangekla dat sy eiendom in 'n "filthy condition" was. Dit was een van die ergste gevalle waarmee die magistraat nog te doen gehad het (MBA 4.3.1902: Court).

'n Regulasie is eers in 1884 uitgevaardig waarvolgens dit verpligtend was dat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

elke huis oor een of meer "privies" moes beskik (MBM 1884:6). Die Sendingskool van die Anglikaanse Kerk het egter in 1893 nog geen latrine gehad nie (MBA 10.10.1893: Council) en in 1899 was daar nog steeds soveel toiletlose huise (MBA 6.6.1899: Council; 13.6.1899: Mistakes) dat op 16 Mei aangekondig is dat almal wat nie binne sewe dae oor 'n toilet beskik het nie, vervolg sou word (MBA 16.5.1899: Notice). Van die bruinmense het hul toilette as bêreplek vir hout gebruik (MBA 9.3.1897: Sanitation). Sekere omgewings, soos 'n plek langs die Puntpad, was berug vir die stank omdat dit as veldtoilet gebruik is en dit het wandelaars gehinder (MBA 22.9.1896: Correspondence).

Nagvuil is op die strande of in die see gestort. Die sakeman Andrew Miller het in die pers gekla dat vis na "human ordure" geruik het en het dit toegeskryf aan die openbare toilette op die kaai waar die ontlasting in die see geval het (MBA 19.11.1884: Correspondence). John Overbeck, wat in die voorste Munrohoekhuis gewoon het (AK: MB erf 4: 2996), het geskryf dat die "unsavory seasoning which he [Miller] has found in his fish" te wyte was aan groot vate nagvuil wat snags in Munrobaai gestort is. Hy het die kommissarisse uitgenooi "to perambulate the beach (especially when certain large tubs, I believe marked with a broad arrow) have been emptied in the night [...]". Munrostrand was die plek waar vis gewas is nadat die visserskuite ingekom het en hy het die storting as 'n "obnoxious practice" bestempel (MBA 26.11.1884: Correspondence). Anderhalf dekade sou verbygaan voordat die stadsvaders sekere gebiede as verbode sou verklaar. In 1899 is gestipuleer dat strande tussen die golfbreker en die westelike punt van Munrobaai taboe was (MBA 11.7.1899: Notice) en 'n jaar later is ook die strand suidoos van die Lazaretto by die Punt bygevoeg (MBA 11.9.1900: Notice).

Na die uitbreek van builepes in die Kolonie het die Dorpsraad in 1901 tot ontsteltenis van die meeste inwoners aangekondig dat hulle 'n munisipale emmerstelsel wou invoer. Mense sou verplig wees om 'n voorgeskrewe emmer te

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gebruik wat slegs deur die munisipaliteit leeggemaak sou kon word. 'n Groot deel van die gemeenskap het dit as "repugnant to their sense of freedom" beskou (MBA 11.6.1901: Hoofartikel). Die koste van die emmers was 12 sjielings elk (MBA 10.12.1901) en die weeklikse verwydering 1 sjieling per keer. Raadslid J. Frederich wat, soos reeds gesien, teen straatbeligting gekant was, "condemned the whole scheme". Volgens hom sou die minder gegoede burgers dit nie kon bekostig nie, maar burgemeester A.I. Vintcent het teruggekap dat as Knysna en Riversdal dit kon bekostig, Mosselbaai dit ook sou kon bybring (MBA 7.6.1901: Council). 'n Groot aantal belastingbetalers het 'n petisie opgestel (MBA 2.7.1901), maar dit was vergeefs en Mosselbaai het spoedig, net soos Kaapstad (reeds vanaf 1865), 'n "stercus removal company" gehad (Laidler 1971: 384).

Die aannemer se dienste was nie bevredigend nie. 'n Munisipale verslag meld dat "he was using one wagon in charge of little boys and worn out donkeys" en dat hy minstens vier waens benodig het om die meer as seshonderd huise op een dag te bedien. Daar is gevolglik besluit dat elke straat in 'n spesifieke nag besoek sou word (MBA 14.1.1902: Council). In 'n voorbladadvertensie in die Advertiser van 14 Januarie 1902, word die tye uiteengesit: "Householders are respectfully requested to leave their gates or back doors open, also the W.C.'s on the nights when contractor's men are expected to call." Die koste was 9d. en moes aan die aannemer betaal word. Die aannemer is kort daarna afgedank, 'n nuwe is aangestel en die prys is na 1 sjieling verhoog (MBA 11.2.1902: Council). Die nagvuil is in die see gestort by die "Whale Hole" (tussen Kloofstraat en Beachweg) waar die wasvroue gewerk het (MBA 8.4.1902: Council; 8.7.1902: Municipality).

Nuwe "stercus vans" is kort daarna in gebruik geneem (MBA 8.4.1902: Council; 6.5.1902: Council). Hierdie karre moet nie verwar word met die "slop carts" wat bestel is en as ondienlik bevind is nie (Sien Afvoerslote). Inwoners het

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gevoel dat die emmers te dikwels leeggemaak is en dat hulle nie waarde vir hul geld gekry het nie aangesien die houers na 'n week nog betreklik leeg was. Daar is ook beweer dat die weeklikse hantering van die emmers "more offensiveness and distribution of effluvia contaminating the air" tot gevolg gehad het (MBA 19.8.1902: Correspondence).

Teen die einde van die tydperk het die Advertiser berig dat die nuwe stelsel die gesondheidstoestand eerder vererger as verbeter het. Die emmers, wat die munisipaliteit beloof het om indien nodig te vervang, was besig om in te gee en die aankoop van nuwes sou groot koste, moontlik 'n spesiale belasting, meebring. Die Dorpsraad het dus besluit om eerder ondersoek in te stel na 'n ondergrondse rioolstelsel (MBA 16.12.1902: Hoofartikel). In Kaapstad is spoelriolering reeds sewe jaar vantevore, in 1895, geïnstalleer (Laidler 1971: 344). Tydens die tifusepidemie wat in Januarie 1901 uitgebreek het, is gevind dat siekte in huise voorgekom het waar nagvuil in die tuin gestort is. In Mei 1902 was daar 32 gevalle en die epidemie het reeds amper anderhalfjaar gewoed. Die Dorpsraad het besluit dat alle toilette van 'n luggat en sementvloer voorsien moes word aangesien die grond in die meeste gevalle deurweek was van urine en ontlasting. Alle nuwe toilette sou volgens 'n ontwerp van die "Sanitary Inspector" gebou moes word (MBA 6.5.1902: Council).

As in gedagte gehou word dat in Kaapstad die uitlaat van die Seepuntse sinkputte tot diep in die tagtigerjare op die Groenpuntse Meent was (Rosenthal 1977: 32) en dat die gewilde strandoord Muizenberg in 1893 steeds geen sanitêre dienste vir sy agthonderd vaste inwoners gehad het nie (Laidler 1971: 450), kan gesien word dat Mosselbaai nie uitermate primitief op sanitêre gebied was nie. Die eerste publikasie oor sanitasie en openbare gesondheid in Suid-Afrika het eers in 1887 die lig gesien (Laidler 1971: 435).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.1.3 Stortingsterreine

3.1.3.1 Huishoudelike afval

Die storting van huishoudelike afval het ongerief veroorsaak en 'n gesondheidsgevaar ingehou. Afval is net soos nagvuil op Munrostrand gestort en dit het die twee Munro-broers, Willem en Daniel, in 1864 verplig om by die munisipaliteit beswaar aan te teken dat hulle nie met nette kon vis trek nie en dat glasstukke op die sand gevaarlik was (Scheffler: 1986: 24). Soos reeds gesien, is ook vullis, menslike ontlasting en stalmis later in die omgewing van die kaai gestort. In 1879 is 'n toegangsweg naby die "Queen's Warehouse" na die strand gebou sodat afval op die sand nader aan die see gegooi kon word in plaas van bokant die strand soos die gebruik was (MBA 12.3.1879: Municipality). 'n Briefskrywer Proboscis kla in die vroeë tagtigerjare dat slagtersafval die vorige dag daar gestort is en dat die stank onuithoudbaar was. Hy wou weet of daar dan nie 'n einde aan hierdie "great evil", wat soveel aanstoot aan besoekers wat met die posboot aangekom het, gemaak kon word nie (MBA 25.1.1882: Correspondence).

In 1889 word gemeld dat die dorpsvullishoop in Munrokloof is en dat hoeveelhede vullis van tyd tot tyd daar afgespoel het. Die klam afval, wat aan die son blootgestel is, het 'n slegte reuk afgegee en raadslid Jas. Nuns, wat 'n huis by Munrobaai besit het (MBA 9.2.1887), het voorgestel dat die stroompie se bedding verlê moes word. Volgens die ander stadsvaders is dit egter al voorheen ondersoek en as onnodig beskou (MBA 11.6.1889: Council). Die ashoop is waarskynlik van die strand na die kloof verskuif toe Munrobaai na die stigting van roeiklubs die hoofkwartier van hierdie gewilde sportsoort geword het. Boothuise is opgerig en dames het gereeld as toeskouers die oefeninge kom bywoon (Sien Roei).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Van die dorpsvullis is ook in die vroeë negentigerjare, soos reeds gesien, by die Whale Hole gestort. Die rubriekskrywer van "Notes by the Way" wou weet of 'n ander terrein as "that pretty little cove known as Noordkapperbaai" nie gevind kon word nie aangesien dit 'n gewilde ontspanningsplek vir wandelaars was (MBA 12.1.1892: Notes). Die distriksgeneesheer, Thomas Kitching, het in die amptelike verslag van 1892 gemeld dat die munisipale kar vullis by die huise afgehaal en dan in gate of op die strand gestort het (KA: G.14 1893 II: 67). Aanvanklik is dit weekliks verwyder (MBA 11.9.1900: Notices), maar van Augustus 1902 twee keer per week. Anders as die nagwa, het die vulliswa soggens omgekom (MBA 5.8.1902: Notice).

In 1902 is aangekondig dat by die owerheid aansoek gedoen sou word om 'n stuk onbeboude kroongrond aan die kus, wat as stortplek vir huishoudelike afval en stalmis kon dien. Nagwaens en die munisipale karre wat vir straatherstelwerk gebruik is, sou ook daar geberg word. Die grond was ten noorde van die Puntbegraafplaas en Beachweg geleë, en tussen die spoorlyn na die vuurtoring-steengroef en die see. Die noordoostelike grens van die Anglikaanse begraafplaas was ten ooste van die gebied en die Whale Hole ten weste (MBA 8.7.1902: Municipality).

Behalwe die regulasie wat met dorpswording in 1852 uitgevaardig is en waarvolgens afval op voorgeskrewe plekke gestort moes word (Gazette 15.7.1852), was daar geen ander reëls in hierdie verband nie. Die Mossel Bay Advertiser het die Dorpsraad aangespreek oor die vullis wat in die digbewoonde Montagustraat, die tuiste van "the lower classes", opgehoop het en wat in die komende somer "inevitably [...] hot-beds of disease" sou wees (MBA 6.9.1871). Lede van die gemeenskap het hul min aan die voorgeskrewe storthope gesteur en sekere buurte moes volgens 'n briefskrywer, Proboscis, berook en ontsmet word om epidemies te voorkom (MBA 25.1.1882: Correspondence). Met die uitvaardiging van die nuwe dorpsregulasies in 1884 het die munisipaliteit dit nie nodig geag

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

om 'n enkele verdere reël by te voeg nie. Selfs na die instelling van die vullisverwyderingsdiens het mense hul afval laat ophoop naby die berugte No 10 Barracks ('n digbewoonde ry skakelhuise vir minder gegoedes) in Montagustraat en 'n "disgracefully filthy condition" laat ontstaan. Die munisipaliteit, wat die buurt gereeld skoongemaak het, was radeloos en het besluit dat hulle moes optree (MBA 8.2.1898: Council). Die volgende jaar met die verskyning van nuwe regulasies (1899), is vir die eerste keer aan hierdie belangrike saak aandag geskenk en is bepaal dat niemand "Offensive, Infectious, or Unwholesome Matters" op hul persele mag opgaar nie (MBM 1899: 8).

3.1.3.2 Karkasse

Perde was die vernaamste ry- en trekdiere en was gevolglik volop op die dorp. Die karkasse van dooie diere is na die Punt geneem waar dit op die strand gelaat is om te "rot and fester". Inwoners wat graag vir hul "evening constitutional" daarheen gegaan het, was verplig om die stank te verduur. Die Mossel Bay Advertiser het herhaaldelik teen hierdie ergernis te velde getrek: "the stench arising from them unpleasantly assail [...] the olfactory nerves of those who take a pleasure in strolling to the Point. But it is not only unpleasant; it is positively dangerous." Die munisipaliteit moes toesien dat die diere behoorlik begrawe word soos die regulasies bepaal het (MBA 27.8.1878). As diere wel begrawe is, was dit in vlak gate of onder die hoogwatermerk sodat dit dadelik weer oopgespoel het. Nie net die wandelaars het daaronder gely nie, maar ook die baaiers. Een het gesê: "it is disgusting to have one's sense of smell assailed by the exhalations arising from putrefying carcases". Die koerant het gewaarsku dat as die Dorpsraad sou voortgaan om hierdie hinderlikhede toe te laat, mense die Punt sou vermy in plaas daarvan dat hulle dit as aangename oord sou benut (MBA 9.2.1881: L&G; 4.1.1881).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In 1882 is bepaal dat diegene wat diere wou begrawe met die "Streetkeeper" in verbinding moes tree. Hy sou voorskrifte verskaf en die plek van "internment" aanwys (MBA 11.1.1882: Notice). Sowat 'n jaar daarna is verder bepaal dat die gat ten minste 1,2 meter diep moes wees (MBA 11.4.1883: Municipality). Dit sou egter nog meer as 'n dekade duur voordat die lig vir die stadsvaders sou opgaan. Die natuurskone Punt is op 6 November 1894 uiteindelik van karkasse en die gepaardgaande ongerief bevry en toe kon inwoners sowel as vakansiegangers vir die eerste keer die gebied werklik geniet. Karkasse van dooie diere moes voortaan by Steenhoogte, wat een kilometer buite die dorp naby Danger Point geleë was, begrawe word (MBA 13.6.1893; 6.11.1894; 13.7.1897: Divisional).

In die laat negentigerjare is 'n groot houer waarin die munisipaliteit vullis gestort het, oorkant die dorp se beste hotel, die Standard, opgerig. Fresh Air het in die plaaslike blad sy bekommernis uitgespreek: "Every evening one can see them riding their rubbish, manure etc., not into the sea, but gradually nearer and nearer our very doors" (MBA 19.10.1897: Correspondence). Ook in Kaapstad, waar afval op die strand by Seepunt gestort is, was die gemeenskap bekommerd oor die onhigiëniese toestand en het hulle in 1888 'n openbare vergadering in dié verband gehou om beswaar te maak (Laidler 1971: 432).

3.1.4 "Shambles"

Soos reeds in die vorige hoofstuk aangetoon, is varke, donkies, bokke en perde op woonerwe toegelaat. Koeie is snags onder 'n afdakkie aangehou en het bedags in die veld gewei (KA: G.24 1895 II: 94). Dit was niks in vergelyking met die slagtery wat in die mees digbewoonde deel van die dorp plaasgevind het nie.

Die Mossel Bay Advertiser het reeds in 1875 die wenslikheid daarvan ingesien dat die slagwerk verder van die woonbuurt gedoen moes word. 'n Verskuiwing van die slagplaas sou die "sad and melancholy sight, to be daily witnessed, of a

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

number of poor harmless sheep being driven along the street to the slaughterhouse [uitskakel], to say nothing of the increased cleanliness and the sweeter smell which the neighbourhood of the butchers' shops would assume" (MBA 15.12.1875: Hoofartikel). W.H. Wiggett & Brother se slagtery was in Springstraat (MBA 3.7.1872) en 'n ander is in Marshstraat (naby die huidige Edgars, op 'n deel van ou erf 26) bedryf waar daar 'n ommuurde slagtery, stalle en krale was (MBA 2.8.1876).

Vyf jaar later het die koerant die saak weer aangeroer aangesien die "accumulations and effluvia inseparable from slaughter-houses" nie bevorderlik vir goeie gesondheid was nie (MBA 10.3.1880: Hoofartikel). Later in die jaar het die blad die munisipaliteit se besluit om vier "shambles" en veekrale naby die kus op te rig waar dit met seewater skoon gehou kon word, as prysenswaardig beskryf (MBA 8.9.1880: L&G). Daar was egter baie teenkanting en 'n vergadering van twintig huiseienaars het die plan teengestaan. Die Advertiser het dié optrede moeilik verstaan aangesien daar in die stadium nie genoeg water vir huishoudelike gebruik was nie en nog minder om slagplekke mee skoon te hou. Dit het 'n deel van die woonbuurt gevolglik onaangenaam gemaak. Redakteur Powrie het die negatiewe houding toegeskryf aan 'n onwilligheid om 'n spesiale belasting te betaal. Volgens die sakeman Andrew Miller was die dorp nie groot genoeg om "shambles" te regverdig nie. Kommissaris John Cairncross wou weet of hulle nie te vinnig vorentoe beweeg het nie. Sou dit aanbevelenswaardig wees om 'n lening aan te gaan en sou vleispryse nie daardeur styg nie? Daar is op voorstel van E.B. Hall, vennoot van die saak Prince, Vintcent & Co (MBA 24.7.1878), besluit dat slagplase nie 'n dringende noodsaaklikheid was nie en dat fondse nie verkry moes word nie (MBA 12.1.1881: Hoofartikel; Meeting).

Met die uitvaardiging van die nuwe munisipale regulasies drie jaar later in 1884, is bepaal dat slagters alle aanstootlike afval daagliks voor sonsondergang moes begrawe of op 'n voorgeskrewe plek stort. Slagters moes

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geregistreer wees en hul plekke skoon en higiënies hou (MBM 1884:10). Die Advertiser het gewaarsku: "bad odour, medical men tell us, are the fruitful source of disease", en bygevoeg dat daar in alle dorpe met ordentlike gesondheidsreëlings ver van wonings geslag word (MBA 13.8.1884: Hoofartikel).

In die daaropvolgende ses jaar het sake so vererger dat raadslid Wassung, wat in Marshstraat gewoon het, gekla het dat dit saans tussen tien- en elfuur onuithoudbaar in die straat was. Bloed is dikwels snags in die straatvore gegooi en Matthew Wiggett is kort vantevore vir 'n soortgelyke oortreding beboet. "In no decent town in the Colony was it allowed", het voorsitter S.J. Wiggett op 'n vergadering in Desember 1890 verklaar en daar is summier besluit dat alle slagwerk op die dorp nog in dieselfde maand beëindig sou word (MBA 9.12.1890: Council & Court). Die slagters is na 'n plek in die Diepkloof-omgewing verskuif. Dit was 800 meter buite die dorp aan die boonste pad bo die swart buurt, Tarka (MBA 6.1.1891; 7.1.1902: Court) en naby die Diepklooftenk geleë. Die ligging is as ongeskik beskou omdat dit van die hoofpad sigbaar en besonder "objectionable and obnoxious" vir verbygangers was. Die tenk is gebruik om afval in te was en die water is so besoedel dat dit ondrinkbaar was (MBA 12.4.1892: Council). Die gewilde kampeerplek daar naby is na aanleiding van hierdie en nog 'n ander waterbak, wat van hout was (MBA 12.1.1897: Council), De Bakken genoem, 'n naam wat vandag nog bestaan. Daar is besluit om die slagplaas weer te verskuif (MBA 10.5.1892: Council), maar dit het nie in dié tydperk plaasgevind nie.

Gedurende die Anglo-Boereoorlog is die slagters S.E. Marais en Matthew Wiggett onder krygswet met onderskeidelik 10 sjielings en £10 beboet omdat hul slagplekke in 'n weersinwekkende toestand was. Marais het 'n kleiner boete gekry omdat hy, volgens die magistraat, 'n eerlike poging aangewend het om sy plek skoon te hou. Die kommandant wat op die dorp gestasioneer was en die "Senior Plague Medical Officer" het die abattoirs twaalf dae ná die uitspraak

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

op 4 Desember 1901 besoek. S.E. Marais se slagplaas was langs 'n toiletlose sinkpondok geleë. Die pondok was ook sonder watervoorraad en is deur 'n bruin gesin bewoon. Die slagplek self was onder 'n klein afdak teenaan 'n vervalle hut vol rou velle.

> "On the roof of the latter were two paraffine tins covered with dirt and clotted blood. Several pools of stinking blood and filth in the floor of shed, which is composed of earth, with two slaughter-benches covered with blood and dirt, the whole place being filthy and offensive to a degree. There is no attempt at drainage of any kind" (MBA 7.1.1902: Court).

Matthew Wiggett se slagplaas was sowat 137 meter van Marais s'n en 2,74 meter van nog 'n latrinelose sinkkrot. Reënwater is deur middel van gebuigde sinkplate, wat deur klippe in posisie gehou is, van die krot se dak na 'n vuil watertenk gelei. Die slagplek het uit 'n klein afdak met 'n dwarsbalk bestaan. Die slaggoed is aan hake aan die dwarsbalk vasgebind. Aangrensend was 'n hoenderhok met groot hope hoendermis. Die genoemde dwarsbalk is as slaapstok vir die hoenders gebruik en was dik met droë mis bedek.

> "The earthen floor of shed is covered with hendung, blood, and filth of various kinds. About 20 yards [18,28 meter] away from this is a midden and a piggery containing eleven pigs in an exceedingly filthy condition. In one corner [...] was a sow with a number of young pigs apparently about a fortnight old; the dead bodies of four of these young ones were lying on the floor in various stages of decomposition. [...] Two slaughter benches covered with dirt and old clotted blood were lying beside the shed. The smell of the place was most disgusting. There was no attempt at drainage of any kind. It is impossible to adequately

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

describe the filthy condition of the whole premises" (MBA 7.1.1902: Court).

Die Mossel Bay Advertiser het algehele paniek probeer voorkom deur by te voeg dat twee nuwe slagplase met sementvloere naby die see in aanbou was en dat lesers nie bekommerd hoef te wees dat siektes daar sou uitbreek nie (MBA 7.1.1902: Court).

Ook in Kaapstad het die leër opgetree om gesondheidstoestande te verbeter. In 1884 is die "shambles", wat langs die huidige stasie was, binne veertien dae verwyder nadat 'n hofsaaak teen die munisipaliteit aanhangig gemaak is. Vandag is die oorspronklike betekenis van die woord "shambles" vergete en word dit net figuurlik vir "bloedbad", "slagting", "verwoesting", of 'n "warboel" gebruik (Laidler 1939: 357; Rosenthal 1977: 13).

3.2 Gesondheidsdienste

3.2.1 "Medical Men"

Ten tyde van die Tweede Britse Besetting in 1806 was die mediese stelsel aan die Kaap chaoties (Grobler 1977: 29). Kwaksalwery was aan die orde van die dag en soveel "apothecaries" het Kaapstad verlaat om op die platteland as geneeskundiges te praktiseer, dat 'n "Supreme Medical Committee" op 24 April 1807 gestig is om die sogenaamde geneeshere se bevoegdheid te ondersoek en hulle van lisensies te voorsien (Laidler 1937: 482). Hierdie komitee was 'n voorloper van die huidige Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad. In 1823 het lord Charles Somerset bepaal dat slegs gediplomeerdes van Europese universiteite of kolleges as praktisyns kon registreer (Grobler 1977: 28).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die dokters wat hulle op Mosselbaai gevestig het, was dus almal opgeleide artse. Behalwe die inwoners se mediese behoeftes, was dit noodsaaklik dat 'n hawedorp soos Mosselbaai oor 'n distriksgeneesheer moes beskik aangesien skepe vir mediese bystand kon aandoen. In 1872 was die pos vir 'n geruime tyd vakant aangesien die owerheid tot ontsteltenis van die Mossel Bay Advertiser nagelaat het om dit te adverteer. Toe die African Belle, wat tot kort tevore 'n pokkegeval aan boord gehad het, die baai binnegevaar het, moes 'n dokter van elders kom om kwarantynreëlings te tref (MBA 21.2.1872: Hoofartikel). Daar was in hierdie tyd hoegenaamd geen dokter op die dorp nie en 'n man wat onder 'n wa beland het, was verplig om sonder mediese hulp klaar te kom. Die gemeenskap was hoogs ontevrede (MBA 27.3.1872: Hoofartikel).

Daar is besluit om 'n sekere jaarlikse inkomste vir 'n dokter te verseker deur middel van 'n waarborgfonds waartoe die inwoners bygedra het. In 1874 het 'n advertensie in die plaaslike koerant verskyn waarin "A Properly Qualified Medical Man" van 'n inkomste van £400 per jaar verseker is (MBA 1.4.1874). Die volgende jaar is £600 in 'n advertensie aangebied (MBA 21.7.1875). Tydens dr. Usher G. Doyle Glanville se eerste jaar op die dorp was daar min siektes en het lede van die gemeenskap 'n beurs met £50 sterling as blyk van waardering en agting aan hom oorhandig (MBA 7.6.1876: Nieuws). Dokters soos Glanville (MBA 6.9.1876: Court; 21.2.1877: Court), J.S. Batten (MBA 17.10.1877; 22.5.1878: Court) en Thomas Kitching (MBA 17.9.1884: Court) moes hul sporadies tot die magistraatshof wend om hul gelde ingevorder te kry. Die meeste van die dokters het in 'n gebou gewoon wat op die noordoostelike hoek van Kerk- en Blandstraat en langs die eerste Standard Bank geleë was (GA 12.8.1869; MBA 17.12.1873: Notice; 27.1.1875; 25.8.1875: Notice; 22.4.1902: Sale). Hier kon hulle daagliks gespreek word. Een geneesheer het versoek: "Any persons requiring his assistance in the country are kindly requested to send a conveyance, if possible" (MBA 24.7.1878: Medical).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Behalwe die Brits gebore dr. Thomas Kitching, wat sowat twee dekades op die dorp werksaam was, het dokters nie lank gebly nie. Hierdie hoogs gerespekteerde man het, toe hy in 1871 ná sy eerste verblyf van drie jaar vertrek het, nie net 'n oorkonde van die gemeenskap in die algemeen ontvang nie (MBA 4.7.1871), maar ook een van die "working men of Mossel Bay". In hierdie dokument, wat deur 46 mense onderteken is, is hy vir sy dienste aan die "poorer classes" bedank (MBA 27.6.1871). Volgens redakteur Adlard was hy by elke openbare instelling betrokke en het hy die leiding geneem by die biblioteek en die Mossel Bay Institute, 'n vereniging vir jong mans (MBA 27.6.1871: Hoofartikel). Dr. Kitching het in 1878, ná 'n afwesigheid van sewe jaar, weer op die dorp kom praktiseer en is in 1908 hier oorlede. Nadat hy eenkeer van 'n welverdiende vakansie teruggekeer het, het die Advertiser berig: "The cheery doctor's social intercourse was much missed" (MBA 30.11.1897: Jottings). Sy seun, dr. Charles Atkinson Kitching, het van 1892 sy vader bygestaan (MBA 1.3.1892). Ou dr. Kitching het tydens sy tweede verblyf nie in die tradisionele dokterswoning gewoon nie, maar in 'n herehuis in Marshstraat (MBA 24.7.1878: Medical) (waar die Illians-woonstelgebou vandag is). Die pragtige huis is in Oktober 1968 gesloop (BDM: A3 Buildings).

Afgesien van die distriksgeneesheer was daar van tyd tot tyd ook 'n ander dokter op die dorp. So het die omstrede dr. J.S. Batten byvoorbeeld vir sowat vyf jaar 'n praktyk gehad. Daar is in die vorige hoofstuk gesien dat hy daaraan skuldig bevind is dat sy varke los rondgeloop het. Hy het skuld ontken en ter verduideliking 'n lang verhaal aan die hof vertel van hoe sy brandhout gesteel is en hoe die diewe die staldeur oopgelaat het. Hy is by geleentheid ook daarvan aangekla dat hy stalmis voor sy agterdeur laat ophoop het. Batten, wat weer eens skuld ontken het, het aangevoer dat hy die grond wou verbeter en dat dit onregverdig was om hom aan te kla oor iets wat algemeen voorgekom het. Tydens die verhoor het hy van die mis in 'n "exquisite plate and napkin" aan die hof getoon om die suiwerheid daarvan te bewys. Die magistraat het sy

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

agterplaas gaan besigtig, hom skuldig bevind en met 10 sjielings beboet (MBA 19.4.1876: Court; 17.5.1876: Court).

Dr. Batten het ook weens aanranding in die hof verskyn, maar is ontslaan omdat die klaer nie opgedaag het nie (MBA 20.12.1876: Court). Daar was groot ontevredenheid oor hom. 'n Boer het in die Mossel Bay Advertiser se briewekolom gekryf dat hy 'n dag en 'n nag moes wag voordat die dokter moeg op sy plaas aangekom het. Dit het later geblyk dat die geneesheer biljart in die hotel gespeel het en toe die biljartkamer gesluit het, in 'n private kamer gaan kaart speel het (MBA 26.8.1874: Correspondence). Batten het homself in die volgende uitgawe verweer deur te sê dat daar in daardie stadium nie 'n biljarttafel op die dorp was nie en dat hy persoonlik die eerste tafel veel later in gebruik geneem het (MBA 2.9.1874). Kaptein William Harries het 'n soortgelyke ondervinding gehad toe hy Batten na sy kind se sterfbed ontbied het. Toe die dokter nie opdaag nie, het hy hom tuis in die bed aangetref. Met sy aankoms 'n driekwartier later, was die kind reeds dood. Harries het geweier om die rekening te vereffen en die hofsaak wat gevolg het, het groot belangstelling gaande gemaak. Daar is bevind dat kaptein Harries die dokter moes betaal (MBA 9.6.1875: L&G; 30.6.1875: Court; 7.7.1875: Nieuws).

Batten se tariewe is deur beide die gemeenskap en die distriksgeneesheer as "exorbitant" beskou (MBA 7.7.1875). Hy het tydens 'n hofsaak verklaar: "I charge according to the circumstances of my patients" (MBA 17.10.1877). Die hof het egter beslis dat sy rekening wel te hoog was en dat die pasiënt vir slegs 'n gedeelte verantwoordelik was (MBA 17.10.1877). Dr. Batten het ook 'n onderneming besit wat as "The Mossel Bay Dispensary" bekend was en waar "Genuine Drugs", Engelse en Hollandse patente geneesmiddels en toiletware verkoop is (MBA 4.4.1877).

Dr. Alfred J. McNally, wat in Dublin opgelei is, het hom in 1892 op die dorp

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gevestig (MBA 15.3.1892; 6.9.1892: Correspondence). Hy was 'n geesdriftige redenaar en het dikwels by huwelike opgetree. In 1898 was hy en 'n mede-inwoner die enigste wat nie daarteen beswaar gemaak het dat die profiel, wat deur die rotse by die grot gevorm word, moontlik weggeskiet kon word nie (Sien Badplaas: Natuurlike aantreklikhede).

3.2.2 Tandheelkundige dienste

Die tandheelkundige beroep was nog jonk en tandartse het in die Kaapkolonie om erkenning geveg. Die beroep was ondergeskik aan byvoorbeeld dié van prokureur, wat in 1884 agt maal hoër lisensiegeld aan die owerheid moes betaal om te kon praktiseer. In 1891 is die tandheelkundige beroep vir die eerste keer van owerheidsweë gedefinieer. Hiervolgens was 'n tandarts 'n gelisensieerde persoon wat die tandheelkundige beroep heeltyds of aanvullend tot 'n praktyk van "physician, surgeon, accoucheur, apothecary or chemist and druggist" beoefen het. Alhoewel die tandheelkunde dus wetlik as 'n aparte studierigting erken is, kon die beroep met minstens ses ander nerings gekombineer word. Selfs aan die einde van die eeu was dit nog nie 'n onafhanklike beroep nie en het tandartse steeds nie oor 'n groepsidentiteit beskik nie (Grobler 1977: 33-36).

Die inwoners van Mosselbaai moes hulle tot in die vroeë sewentigerjare op die dokter, huismiddels en die dienste van kwaksalwers verlaat. Apteker Powrie het "Barber's Artificial Ivory for stopping Teeth", "Bunter's Nervine for Toothache" en "Tooth Forceps" (MBA 29.4.1874; 3.12.1884) geadverteer. Die eerste advertensie vir 'n tandarts in die Mossel Bay Advertiser het op die voorblad van die uitgawe van 10 Januarie 1872 verskyn:

"Dental Notice

Mr S.A. Clinton (Firm of Clinton & Stroud, Surgeon Dentists, Port Elizabeth) will pay a Professional Visit to Mossel Bay on or about

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

the 20th of January. His address, and further particulars will be publicly notified on his arrival."

Die tweede advertensie het gemeld met watter skip hy sou aankom en dat hy ten huise van T.B. Adlard (redakteur van die Advertiser) gespreek kon word (MBA 14.2.1872). 'n Derde aankondiging het berig dat die tandarts op die dorp was en dat hy ook George en Oudtshoorn sou besoek indien nodig (MBA 21.2.1872: L&G).

Gedurende die volgende vyf jaar is geen tandheelkundige dienste geadverteer nie, maar vanaf 1877 het 'n tandarts die dorp jaarliks besoek. Vir die eerste vier jaar is of "Dr Stroud, Plaatselijk Geneesheer, Chirurgijn, en Tandmeester" (MBA 4.4.1877: Tandheelkunde; 16.10.1878) of mnr. Law Maurice, "Tandmeester" (MBA 9.7.1879: Dentistry; 20.10.1880) van die genoemde Port Elizabethse onderneming gestuur. Pasiënte is jaar na jaar in die Union Hotel behandel waar "All work will be completed at once and on the spot" (MBA 16.10.1878). Maurice het soos volg geadverteer (MBA 9.7.1879: Dentistry):

> "To those who require Artificial Teeth of the best quality, with the latest Home Improvements, this affords an apportunity never before offered of obtaining a class of work which, for accuracy of fit, truthfulness of appearance, and neatness of finish is not to be surpassed in the Colony as it is intended that all orders shall be completed, and the Teeth properly and satisfactorily fitted before leaving. Early Application is requested to prevent disappointment."

Die tradisionele spreekkamers was in die Union Hotel, maar van die tandartse wat later gekom het, het ook by drie geleenthede van die Standard Hotel gebruik gemaak. Dr. L.H. Lange wat aan die Pennsylvania College of Dental Surgery

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

opgelei is, het pasiënte tuis of in "Private Apartments" in die Union behandel (MBA 11.8.1886: Notice). Amerika was Europa en die Kaapkolonie op die gebied van die tandheelkunde voor (Grobler 1977: 10) en daar kan aangeneem word dat dit 'n nuwe gebruik was om pasiënte privaat te behandel.

Die tandheelkundiges het almal die nuutste dienste geadverteer. L.F.S. Bindeman, "Dental Surgeon", kon gespreek word "for all operations in Dentistry, on the latest and most approved systems" (MBA 12.3.1884). Mnr. Lennox Jones, vroeër van die Dental Hospital of London (MBA 11.8.1886), het by sy aankondiging laat byvoeg: "Mr. Jones also takes this opportunity of informing the public that he carries with him Nitrous Oxide or 'Laughing Gas', to enable nervous patients to have any operation performed without the slightest pain. All fees very moderate" (MBA 25.7.1883: Notice). Mnr. Maurice Pardo se eerste konsultasie was gratis. "Having recently arrived from Europe he is enabled to fix Artificial Teeth on the latest improved principles, either on 18-carat Gold or best Vulcanite. Badly fitted sets remodelled, with a guarantee for a perfect fit for wear and mastification" (MBA 18.3.1885).

Die behoefte aan tandheelkundige dienste moes gaandeweg toegeneem het, want in 1901 was daar twee tandartse, beide van Oudtshoorn, gelyktydig op die dorp. Een van hulle, die Brits opgeleide dr. Norman W. Green, het in September van dieselfde jaar, in vennootskap met dr. J.B. Lewin, 'n "Dental Office" in Marshstraat geopen. Hulle kon daagliks hier gespreek word in 'n gebou wat oorkant die huidige Fanie se Apteek was (MBA 14.5.1901; 9.9.1902: L&G).

3.2.2.1 <u>Sequah: "The Great Wonder of the Age"</u>

Die feit dat ongeregistreede aptekers ("apothecaries") volgens Wet 34 van 1891 as tandartse kon praktiseer, het die beheer oor die beroep verswak en tot gevolg gehad dat kwaksalwers (Grobler 1977: 35) soos Sequah die beroep kon

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

beoefen. Sequah was 'n witman wat as "Rooihuid" van dorp tot dorp gereis het en met sy goudgeverfde wa, wat ook as verhoog gedien het, Suid-Afrika stormderhand verower het. Wat die gewone man nie besef het nie, was dat daar verskeie "Sequahs" was en dat Sequah Limited 'n groot sakeonderneming was. Die ongewone rytuig het aan 'n sirkus- of musiekwa herinner en was ryklik met snywerk en beelde versier. Twee Amerikaanse "cigar-store Indians" van hout, elk sowat 'n meter hoog, het aan weerskante van die drywer gestaan. Sy aankoms op 'n dorp is met musiek en 'n optog aangekondig. Strooibiljette is versprei en mense het na die markplein gestroom waar hy saans in die kostuum van 'n Rooihuid tande getrek en mense behandel het. Die geflikker van lampe wat aan pale gehang het, het 'n boaardse stemming verleen. Die tandetrekkery is onder musiekbegeleiding gedoen en die skare, wat hulle verlustig het in elke uitdrukking op die pasiënt se gelaat, het gekraai van plesier elke keer wanneer 'n tand in die stof geval het. Gemiddeld is drie tande per minuut of 180 per uur getrek. Die eintlike saketransaksie, die verkoop van bottels "Sequah Oil" en "Sequah Prairie Flower"-mengsel, wat na bewering op geheime Indiaanse resepte gebaseer was, het hierna aan die beurt gekom. Rumatieklyers is agter 'n rooi gordyn gemasseer om die doeltreffendheid van die olie te demonstreer (Lastovica 1987: 10-17; RHJ 1982: 30).

Sy besoek aan Mosselbaai is aangekondig in 'n groot advertensie twee weke voor sy koms op die voorblad van die Mossel Bay Advertiser (28.7.1891). Dramaties is aangekondig:

"AT LAST HE IS COMING!

Who?

SEQUAH,

The Great Wonder of the Age.

SEQUAH SPEAKS"

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In 'n berig is ook gemeld dat "this wonderful and world-renowned annihilator of rheumatic and other pains and dextrous extractor of useless and troublesome molars is about to visit Mossel Bay" (MBA 28.7.1891: Brokkie). Daar het die middag van sy aankoms (10 Augustus 1891) groot opwinding geheers toe vier perde die swierige "chariot" deur die strate getrek het. Op die wa was 'n "self-acting piano" wat verskillende deuntjies gespeel het en 'n groot skare, wit en swart, oud en jonk, het saamgedrom en is van straat tot straat agterna. Die Advertiser het berig: "The Great Sequah has arrived and the Mossel Bay public is all agog to see the wonderful things that have been so long expected." Die aand het 'n menigte op die markplein vergader -- "a great crowd attracted like moths by the very brilliant light which illuminated that otherwise dark part of the town". Musiek is verskaf en daarna het Sequah "gepraat". Hy sou van die volgende aand af rumatieklyers gratis genees en tande kosteloos trek. Aan behoeftiges wat 'n brief van hul predikant kon toon, sou geneesmiddels gratis verskaf word (MBA 11.8.1891: Notes & Brokkie).

Saans is rumatieklyers gemasseer "whilst teeth were extracted by hundreds and cast from the gaudy chariot like pearls before swine". Niemand kon glo dat daar so baie tande op Mosselbaai was nie (MBA 25.8.1891: Notes). Sy werkwyse was oral dieselfde; daarom word 'n beskrywing van sy Knysna-optrede wat in die Mossel Bay Advertiser (20.10.1891) verskyn het, aangehaal:

> "The scene around the 'chariot' was certainly unique [...], the flickering glare of the torches, illuminating the sea of faces, 'Sequah', with his electric head lamp, taking out teeth as fast as the people came on to the platform, and the peculiar strains of the organ. Then came the 'rubbing'. Two gentlemen, by invitation took up a position on the wagon, the crimson curtain was adjusted, then commenced the work [...During] the twenty minutes the

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

EL BAY, CAPE OF GOOD HOPE, TUESDAY, JULY

AT LAST HE IS COMING!

WHO?

SEQUAH,

THE GREAT WONDER OF THE AGE.

SEQUAH SPEAKS

To the HALT and the LAME, to all suffering from Chronic Diseases, to the Incurables, to those whom Doctors have failed to relieve, and to those whose **Life** is a **Misery** on account of constant pain and suffering.

NOW IS YOUR OPPORTUNITY.

Take care that it does not pass you by.

As it has been in Cape Town, Port Elizabeth, Stellenbosch, Kimberley, Pretoria, Graham's Town, Cradock, King William's Town, Johannesburg, and other Towns, so it will be in this.

In these days a wise man takes nothing for granted, and believes nothing unless it be undoubtedly true and well authenticated.

Sequah speaks EVERY NIGHT at half-past seven on the MARKET SQUARE, and each Morning in his Office from 10 till 1 o'clock.

Aankondiging van die legendariese "Rooihuid" -kwaksalwer Sequah se besoek aan Mosselbaai (MBA 28.7.1891).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

operation lasted 'Sequah' and his assistant were simply in a bath of perspiration from the exertion used."

Sequah kon ook soggens by S.G. Wiggett se winkel in Blandstraat (tans W.P. Kelders) gespreek word (MBA 11.8.1891). Die "great American wonder" het in die tydjie wat hy op Mosselbaai was, 'n paar honderd pond verdien. Op Oudtshoorn is die ongekende bedrag van £1 600 geïn (MBA 15.9.1891: Notes). Groot sukses is ook op Knysna behaal waar die "excitement [...] beyond human control" was toe Sequah in "Wilde Weste"-kostuum en op maat van onheilspellende Indiaanse musiek op straat verskyn het (MBA 20.10.1891: Sequah).

Sequah se middels, "Prairie Flower" en "Sequah Oil", is volgens advertensies vir die Afrika-klimaat aangepas. Die bottels is van spesiale seëls voorsien om dit van namaaksels te onderskei (MBA 18.8.1891). Skeptiese Britse aptekers wat die middels laat ontleed het, het bevind dat die masseerolie uit terpentyn en visolie bestaan het, en die "Prairie Flower"-mengsel hoofsaaklik uit water (Lastovica 1987: 10).

Sequah Limited, wat in Brittanje tot stand gekom het, was 'n uiters suksesvolle sakeonderneming met 23 "Sequahs" in die veld toe dit in 1890 as gevolg van wetgewing moes ontbind. Die bemarking van die produkte is onmiddellik na oorsese lande verskuif met die gevolg dat daar in dieselfde jaar reeds drie Sequahs in Suid-Afrika werksaam was (Lastovica 1987: 10-11). Die Sequah wat Mosselbaai aangedoen het, was 'n man in sy sestigerjare, ene mnr. Andrews, wat 'n jaar ná sy besoek op Mosselbaai in die huwelik bevestig is (MBA 26.7.1892: Notes). Van hierdie man met sy vriendelike geaardheid is berig: "The poor speak of him in terms of gratitude, and although we shall never (in all propability) meet him again, his memory will last" (MBA 20.10.1891: Sequah).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.2.3 Apteker

Die apteker Ebenezer Powrie het in 1858 na Mosselbaai gekom en het die apteek vir meer as 42 jaar bedryf (MBA 27.12.1892: Almanac). Hy is in 1837 in Kaapstad gebore en was die seun van 'n apteker (SAB: Crail card: Powrie). Powrie het amper 25 jaar lank as posmeester opgetree (MBA 29.7.1885: Postmaster) en het onder meer in die Dorpsraad, die Spoorwegkomitee en die boukommissie van die St. Peter's kerk gedien (MBA 27.9.1876: Bishop; 17.4.1878: Hall; 6.8.1895). Sy oudste seun Percy Chamberlain het hom ook as apteker bekwaam. Hy het egter later na Engeland teruggekeer om in die medisyne te studeer (Sien Eksamens). Na sy terugkoms in 1892 het hy 'n praktyk in George geopen (G&KH 13.4.1892). Redakteur Joseph Powrie was die apteker se ouer broer (Powrie 1989: Persoonlike mededeling).

Met Ebenezer se aftrede en vertrek na George in Junie 1900, is 'n afskeidsgeselligheid ten huise van burgemeester A.I. Vintcent gehou waar waardevolle geskenke namens die gemeenskap aan hom oorhandig is (MBA 5.6.1900: Function). Powrie was volgens die Mossel Bay Advertiser "among the first and foremost socially as well as generally, and [has] taken an absorbing interest in all the concerns of the town. As a public man Mr Powrie has always held a foremost place -- in its councils, meetings, festive gatherings, etc., his presence has always dignified the occasion" (MBA 15.5.1900: Going). Hy is in 1909 in die ouderdom van 72 jaar in Observatory oorlede (SAB: Crail card: Powrie).

Die apteek was vir die eerste tien jaar in die gebou op die hoek van Kerk- en Blandstraat waar die dokters later gewoon het, maar het in Augustus 1868 na 'n gebou op erf 14 (ou nommer) in Marshstraat verskuif (GA 13.8.1868; MBA 22.11.1876). Powrie het 'n nuwe gebou te Marshstraat 64 (tans Fanie se Apteek) spesiaal as apteek laat oprig en het dit in Julie 1873 betrek (MBA 30.7.1873:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Hierdie indrukwekkende advertensie vir "Scott's Emulsion" was 20cm hoog en het oor twee kolomme van die **Mossel Bay Advertiser** gestrek (18.6.1889).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofartikel). Hierdie dubbelverdieping van klip is as moontlike gedenkwaardigheid gelys, maar die RNG fouteer wanneer aangedui word dat dit in 1868 opgerig is (NMC 1985: 17). Powrie het ook 'n ry skakelhuise op die noordoostelike hoek van Riley- en Powriestraat (wat na hom vernoem is) besit (MBA 19.6.1878). Ook hierdie geboue is as moontlike gedenkwaardighede voorgestel (NMC 1985:45).

Powrie het sy onderneming in die eerste uitgawe van die George Advertiser (1.12.1864) geadverteer:

"E. POWRIE

CHEMIST AND DRUGGIST, MOSSEL BAY

Has always on Hand a large and well selected stock of Drugs, Patent Medicines, Perfumery, etc. etc.

Patent Dutch Medicines

Huis Apotheeks etc. supplied wholesale to country Dealers at Cape Town prices.

STEAM SODA WATER MANUFACTORY

Sole Agents for Ayer's Celebrated Medicines"

Van die produkte wat in sy spuitwaterfabriek vervaardig is, was "Powrie's Superior Table Vinegar; Lime-juice Cordial, superior to Rose's; Orange Quinine Wine, an excellent Tonic Restorative" en "Orange Bitters, Tonic and Appetizing" (MBA 6.7.1881). Powrie het ook verskillende soorte pype, sigare, roosgegeurde tabak en "Mouth Snuff", wat hy self in sy "Steam Snuff Manufactory" vervaardig het, te koop aangebied (GA 1.12.1864). In 1875 kry hy 'n spesiale prys vir sy snuif op die skou wat in Kaapstad gehou is om die beste Suid-Afrikaanse produkte vir die internasionale Philadelphia Exhibition uit te soek (MBA 24.11.1875). Hierna is sy snuif, wat in "Rose, Bergamot, Plain and Mouth" verkrygbaar was, onder die opskrif "Powrie's Celebrated Prize Snuffs"

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geadverteer (MBA 1.12.1875).

Hy het ook self geneesmiddels vervaardig (MBA 6.7.1881) en sy medikamente vir volstruise ("Don't let your Ostriches die -- Powrie's Capsules for Tapeworm in Ostriches") was hoog aangeskrewe (MBA 4.8.1880). Die apteek het produkte soos bergamotolie, roosolie, kina en seneblare aangehou (MBA 29.4.1874). In die laat tagtigerjare is chemikalieë te koop aangebied vir fotografiese doeleindes en om goud mee te toets (MBA 31.7.1888). Van die produkte wat in die apteek te koop was en wat vandag nog op die mark is, is die volgende: Vaseline, Neslé-voedsel, Pear se seep, Vinolia-seep en Rimmel se laventel (MBA 28.9.1881; 3.12.1884; 6.3.1894; 27.11.1900).

Powrie het ook gesigstoetse gedoen. Professor A. Dance, "Opthalmic Optician", wat nie slegs aansien in die Kolonie gehad het nie, maar ook in Amerika, Indië en Australië bekend was, het Mosselbaai in Maart 1894 besoek (MBA 27.3.1894: Professor) en die apteker opgelei (MBA 10.4.1894). Die Optical Institute van Kaapstad het in dieselfde uitgawe van die Mossel Bay Advertiser waarin Dance geadverteer het, die volgende verklaring gemaak: "Mr. A. Dance falsely representing himself as Inventor of our Patent Sight Tests, has no connection with this Institute, and the public are cautioned against anyone but our locally-appointed and accredited Agents" (MBA 20.3.1894). Hul verteenwoordiger sou ook spoedig 'n besoek aan die dorp bring (MBA 20.3.1894: Brokkie). Die koerant was egter vol lof vir "professor" Dance se werk en het genoem dat etlike mense bereid was om te getuig van hoe hulle by sy besoek gebaat het (MBA 3.4.1894: Brokkie).

Powrie het met sy aftrede die apteek aan Heynes, Mathew & Co, 'n toonaangewende onderneming in Kaapstad, verkoop. Hul "magnificent buildings" was een van die bakens in Adderleystraat (MBA 20.3.1900: Hoofartikel). Die onderneming, wat onder bestuur van G.W. Fowler sou wees, het beloof om voort te gaan om "Mr

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

IMPORTANT TO ALL.

ESPECIALLY TO EMIGRANTS, MISSIONARIES, MAGISTRATES, STOREKEEPERS, HOTEL PROPRIETORS, DEALERS, TRADERS, MINERS, FARMERS, TRAVELLERS, EUROPEANS GENERALLY, AND ALL PERSONS

RESIDING IN SOUTH AFRICA.

ENO'S "FRUIT SALT"

is absolutely necessary for the preservation of Health.

YOU cannot overstate its great value in keeping the BLOOD PURE; as a means of keeping the system clear, and thus taking away the groundwork of Malarious Diseases, BLOOD POISONS, and all Liver Complaints, or as a HEALTH-GIVING, REFRESHING, COOLING, and INVIGORATING BEVERAGE, or as a gentle Laxative or Tonic in the various forms of Indigestion ENO'S "FRUIT SALT" is invaluable.

It is the best Preventive and Cure for

Biliousness.	Sick Headache.
Mental Depression.	Want of Appetite.
Skin Eruptions.	Pimples on the Face.
Constipation.	Vomiting.
Giddiness.	Feverishness.
Thirst, &c.	Unnatural Excitement
Impure Blood.	Errors in Diet.

Instead of being lowering to the system, ENO'S "FRUIT SALT" is in the highest degree Invigorating, and does not cake or get hard in warm and humid Climates.

EUROPE, ASIA, AFRICA, AMERICA, AUSTRALIA.—"ENO'S 'FRUIT SALT' not only claims, but has been proved again and again to possess remedial properties of a marvellously high order, and no household that wisely consults the comfort and safety of its members, whether located under the sun of England or India, of Southern Africa, the West Indies, or Australia, will neglect to provide itself with a safeguard to health at once so pure, simple, and effective as the preparation which has caused the Patentee's name to be a household word from one end of the earth to the other."—*European Mail*, November 5, 1888.

TO PARENTS.—This preparation is invaluable in the nursery as a gentle laxative; it is pleasant to the taste, and much superior to senna or other nauseous drugs; it corrects the ill effects of over-eating or exhaustion, it is extremely beneficial in any feverishness or heat of the skin. The bowels ought to be kept free by the "FRUIT SALT" for a month or six weeks after eruptive diseases, as Measles, Scarlet Fever, Chicken-pox, Small-pox, and all Fevers or Infectious Diseases, &c.; for its use frees the system of the "dregs." Many disastrous results would be avoided by attending to this.

A SPARKLING AND REFRESHING DRAUGHT.—Notwithstanding its medicinal value, the "FRUIT SALT" must be looked upon as essential as breathing fresh air, or as a simple and safe beverage under ALL CIRCUMSTANCES, and may be taken as a sparkling and refreshing draught in the same way as *Lemonade*, Soda Water, Potass Water, &c., only it is much cheaper and BETTER, IN EVERY SENSE OF THE TERM, TO AN UNLIMITED EXTENT.

PRESERVING AND RESTORING HEALTH.—ENO'S "FRUIT SALT" acts as simply, yet just as powerfully, on the animal system as sunshine does on the vegetable world. It has a natural action on the organs of digestion, absorption, circulation, respiration, secretion, and excretion, and removes all impurities, thus preserving and restoring health.

A BLESSING TO THE WORLD!—From the Rev. Dr. HURST, Vicar of Colleriley:—"I have used your 'FRUIT SALT' for many years, and have verified your statements. The thanks of the public are due to you for your unceasing efforts to relieve suffering humanity. Long may you live to be a blessing to the world."

IMPORTANT TO MISSIONARIES, NEW GUINEA.—"How I wish I had a dozen bottles of ENO'S 'FRUIT SALT!' It is the best medicine I ever had, and the most refreshing drink I have yet tried."—*Explorations by Rev. J. Chalmers, London Missionary Society.*

THIRST TRIALS IN MASAI LAND.—"A medicine had to be prepared for the disease, which I did by laying out a small medicine-box, with the lid open, showing all the array of phials, &c. Taking out my sextant, and putting on a pair of kid gloves—which impressed the natives enormously—I intently examined the contents. Discovering the proper *dose*, and getting ready some ENO'S 'FRUIT SALT,' I sang an incantation over it. My preparations completed, and Brahim being ready with a gun, I mixed some of the 'FRUIT SALT;' simultaneously the gun was fired, and, lo! up fizzed and sparkled the carbonic acid, causing the natives to shrink with intense dismay. . . . The chiefs, with fear and trembling, taste as it fizzes away."—*Through Masai Land.* By Joseph Thompson, F.R.G.S.

THE ZULU WAR.—"There was a great demand at Ekowe for ENO'S 'FRUIT SALT.'"—See *Blackwood's Magazine* for July, Page 20. By One Who Was There with Colonel Pearson.

STIMULANTS and insufficient amount of exercise frequently derange the liver. ENO'S "FRUIT SALT" is peculiarly adapted for any constitutional weakness of the liver. A world of woe is avoided by those who keep and use ENO'S "FRUIT SALT."—"All our customers for ENO'S 'FRUIT SALT' would not be without it upon any consideration, they having received so much benefit from it.—WOOD BROTHERS, Chemists, Jersey, 1876."

IT IS A COLONIAL CUSTOM—If a traveller drops in your store—to ask the proprietor to "liquor." I did "liquor" for some considerable time, and found my liver gradually increasing in consequence. Having been recommended your excellent "FRUIT SALT," I steadily applied myself to six bottles, in accordance with the instructions given, and I feel myself bound to say that the result was not only satisfactory, but I believe has permanently reduced my liver to its normal size.—I remain, sir, yours truly, W. SCHMIDT, Barkly Rout, Griqualand West, South Africa, Oct. 18, 1879.—J. C. ENO, Esq.

IN CENTRE OF AFRICA WITHOUT ANY MEDICAL MAN.—"Natives came with all manner of diseases. One day we had a man that was said to be mad. Whether he was mad or not, he was evidently far from well, and I gave him a large dose of Eno' 'FRUIT SALT.' The poor fellow came back next morning to tell us that he was better. His breath was no longer offensive, and he looked cheerful. We were sorry when our supply of 'FRUIT SALT' was done; it was a favourite, both with natives and Europeans, and is much used along the malarious coasts."—*Africana*, by the Rev. DUFF MACDONALD, M.A., B.D., Vol. II., p. 207.

CAUTION.—*Legal Rights are protected in every civilised country. Examine each bottle and see that the Capsule is marked ENO'S "FRUIT SALT." Without it you have been imposed on by a* **WORTHLESS IMITATION.** *Sold by all Chemists, &c. Prepared only at*

ENO'S "FRUIT SALT" WORKS, Pomeroy St., London, S.E., by J. C. ENO'S Patent.

A NATURAL LIVER TONIC

ENO'S "VEGETABLE MOTO" is as simple and natural in its action as a tomato. It is a pure vegetable extract, simple, natural, and certain hepatic (liver) stimulant, or as a laxative, stomachic, blood, brain, nerve, bile, or liver tonic pill. It will be found everything you could wish for, creating and sustaining a natural action of the stomach, bowels, and biliary secretions, &c., and (when necessary) in conjunction with ENO'S "FRUIT SALT" is invaluable. In indigestion, biliousness, sick headache, giddiness, gout, rheumatism, female ailments, suppressed secretions, &c., head affections, nervousness, sleeplessness from liver derangement, flatulence, wind on the stomach, at the commencement of coughs and colds, blood poisons and their kindred evils are prevented and cured by using the "MOTO."

BILIOUS IRRITABILITY.—A Gentleman writes:—"Eno's 'Vegetable Moto' are of great value. I have suffered from biliousness, sick headache, bilious irritability, &c., for forty years. I have taken ENO'S 'FRUIT SALT' for twelve years, the 'MOTO' about two; I have never known them to fail. There is nothing drastic or any discomfort in using them."—VERITAS, 1887.

A LADY WRITES AS FOLLOWS.—"January 20th, 1888—Please forward me another bottle of your 'VEGETABLE MOTO,' for I find great relief from taking them."

ENO'S "VEGETABLE MOTO." Sold by all Chemists, etc. Prepared only at

ENO'S "FRUIT SALT" WORKS, Pomeroy Street, New Cross Road, London, S.E.

"Eno's Fruit Salt" het malaria en bloedvergiftiging voorkom en was goed vir depressie, hardlywigheid en "Unnatural Excitement". Veral immigrante, sendelinge, magistrate, mynwerkers en alle inwoners van Suid-Afrika kon daarby baat. Die advertensie waarsku teen namaaksels en gee getuigskrifte van gebruikers wêrelwyd (MBA 19.2.1889).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Powrie's Famous Remedies" te koop aan te bied. Hulle het ook geadverteer: "Prescriptions and Family Recipes carefully and faithfully prepared" (MBA 20.3.1900).

3.2.4 Die bydrae van die Mossel Bay Advertiser

Die Mossel Bay Advertiser het sy lesers oor die nuutste ondekkings op mediese gebied ingelig. Louis Pasteur se bevindings in verband met bakterieë is in 1882 verduidelik en as die grootste ontdekking op die gebied van die wetenskap beskryf (MBA 27.12.1882). Die blad het gewaarsku dat giftige kleurstowwe wat tydens die vervaardiging van klerasie gebruik is, nadelige gevolge kon hê (MBA 10.9.1884: Brokkie). Veral bruin sokkies het ernstige ontstekings veroorsaak en ook 'n plaaslike inwoner laat mank loop (MBA 15.12.1891: L&G; 22.12.1891: Socks). In 1902 is die gesondheidsgevaar wat vlieë kon inhou, beklemtoon nadat die Britse mediese tydskrif Lancet bekend gemaak het dat dié insekte cholera kon versprei en ook die tuberkelbasil kon oordra (MBA 24.6.1902: Vliegen). Die koerant het sporadies raad gegee, onder andere vir die volgende: kanker (MBA 20.6.1883), witseerkeel (MBA 28.8.1888), kaakklem (MBA 27.3.1894), dronkenskap (MBA 3.9.1884), sonbrand (MBA 11.3.1885) en verkoue (MBA 14.8.1888).

Die meeste advertensies in die blad was vir geneesmiddels. 'n Advertensie vir "Holloway's Pills and Ointment" het reeds in die eerste uitgawe (4.1.1871) en daarna in elke koerant tot in 1873 verskyn. Die historikus A.F. Hattersley verwys na die vervaardiger as "that prodigy of science, the immortal Holloway" (1969: 173). Advertensies vir medisyne is dikwels geplaas in die vorm van lang artikels en met opskrifte soos: "A Strange but True Story", "Saved by a Newspaper Paragraph" en "Why he did not go to the Hospital" (MBA 7.8.1888; 14.8.1888; 21.8.1888). Die publiek is uitgebuit. Van die produkte was glo vir feitlik enige siektetoestand geskik (MBA 3.11.1875: Phosphodyne) en is wêreldwyd bemark (MBA 19.2.1889: Eno's). Getuigskrifte is dikwels verskaf (MBA

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

24.3.1886: Seigel) en verbruikers is teen namaaksels gewaarsku (MBA 3.11.1875: Brights; 30.7.1889: Haydock's).

Teen die byt van giftige slange is rate en middels ten duurste aangebied. Op Mosselbaai het dit van pofadders en kobras gewemel (MBA 20.3.1872: L&G; 23.1.1884: Brokkie). In 1872 is vyf van laasgenoemde reptiele in Marshstraat gedood (MBA 29.5.1872: L&G) en slange is gereeld in geboue soos die skool en hof gevind (MBA 23.11.1887: L&G; 23.1.1884: Brokkie). 'n Mosselbaaise boer, Thomas Honiball, se "Onfeilbaar Middel tegen Slangenbeeten" is deur Powrie bemark en deur talle as hoogs effektief beskryf (MBA 6.12.1882). Van slangstene, wat kosbare erfgoed was, is ook sporadies gebruik gemaak. In 1877 is berig dat 'n kind wat gepik was, op hierdie wyse gered is (MBA 10.1.1877). In Augustus 1884 was daar 'n hofsaak waarin die bereddering van 'n boedel en die eienaarskap van 'n slangsteen in die gedrang was (MBA 3.9.1884: Court).

3.2.5 Mossel Bay Cottage Hospital

Mosselbaai het tot betreklik laat in die 19de eeu nie oor 'n hospitaal beskik nie. Dit was die gebruik dat fatsoenlike burgers in die Kolonie tuis deur hul dokter behandel en deur familie verpleeg is. Hospitale was vir behoeftiges en bejammerenswaardiges, soos uit die volgende vers blyk:

> "Home of the homeless! blest retreat,
> Where friendless wretches friends may meet,
> Each needful help to proffer;
> Where poverty on wealth may lean
> For every succour -- such the scene
> The Hospital should offer" (Laidler 1937: 635).

Daar was 'n behoefte aan hospitaalgeriewe aangesien boere soms vir mediese

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

behandeling op die dorp moes oorbly en die hotelle en losieshuise as te raserig beskou is (MBA 16.3.1897: Correspondentie). In April 1892 was daar 'n insident wat die magistraatsvrou, mev. Eustace, genoop het om op 'n vergadering van die Ladies Benevolent Society voor te stel dat 'n basaar gehou moes word sodat 'n "cottage hospital", soos in Wynberg bestaan het, gestig kon word (MBA 30.8.1892: Correspondence). 'n Wit pasiënt wat sonder heenkome na Mosselbaai gekom het, is deur die owerheid van 'n tent voorsien wat hulle vir hom naby die tronk opgeslaan het. Ná 'n paar dae is hy gedurende 'n stormnag hier oorlede sonder dat daar iemand was om na hom om te sien. "Such cases are a strain upon the community, and they should do all in their power to prevent a recurrence", het die Mossel Bay Advertiser gemaan (MBA 23.8.1892: Brokkie).

Twee basaars en 'n konsert is gehou (MBA 23.8.1892; 13.9.1892). 'n Deel van die gemeenskap was egter teen die stigting van die hospitaal gekant (MBA 6.9.1892: Notes) en hierdie verdeeldheid het 'n einde aan fondsinsamelings gemaak. Anderhalfjaar ná die tentsterfte is 'n boer van Calitzdorp, wat onder die wiele van 'n wa beland het, ingebring dorp toe. Daar was geen geskikte plek waar dr. Kitching hom kon behandel nie aangesien daar reeds 'n pasiënt in die tronkhospitaal was. Nadat hulle lank na verblyf gesoek het, is die man uiteindelik laat die nag na 'n huis naby Aloestraat (MBA 19.12.1893: Hoofartikel) geneem wat, soos reeds gesien, nie in 'n goeie buurt was nie.

Kolonel en mev. J.T. Eustace het hulle intussen steeds vir die saak beywer en op 27 Maart 1896, vier jaar ná die voorstel tot die stigting van 'n hospitaal, het bydraers besluit om 'n ry van ses kliphuisies in Montagustraat teen 'n bedrag van £450 van John Delbridge (kontrakteur van die Kleinbosch-skema) te koop (MBA 31.3.1896: Hospital). Twee huise is as hospitaal ingerig, een vir wit en die ander vir bruin pasiënte (MBA 22.9.1896: Hospital). Elke huisie het uit 'n sitkamer, slaapkamer en kombuis bestaan en is met skenkings gemeubileer (MBA 16.3.1897: Correspondentie). Die ander vier huise is verhuur sodat die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

inrigting gedeeltelik selfonderhoudend kon wees (MBA 22.9.1896: Hoofartikel). Joernaliste wat die huishospitaal besoek het, het verklaar hulle was "delighted with all we saw. The situation is perfect; the air there is a tonic and will do much to restore a sick person to health, whilst the view from the windows is grand." 'n Stoep, wat die gebou se aantreklikheid verhoog het, is vir die gerief van herstellendes aangebou (MBA 15.9.1896: Hospital).

Mense wat 10 sjielings per jaar bygedra het, was stemgeregtig en skenkers van £1 of meer kon hul as bestuurslede beskikbaar stel (MBA 6.10.1896: Cottage). Die magistraat, predikante en geneeshere het die leiding geneem. Behalwe 'n aantal behoeftige pasiënte, wat gratis verblyf sou geniet, moes hospitaalgeld betaal word (MBA 6.10.1896: Hospital). In die eerste jaar is ses gevalle opgeneem waarvan vyf gratis gehuisves is (MBA 26.10.1897: Supplement). In die daaropvolgende jaar was daar sewe pasiënte. Gedurende die Anglo-Boereoorlog is ook siek soldate hier versorg (MBA 17.9.1901: L&G). Die hospitaal het nie oor personeel beskik nie en met elke opname moes reëlings in verband met verpleging inderhaas en dikwels met groot moeite getref word. Ten spyte van die nadele, was die hospitaaltjie 'n groot hulp (MBA 6.2.1900: Cottage). Die Advertiser (6.2.1900: Everybody) het dit soos volg opgesom:

> "To the poor and friendless it must indeed be a boon, and to those that are not poor, but do not care to be a burden to their friends in time of sickness, it offers a haven where they can be attended to and treated with the least of inconvenience to friends upon whose willingness to be of service they may not wish to put too severe a strain."

Die ingenomendheid met die inrigting en veral met die ligging was nie van lange duur nie. Die vier huisies is gehuur deur "a class of people that did not add to the respectability of the locality" en fatsoenlike burgers wou nie hul

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

siekes daarheen stuur nie (MBA 25.5.1902: Hoofartikel). Soos reeds in die vorige hoofstuk aangedui, het die Montagustraat-buurt ten opsigte van sindelikheid veel te wense oorgelaat.

Met koningin Victoria se Diamantjubileum in 1897 het die dorp besluit om die siekehuis ter herdenking van die groot gebeurtenis te verbeter sodat niemand hulle sou skaam om daar opgeneem te word nie. 'n Keermuur sou onder andere voor die eiendom opgerig word, die stoep sou verleng en oordek word en die huurhuisies sou gerestoureer word sodat beter huurders gevind kon word. Die munisipaliteit het £50 geskenk en die plaaslike blad het die gemeenskap aangemoedig om ruim by te dra sodat "we could have a hospital which no one need be ashamed of." Daar is gehoop dat "people would show their love to our great and good Queen by raising this memorial to her". Die naam "Victoria Cottage Hospital" is voorgestel en een van die siekekamers sou ter ere van die stigter "Eustace Ward" heet (MBA 16.3.1897: Jubilee). Die Victoria Cottage Hospital in Wynberg is in 1887 ten tyde van koningin Victoria se gouejubileum ook met behulp van openbare bydraes gestig (Laidler 1971: 438).

'n Bedrag van £264 is ingesamel en dit was, volgens die plaaslike blad, 'n groot som vir 'n dorp soos Mosselbaai (MBA 18.1.1898: Humanity). Met die munisipale skenking en die owerheid wat op 'n pond-vir-pond-grondslag bygedra het (MBA 6.5.1902: Meeting), is £600 byeengebring (MBA 25.2.1902: Hoofartikel). Van die inwoners het gevoel dat so 'n aansienlike bedrag nie aan 'n ou gebou in 'n ongewenste buurt, 'n "apology for a hospital", bestee kon word nie en dat 'n nuwe gebou met 'n beter ligging opgerig moes word (MBA 30.8.1898: Hoofartikel; 25.2.1902: Hoofartikel). Meningsverskil en die Anglo-Boereoorlog het tot gevolg gehad dat die saak op die lange baan geskuif is. In Mei 1902 is daar besluit om 'n nuwe hospitaal te bou. Daar was tifus op die dorp en die inwoners het gevoel dat 'n geskikte siekehuis veel sou doen om die verspreiding van die siekte te bekamp. A.I. Vintcent, wat aanvanklik teen 'n nuwe hospitaal

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gekant was, het nou verklaar: "The absence of a proper Hospital is a disgrace to the town" (MBA 6.5.1902: Meeting). Die nuwe inrigting moes "quite free from the associations connected with a row of tenements" wees wat deur ongewenste elemente bewoon is. Volgens die Advertiser was dit "abundantly clear that it is a reproach for Mossel Bay -- a seaport and town that is apparently beginning to forge ahead and whose population is daily increasing -- not to be provided with a decent place where sick people [...] may be tended" (MBA 25.2.1902: Hoofartikel).

Die nuwe Cottage Hospital is op 'n gedeelte van die oorspronklike parkgrond naby die magistraatskantoor opgerig (AK: MBF I: 28), op 5 Oktober 1910 geopen (GKH 12.10.1910: District) en het 'n anderhalf dekade later afgebrand. Die oorspronklike Cottage Hospital geleë by Highstraat 87/89, (agter Montagustraat 80), is deur die RNG gelys as moontlike gedenkwaardigheid (NMC 1985: 28). Die keermuur van klip, wat voor die hospitaal in Montagustraat gebou is, is ook as bewarenswaardig gelys (NMC 1985: 23).

3.3 Epidemies

As hawedorp was Mosselbaai veel meer vatbaar vir siektes as byvoorbeeld sy buurdorp George. By die uitbreek van epidemies elders in die Kolonie is onmiddellik tot optrede oorgegaan. Behalwe siektetoestande wat algemeen voorgekom het, het skarlakenkoors meermale uitgebreek en die lewe van etlike kinders geëis (MBA 7.8.1878: L&G; 22.5.1888: Death Rate). Sifilis, wat in die tagtigerjare hoogty in die omgewing van Oudtshoorn, Knysna en elders gevier het, het min voorgekom (Appel 1979: 451; KA: 1/MBA 3/1/7/1/1: 5.1.1885; MBA 22.10.1884: Knysna).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.3.1 Pokke

'n Pokke-epidemie, wat in die Kaapse Skiereiland alleen 4 000 mense sou eis (Laidler 1971: 429), het in Junie 1882 uitgebreek nadat die Drummond Castle met gevalle van dié siekte aan boord in Tafelbaai aangekom het. Inenting was nie verpligtend nie en teenstanders daarvan het geglo dat dit meer kwaad as goed gedoen het. Die Mossel Bay Advertiser het 'n beroep op sy lesers gedoen om hul samewerking te gee en gewaarsku: "Its [die siekte] germs may be concealed in our letters, our papers, or our periodicals, only awaiting a favourable soil in which to be developed. It therefore becomes a duty on all to do what they can to reduce to a minimum the ravages of so deadly an enemy to human life as small-pox" (MBA 7.6.1882: Hoofartikel). Entstof is eenmalig in glasbuise na die dorp gestuur (MBA 5.12.1883: Notice). Die eerste mense is hiermee geënt maar daarna moes arm-tot-arminenting toegepas word. Slegs weefselvog van kinders wat agt dae vantevore vir die eerste keer geënt is, kon gebruik word. Volwassenes moes hulle dus onmiddellik laat inent voordat al die kinders geënt en die limf gedaan was (MBA 7.6.1882: Correspondence). Dr. Kitching moes gereelde oproepe doen en het ook 'n opdraande stryd gehad om ouers sover te kry om hul kinders na 'n week weer te bring sodat die entstofvoorraad aangevul kon word (MBA 19.7.1882).

Twee weke na die Drummond Castle-voorval is berig dat die gevreesde siekte ook op die Dunkeld uitgebreek het en dat passasiers in Natal onder kwarantyn geplaas is (MBA 21.6.1882). Mosselbaai het as hawedorp in gevaar verkeer en die gewoonlik trae stadsvaders het tot aksie oorgegaan. Op 12 Julie, vyf weke nadat die eerste gerugte van die siekte in die plaaslike koerant verskyn het, is besluit om 'n afsonderingshospitaal te bou (MBA 12.7.1882) en sowat 'n maand later was die houtgebou, wat uit twee groot kamers en 'n portaal bestaan het, voltooi. Die aannemer Thomas Riley moes die gebou binne veertien dae oprig en sou 'n boete van £2 per dag betaal indien die tyd oorskry word (MBA 26.7.1882:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Municipality; 16.8.1882). Minder as twee maande nadat die besluit geneem is, was die kwarantynhuis gemeubileer, 'n kombuis aangebou, watertenks opgerig en 'n verpleeg-egpaar in 'n kamer agter die gebou gevestig. Daar was vier beddens in elk van die twee kamers, met plek vir nog vier (MBA 6.9.1882). Die hospitaal is naby die see by Romansbank, halfpad na die Punt, opgerig en was dus redelik afgesonderd (MBA 19.7.1882; 16.8.1882: Municipality). Rooi vlae sou inwoners waarsku om die gebied te vermy (MBA 29.11.1882: Odds). Die plek was net soos dié van Kaapstad, as die "lazaretto" bekend. Die woord het destyds blykbaar nog nie die huidige betekenis, naamlik dié van 'n afsonderingshospitaal vir melaatses, gehad nie.

Die Dorpsraad het ook 'n opruimingsveldtog geloods. Varkhokke en agterplase is skoongemaak, muurkalk is gratis aan Aloestraat-inwoners verskaf, afvoerslote sou drie maal per week gespoel word en die Union Hotel se watertoilet sou verwyder word. Die stadsklerk en "streetkeeper" is as "sanitary police" aangestel en gevangenes het met die storting van vullis gehelp (MBA 12.7.1882: Municipality; 19.7.1882)

Die inwoners is gereeld oor die stand van die epidemie ingelig. Op 12 Julie verklaar die Advertiser: "There can be no doubt that small-pox is making slow but sure progress throughout the Colony." 'n Wet op aansteeklike siektes is in die Kolonie uitgevaardig. Daarvolgens kon plaaslike owerhede private eiendom laat skoonmaak, huise afwit, ensovoorts. In dieselfde uitgawe word aangekondig: "The Contagious Diseases Act has been put in force in this town." Sondag, 10 September, is Koloniewyd verklaar as "a day of special intercession before Almighty God, under the present calamitous visitation of smallpox." Spesiale dienste is ook in die plaaslike N.G. Kerk en Episkopale Kerk gehou (MBA 6.9.1882).

Spesiale vergaderings was aan die orde van die dag. Mosselbaai was die oggend

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van Saterdag, 23 September, in rep en roer toe die nuus die dorp bereik het dat daar 'n pokkegeval op die Natal, wat die middag verwag is, aan boord was. Die Dorpsraad, distriksgeneesheer en verteenwoordigers van die twee skeepsrederye het inderhaas vergader en besluit om die skip vir veertien dae in kwarantyn te hou. 'n Openbare vergadering is ook vir dieselfde aand belê. Dit het egter later aan die lig gekom dat daar geen wet was waarvolgens besmette vaartuie wat van 'n hawe in die Koloniale afkomstig was, in kwarantyn geplaas kon word nie (MBA 27.9.1882: Municipality & Correspondence). Twee dae vantevore was daar ook groot spanning toe verneem is dat 'n hulp van die regter van die Rondgaande Hof die siekte op Swellendam opgedoen het. Die distrikte Swellendam, Riversdal, Mosselbaai en Oudtshoorn was nog onbesmet en die inwoners was geskok dat Maleiers, onder wie die siekte in Kaapstad gewoed het en wat gewetensbeswaar teen inenting gehad het, toegelaat is om die regter te vergesel. Vergaderings is gehou, die hulpe teruggestuur en die waens deeglik berook (MBA 27.9.1882: Hoofartikel).

Vrees vir die verskriklike epidemie was nou op sy ergste. In elke uitgawe van die Mossel Bay Advertiser is daar talle berigte oor waar nuwe gevalle voorgekom het. In die uitgawe van 27 September was daar behalwe die hoofartikel ook sewe ander berigte wat oor die siekte gehandel het. Artikels met opskrifte soos "Can Books transmit Contagious Diseases?" het verskyn (MBA 27.9.1882). Apteker Powrie, wat ook posmeester was, het op 'n openbare vergadering onderneem om inkomende pos te berook (MBA 27.9.1882: Meeting). Selfs die kleremaker, J. Illingworth, het ontsmettingsmiddels geadverteer:

> "Small-pox! Small-pox!
>
> 'Sapo Carbonis Detergens'
>
> Wright's Coal Tar Soap [...]
>
> Try it!
>
> It cannot be surpassed!!
>
> Use no other!!!" (MBA 27.9.1882).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Op Saterdagoggend, 27 Oktober, was daar weer eens paniek op die dorp. Die Dunkeld was voor anker en twee vragte was reeds aan land toe dit uitgelek het dat daar 'n pokkegeval aan boord was. Mense het in groepies op die kaai vergader en die saak druk bespreek. Alle verbinding met die vaartuig is dadelik beëindig en die skip is onverrigter sake terug na Tafelbaai (MBA 1.11.1882: Hoofartikel & Odds). Ná aanleiding van hierdie voorval het die skeepsrederye ingestem om vir die duur van die epidemie geen passasiers vir Mosselbaai te aanvaar nie (MBA 1.11.1882; 8.11.1882).

In November het gerugte die ronde op die platteland gedoen dat die dodelike siekte op die dorp uitgebreek het nadat 'n man in die "lazaretto" gesterf het. Die geval het volgens dr. Kitching geen pokkesimptome gehad nie, maar is slegs as voorsorgsmaatreël opgeneem. Die plaaslike koerant het sake probeer regstel: "To allay any fears which our country friends may entertain on this point, we may state that THE TOWN IS ENTIRELY FREE FROM THE DISEASE" (MBA 8.11.1882; 15.11.1882: Hoofartikel).

Ten spyte van 'n wesentlike gevaar was daar danksy goeie voorsorg geen enkele pokkegeval op die dorp nie. Passasiersverkeer is net voor Kersfees weer toegelaat (MBA 29.11.1882: Hoofartikel) en die verpleërs is op 1 April 1883 ontslaan (MBA 10.1.1883). 'n Dekade later het die gevreesde siekte in die hawedorpe Port Elizabeth en Oos-Londen uitgebreek en die afsonderingshospitaal is weer in gereedheid gebring (MBA 14.2.1893). Die dorp was gelukkig om ook hierdie epidemie, waartydens inenting wetlik verplig is (MBA 21.1.1893), sonder 'n enkele geval te oorleef.

Die "lazaretto"-grond, erf 3439, wat 3140 vierkante meter beslaan het (AK: MBF 2: 1), kan op hedendaagse kaarte onderskei word alhoewel dit nie meer as sodanig aangetoon word nie. Vandag is daar huthuise op die plek, maar die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

moontlikheid is sterk dat hulle ten spyte van RNG-teenkanting gesloop gaan word. Die verlenging van Blandstraat was as Lazarettostraat bekend (AK: MBF 2: 8) en die klein skiereilandjie waar dit geleë was, as Lazaretto Point (MBA 21.10.1902: Supplement). Vandag ken slegs enkele inwoners nog die naam en verkeer hulle onder die wanindruk dat dit na die Punt-begraafplaas verwys. Stander begaan ook hierdie fout (1988: 50).

3.3.2 Builepes: "the frightful doom"

'n Builepesepidemie, wat die grootste gedeelte van 1901 sou duur, het vroeg in Februarie in Kaapstad uitgebreek (Picard 1969: 111) nadat die Britse militêre owerheid perdevoer vir die Anglo-Boereoorlog ingevoer het. Die voer het van Suid-Amerika en Indië, waar die pes gewoed het, gekom en was met rotte besmet (SESA IV 1971: 379). Die epidemie het sulke groot afmetings aangeneem dat die Kaapstadse stadsraad dit nie kon hanteer nie en die landsowerheid moes ingryp. Honderde mense is oorlede en duisende "suspects" is afgesonder (Picard 1969: 111).

Op 12 Februarie is die nuus in die Mossel Bay Advertiser bekend gemaak. Daar is gemeld dat die siekte deur rotte versprei word en dat die munisipaliteit gevolglik 3d. per rot, 1d. meer as in Kaapstad, sou betaal, "Dead rats to be delivered between 6.30 and 8 a.m." (MBA 12.2.1901: Hoofartikel; Plague). Redakteur McIntyre het gewaarsku: "there should be no delay -- no relaxation in observing every possible precautionary measure that may be employed to avert the frightful doom with which we appear to be menaced [...]." Die afsonderingshospitaal is in gereedheid gebring en kennisgewings is van huis tot huis gestuur om inwoners higiënebewus te maak. In die eerste week is 150 rotte naby die raadhuis verbrand. "The furnace is in full blaze every morning", het die blad berig (MBA 26.2.1901: Hoofartikel; Plague). Ontsmettingsmiddels is aan inwoners verskaf (MBA 5.3.1901: Hoofartikel) en 'n verpleegster het per

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

boot aangekom (MBA 12.3.1901: Brokkie).

Die pesepidemie het tot gevolg gehad dat gevare wat lank reeds bestaan het, onder die loep geneem is. Die stelsel waarvolgens wasvroue Maandae vuil wasgoed afgehaal en 'n week later terugbesorg het, was 'n voorbeeld hiervan. Die Advertiser het verklaar: "the washerwomen is one of the poorer class of coloured people, as a rule, who lives or herds together with a lot of other equally or worse positioned people in a crowded little place which may be regarded as no better than a hovel, and [...] the clothes of the well to-do people [...] are kept there for a whole week at a time [...]." Niemand het geweet wat die toestand van die waswater was nie en niks het die wasvroue verhoed om klere en beddegoed te gebruik nie. Die redakteur het gewaarsku dat "any case of sickness in their unsavoury and limited abodes may leave its germs embedded in the clothes you wear next your skin, and which you fondly believe has been washed in clean water and comes home pure and fresh [...]." Die skrywer het sy betoog afgesluit deur voor te stel dat 'n wasplek met skoon water verskaf word waar klere ook oornag toegesluit kon word (MBA 19.3.1901: Hoofartikel).

In Maart was die epidemie in Kaapstad 'n werklike bedreiging en is gemiddeld agt nuwe gevalle per dag aangeteken (Picard 1969: 111). Op Mosselbaai het lyste van simptome en voorsorgsmaatreëls in die plaaslike blad verskyn (MBA 26.3.1901: Plague). Daar is besluit om huisafval twee keer per week in plaas van weekliks te verwyder (MBA 16.4.1901: Notice) en die aanhou van varke sou na 25 Junie permanent verbied word (MBA 25.6.1901). Intussen het inwoners steeds rotte aangedra en die Advertiser het feitlik weekliks berig hoeveel van die knaagdiere by die "Municipal funeral pyre" (MBA 14.5.1901: Brokkie) verbrand is:

> "last week, no less than 144 rats were consigned to the flames of the fiery furnace that is kept burning every morning near the

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Municipal Offices" (MBA 5.3.1901: Hoofartikel).

"previous week 287 rats [were] immolated on the funeral pyre at Town Hall" (MBA 19.3.1901: Brokkie).

"up to present over 2,000 rats destroyed in this town and still they come" (MBA 23.4.1901: Brokkie).

"Up to the end of May, 4,050 rats have been destroyed at the Municipal Cremation Works, 1,786 of which were destroyed last month, and still they come" (MBA 4.6.1901: Rats).

Mosselbaai, wat gemiddeld driehonderd rotte per week opgelewer het (MBA 23.7.1901: Brokkie), het volgens die Advertiser alle ander dorpe in die Kolonie met die rotvangery oortref. Slegs in die veel groter Kaapstad is meer knaagdiere gedood. Einde Mei het die bedrag aan uitbetalings (vir 'n totaal van 4 050 rotte) op £50 12s. 6d. te staan gekom en die Advertiser het gespot dat indien daar nie finansiële hulp van owerheidsweë kom nie, die inwoners 'n "rat rate" sou moes betaal (MBA 4.6.1901: Rats). In Julie het die getalle begin afneem en is slegs gemiddeld honderd per week verbrand (MBA 23.7.1901: Brokkie).

Einde November het die gevreesde siekte, wat in die 14de eeu as die Swart Dood 'n kwart van Europa se bevolking uitgewis het (EB Mic VIII 1974: 20), op die dorp uitgebreek. 'n Bruinman wat aan die siekte beswyk het, is op 1 Desember met volle eerbewys deur die Matigheidsbond begrawe. Dit was die tweede grootste begrafnis wat tot in daardie stadium plaasgevind het (MBA 3.12.1901: Funeral). Die nuus wat die middag van die begrafnis eers rugbaar geword het, het die dorp soos 'n donderslag getref. Baie inwoners het nooit geglo dat dit werklik met Mosselbaai kon gebeur nie. Tente is by die "zieken-kamp" vir die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"kontakten" (mense wat in aanraking met pesgevalle was) opgeslaan en 'n "Plague expert" is van Port Elizabeth ontbied om die vier gevalle te behandel. Te midde van die vrees en paniek is aangekondig dat die dogtertjie van 'n wasvrou wie se seuntjie kort te vore skielik oorlede is, siek was. Die Advertiser het gemaan: "The disease may be an infectuous one, and those who get their linen ware after washing are unconscious of what may be lurking in its folds or fibres [...What] risks do we not all run!" (MBA 3.12.1901: Funeral; Hoofartikel; De Pest; Plague). Die Dorpsraad het bepaal dat alle wassery voortaan in die Waskloof gedoen moes word en dat Sunnyside vir dié doel verbode was. 'n Bouer is aangestel om 'n kosteraming vir 'n washuis te doen (MBA 10.12.1901: Council).

Daar is in hierdie stadium bevind dat die rotte met pes besmet was en spanne is aangestel om alle afval op die dorp te verwyder. Buurdorpe is telegrafies ingelig dat die verkeer voort sou gaan, maar dat witmense medies ondersoek en swartmense waarskynlik geënt sou word voordat hulle die dorp kon verlaat. Aanvullende mediese personeel het van Port Elizabeth opgedaag om met die maatreëls behulpsaam te wees. Die inwoners is aangeraai om soveel rotte as moontlik dood te maak, hul wonings en liggame silwerskoon te hou en om verdagte simptome by dr. Mitchell aan te meld (MBA 10.12.1901: Hoofberig; Latest).

Paniek het op die buurdorpe ontstaan. Die Mossel Bay Advertiser het onder die opskrif "Be Reasonable" na die "great state of alarm" verwys en berig dat die inwoners van die dorpe die toevallig hoë sterftevoorkoms (ses mense in sowat twee weke) op Mosselbaai aan die pes toegeskryf het. Op Riversdal is op 'n openbare vergadering besluit dat waens na Mosselbaai kon gaan, maar nie weer mog terugkeer nie (MBA 17.12.1901: Alarmed; Hoofartikel). Daar was nou 5 pasiënte en 17 mense onder kwarantyn in die afsonderingshospitaal wat tydens die epidemie as "the plague camp" bekend gestaan het (MBA 17.12.1901; 10.6.1902: Council). 'n Rubriek onder die opskrif: "Plague Report

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(Authorised)" het weekliks in die Advertiser verskyn. Die laaste pasiënt en "suspect" is teen die middel van Februarie ontslaan (MBA 25.2.1902).

3.3.3 Tifus

In Januarie 1901 is nege tifus-gevalle op die dorp aangemeld. Wasgoed kon nie langer op private eiendom gewas word nie en wasvroue is verbied om van poele staande water gebruik te maak (MBA 8.1.1901: Council). Die aantal gevalle het sodanig vermeerder dat daar dikwels tussen 23 en 32 gelyktydig op die dorp was. Daar is gevind dat die siekte voorgekom het waar ontlasting in tuine gestort is. As voorsorgsmaatreël is die balies van besmette huise met 'n rooi kruis gemerk (MBA 6.5.1902: Council). Die siekte het van woning tot woning in rye aangrensende huise versprei en in sommiges is feitlik elke inwoner platgetrek (MBA 8.4.1902: Council; 8.7.1902: Typhoid). Dit is nie bekend wanneer die epidemie beëindig is nie.

3.4 Begrafnisdienste

3.4.1 Begraafplase

Die begraafplaas by die Punt het op 9 Mei 1857 tot stand gekom toe die eerste twee erwe (3481 en 3482) wat aan Blandstraat grens, onderskeidelik aan die NG en Episkopale Kerk toegeken is (AK: GF 14: 18 & 19). Die Rooms-Katolieke Kerk het op 8 Mei 1875 'n erf (3478) ontvang wat net agter dié van die NG Kerk geleë was (AK: MBF 1: 25). Op 1 Julie 1881 is die Engelse kerkhof deur die toevoeging van erf 3479 uitgebrei (AK: MBF 1: 30). Erf 3484, wat aan Blandstraat grens, is in 1882 aan die Berlynse Sendingemeente toegeken (AK: MBF 1: 31). Die RNG het die begraafplaas as bewarenswaardig geklassifiseer (NMC 1985: 2).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die begraafplase was tot in die vroeë negentigerjare in 'n swak toestand. Die koste verbonde aan die koop van 'n grafperseel was slegs 'n halfkroon en gemeentes kon dit gevolglik nie bekostig om die grafte te versorg nie (MBA 3.5.1892: Vestry). Daar was slange in die kerkhowe, wat dit gevaarlik gemaak het vir besoekers (MBA 18.11.1885). Min aandag is aan uitleg bestee. Veral die Anglikaanse deel is deur onordelikheid gekenmerk en grafte is na willekeur gegrawe (MBA 21.10.1885: Grounds). Die deel van die Berlynse Sendinggenootskap was in teenstelling met die ander netjies omhein. Die gemeente was klein en behoeftig, maar lidmate het in hul vrye tyd klippe gekap en self die muur opgerig (MBA 22.9.1891: Grounds). In 1890 is 'n kollektelys met die oog op die verbetering van die begraafplase geopen (MBA 25.11.1890: Notes) en tien maande later is 'n openbare vergadering gehou; dit is egter swak bygewoon. Die magistraat, kol. Eustace, het beweer dat hy nog nooit vantevore 'n begraafplaas in 'n erger toestand as dié van die Anglikaanse Kerk gesien het nie (MBA 22.9.1891: Grounds).

Die winkelier C.W. Black wat, soos reeds gesien, in sy vrye tyd bome aangeplant het, het in die vroeë negentigerjare op eie koste die NG kerkhof uitgelê, 'n plattegrond opgestel en potkleipaadjies gebou. Anglikaanse lidmate het in hul deel bosse verwyder wat die grafte verberg het (MBA 5.1.1892: Notes). Later in dieselfde jaar is besluit dat die verskillende gemeentes gesamentlik 'n instandhoudingsbeampte sou aanstel (MBA 25.10.1892: Correspondence). Die gemeentes het nie kans gesien om die begraafplaas te ommuur nie en die Dorpsraad het gevolglik in April 1896 om kroongrond aansoek gedoen wat ten bate van 'n muurfonds verkoop kon word (MBA 28.4.1896: Municipality).

3.4.2 Lykswa

Die feit dat die dorp nie oor 'n lykswa beskik het nie en dat afgestorwenes gevolglik met 'n goederewa wat by die kaai gebruik is, vervoer moes word, het

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

groot aanstoot gegee. Reeds in 1866 is 'n beroep gedoen dat geld ingesamel word sodat afgestorwenes op 'n waardige wyse na hul laaste rusplek geneem kon word (GA 12.7.1866). 'n Kollektelys is geopen (MBA 19.7.1876), maar 'n openbare vergadering is eers vyf jaar later gehou (MBA 20.9.1871: L&G). 'n Vorige inwoner en intekenaar op die Mossel Bay Advertiser het uit Switserland geskryf en voorgestel dat 'n ligte lykswa, soos dié wat by hulle in die heuwels gebruik word, ook vir Mosselbaai met sy hellings geskik sou wees. Dit was 'n eenvoudige platform op vier wiele deur twee perde getrek. Die ledekanthemel is met 'n silwer kroonlys, pluime en swart fluweelbehangsels versier (MBA 14.2.1872: Correspondence).

Kiste is soms ook deur begrafnisgangers gedra, maar dit was ongerieflik aangesien die begraafplaas ver van die woonbuurt was (MBA 19.7.1876: Hoofartikel). Na die begrafnis van feitlik elke hooggeplaaste is beswaar aangeteken: "It is truly painful to see (as was the case on Friday last,) a common coolie wagon used for funeral purposes". Die kollektelys is heropen (MBA 10.4.1872: L&G). In 1877 was die fondse sodanig dat aan Dees Brothers op Oudtshoorn opdrag gegee is om 'n oop lykswa te vervaardig. 'n Ledekanthemel sou later, indien nodig, aangebring word. Die lykswa is in Maart van die volgende jaar afgelewer en Mosselbaai het uiteindelik oor die lang begeerde "doodwagentje" beskik (MBA 26.7.1876: Nieuws; 12.9.1877: L&G; 13.3.1878). Dit is onbekend hoe die "lijkkoets" daar uitgesien het en waar dit aanvanklik geberg is. In Maart 1900 is besluit om 'n sinkhok agter die stadsaal op te rig om as waenhuis vir die lykswa te dien (MBA 26.4.1898: Gedachtenis; 6.3.1900).

3.4.3 Begrafnisse

'n Stoet van roubeklaers het die kis na afloop van die roudiens te voet van die kerk na die begraafplaas gevolg. Dit was veral 'n lang afstand tussen die NG kerkgebou en Die Punt. Die begrafnisgangers het gewoonlik kranse gedra en het

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

in Marshstraat en daarna in Beachweg afbeweeg tot by die kerkhof. Kranse en blomkruise het die kis bedek (MBA 25.9.1894: Taylor; 13.11.1900: Memoriam; 22.10.1901: Decease). Heelwat mense het begrafnisse bloot pligshalwe bygewoon en het tot ergernis van opregte roubeklaers in die stoet gestap en die goudvelde, die wolmark en ander sake van die dag bespreek en selfs grappies gemaak. Eerw. Taylor van die St. Peter's-kerk het na die begrafnis van die gesiene sakeman John Frazer Hudson hierteen kapsie gemaak en in die plaaslike blad begrafnisgangers gemaan om hul stil en eerbiedig te gedra (MBA 13.11.1888: Correspondence & Memoriam).

Vlae het soms met die dood van 'n gesiene inwoner halfmas gehang en sakeondernemings is ten tyde van die begrafnis gesluit (MBA 3.11.1875; 14.12.1897: Memoriam). Die St. Peter's-kerk se klokke is stadig gelui net voordat die kis en die stoet van die sterfhuis na die kerk vertrek het. Met die bekende sakeman S.J. Wiggett se begrafnis is berig: "the bell of the English Church tolled the solemn knell of parting from the living for the city of the dead" (MBA 14.12.1897: Memoriam). Koorlede, geklee in hul swart en wit drag, het soms, soos met die begrafnis van die voormalige redakteur van die Mossel Bay Advertiser, Joseph Powrie, die stoet voorafgegaan (MBA 13.11.1900: Memoriam; 30.9.1902: Memoriam). Waar die oorledene lid van 'n tak van die Matigheidsbond was, het medelede en lede van ander takke met regalia aan die verrigtinge deelgeneem (MBA 26.6.1888: Brokkie; 13.8.1889: Gonga).

In 'n samelewing waar mans die toon aangegee het en vroue selde in die pers genoem is, is dit interessant om daarop te let dat kranse tradisioneel deur dames geskenk is. Van 1892 is 'n skenkerslys dikwels (soos by 'n huwelik) aan die einde van 'n begrafnisberig geplaas (MBA 23.2.1892; 25.9.1894: Taylor; 19.10.1897: Memoriam; 5.2.1901: Funeral). Hierdie berigte was, veral in die tyd van Francis McIntyre se redakteurskap, uiters fleurig geskryf. Die volgende is onder andere na die begrafnis van 'n agtienjarige meisie gekryf:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"It is with deep sympathy and condolence that we beg leave to allude to the departure from this life of a beloved daughter of Capt. and Mrs. James, which sorrowful event took place last Tuesday night at about ten o'clock, when the soul of their beloved child, the joy and pride of her parents, winged its flight hence to the heavenly home above, where sin and sorrow are unknown, where sickness no more tortures the body, and where the soul is 'for ever with the Lord'" (MBA 19.10.1897: Memoriam).

McIntyre het ook graag berig: "the cortege wended its way to the city of the dead" (MBA 19.10.1897: Memoriam). Naasbestaandes het dikwels hul vriende, die geneesheer en predikant in die plaaslike blad bedank (MBA 7.1.1880; 15.3.1882; 4.3.1885).

Met Vrymesselaarsbegrafnisse is 'n diens eers in die losie gehou waar die kis op 'n palmversierde katafalk gestaan het. Daarna is dit deur die Vrymesselaars, wat lanfer bedekte ampstekens gedra het, na die betrokke kerk geneem. By die begraafplaas het die predikant opgetree en daarna is die lyksformulier van die Vrymesselaars gelees. Die lede het om die graf gemarsjeer en elk 'n takkie mirt op die rusplek van hul ontslape broer geplaas. Telegramme van ander losies is voorgelees as die oorledene 'n gesiene lid was (MBA 19.4.1898: Memoriam; 26.4.1898: Gedachtenis).

Gedurende die Anglo-Boereoorlog het die dorp sy eerste militêre begrafnis beleef toe die hoofstoker van die HMS Partridge, wat in die Baai voor anker was, die aand van 30 Januarie 1901 ter aarde bestel is. Die kis is laat die middag by die kaai aan wal gebring, met 'n Union Jack bedek, op 'n kanonwa geplaas en deur matrose na die begraafplaas getrek. Die orkes van die Doris, wat ook in die Baai was, het die stoet gelei en die "Dodemars" gespeel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Kompanjies van die vlootmilisie, gevolg deur twintig lede van die dorpswag, het agterna beweeg. Die tromme was met lanfer bedek en die soldate het met gekeerde gewere gemarsjeer. By die graf het die boordpredikant van die Doris die diens vir George Taylor, wat weens siekte gesterf het, gelei en daarna het 'n groep van 25 soldate drie salvo's oor die graf afgevuur. 'n Beuelblaser het na elke salvo en aan die einde die "Last post" geblaas. Die begrafnis is bygewoon deur "een magtige schare, de meesten waarvan zoo een schouwspel nooit hadden gezien". Van die dorpsvroue het kranse gestuur (MBA 5.2.1901: Begrafenis; Funeral).

Later in die jaar was daar nog 'n skouspelagtige militêre begrafnis toe 'n jong onderluitenant van die oorlogskip HMS Beagle met volle militêre eerbewys begrawe is. H.S. Bland het verdrink toe hy saam met ander by Robeiland aan land wou gaan. Die kis is laat die middag aan wal gebring deur 'n optog van vier bote wat deur die stoombarkas van HMS Naiad getou is. Dit is daarvandaan na die kerkhof geneem. Die stoet is gelei deur die kaptein en offisiere van die Naiad wat in gala-uniform gekleed was. Hulle is gevolg deur die kommandant van die distrik, 'n afdeling "Bluejackets" (matrose), 'n groep "Royal Marines" in hul rooi baadjies en offisiere en manskappe van die "Town Guard". 'n Aantal kranse en blommeruikers wat deur die vroue gestuur is, het die kis bedek. Die bemanning van die Naiad het 'n ruiker van kunsblomme, wat met 'n glasstolp bedek was, op die graf geplaas. Die verrigtinge was andersins dieselfde as by die vorige geleentheid. Die Mossel Bay Advertiser het berig:

> "A feeling of sadness prevailed among all the assembly who witnessed the mournful spectacle. To many of them the sight, too, of officers of the Royal Navy in their rich uniforms adorned with gold epaulettes, and wearing their gold-laced full dress hats, was one that they seldom or ever seen [sic] before in Mossel Bay" (MBA 15.10.1901: Post).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Nog drie mans wat aan siekte gesterf het, is met militêre eerbewys begrawe. Hulle was lede van die dorpswag. Hierdie geleenthede was egter minder luisterryk aangesien geen oorlogskepe betrokke was nie (MBA 22.10.1901; 17.12.1901; 17.6.1902).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4. MISDAAD EN GESAG

4.1 Gesag

4.1.1 Siviele kommissaris en resident-magistraat

Die man wat die pos van siviele kommissaris en resident-magistraat beklee het, is as die mees vooraanstaande burger beskou en het gewoonlik 'n lewendige belangstelling in die gemeenskapslewe getoon en die voorsitterstoel by afskeidsetes, onthale en soortgelyke geleenthede ingeneem (MBA 6.4.1881; 28.9.1887: Departure). George Hudson, wat in die middel sewentigerjare die posisie beklee het, het ook op sportgebied 'n bydrae gelewer deur onder meer 'n skietklub en krieketklub te stig. Hy was self 'n sportman en kaptein van die krieketspan (Sien Sport). Sy opvolger G.C. Bayne was die uitsondering op die reël. Hy het geweier om aan die gemeenskapslewe deel te neem en homself daardeur uiters ongewild gemaak. Volgens die Mossel Bay Advertiser het Bayne dit nie nodig geag om die voorbeeld van sy voorgangers te volg nie, "or perhaps other reasons nobler and loftier may influence the refined mind of Her Majesty's Representative, inasmuch as he condescends not to take part in any proceedings with such a rabble lot of 'tinkers and tailors, butchers, bakers, doctors and printers'" (MBA 21.5.1879: Birthday). Die amptenaar is ook daarvan beskuldig dat hy "inflated" was met "absurd ideas about the mighty importance of his position" (MBA 11.6.1879: Correspondence). Na die besonder geliefde Robert James Crozier, wat elf jaar die posisie beklee het, is verwys as: "our respected Magistrate [...] who never fails to show his lively interest in public affairs" (Oudt Cour 11.7.1888). Hy het hom veral vir godsdienstige welsyn en sosiale vermaak beywer en het met sy aftrede 'n aansienlike bedrag geld as afskeidsgeskenk van die gemeenskap ontvang. Hy het hom daarna op

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Stellenbosch gevestig waar hy die later bekende Crozier-huis betrek het (Scheffler 1988b: 8). Magistraatsvroue het op liefdadigheidsgebied (MBA 8.7.1902: Parting) en in die verenigingslewe 'n leidende rol gespeel en het ook tradisioneel die pryse na afloop van sportbyeenkomste oorhandig (Sien Sport en Verenigings).

Magistrate het in die Middel-Victoriaanse Tyd selde formele regsopleiding ontvang en het op hul gesonde verstand en die regskennis van hul vrederegters staat gemaak (Hattersley 1969: 168). Van hul uitsprake en vonnisse moes deur regters van die Hooggeregshof bekragtig word (MBA 23.11.1887: L&G; 27.10.1891: Court). Nie 'n enkele van die knap Crozier se strafuitsprake is nietig verklaar nie en slegs een siviele uitspraak is herroep (MBA 23.12.1890: Hoofartikel).

4.1.2 Die residensie: "somewhat of a disgrace"

Die Advertiser het dikwels oor die residensie beswaar gemaak. Die ou huis het die dorp nie eer aangedoen nie, is verklaar, en was onder meer as gevolg van sy ongunstige ligging ongeskik om as magistraatswoning te dien. Die omgewing was, soos reeds gesien, onwelriekend vanweë die slagplaas en kraal wat op 'n deel van die aangrensende erf geleë was. Die magistraatsgesin het min privaatheid en rus geniet aangesien hulle reg oorkant winkels in 'n digbeboude deel van Marshstraat gewoon het en die berugte Masonic Hotel (MBA 10.7.1888: Council) en die bedrywige Rose & Crown-kantien as bure gehad het (MBA 12.3.1901: Correspondence; 11.2.1902: Notice). Die woning is in 1897 ten volle gerestoureer en die blad het trots verklaar dat "it will no longer be with a feeling of repugnance that a new tenant will take up his abode there" (MBA 5.10.1897: Jottings). Hierdie mening is egter nie lank gehuldig nie aangesien daar skaars drie jaar later verklaar is dat die residensie nie meer "a fit and proper residence for the functionary who represents the Government" was nie.

Marshstraat wat in die rigting van die Punt verdwyn. Die residensie verskyn regs met vlagpaal aan die balkon. Links daarvan is die Masonic Hotel en regs is die Wassung-woning "Milner House". Die straat is met mis besaai. Die klipafvoerslote is reeds met gladde sementslootjies vervang. Dickenson se winkel verskyn links.

Foto: KA R1692

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Redakteur McIntyre het voorgestel dat dit in staatskantore, waarvoor dit uitstekend geleë was, omskep word. 'n Nuwe woning kon op die grond van die magistraatskantoor, wat nie sentraal geleë was nie, opgerig word. Hierdie "capital site" (MBA 18.9.1900: Hoofartikel) sou die nodige "comfort and privacy" aan die hooggeplaaste amptenaar bied: "The more the Government make of an official holding the position we allude to, the more they invest him with that importance in the sight of that section of the public, especially, who are more impressed by these outward and visible signs, than there is, perhaps given credit for." Die blad het dit voorts bekla dat "such a functionary and his family [are dumped] down anywhere, amidst surroundings that do anything but inspire the respect that ought to be instilled into the minds of the populace and inculcated as a lesson to enhance the authority [...]" (MBA 16.7.1901: Hoofartikel).

Nadat die owerheid vir 'n geruime tyd oor die probleem besin het (MBA 16.7.1901: Hoofartikel), is C.W. Noble se "splendid estate", Weston, vroeg in 1903 as residensie aangekoop (MBA 24.2.1903: Hoofartikel). Hierdie huis is in Kerkstraat oorkant Kaapweg geleë en is deur die RNG as moontlike gedenkwaardigheid gelys (NMC 1985: 48; Cape Govt Railway Dept 1909: 108). Die oorspronklike residensie was op erf 2907 (MB erf 4: 2907) geleë op die hoek van Marsh- en Zietsmanstraat en was volgens tydgenootlike foto's 'n groot, maar onindrukwekkende dubbelverdiepinghuis reg teenaan die straat. Die traliewerk was eenvoudige houtsparretjies en daar was 'n vlagpaal aan die balkon. Die poskantoor is tans daar geleë.

4.1.3 Magistraatskantoor: "rather dingy"

Die "Public Offices [...] a plain, bold, clump of buildings, all massed in one" was op die verste uithoek van die dorp in Blandstraat geleë. Die ligging was uitstekend vir 'n tronk maar ongerieflik vir 'n kantoor wat gereeld besoek moes

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

word (MBA 13.10.1889: Odds). Die gebou was omring deur 'n "pleasant ground and Port Jackson, willow, fir, and other trees" (MBA 19.8.1874: Correspondence). Die grond was egter ook die ideale houplek van slange, en kobras van 1,25 meter en langer is meermale buite, en ook binne, gedood (MBA 23.1.1884: Brokkie; 13.1.1891: Brokkie; 20.1.1891: Brokkie). Die gebou is in 1861 voltooi en was volgens foto's 'n fortagtige enkelverdieping van afgewerkte klip. Die hoeke, deure en paar smal vensters is met 'n gepleisterde sleutelpatroon, wat kenmerkend van die dorp se vroeë argitektuur was, versier. Dit is ten spyte van algemene vertoë in die 1960's gesloop (Argus 11.4.1962: 15).

Die hofsaal en magistraatskantoor was in dieselfde gebou as die onhigiëniese tronk en tronkhospitaal (MBA 18.9.1900: Hoofartikel). Die hofvertrek was klein en die plaaslike koerant het meermale geskryf dat dit aan 'n sel herinner. Dit was gemeubileer met lessenaars, 'n tafel met baai bedek, stoele en 'n beskuldigde-, getuie-, en juriebank (MBA 4.8.1880: L & G). Die rubriekskrywer Jack-o'-Lantern het in 1880 (MBA 13.10.1880: Odds) soos volg oor die swak akoestiek (MBA 11.8.1875), beligting en lugtoevoer (MBA 4.4.1883: Hoofartikel), berig:

> "The atmosphere of the place, when crowded by the great unwashed, as it always is when the Circuit Judge sits, is painfully oppressive and stifling, and must, I imagine, give one a faint idea of the misery and agony endured by the hapless inmates of the 'Black Hole of Calcutta'. [...] If other Court-houses in the Colony are like ours, I don't wonder at the sickly look some of the barristers on Circuit have."

'n Omgangsregter het inderdaad twee en 'n half jaar later na die "defective internal arrangements" verwys. Die Advertiser het gehoop dat hy die saak sou aanmeld aangesien dit 'n beproewing was om vir 'n geruime tyd in die kamer te

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vertoef. Oor die ongeskikte juriebank het regslui dikwels gekla (MBA 4.4.1883: Hoofartikel). Net na die eeuwisseling het 'n ontevrede regter gesê dat hy met elke sitting oor die hofinrigting en veral oor die juriebanke beswaar moes maak. Op sy bevel is al die vensters, ("such as they are"), oopgegooi en is die deur wat na die tronk gelei het, oopgehou om die lugtoevoer te verbeter (MBA 14.4.1903: Court).

Redakteur McIntyre het in 1900 die stand van sake soos volg (MBA 18.9.1900: Hoofartikel) opgesom:

> "That our local Public Buildings are antiquated and altogether out of proportion to the requirements of this advancing sea-port [...] is sufficiently patient to every observer [...]"

Alhoewel die gebou in 1906 reeds so vervalle was dat dit 'n gevaar vir die amptenare ingehou het (MBA 20.11.1906: Gaol), is 'n nuwe magistraatshof eers in Februarie 1927 in gebruik geneem (MBA 15.4.1983: 4).

4.1.4 Tronk

"Our Gaol and Lock-up is a substantial stone building, grim looking enough for any prison, not so secure, perhaps, as prisons can be made" (MBA 26.10.1887: Brokkie), het die Advertiser by 'n geleentheid tereg opgemerk. Gevangenes het in die middel sewentigerjare by twee geleenthede ontsnap deur gate in die mure te kap. Tydens die eerste voorval het almal daarin geslaag om te ontvlug (MBA 3.5.1876: L&G; 15.8.1877: L&G). In die tagtigerjare het 'n jong Amerikaner van Halifax, wat in Aloestraat gewoon het, binne ses dae twee keer oor die tronkmuur weggeglip. Voor sy laaste ontsnapping was sy hande nie net geboei nie, maar was hy ook aan 'n voorwerp in sy sel vasgeketting. Hy is weer in Kaapstad in hegtenis geneem en na Mosselbaai gebring waar hy by die smidswinkel

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

in voetboeie geplaas is. Ten spyte hiervan is die plaaslike bewaking nie as veilig genoeg beskou nie en is hy Kaapstad toe gestuur (MBA 7.9.1887: L&G; 14.9.1887: Court; 14.9.1887: Escaped; 16.11.1887: L&G; 7.12.1887: L&G).

Ontsnappings het ook meermale by dwangarbeiderspanne voorgekom (MBA 18.12.1878; 12.12.1883; 24.3.1886). Nadat 'n ontsnapte weer in hegtenis geneem is, is hy gewoonlik in boeie geslaan (MBA 18.10.1876: Circuit; 15.8.1877: L&G; 14.9.1887: Escaped). Aangehoudenes wat van George na Mosselbaai verskuif is, moes onder polisiebewaking die afstand te voet aflê (MBA 26.1.1881). Na en van Port Elizabeth en Kaapstad is gevangenes per skip vervoer en passasierslyste in die Advertiser is dikwels met woorde soos "and three female convicts" (MBA 3.5.1876) afgesluit.

Tenders is vir die verskaffing van voedsel gevra en die advertensies gee 'n insig in die dieet van die aangehoudenes. Die volgende produkte is aangevra: gort, bone, beesvleis, skaapvleis, koringmeelblom, bruinrys, sout, koffie, melk, suiker, asyn en tabak. Ook voorbereide disse soos gekookte skaap- en beesvleis, gekookte kafferkoring en mielies (tot die digtheid van brood gekook), bruinbrood, sop en ryswater moes verskaf word. Sop is gedefinieer as die vloeistof waarin minstens 125 gram rys saam met 1 kilogram vleis per 2,5 liter water gekook is. Ryswater vir mans het bestaan uit 225 gram rys wat in 10 liter water tot 1,1 liter vloeistof afgekook is. Vir vroue en seuns is 100 gram rys in 1 liter water tot 'n halwe liter vloeistof afgekook (MBA 25.10.1876: Tenders; 30.5.1877: Notice). Tronkuitgawes is in die middel tagtigerjare besnoei deur die maaltye, wat een sjieling per dag per gevangene gekos het, so aan te pas dat dit slegs 3d tot 4d bedra het. Vleis is deur vis en mielies vervang, behalwe op Sondae wanneer 450 gram brood en 450 gram vleis aan elk verskaf is (MBA 18.11.1885: Prison).

Ander benodigdhede waarvoor tenders gevra is, gee ook 'n beeld van die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tronkomstandighede. Klerasietenders vir onder meer die volgende is gevra: japonne van beide sis en keperstof, rokke, katoensakdoeke, vilthoede, grys baadjies, naalde, grys sowel as molveloorpakke, veldskoene, onderrokke van katoen sowel as wit baai en blou serge, en hemde van wit sowel as gestreepte stof en ongebleikte linne. Onder beddegoed is tenders vir grys en wit komberse, strooimatrasse, kussings en matte aangevra (MBA 12.10.1881: Notices). Die volgende gereedskap is gelys: groot staalskêre, kruiwaens, rietbesems, byle, koevoete, pikke, grawe, skopgrawe en troffels. Vir beligting is vetkerse, katoenpitte, lampolie en geelkoperblakers aangevra en vir sanitêre geriewe kamerpotte, nagvuilbalies, kalk, seep, fyn haarkamme, sinkemmers, borsels en doodskiste. Die borde, vurke, soplepels en kastrolle was van blik. Groot hangslotte is benodig en onder die opskrif "Infliction of Punishment" is handboeie per paar en voorslagrieme per string aangevra (MBA 30.5.1877: Notice; 9.1.1878: Notices).

Kort na die Amerikaner se tweede ontsnapping in 1888 het 'n staatsamptenaar van Kaapstad die tronk kom ondersoek en gunstig daaroor berig (MBA 7.2.1888: Brokkie). Volgens 'n parlementêre verslag wat later dieselfde jaar verskyn het, was tronktoestande in die Kolonie oor die algemeen swak (MBA 19.6.1888). Almal het tot aan die einde van die negentiende eeu klein hospitale gehad, maar dit was dikwels in 'n vervalle toestand (Hatersley 1969: 169,173). Ook dié van Mosselbaai het veel te wense gelaat en daar is in 'n hoofartikel daarna verwys as "the miserable apology for a hospital". Dit het waarskynlik slegs uit een vertrek bestaan, want daar is berig dat dit vol was toe slegs een vrou daar gehuisves is (MBA 19.12.1893: Hoofartikel). Operasies, soos die afsetting van 'n seun se bene as gevolg van gangreen, is hier uitgevoer. Die onhigiëniese toestande was moontlik daarvoor verantwoordelik dat die pasiënt nege dae later oorlede is (MBA 7.8.1888: L&G; 14.8.1888: Brokkie). In 1900 het redakteur McIntyre hieroor (MBA 18.9.1900) betoog:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"Look at our gaol buildings [...] which are anything but what they are required to be in these days when hygienic principles and the provisions for proper sanitation, etc., are considered to be duly observed and carefully provided for [...]".

Die hoeksteen van 'n nuwe tronk, wat die vervalle 1861-gevangenis moes vervang, is in 1906 gelê (MBA 20.11.1906: Gaol).

4.1.5 Polisie

Die Mossel Bay Advertiser het in 1874 berig: "The present force (if the two worthy men who constitute it may be dignified with that title) is totally inadequate to the requirements of the town" (MBA 11.3.1874: Hoofartikel). Een van die dienare was daarbenewens by die hof werksaam en die ander in beheer van die dwangarbeiderspan. Alhoewel daar ook 'n hoofkonstabel was, was daar niemand wat orde op straat kon handhaaf nie (MBA 1.4.1874: Correspondence). Die sensus wat in die volgende jaar gehou is, het die bevolking van die dorp as 1 361 aangegee (MBA 4.6.1889: Census). In 1877 sou die mag, met die oog op die instelling van nagpolisiediens, van drie na ses vergroot word (MBA 28.11.1877) maar dit is onwaarskynlik dat dit gebeur het aangesien daar in die laat negentigerjare slegs vier konstabels was waarvan twee dagdiens en twee nagdiens verrig het. Die Dorpsraad wou die getal verhoog, maar het teenkanting van owerheidsweë gekry (MBA 5.4.1898: Council). In 1901 het die mag uit ses mans bestaan (MBA 21.5.1901: Meeting).

Die polisie was ongedissiplineerd en sommiges het sporadies vir pligsversuim voor die hof gekom. Na een so 'n geleentheid is berig: "[the Magistrate] severely reprimanded the members of the police force on their dereliction of duty and drunkenness". In 1879 is twee konstabels afgedank (MBA 25.6.1879: Court; 2.7.1879: Court; 2.6.1880; 2.8.1892: Court) en twee jaar later is een

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gevonnis nadat hy 'n man in die Masonic Hotel, en daarna dié se eggenote in haar huis, aangerand het (MBA 13.7.1881: Court). Die "defective state" van die korps is toegeskryf aan die lae salaris van £70 per jaar, wat minder was as wat 'n "coolie" (pakkiesdraer) verdien het (MBA 28.11.1877; 6.10.1880: Odds). Die "Bobby" het boonop lang ure gewerk en moes dikwels in ongunstige weersomstandighede sy rondtes doen. Volgens 'n korrespondent sou fatsoenlike mans nie gevind kon word voordat hulle nie ten minste dieselfde salaris as die draer gekry het nie (MBA 16.2.1881: Correspondence). Kort na die verskyning van hierdie brief het almal bedank (MBA 2.3.1881: L&G).

Groot ontevredenheid het oor die polisie geheers. Belastingbetalers, wat volgens die waarde van hul eiendom polisiebelasting moes betaal, het gevoel dat hulle nutteloos was aangesien hulle geen poging aangewend het om die munisipale regulasies af te dwing nie (MBA 2.10.1878: L&G; 21.9.1881: Correspondence). Inwoners het dikwels persoonlik belonings uitgeloof vir die opspoor van vandale (MBA 11.1.1882; 14.2.1872). Ook die Dorpsraad was ontevrede. Alhoewel hulle vir die helfte van die onderhoudskoste van drie van die manskappe verantwoordelik was (MBA 8.10.1889: Council; 21.5.1901: Meeting), het die polisie onder die owerheid geressorteer en het hulle geen seggenskap by aanstellings gehad nie (MBA 6.12.1892: Council). Die Raad het die polisie vroeg in 1892 die diens opgesê, maar hulle tog weer aangestel voordat die datum waarop hulle moes uitree, bereik is (MBA 9.2.1892: Council; 8.3.1892: Council).

Van die konstabels het 'n "slovenly and untidy" indruk geskep aangesien hulle in hul vrye tyd in hul uniforms, wat blou van kleur was (MBA 1.4.1874: Correspondence), rondgery en gejag het (MBA 8.3.1892: Council). In 1880 is twee "tell-tale clocks" (wagklokke wat die rondtes van die polisie geregistreer het) aangekoop sodat toesig oor die nagpolisie uitgeoefen kon word (MBA 10.11.1880: Municipality). Die apparaat, wat goed aan die doel beantwoord het, is egter drie jaar later op Nuwejaarsdag gesteel (MBA 17.1.1883: Notice).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Aanvullende konstabels het gewoonlik gedurende die Kers- en Nuwejaarsfeestyd diens gedoen (MBA 6.12.1882: Municipality; 11.12.1894: Council). In 1895 het die Afdelingsraad twee berede polisiemanne aangestel om veediefstal in die distrik te help bekamp (MBA 13.11.1894; 23.4.1895).

Die Advertiser het in 1899 hoopvol berig oor 'n nuwe hoofkonstabel wat op Mosselbaai aangekom het:

> "Hij heeft een fiere houding en is iemand die hoog aangeschreven staat als een man van hooge beschaving, die wij hopen hem goed te staan zal komen in het verhoogen in de oogen van het publiek van eene positie die in Europa veel hooger staat dan door den drang van omstandigheden zij tot nog toe bereikt heeft in dit land" (MBA 12.9.1899: Brokkie).

'n Artikel met die opskrif "No More Police Rate" het in November 1901 die goeie nuus aangekondig dat die polisiemag binnekort in 'n doeltreffender liggaam omskep sou word en dat munisipale en gemeenskapsbydraes sou verval (MBA 5.11.1901). Die Suid-Afrikaanse Polisie, 'n nasionale polisiemag wat as selfstandige staatsdepartement aan die Minister van Wet en Orde verantwoording moes doen, het op 1 April 1913 ontstaan (Burger 28.4.1988 Bylae: 7).

4.1.6 Rondgaande Hof

Die besoek van die omgangsregter en sy gevolg was 'n groot sosiale gebeurtenis en het met prag en praal gepaard gegaan. Van die inwoners het sy lordskap, wat met 'n kapkar gereis en tydens sittings 'n pruik gedra het, buite die dorp ingewag en hom, die advokate en gevolg van Maleier-handlangers geesdriftig die dorp binnegelei (Haasbroek 1941: 14; Rosenthal gd: 87). Tydens die langer rondgange kon tot 3 200 kilometer afgelê word en is honderde perde, osse en tot

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

83 berede gidse wat mekaar afgelos het, benodig om die regsgeleerdes, hul bediendes en bagasie te vervoer. Dit is dus om begryplike redes as 'n groot finansiële las vir die owerheid beskou (Hattersley 1969: 168).

Die Rondgaande Hof het vir die eerste keer in Maart 1862 op Mosselbaai gesit (Argus 22.3.1862: Mossel Bay). Die Mossel Bay Advertiser het soos volg oor 'n sitting in Maart 1874 berig:

> "The large number of farmers and country people in the town showed that something unusual was about to take place and some time before the hour appointed for the opening of the Court, numbers of persons were seen wending their way to the court-house, and by ten o'clock there was a large gathering of all classes."

Die swak geventileerde kamer was gou so drukkend dat dit 'n verligting was toe die hof vir 'n kwartier verdaag is (MBA 18.3.1874: Circuit). Die hof het Mosselbaai, wat besonder misdaadvry was, sedert die sewentigerjare gereeld aangedoen. Dit was gewoonlik in Maart of April, en/of September. Tussen 1881 -- 1900 was daar nege handskoensittings waar geen strafsake voorgekom het nie. By so 'n sitting is 'n paar wit kidleerhandskoene, wat die onskuld van die gemeenskap versinnebeeld het, deur die onderbalju aan die regter oorhandig (MBA 19.3.1889: Circuit) wat daarna die gemeenskap gelukgewens het (MBA 28.9.1887: Hoofartikel; 2.10.1888: Circuit). Dit is ironies dat T.S. Sheard, wat die pos van onderbalju sedert 1880 beklee het, in 1894 van die dorp verdwyn het nadat hy hom sewe jaar vantevore aan bedrog skuldig gemaak het (MBA 20.10.1880; 9.7.1895). Van Mosselbaai is die hof na George of Riversdal (MBA 11.3.1874: L&G; 17.3.1891: Brokkie).

Juriediens is as besonder lastig beskou en was uiters ongewild aangesien 'n lid wat van ver moes kom, tot 'n week van sy plaas afwesig kon wees. Juries is

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

slegs vir strafsake saamgestel. Volgens die kultuurhistorikus A.F. Hattersley het lede nie veel verstaan van die onpartydigheid wat van hulle verwag is nie (1969: 168-169). Die jurielys, wat uit tien manlike burgers saamgestel is, is in Februarie ter insae by die pos- of magistraatskantoor aangebring (MBA 10.2.1875; 8.2.1882: Notice; 12.4.1898: Circuit) en afwesigheid is met 'n boete van 40 sjielings gestraf (MBA 8.10.1889: Circuit). Die jurie is na afloop van die sitting bedank en die regter het met handskoensittings sy meegevoel uitgespreek teenoor diegene wat onnodig van ver af moes reis (MBA 2.10.1888: Circuit; 19.3.1889: Circuit). Redakteur Powrie het in April 1894 voorgestaan dat jurielede, net soos getuies in strafsake, vergoeding moes ontvang (MBA 17.4.1894). Vyf maande later is 'n wet wat hiervoor voorsiening gemaak het, bekragtig (MBA 11.9.1894: Nieuws). Van toe af is jurielede vroegtydig in kennis gestel van 'n handskoensitting waar hul teenwoordigheid uit die aard van die saak oorbodig was (MBA 18.9.1894: L&G).

Besoekende regsgeleerdes is dikwels, soos dit in Engeland die gebruik was, op 'n sogenaamde "Circuit dinner" of bal vergas (Haasbroek 1941: 14; Rosenthal gd: 87). Onder die opskrif "Ball to the Barristers on Circuit", is 'n dansparty in in Oktober 1876 in die saal van die nuwe Vrymesselaarslosie soos volg beskryf:

> "The Hall [...] was excellently lighted, the handsome chandeliers just imported by the Lodge adding very considerably to the appearance of the room. The decorations also were pretty, and the dresses of the ladies blended remarkably well; so that the <u>tout ensemble</u> was very pleasing, and the scene was one of the gayest we have witnessed for some time. The supper table, tastefully laid out, was loaded with every delicacy procurable. Dancing was kept up with spirit to the small hours, and all seemed to have heartily enjoyed themselves" (MBA 18.10.1876: Ball).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Op een van die drie geskilderde dansprogramme in die saal was 'n grappige afbeelding van Neptunus wat kalm op "Davy Jones's locker" die Advertiser gesit en lees het terwyl hy aan sy pyp gesuig het. In seemanstaal (Kemp 1988: 232), is Davy Jones die seegees, en die seebodem sy kis (MBA 18.10.1876: Ball). Die danspartye moes gewild gewees het, want by 'n ander geleentheid is berig dat die bywoning goed was ten spyte van die "excessively sloppy state of the streets" (MBA 22.3.1876: L&G). Die rubriek Notes by the Way het geskerts dat Mosselbaai op vermaaklikheidsgebied vir die gebrek aan hofsake moes vergoed (MBA 22.9.1891).

Die omgangsregter het tot in 1899 in die Union Hotel tuis gegaan (MBA 7.3.1899: advertensie). Daarna is tenders vir verblyf in 'n privaatwoning gevra. Die volgende moes verskaf word: twee slaapkamers vir die regter en gevolg, 'n slaapkamer vir die griffier, 'n eetkamer, 'n sitkamer en verblyfplek vir twee manlike bediendes (MBA 21.2.1899: Circuit). Die verlangde verblyf was waarskynlik tog beknop, want met die vorige sitting was die regter deur vyf advokate vergesel (MBA 12.4.1898: Circuit). Die welgestelde en gesiene sakeman John Mudie se huis is vir dié doel gekies (MBA 4.4.1899: Circuit). Die werkers het waarskynlik op die openbare uitspanning gekampeer by die waens, karre en trekdiere.

4.2 Misdaad

Soos reeds gesien, was Mosselbaai betreklik misdaadvry. Deure en vensters is bedags en saans tot laat oopgehou (MBA 11.11.1890). Gevalle van geringe diefstal, aanranding, dronkenskap en onbetaamlike ontbloting het voorgekom. Dieselfde name word keer op keer in hofverslae aangetref. So het Daniel Snell meer as vyftig keer op drankverwante klagte voor die hof verskyn (MBA 11.11.1902: Council) en is Jack Thomas 27 keer in 'n vyfjaar-periode skuldig bevind aan soortgelyke misdade (MBA 20.8.1884: Court). Daar is dikwels na Dina

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Pana, wat sporadies met ryswater, eensame opsluiting en dwangarbeid gestraf is, as "an old offender" verwys. Tussen 1884 - 1886 is sy minstens veertien keer op klagte van dronkenskap veroordeel -- "drunk and riotous in Marsh street" (MBA 17.9.1884), "being drunk in Montagu street" (MBA 28.4.1886), "being drunk and riotous in a public square" (MBA 24.6.1885), "indecent behaviour" (MBA 23.4.1884).

In Engeland het goedkoop jenewer en 'n gebrek aan vermaak by die laer klasse daartoe gelei dat drankmisbruik in hierdie tyd 'n groot probleem was (Altick 1973: 184). Dronkenskap het volgens die historikus, P.W. Laidler, in die Kaapkolonie onder alle klasse, maar veral onder die armes, voorgekom (1971: 370). In die Kaap was dit nie goedkoop jenewer nie, maar goedkoop brandewyn, "a villainous compound" wat as "Cape Smoke" bekend gestaan het, wat die kwaad aangehelp het (Widdicombe 1915: 73). Op Mosselbaai was daar ook tot laat in die tagtigerjare min georganiseerde vermaak vir die laer klasse. Eers later is sportgeleenthede vir bruinmense geskep. Drankmisbruik was tot die negentigerjare 'n groot euwel, waarna 'n amptelike verslag 'n afname getoon het (MBA 5.8.1890: L&G). In die sewentigerjare skryf "Ratepayer" in die briewekolom van die Mossel Bay Advertiser (1.4.1874) dat 'n "guardian of the peace" nodig was "to guard respectable people from having their ears assailed by profane swearing and obscene language, and from having their sight insulted by indecent exposures by tipplers, who, haunting canteens at all hours of the day, are constantly guilty of these disgraceful proceedings, which are unhappily a daily occurrence". Skoolkinders is daagliks aan hierdie toestande blootgestel en "Ladies who have occasion to go out, run the risk of having their delicacy shocked by vile expressions and actions, which are openly and shamelessly perpetrated by those who appear purposely to do so when the gentler sex happen to be passing."

Behalwe dronkenskap op straat, het gevegte soms ook by die Standard (MBA

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

16.8.1876: Court; 24.1.1883), Union (MBA 31.12.1879) en Masonic Hotel voorgekom waar meer gesiene burgers die skuldiges was. Die magistraat het die Masonic Hotel se kroegman, wat self weens 'n vegtery gevonnis is, ernstig aangespreek oor die wangedrag wat hy in die kantien toegelaat het (MBA 2.6.1880: Court). Volgens die magistraat wat, soos vroeër gesien, langs die Masonic woonagtig was, het daar "frequent disturbances" plaasgevind (MBA 13.7.1881: Court) en was daar te veel geraas in die omgewing (MBA 4.2.1880). Selfs 'n konstabel is per geleentheid hier vir wangedrag in hegtenis geneem. Die kroeë was veral bedrywig tydens die Nagmaalnaweek met die boere se besoek en daar het dan volgens die magistraat altyd "some row" plaasgevind (MBA 13.7.1881: Court).

In 1896 is beweer dat Mosselbaai oor die algemeen 'n "fairly sober town" was en dat dronkaards selde gesien is (MBA 14.1.1896: Unsavoury). In 1897 is net 132 mense gevonnis (MBA 8.3.1898: Licencing). Veldtogte van matigheidsbewegings en sportgeleenthede vir bruinmense sou hiertoe bygedra het. 'n Lys van diegene wat vir 'n bepaalde tyd nie van drank voorsien kon word nie, is ook gereeld onder die opskrif "Stopping of Liquors" in die Advertiser geplaas (MBA 27.2.1894; 9.4.1895). Vonnisse is dikwels vir die verbreking van hierdie verbod opgelê (MBA 27.3.1894; 17.4.1894; 26.6.1894: Court).

Geen verwysing na prostitusie is gevind nie. Dit is verbasend aangesien daar in Kaapstad in die negentigerjare 34 geregistreede bordele en twee prostitute vir elke polisieman was (Picard 1969: 93-94). Tydens 'n munisipale vergadering op Mosselbaai in 1901 is slegs opgemerk dat "some undesirable women [were] knocking about town" en dat hulle deur die polisie dopgehou moes word (MBA 16.4.1901: Council).

Siviele sake in verband met skuldbewyse wat nie gehonoreer is nie, was algemeen. So het daar op 12 Februarie 1877 twaalf gevalle voorgekom (MBA 21.2.1877: Court), op 26 Februarie vier (MBA 28.2.1877) en op 9 Maart vyf (MBA

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

14.3.1877). "Promissory Note Book[s]" in Engels sowel as Nederlands was by die kantoor van die Advertiser te koop (MBA 30.8.1876). Ander sake wat dikwels voorgekom het, was dié kragtens die Wet op Here en Diensbodes. Werkgewers wat betaling van werknemers weerhou het (MBA 19.6.1878; 24.11.1880: Court), en werkers wat versuim het om by die werk op te daag (MBA 24.11.1880; 19.1.1881; 15.2.1882: Court), is aangekla.

Die dorpie wat "almost entire immunity from burglaries and housebreakings" geniet het (MBA 11.7.1877: Hoofartikel), is in 1877 deur 'n vlaag inbrake getref. Daar is ingebreek by B.B. Lyons se winkel "Aliwal House" (MBA 11.7.1877), Fleming & Mudie, Matfield se kantien (MBA 1.8.1877: L&G), Prince Vintcent & Co se pakhuis (MBA 7.11.1877) en by Andrew Miller se winkel (MBA 12.12.1877). Daar is vermoed dat 'n groot rowerbende daarvoor verantwoordelik was en handelaars en ook die publiek het vergader om die moontlikheid van die instelling van 'n nagwag te bespreek (MBA 1.8.1877: Hoofartikel). Van die skuldiges is gevang en dit het geblyk dat een negentien jaar tevore as konstabel op Mosselbaai diens gedoen het (MBA 1.8.1877: L&G). Die rus is weer in so 'n mate herstel dat daar in die tagtigerjare beweer kon word dat 'n inbraak "a most unusual thing in Mossel Bay" was (MBA 14.4.1886) en in die daaropvolgende dekade dat die dorp bykans vry van inbrake was (MBA 11.11.1890: Notes).

Die gemeenskap is op Dinsdag, 11 Oktober 1887, met skok en afgryse vervul toe dit bekend geword het dat die sewejarige dogtertjie van die bekende bouer en raadslid John Delbridge, wat onder meer vir die Kleinbosch-waterskema verantwoordelik was, onderweg skool toe verkrag en vermoor is. Louisa Ann, of Popsy soos sy genoem is, se lyk is die aand deur 'n soekgeselskap vyftig tree van die skoolgebou (die ou kerk) in die tuin van die NG pastorie gevind waar sy met 'n klip doodgekap is. Die 27-jarige William Matfield, seun van 'n bekende familie, is in hegtenis geneem. Sy vader, George, was munisipale raadslid (MBA

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

24.1.1888: L&G) en eienaar van die Rose and Crown-kantien in die straat wat na die familie vernoem is. Die gemeenskap het dit vreesaanjaend gevind dat die moord nie slegs helder oor dag nie, maar naby die magistraatskantoor en slegs tien tree van die bedrywige Blandstraat, plaasgevind het (MBA 12.10.1887: Murder). Die Advertiser (19.10.1887: Hoofartikel) het soos volg berig oor die gevoelens wat geheers het:

> "The shock which the town has sustained by this unheard-of crime may be called a social earthquake; a feeling of uncertainty and insecurity pervades people's minds. Women are rendered timid, children are terror-struck; and not without reason. [...] The perpetration of this outrage -- unequalled in atrocity in the annals of crime in this Colony; we might almost venture to say unequalled anywhere -- is a grim mockery of our boasted freedom from crime. Whilst we were congratulating ourselves on the fact that for the last three Circuits there has been no case here of sufficiently grievous nature to call for the decision of a Judge, we have been harbouring in our midst a very demon in human form, a monster whose sensual appetite seems only to be equalled by his callousness to human suffering."

'n Voorlopige ondersoek is onmiddellik in die magistraatshof gehou (MBA 19.10.1887: Tragedy) en die vonnis is ses maande later na 'n verdere verhoor, in die Rondgaande Hof gevel. Die regter en advokaat het die dag van die uitspraak die plaaslike koerant se bevooroordeelde kommentaar, wat die openbare mening en jurielede kon beïnvloed het, ten sterkste afgekeur. Die Advertiser het inderdaad die dag na die moord reeds die hoop uitgespreek dat Matfield die hoogste tol sou moes betaal (MBA 12.10.1887: Murder). In die daaropvolgende uitgawe (MBA 19.10.1887: Hoofartikel), waarteen die regter in besonder gekant was, is op verdoemende wyse oor hom geskryf. Die koerant (MBA 10.4.1888:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Circuit) se beriggewing van die hofverrigtinge was dramaties:

> "the scene in the Court-room, lighted at one end by half-a-dozen candles, was as unwonted as it was weird. The light revealed in the body of the room a sea of strained and anxious faces, faces of men who knew and felt that human life was hanging in the balance, but who knew not which way the scale would turn."

Die jurie het na slegs vyf minute se beraadslaging na die hof teruggekeer waar hul uitspraak in ademlose stilte ingewag is.

> "Then in answer to the Registrar's usual question came the verdict 'Guilty' -- 'Schuldig', -- and as it fell there was a feeling of relief, but anxiety was only removed to give place to a feeling of awe, for now the Court was almost in the presence of death, as if the shadow of the dark angel already filled the room."

Die laksman het op 20 Mei aan boord van die Grantully Castle aangekom (MBA 22.5.1888: Brokkie) en Matfield is die oggend van 29 Mei in die binnehof van die tronk tereggestel. Die Advertiser het onder die opskrif "Execution of William Matfield" berig dat hy die oggend om kwart voor agt in sy sel geboei is en na die skavot geneen is. Hy is vergesel deur twee konstabels en die priester wat hom die voorafgaande weke bygestaan het. Na die voorlesing van 'n diens het Matfield kalm na die galg gestap. Hy het 'n paar woorde gesê. Om agtuur is die strop reggestel en is die vonnis in die teenwoordigheid van 'n paar mans, onder andere die onderbalju, distriksgeneesheer en die polisie, voltrek. 'n Groot, sensasiebeluste skare het op die heuwel bo die tronk vergader waarvandaan die meeste van die verrigtinge sigbaar was. In 'n laaste verklaring wat na die teregstelling, soos gebruiklik in die tyd, in die koerant verskyn het, het Matfield onder meer die hoop uitgespreek dat sy vrou en vier

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kinders op 'n mensliewende wyse behandel sou word (MBA 29.5.1888).

In hierdie tyd is baie publisiteit verleen aan verkragtingsake, wat volgens die pers ernstig toegeneem het. Koerante was deurgaans gekant teen die ligte vonisse wat opgelê is. Die Eastern Province Herald het selfs berig: "A little Lynch law would probably be the most certain means of putting down these atrocious offences" (MBA 19.10.1887: Brokkie). Op Langlaagte (MBA 24.1.1888: Nieuws) en Cradock (MBA 21.8.1888: Nieuws) is verkragters op die nippertjie na gelynch. Op Standerton is boere wat die tronk bestorm en 'n verkragter lewend aan stukke gesny het, deur 'n jurie onskuldig bevind (MBA 26.3.1889; 23.7.1889: Brokkie). Op Mosselbaai, waar verkragtingsake skaars was, is twee sake in April 1900 deur die Rondgaande Hof verhoor (MBA 10.4.1900: Circuit), maar die verrigtinge het kalm verloop.

Aangesien Mosselbaai 'n hawedorp was waar skepe gedurig aangedoen het, is heelwat skeepvaartsake in die magistraatshof verhoor. Misdade wat ter see gepleeg is, het die volgende ingesluit: weiering om diens te verrig (MBA 28.4.1875: L&G; 10.1.1877: Court; 26.3.1884: Court), weiering om bevele te gehoorsaam (MBA 28.8.1878: Court; 2.10.1878: Court), aanranding (MBA 29.9.1875: Court; 19.4.1882: Court), en diefstal van skeepsvoorrade (MBA 24.1.1877: Court; 7.5.1879: Court). Aan land is seelui van rusverstoring, gewoonlik na kantienbesoeke, aangekla (GA 6.5.1869; MBA 31.12.1879; 11.10.1882). Bemanningslede het ook sporadies geweier om aan boord te gaan en het meermale aangevoer dat hul skepe nie seewaardig was nie (MBA 7.8.1878: L&G; 8.2.1882: Haddington). In die meeste gevalle het dit by ondersoek geblyk dat dit slegs 'n verskoning was, maar in die geval van die Westerschelde is bevind dat die vaartuig so onseewaardig was dat dit na Tafelbaai gesleep moes word (MBA 14.8.1878).

Die mees algemene misdryf was drostery. Die skuldiges was afkomstig van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

seilskepe, klein barke en briks, wat gewoonlik pas 'n lang vaart van Europa agter die rug gehad het. Die swak toestande en streng dissipline waarvoor hierdie vaartuie berug was, het sonder twyfel hiertoe aanleiding gegee. Bemanningslede het groot moeite gedoen en soms ook gevaar getrotseer om te ontsnap. Toestande aan boord van die Juventa, wat van Londen na Madagaskar onderweg was, moes onuithoudbaar gewees het aangesien vier matrose gedros het (MBA 31.3.1880) en 'n ander herhaaldelik probeer ontsnap het (MBA 7.4.1880). Twee van die Avola het met 'n steierplank as vlot (MBA 14.2.1893: Desertion) aan land gekom, en die kok van die Monsoon op 'n ligter versteek (MBA 25.5.1882: Court). Gewoonlik is een van die skip se bootjies gebruik. Dié wat in Munrobaai geland het, is spoedig, soos die matrose van die Duitse bark Jurgen, in hegtenis geneem (MBA 14.10.1885: Deserters). Dié wat egter soos die twee van die Naomi anderkant die Groot-Brakrivier op 'n uiters gevaarlike plek aan land gegaan het (MBA 22.2.1882), het 'n groter kans op sukses gehad. As daar gedros is, het die polisie die veld en gewoonlik ook al die grotte langs die kus gefynkam (MBA 14.2.1893: Notes). Een van die Avola se manskappe is vir 'n veedief aangesien en deur 'n boer gewond (MBA 14.2.1893: Desertion).

Die straf vir die weiering om bevele uit te voer, diensverlating, en weiering om aan boord te gaan, was een maand dwangarbeid. Vir aanranding ter see, diefstal van skeepsvoorrade en drostery is drie maande hardepad opgelê (verskeie berigte). Volgens 'n korrespondent, "An Old Salt of 45 Years" (MBA 8.2.1882: Correspondence) was die straf vir drostery in Duitsland en elders veel swaarder en het hy die plaaslike ligte straf betreur. "The proper way of treating such wretches would have been to give each three dozen of the 'cat', not that I am an advocate for flogging [...] but let them know that it can be administered, and you would not have desertion and such shameful conduct as you hear and see in nearly every British vessel that comes into port." Slegs een geval van versteking het in die onderhawige tydperk voorgekom (MBA 11.12.1878: Court). Plaaslike handelaars het meermale skippers gedagvaar omdat ware tydens

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die vaart of in die ontskepingsproses beskadig is (MBA 4.11.1874: L&G; 11.6.1879: Court; 21.1.1880: Hoofartikel), of omdat al die ware nie gelewer is nie (MBA 25.8.1880: Court; 1.9.1880: Court).

Die Mossel Bay Advertiser het sy lesers gereeld ingelig oor die verrigtinge in die howe. Verkragtingsake is egter omsigtig benader en die verswyging van getuienis is soos volg verskoon: "and after evidence which is not fit for publication was taken" (MBA 2.4.1885) of "Into the evidence of this case it is not necessary to enter" (MBA 8.10.1889: Circuit).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5. VERBINDING MET DIE BUITEWÊRELD

Mosselbaai se ontwikkeling het nou saamgehang met die oopstelling van die hinterland en die verbetering van verbindingsweë.

5.1. Passe en rivieroorgange

Die grootste deel van Mosselbaai se hinterland is bergagtig. Die natuurlike hawe word deur twee parallel lopende bergreekse van die binneland geskei. Aangesien die aanleg sowel as die onderhoudskoste van paaie en spoorweë in so 'n gebied hoog is, was dit 'n groot struikelblok vir die ontwikkeling van 'n goeie verkeerstelsel wat noodsaaklik vir ekonomiese vooruitgang is (Nel 1947: 110). Die gebied voor die berge, wat op 'n natuurlike wyse toegang tot die hawe gehad het, was beperk en kon nie genoeg lewer sodat dit vir skepe die moeite werd was om daar aan te doen nie. Die baai was dus betreklik nutteloos voordat passe gebou is (Hawes 1859: 17).

Die eerste poging om die suidkus uit sy knellende isolasie te bevry, is net na die stigting van die drosdy van George in 1811 aangewend toe die Cradock-pas reg noord van die dorp gebou is. Hierdie pas, wat na goew. sir John Cradock vernoem is, het egter nie veel gehelp om die isolasie-probleem op te los nie. Die roete was so steil dat 'n dier sonder vrag nouliks daar kon uit (Botha 1918a: 17). Dit kon tot drie dae duur om die 9 kilometer oor die Outeniekwa-bergreeks met 'n ossewa af te lê. In 1848 is dit met die Montagu-pas vervang wat die eerste behoorlike padverbinding met die binneland bewerkstellig het (Raubenheimer 1943: 43). Die nuwe pas is vernoem na die koloniale sekretaris, John Montagu, wat hom dit ten doel gestel het om die isolasie van die binneland op te hef (Newman 1855: 106). Mosselbaai is hierdeur met die distrik

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Oudtshoorn verbind en produkte van dié gebied kon voortaan deur die hawe uitgevoer word. Dit het 'n geweldige stoot aan die handel gegee (Botha 1918a: 17) en daar sal gesien word dat die eerste groot handelshuise in dié tyd op die dorp gestig is.

Om die Groot Karoo te bereik, moes 'n pad oor die Swartberge gebou word (Nel 1947: 15). Dié bergreeks is meer massief en aaneengeslote en was die belangrikste struikelblok in die weg van verbindingsroetes na die noordelike binneland (Stroebel 1969: 7-8). Die opening van Meiringspoort in 1858 was 'n groot deurbraak aangesien Mosselbaai met die veedistrik van Beaufort-Wes (deur Oudtshoorn) en die eindelose binneland verbind is. Die handel het begin toeneem en transportryers is gedurig op die paaie gesien (Nel 1947: 16). Die ossewatog na die hawe het agt tot twaalf dae geduur (Hawes 1859: 17). Die hawemeester van Mosselbaai kon kort hierna in die Nautical Magazine and Naval Chronicle berig: "the subsequent rise in the value of landed property [...] has altogether baffled computation" (Laws 1861: 570).

Nog 'n groot deurbraak was die voltooiing van die Robinsonpas in 1869 (Blue Book 1869: JJ17). Dit is vernoem na die adjunk koloniale ingenieur en kommissaris van paaie (Botha 1919: 25). Die pas is oor die Ruiterboschberg gebou en het die afstand tussen Mosselbaai en die vrugbare Oudtshoorn-distrik tot slegs 'n dagreis verkort (Blue Book 1868: JJ21). Die ontwikkeling van die "rising sea port of Mossel Bay" was nou verseker. Die Advertiser het vier jaar later berig dat die vooruitgang op handelsgebied van so 'n aard was dat dit die stigting van 'n vervoermaatskappy genoodsaak het (MBA 20.8.1873: Hoofartikel).

Die handel is ook deur die talle riviere in die distrik Mosselbaai belemmer. Transportryers is in die reënseisoen dikwels dae en soms weke lank op die oewers vertraag. Die Kleinbrakrivier was die eerste om oorbrug te word. 'n Houtbruggie is in 1844 voltooi, maar is agt jaar later deur 'n pont vervang.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Die Sprigg-brug oor die Klein-Brakrivier wat die pont in 1881 vervang het. Hier is dit kort nadat dit in 1905 weggespoel is. Die pont wat weer ingestel is, kan met 'n kapkar daarop, in aantog gesien word. Nuuskieriges betrag die katastrofe van beide oewers.

Foto: Bartolomeu Dias-museum, afdruk geskenk deur P. Storrar

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n Stewige staalbrug, wat na die toenmalige Kaapse premier, J.G. Sprigg, vernoem is, is in Maart 1881 vir verkeer geopen. Dit het egter tydens 'n vloed in 1905 weggespoel (SAB: Crail Green file 47). Die Grootbrakrivier, wat deur die seegety beïnvloed word, is in 1850 van 'n laagwaterbrug voorsien (Almanac 1852: 81). Die oprigting van die brug was waarskynlik te danke aan die feit dat John Montagu die vorige jaar byna daar verdrink het toe hy die rivier te perd wou oorsteek (Newman 1855: 202). Ook die Hartenbosrivier is in 1853 van 'n soortgelyke brug voorsien (KA: ATKV 1952: 3).

Die verraderlike Gouritsrivier was egter die grootste hindernis. Dié rivier het na donderstorms in die Karoo onverwags afgekom en kon tot 9 meter binne 'n paar uur styg (MBA 16.6.1880: Gouritz). Driwwe en spoelbruggies is gebou, maar was nie teen die watermassa bestand nie. Die Gouritsbrug is in 1892 voltooi. Dit was volgens die Mossel Bay Advertiser "the grandest and most substantial structure of its kind in the Colony; in South Africa indeed" (MBA 29.3.1892: Hoofartikel). Die groot staalkonstruksie was inderdaad in daardie stadium die belangrikste vrydraende brug in die suidelike halfrond (Anoniem 1892: 3).

5.2 Posdienste

Sakelui het in die vroeë sestigerjare reeds drie keer per week 'n gereelde posdiens gehad. Die poskar het die afstand na Kaapstad in 36 uur afgelê. Van daar af kon posstukke met 'n Europese bestemming met een van die Union Line se posbote na Engeland gestuur word. 'n Stoomskip het egter in hierdie tyd slegs een keer per maand die vaart onderneem (Laws 1861: 571) en so 'n vaart het in 1862 meer as veertig dae geduur (Amphlett 1914: 1). Van Januarie 1874 het die poskar daagliks geloop (MBA 10.12.1873), maar die diens kon nie volgehou word nie en is na vyf maande weer afgeskaf (MBA 27.5.1874: L&G).

Om die pos van briewe te vergemaklik, is 'n posbus in 1879 voor die Union Hotel

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

OPENING

OF THE

GOURITZ RIVER BRIDGE.

THE ceremony of opening the Gouritz River Bridge will be performed by the Hon'ble the Commissioner of Crown Lands and Public Works at 11 a.m. on Wednesday, the 30th instant. His Excellency the Governor has been requested to declare the day a Public Holiday in the districts of Mossel Bay and Riversdale. It is hoped that as many of the public as conveniently can will show their appreciation of this grand piece of work by attending at the Opening Ceremony.

All idea of a Luncheon has been abandoned, the difficulties (through distance) attending the contemplated Lunch being found to be too great. It will be necessary, therefore, that visitors should provide themselves with the needed refreshments.

The Riversdale Brass Band will be present, and give selections of music during the day.

By order of the Joint Committees,

J. MUDIE,
Hon. Secretary.

Advertensie vir die opening van die Gouritsrivierbrug, "the grandest and most substantial structure of its kind in the Colony; in South Africa indeed". Die heugelike gebeurtenis het op 30 Maart 1892 plaasgevind en is as vakansiedag gevier (MBA 22.3.1892).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aangebring. Dié posbus was teenoor die kaai en ver van die poskantoor (MBA 24.9.1879). Vyftien jaar later (1894) is 'n ander by die kantoor van die Mossel Bay Advertiser geplaas (MBA 11.9.1894). Van 1882 was posbusse by die poskantoor te huur (MBA 31.5.1882) en dit het 'n toustanery na die aankoms van die poskar uitgeskakel vir diegene wat dit kon bekostig. 'n Daaglikse oorlandposdiens (Sondae uitgesluit) is uiteindelik op 1 Januarie 1903 ingestel (MBA 2.12.1902).

Posstukke kon ook per see na Kaapstad gestuur word. Posbote wat tussen Tafelbaai en Natal gevaar het, het van 1852 tot 1854 ook by Mosselbaai aangedoen (Murray 1933: 18). Na 'n driejaar lange onderbreking is 'n maandelikse diens weer in 1857 ingestel (Murray 1933: 32). Sowat twee dekades later, in 1879, het stoombote weekliks die Baai aangedoen. Pos kon op dié wyse Kaapstad binne slegs 24 uur bereik in plaas van die gebruiklike 32 uur van die poskar (Almanac 1879: 469). In die sewentigerjare het dit gemiddeld 'n verdere 32 dae geduur voor 'n posstuk Engeland per posboot bereik het (MBA 25.11.1874: L&G). Ontwikkeling op skeepvaartgebied het vinniger vaarte tot gevolg gehad. In Mei 1883 was die indrukwekkende Hawarden Castle daarvoor verantwoordelik dat Britse pos vir die eerste keer binne twintig dae op Mosselbaai ontvang is (MBA 23.5.1883: Mail).

As in gedagte gehou word hoe lank dit vir 'n sakeman van Mosselbaai gekos het om byvoorbeeld met sy hoofkantoor in Kaapstad in verbinding te kom, kan gesien word watter groot deurbraak die instelling van 'n telegraafverbinding met dié stad moes gewees het. Dit het in Desember 1863 gebeur en die Overberg Courant het soos volg oor dié wonder berig: "In a few moments the message was flashed along the magic wire [...]". Volgens die blad was dit onmoontlik om die voordele van hierdie wonderbaarlike uitvinding oor te beklemtoon (16.12.1863: Telegraph). Die telegrafiese diens is deur 'n private maatskappy beheer en die eerste telegraaflyn is pas drie jaar vantevore tussen Kaapstad en Simonstad

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

voltooi (Laidler 1939: 364). Die stelsel is in 1873 deur die staat oorgeneem, maar is eers in 1885 onder die vleuels van die poskantoor geplaas (Jurgens 1943: 86). In die middel sewentigerjare is Mosselbaai, "the rising Midland Sea-port", ook telegrafies met Oudtshoorn verbind (MBA 8.12.1875). Die grootste deurbraak vir die koloniale sakeman was egter die oopstelling op Maandagoggend, 29 Desember 1879 om tienuur, van die ondersese kabel na Aden. Van toe af was dit moontlik om Europese nuus binne slegs twee tot drie dae te ontvang (MBA 31.12.1879).

Twee jaar na Bell se uitvinding van die telefoon in 1876 is die eerste van hierdie nuwerwetse apparate in Kaapstad geïnstalleer (Laidler 1939: 364). "The whole thing is done by the voice instead of by written words," het die Advertiser (6.3.1878) die werking daarvan verduidelik. "You hear the voice of the sender, but not in its full tones; it is softened down to a mellowness difficult to express. None of the articulation is lost, the peculiarities of the sender's voice are all preserved, it comes to you in the same way that it is spoken, and yet it is but the ghost of that voice which spoke the message." Later in dieselfde jaar is 'n eksperiment plaaslik uitgevoer toe telefoniese verbinding tussen die telegraafkantore van Mosselbaai en sy buurdorp, George, bewerkstellig is. Dit was geslaag: "words spoken and songs sung at George being clearly heard here", het die blad verslag gedoen (MBA 2.10.1878: L&G).

In 1881 het die munisipaliteit toestemming aan Fleming & Mudie verleen om telefoonpale op te rig mits dit nie die straat of verkeer belemmer nie. Die onderneming wou hul sakegebou met die hawekantoor en mnr. Rowland Mudie se huis op die heuwel verbind. Dis egter om 'n onbekende rede nooit gedoen nie (MBA 26.10.1881; 7.12.1881; 10.5.1882). Vier jaar later het ook dr. Key toestemming verkry om pale op te rig, maar ook sy poging is laat vaar (MBA 11.12.1885: Council). Mosselbaai se eerste telefoon is eers dertien jaar na die oorspronklike aansoek geïnstalleer toe 'n telefoondraad opgerig is tussen

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Coote, Noble & Co se sakegebou en mnr. Noble se woning wat toe in aanbou was (MBA 2.10.1894: Telephone). Beide geboue het behoue gebly. Die sakegebou is op die suidwestelike hoek van Bland- en Crookstraat (erf 3421) en huisves tans Andrag Motors. Dit is dieselfde gebou wat in 1878 as stadsaal oorweeg is (Sien Munisipale geboue). Noble se "splendid estate Weston", wat in Kerkstraat teenoor Kaapweg geleë is, is in 1903 as residensie aangekoop (Sien Residensie).

Die tweede telefoon is drie jaar later tussen die St. Blaise-vuurtoring en die hawekantoor in gebruik geneem. Die Mossel Bay Advertiser (19.10.1897: Jottings) het die hoop uitgespreek dat "the day may not be far when telephones will be as plentiful here as -- oh, no, not oysters, but let us say -- flagstaffs". Dié wens is vyf jaar later in November 1902 bewaarheid toe 'n kundige gekom het om 'n telefoonsentrale in te rig. Die plaaslike blad het tereg voorspel dat dié instelling "will be a great boon to business men generally". 'n Paar dosyn inwoners en instansies het van die geleentheid gebruik gemaak om telefoonverbindings te bekom (MBA 20.5.1902: Sale; 18.11.1902: L&G). Die eerste sentrale in Suid-Afrika, dié van Port Elizabeth, is reeds twintig jaar vroeër, in 1882, in gebruik geneem en dié van Kaapstad in 1884 (De Kock 1924: 354).

5.3 Spoorverbinding

Die mense van Mosselbaai het bo alles 'n spoorweg, die opwindende simbool van industriële vooruitgang, begeer. Daar is geglo dat dit hul toekoms geheel en al sou verseker. Dit is ironies dat dit juis die spoorweg was wat vir die hawe se agteruitgang verantwoordelik sou wees. Na die ontdekking van diamante het die owerheid 'n beleid van spoorweguitbreiding gevolg. Vir die dorp was dit 'n geweldige terugslag aangesien die hawens van Kaapstad en Port Elizabeth al hoe meer van Mosselbaai se regmatige gebied oorgeneem het soos wat die die spoorweë langsamerhand verder uitgebrei het. Teen 1890 was beide die Oranje-Vrystaat en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Kimberley met die twee hawestede verbind. Dorpe soos De Aar, Kimberley en Beaufort-Wes het nou van Kaapstad en Port Elizabeth se hawens, in plaas van dié van Mosselbaai, gebruik gemaak en gevestigde handelsfirmas en nywerhede was skielik afgesny van 'n groot deel van hul mark (Nel 1947: 19-20; Raubenheimer 1943 III: 10). Die Cape Times het in 1889 die toestand so juis gestel dat die Mossel Bay Advertiser (9.4.1889: A Trip) die berig oorgeneem het:

> "However, though Mossel Bay now seems a sleepy place, it was once one of the most thriving parts in the Colony [...]. Had the Western railway been impartially built and included these districts [Beaufort-Wes, Willowmore, George en Oudtshoorn] this port would this day have far surpassed in its trade that of Cape Town or Port Elizabeth. But no, these towns saw their danger; naturally they preferred to cut Mossel Bay's throat to their own, and in consequence we now have the western railway passing through the barren Karroo. But in so doing Mossel Bay was cruelly treated, for she lost her legitimate trade through Beaufort West."

Die stryd om spoorverbinding het op Vrydagaand, 24 Julie 1874, begin toe 'n vergadering in die biblioteeksaal gehou is om die uitvoerbaarheid van die bou van 'n spoorweg van Mosselbaai na Beaufort-Wes te bespreek. 'n Versoekskrif sou ook tot die owerheid gerig word. Verteenwoordigers van al die handelshuise het dit bygewoon (MBA 29.7.1874:Railway) en 'n komitee is kort daarna gestig (MBA 21.10.1874: L&G). Redakteur Powrie het na aanleiding van die goewerneur se gunstige toespraak by die opening van die Parlement in 1875 vol hoop die wens uitgespreek dat "a survey of a line from this port to the interior, which the increasing trade of this portion of the colony calls for, may be shortly inaugurated, and that before many months we may see the first sod turned of the Mossel Bay and Oudtshoorn Railway" (MBA 21.4.1875: Hoofartikel). Min het

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Powrie en sy mede-komiteelede kon weet dat dit 22 jaar sou duur vir dié dag om aan te breek (MBA 6.7.1897: Jubilate!).

Powrie het die "great and glorious success" soos volg beskryf toe dit bekend gemaak is dat spoorverbinding 'n voldonge feit was (MBA 6.8.1895: Railway):

> "It has been a long, hard struggle against militating circumstances. Since the inception of the agitation for a railway, boys have grown up to man's estate; men in their prime have aged and greyed, and some have dropped out of the ranks at the call of Death [...] We doubt whether any port has had the same amount of ill-willed attention paid to it as Mossel Bay has been favoured with. Our bigger sister ports east and west of us have been unrelaxing in this respect; their efforts to choke off their inconvenient little neighbour and to blot her out have been as strenuous and persistent as were those of Cinderella's elder sisters to put her in the background."

Die bitterheid was geregverdig. Na die voorlopige opname van 1879 is die lyn in mnr. Sprigg (later sir Gordon) se spoorwegskema van 1880 ingesluit. Die feit dat die dorp spoorverbinding sou kry, is onmiddellik in eiendomsadvertensies genoem (MBA 7.4.1880). Daar was egter soveel teenkanting dat dit laat vaar is (MBA 29.5.1888: Railway). Hierna is beloftes van owerheidsweë telkemale gemaak, net om weer verbreek te word. Tallose vergaderings en etlike konferensies is gehou en afvaardigings is by drie geleenthede na die Moederstad in 'n poging om die owerheid te probeer oortuig. Die gemeenskap het telkens opgewonde geraak om dan net weer teleurgestel te word. Die nuus dat die Rhodes-regering die skema uiteindelik aangeneem het, het Mosselbaai die aand van 25 Junie 1895 bereik. Die feesvieringe op die dorp was begryplikerwys groot: klokke is gelui, vuurwerke afgeskiet en vreugdevure

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

RAILWAY.

A PUBLIC MEETING

WILL BE HELD IN THE

TOWN-HALL

ON

THURSDAY EVENING, 28TH INST.,

AT HALF-PAST 7 O'CLOCK,

in support of the line of Railway from Mossel Bay to Oudtshoorn.

Every inhabitant is expected to attend and give his most strenuous support to attain the desired object.

Birthday Cards.

Hierdie spoorwegvergadering, "the largest and most enthusiastic ever held here" is deur sowat driehonderd mense bygewoon. Dit is vooraf-gegaan deur 'n fakkel-optog met blaasorkes en is geadverteer deur vyf klokluiers met plakkate (MBA 27.6.1883).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aangepak (MBA 2.7.1895: Hoofartikel). Selfs toe het Powrie gemaan dat baie nog verkeerd kon gaan. Die held van die dag, die plaaslike Lid van die Wetgewende Vergadering, A.G. Robertson, het sowat vyf weke later na afloop van die sitting met die posboot van Kaapstad aangekom. Dié dag, 1 Augustus 1895, is as vakansiedag gevier. Die Mossel Bay Advertiser het verklaar:

> "August the First, Eighteen Hundred and Ninety-five, will be long remembered by the present generation and that now rising as the day on which the people of Mossel Bay gave themselves up to rejoicing to celebrate the fact that at last they had succeeded in obtaining from the Parliament of the country an acknowledgment that they are justly entitled to the boon of railway communication."

Die kaai was gepak toe die Harlech Castle om St. Blaise gestoom gekom het. Die skip was feestelik met vlae versier en het 'n kanonsaluut ter ere van die groot gebeurtenis afgevuur. Die stoomsleepboot, Morning Star, begelei deur vier renskuite van die plaaslike roeiklubs, het na die ankerplek uitgevaar om die hoogwaardigheidsbekleër te haal. Die Volksraadslid het onder die klanke van "See the conquering hero comes" aan wal gestap en 'n pad is vir hom tussen die juigende skare deur na 'n wagtende rytuig gebaan. 'n Vlag het aan elke vlagstok gewapper en juigende skoolkinders en ander het Blandstraat belyn. Toesprake is op 'n tapytbedekte verhoog op die stoep van die stadhuis gehou. Die aand is die strate vir twee uur lank in 'n feëland omskep toe geboue feestelik verlig is. Baniere met woorde soos "Rhodes -- he has got us our bill, and will get us our Railway" en "Now is the winter of our discontent made glorious summer by -- Robertson and Thompson", is aangebring. Voorstellings van lokomotiewe en treine was volop. 'n Vreugedevuur op die sandduin by die hawe en vuurwerke wat van die kaai afgeskiet is, het vir verdere vermaak gesorg. Die jonger garde het gedans en "tripped it lightly" op 'n party wat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vir hulle aangebied is (MBA 6.8.1895: Railway).

Joseph Powrie kon toe nooit oor die spit van die eerste sooi verslag doen nie aangesien hy twee maande voor dié gebeurtenis afgetree het. Hy het die oopstelling van die spoorweg in 1907 (Nel 1947: 23), twaalf jaar ná die aanneming van die skema, nie beleef nie; hy is reeds sewe jaar tevore by die Punt begrawe (MBA 13.11.1900). Die verlenging van die New Cape Central Railway-spoorlyn van Worcester na Ashton het Mosselbaai reeds die vorige jaar bereik (Nel 1947:23). Die verkryging van spoorverbinding was egter te laat aangesien dit al tradisie was dat Swellendam, Heidelberg, Barrydale en dele van Riversdal van Kaapstad as hawe gebruik gemaak het, terwyl die Oudtshoorn- en Uniondale-gebied binne die perke van Port Elizabeth geval het (Raubenheimer 1943 III: 10).

Die gemeenskap se gevoelens oor spoorverbinding is deur die jare dikwels in rymvorm weergegee. Hier volg 'n gedeelte van "The Spirit of a Dream" (MBA 22.4.1885):

"I keep a store in Mossel Bay
And people know me well;
For needles, pins and bags of salt
And tins of sweets I sell.

Some years ago we used to have
A splendid country trade,
But other ports have locked us out
And put us in the shade.

They built three railway lines,
which we are taxed to pay,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

And yet, this is the very thing
Why we're so poor to-day.

So let's stand up and agitate
For our just and rightful due,
We insist upon our Railway,
And we're bound to get it too."

Daardie ander vinnige en gerieflike vervoermiddel, die motor, het in die tydperk nie 'n rol op Mosselbaai gespeel nie. Die eerste plaaslike motor wat in die Advertiser genoem is, het tydens 'n munisipale vergadering van 7 November 1902 onder bespreking gekom. Daar is soos volg berig: "Mr F.P. Jameson asked permission to run his motor car. There were no regulations to stop it" (MBA 11.11.1902: Council). Die eerste motor het Kaapstad in 1897 bereik (MBA 30.11.1897: Jottings). Dit was 'n bensienaangedrewe Benz-model wat met 'n regop hefboom bestuur is (Hattersley 1969: 210).

5.4 The Mossel Bay Advertiser: "A social purveyor of news"

5.4.1 Stigting en ontwikkeling

5.4.1.1 Die George Advertiser (1.12.1864 - 28.12.1870)

Die George Advertiser, wat die Mossel Bay Advertiser voorafgegaan het, het van 1 Desember 1864 tot 28 Desember 1870 verskyn. Die weekblad het slegs een vel beslaan en is teen 1d. per eksemplaar verkoop. Dit het die vorm van 'n advertensieblaadjie aangeneem aangesien die streek volgens T.B. Adlard, redakteur-eienaar en drukker, nog nie gereed vir 'n nuusblad was nie. Dit het in 'n groot behoefte voorsien aangesien reklame in daardie tyd slegs gemaak kon word deur middel van handbiljette en advertensies in blaaie met 'n beperkte

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

plaaslike omset. Nuus, markpryse en die jongste nuuskabelgramme sou op 'n eksperimentele basis in beide Engels en Hollands ingesluit word. Die redakteur het beklemtoon dat slegs 'n stroom advertensies die bestaan van die koerant sou verseker. Die George Advertiser se leuse was dan ook baie gepas:

"He that in the world would rise -- must take the news and advertise."

Die Port Elizabeth Herald het gewaarsku dat "it will be to the people's lasting disgrace if they do not heartily support the Proprietors of the George Printing Press in their laudable efforts to promote the advancement of their town and district" (GA 1.12.1864: Subscribers). Ook die Swellendamse Overberg Courant, wat behalwe die Genadendalse De Bode die enigste koerant was wat buite Kaapstad in die Suid-Kaap uitgegee is (Burrows 1952:79), het die wens uitgespreek dat die netjiese blad met advertensies ondersteun sou word (7.12.1864). Nadat die Courant se drukkery 'n week later deur 'n brand verwoes is (Burrows 1952:79), was die George Advertiser die enigste in die genoemde streek. Meer nuus, maar nog geen hoofartikels nie, is geplaas nadat die grootte van die koerant in Maart 1866 verdubbel is (GA 1.3.1866). Die koerant het ook op Mosselbaai 'n korrespondent gehad, alhoewel dié nie so toegewyd soos sy Oudtshoornse kollega was nie. Na 'n bestaan van bykans vier jaar moes Adlard die blad tydelik sluit. Hy het aangevoer dat dit onmoontlik was om die koste wat aan die uitgee van die Advertiser verbonde was, aan te gaan terwyl daar gewag moes word vir die intekengeld "van de zoodanige die ons met hunne namen als inteekenaren hebben vereerd" (GA 26.11.1868: Nieuws).

Adlard is na die Goudveld, heel waarskynlik na Tati in Betsjoeanaland (tans Botswana), maar het die koerant weer op 7 Januarie van die volgende jaar (1869) hervat. Om die oplaag te vergroot en sodoende die blad se advertensiewaarde te verhoog, is dit gratis op die dorp versprei. Distrikslui moes posgeld betaal (GA 7.1.1869). Ten spyte van dié maatreëls het Adlard in Desember 1870 besluit dat dit meer lonend sou wees om die drukkery na Mosselbaai te verskuif (GA

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

8.12.1870: Public). Die George Advertiser het dus, op sewe dae na, vir presies ses jaar bestaan. Die enigste mededinger was die George Phoenix (April 1869 tot Maart 1870) wat na minder as 'n jaar tot niet gegaan het (GA 15.4.1869: L&G; 24.3.1870).

5.4.1.2 Die Mossel Bay Advertiser onder T.B. Adlard (4.1.1871 - 7.1.1874)

Die eerste uitgawe van die Mossel Bay Advertiser het op 4 Januarie 1871 verskyn. Intekengeld was 10s. per jaar vir plaaslike lesers en 15s. vir posintekenare. 'n Korting van tien persent is aangebied vir die vooruitbetaling van 'n jaar se intekengeld. Die blad is elke Dinsdagaand gedruk om betyds vir die Swellendamse pos te wees. Agente is op George (Town), Oudtshoorn, Knysna, Riversdal, Heidelberg en Swellendam aangestel. Volgens redakteur Adlard was die hoofdoel van die blad om die handel van die streek te bevorder en "to supply the want so long felt at this sea port, the emporium of traffic for the Divisions of Beaufort, Prince Albert, Oudtshoorn, and George". Die koerant sou sonder enige partyverbondenheid wees, 'n groot omset hê en gevolglik 'n begeerlike advertensiemedium wees. Die jongste nuustelegramme uit verskillende dele van die Kolonie sou geplaas word. Ook nuus van 'n plaaslike aard, skeeps- en handelsnuus, markpryse, die verrigtinge van openbare instellings en korrespondensie sou gereeld verskyn. Waar prakties moontlik sou beide tale gebruik word. Adlard het die hoop uitgespreek dat "in the course of time, we shall be able with joy to exclaim 'We came, we worked, we prospered!'" (GA 8.12.1870: Public; MBA 4.1.1871: Introduction).

Die Advertiser is vir die eerste agtien maande in 'n rooi houtgebou gedruk (MBA 19.3.1873: L&G). Waar dié gebou was, is onbekend. Wanneer telegramme ontvang is, is dit onmiddellik gedruk en 'n vlag is by die kantoor gehys sodat intekenare dadelik hul bylaes met die jongste nuus kon laat haal (MBA 17.1.1871: L&G; 10.10.1877: L&G). Alhoewel die vlagpaal nie baie opvallend was

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

The Mossel Bay Advertiser.

[No. 1.] MOSSEL BAY, CAPE OF GOOD HOPE, WEDNESDAY, JANUARY 4, 1871.

GOVERNMENT NOTICES.
[PUBLISHED BY AUTHORITY.]

DIVISIONAL COUNCIL, MOSSEL BAY.

NOTICE OF POUND SALES.

NOTICE is hereby given, in terms of Section 20, of Ordinance 16, of 1847, the Sales of Impounded Cattle for the ensuing half-year, ending the 30th June, 1870, will be held at the following places, viz.: At Misgunst, Geelbekevallei, and Klipfontein, at 10 o'clock, a.m., on the following dates, viz.: 25th January, 8th March, 19th April, and 31st May, 1870.

E. C. CROCKETT,
Civil Commissioner.

Mossel Bay, 20th December, 1870.

NOTICE.

DIVISIONAL COUNCIL, GEORGE.

ELECTION OF AUDITORS.

AS directed by Section 79, of Act No. 4, of 1865, a Public Meeting of Persons entitled to vote for Members of the Divisional Council of George, will be held in the Court room here, at [illegible] o'clock a.m., on Wednesday, the 11th day of January next, for the purpose of electing two auditors to audit the accounts of the said Divisional Council.

JAMES FICHAT,
Civil Commissioner.

Civil Commissioner's Office,
George, Dec. 12, 1870.

NOTICE.

DIVISIONAL COUNCIL OUDTSHOORN.

MR. BERNARDUS JOHANNES KEYTER having resigned his Seat as a Member of the Divisional Council of Oudtshoorn, for District No 4, the Voters in the said District are hereby invited to nominate, in writing, a Candidate to represent the said District in the Oudtshoorn Divisional Council.

Each Candidate must be Nominated by not fewer than Five Persons entitled to vote for the said District No. 4, or otherwise his Nomination will be null and void, and no Voter can sign more Nominations than one, on pain of having his Name erased from all the Nominations in which it appears, and considered as if never placed there.

Nominations will be received by the Undersigned not later than Thursday, the 12th day of January, 1871, at 12 o'clock noon, and any Nominations received later than that date and hour, will be taken no notice of.

Every Voter signing any such Nomination must state his place of residence.

For form of Nomination see Section 19, of Act No. 4, of 1865.

GEO. REX DUTHIE,
Civ. Com. Oudtshoorn.

Civil Commissioner's Office,
Oudtshoorn, Dec. 21, 1870.

THE Undersigned are shortly expecting Large Additions to their present Well-assorted Stock.

FLEMING & MUDIE.
Mossel Bay, Dec. 1870.

STATEMENT OF THE ASSETS AND LIABILITIES OF THE MOSSEL BAY BRANCH OF THE Standard Bank of British South Africa, (LIMITED,) On the 31st DECEMBER, 1870.

LIABILITIES.						
To Circulation, viz.: Notes Outstanding	£2,560 0 0					
To Post Bills	Nil					
			£2,560	0	0	
To Deposits, fixed	2,840 9 11					
To Deposits, floating	9,267 6 1					
			12,107	16	0	
To Balances due to other Banks ...	Nil					
To Bills payable	Nil					
To Balance due to London Office, and Branches			13,975	7	4	
			£28,673	3	4	

ASSETS.								
By Coin in the Bank Coffers ...	£4,069	3	6					
By Drafts on Colonial Treasury ...	Nil							
By Notes on hand of other Banks...	5	0	0					
By Cheques and Bills of Exchange on hand	98	15	8					
				£4,172	19	2		
By Balances in other Banks ...	Nil							
By Bank Premises	Nil							
By Bills and Notes under Discount, and not yet due...				£3,837	18	6		
By Bills and Notes overdue and unpaid	430	2	7					
By Bills and Notes overdue and unpaid, (specially secured) ...	115	1	5					
				545	4	0		
By Accounts Overdrawn	152	19	1					
By Accounts Overdrawn (specially secured)	Nil							
				152	19	1		
By Stationery, Furniture, & Stamps				274	5	7		
				£28,673	3	4		

We certify that we have examined the above Statement, and that it is true and correct.

Standard Bank of British South Africa (Limited),
Mossel Bay Branch, 31st December, 1870.

H. W. B. DE WET, Manager.
WALTER J. GATES, Accountant.

DIVISIONAL COUNCIL, OUDTSHOORN.

ASSESSMENT OF ROAD RATES FOR THE YEAR 1870.

NOTICE is hereby given, that, in terms of the 39th Section of Act No. 9, of 1858, that the Divisional Council of Oudtshoorn has this day assessed and imposed a rate of One Penny in the Pound Sterling, on all the Immovable Property in this Division, for the Year 1870, and the same will become due and payable on Friday, the 10th of February, 1871, at the Office of the Secretary

M. A. VAN BREDA, Sec.

Div. Council Office,
Oudtshoorn, Dec. 31, 1870.

IRON TANKS.

THE Undersigned have for Sale (Cheap), Three IRON TANKS, of 400 Gallons capacity, each, quite New, and in First-rate Order. Very suitable for heating Water for Wool-washing purposes.

FLEMING & MUDIE.

Agency Business

FLEMING & MUDIE

WILL undertake all kinds of Commission Agency. Goods forwarded to any part of the World, or received and cleared, whether from Abroad or from Colonial Ports.

Passages to England can now be engaged on Easy Terms, by Union Steam-ship Company's Ships, for which they are Agents.

Agents for the Guardian Assurance and Trust Company, of Port Elizabeth. Marine and Fire Insurance Risks accepted daily.

PUBLIC SALE.

In the Insolvent Estate of JAN CORNELIS VAN HUYSTEEN, of Witte Drift, Division of Knysna.

On MONDAY, 30th January, 1871,

AT THE PLACE

"WITTE DRIFT,"

AFORESAID, OF THE FOLLOWING

LANDED PROPERTY,

TO WIT:—

First.—One-ninth (1-9th) Part or Share in the Perpetual Quitrent Place called WITTE DRIFT, in extent 2,490 Morgen.

Second.—One-ninth (1-9th) Part or Share in the Perpetual Quitrent Place called BOSCH FONTEIN, in extent 376 Morgen.

Third.—One-ninth (1-9th) Part or Share in the Perpetual Quitrent Place called LEERMAN'S DRIFT, in extent 1,265 Morgen.

Which said Properties adjoin each other, and are known to be the most Fertile Farms in the Field-cornetcy of Plettenberg's Bay, District of Knysna, being well-supplied with Water the whole year through, besides being well-known as A 1 Sheep and Cattle Farms, and are well worthy the attention of Farmers and Speculators.

SALE TO COMMENCE AT 10 o'CLOCK, A.M.

JOHN CAIRNCROSS, Sole Trustee.

Mossel Bay, 31st December, 1871.

SMITH'S COAL.
BAR IRON.
CART SPRINGS.
WAGON & CART AXLES.
TIRES, &c., &c.
All on hand and for Sale at Cheap Prices, by

FLEMING & MUDIE.

Wanted to Purchase.

THE Undersigned wish to PURCHASE for CASH, all kinds of Colonial Produce, including BRANDY, OSTRICH FEATHERS, WOOL, SKINS, GRAIN, &c., for which Highest Market Rates will be given.

FLEMING & MUDIE.
Mossel Bay, January, 1871.

Die eerste uitgawe van T.B. Adlard se Mossel Bay Advertiser. Dit is iewers op Mosselbaai in 'n rooi houtgeboutjie gedruk. Die voorblad was, kenmerkend van die tyd, aan advertensies afgestaan.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nie, was daar soms 'n stormloop om die "ekstras" te kry. Van die einde van die eerste maand is 'n vlag op die heuwel gehys (MBA 31.1.1871: Supplement). Die telegraaf het "warm nuus" verskaf en het koerantkantore, veral in krisistye, die middelpunt van opwinding gemaak. Dit was egter uiters duur (De Kock 1983:110). Die Mossel Bay Advertiser het ook oor die koste gekla (10.10.1877: L&G). Perstelegramme wat op Sondae en vakansiedae ontvang is, is by intekenare afgelewer. Sedert die laat sewentigerjare is die gebruik gestaak en is dié telegramme ter insae by die hotelle en poskantoor opgeplak (MBA 13.2.1878).

Die blad is aanvanklik so goed deur adverteerders ondersteun dat heelwat nuus vir die sesde uitgawe moes oorstaan en dat dit bykans net uit advertensies bestaan het (MBA 7.2.1871: L&G). Vanaf die twaalfde uitgawe, wat op 21 Maart 1871 verskyn het, is die koerant op groter blaaie gedruk en is die naam verander na The Mossel Bay Advertiser and Official Gazette for the Districts of George, Mossel Bay, Knysna, Oudtshoorn, Riversdale and Swellendam. Die prys was steeds 3d. per eksemplaar (MBA 21.3.1871). Agente is ook te Uniondale en Willowmore aangestel (MBA 7.3.1871). In Junie 1872 is die drukpers na 'n gebou in Kerkstraat verskuif (MBA 26.6.1872). Dit was naby die suidoostelike hoek van Marsh- en Kerkstraat op 'n deel van ou erf 28 (AK: MB erf 4: 2877; MBA 4.2.1874). Alhoewel dit oënskynlik voorspoedig gegaan het, het Adlard die Advertiser na slegs drie jaar verkoop. Die gesin het hulle in Kaapstad gevestig waar hy 'n rubberstempelfabriek bedryf het (MBA 8.6.1881).

Thomas Brown Adlard was met die stigting van die Mossel Bay Advertiser 38 jaar oud. Hy is in 1834 as seun van die bekende 19de-eeuse graveerder Henry Adlard in Londen gebore. Die Adlard-drukkersbedryf is reeds in 1766 gestig. Thomas Adlard het sy opleiding in Engeland ontvang waar hy as drukker gewerf is vir die Cape of Good Hope Daily Times. Die onderneming het egter misluk en by sy aankoms in 1858 het hy by Saul Solomon se drukkery gaan werk. Hy was ook fotograaf in Kaapstad en later in Simonstad. In 1861 het Adlard na George

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verhuis waar hy tot in 1863 'n portretateljee gehad het (Sien Fotograwe). Adlard het sy drukkery in 1864 geopen en aan die einde van daardie jaar die eerste koerant op George uitgegee (Bull & Denfield 1970: 183; Rossouw 1987: 1; SAB: Crail Cards: Adlard). Die redakteur was goedhartig en gewild en was in sy jong dae waar hy ook al gewoon het, bekend vir sy uitbeelding van karakters en vertolking van komiese sangstukke. Volgens die Oudtshoorn Courant was hy 'n belangrike figuur by al die konserte en vermaaklikhede: "He was always to the fore in getting up a social gathering; just the sort of man required in our slow, monotonous country villages." Adlard is op 30 Mei 1881 op 47-jarige leeftyd in Claremont oorlede (MBA 8.6.1881; Oudt Cour 7.6.1881). Die sterfdatum in Suid-Afrikaanse Geslagsregisters (Heese I 1986: 29) is foutief.

5.4.1.3 Die Mossel Bay Advertiser onder J. Powrie (7.1.1874 - 4.5.1897)

Joseph Powrie het op 7 Januarie 1874 as eienaar, redakteur en drukker by Adlard oorgeneem. Hy is in 1827 in Kaapstad gebore en was die seun van 'n apteker (SAB: Crail card: Powrie). Die plaaslike apteker, Ebenezer Powrie, was sy jonger broer (Powrie 1989: Persoonlike mededeling). Joseph was 47 jaar oud toe hy by Adlard oorgeneem het. Hy was ses jaar ouer as sy voorganger en was ook by Saul Solomon & Co werksaam waar hy lank 'n proefleser was (MBA 13.11.1900: Memoriam). Powrie het aangekondig dat, aangesien hy nie vertroud met plaaslike sake was nie, hy hom aanvanklik by sake van algemene belang sou bepaal totdat hy genoegsame kennis opgedoen het om onpartydig verslag te kon doen (MBA 14.1.1874: Hoofartikel). Met die oorname het die koerant van Kerkstraat, waar dit anderhalfjaar gehuisves was, geskuif na Adlard se nuwe huis wat aan Marshstraat gefront het (MBA 14.1.1874: Notice). Powrie het dit waarskynlik ook gekoop.

Twee jaar later het 'n hewige storm Mosselbaai getref. Dit het 'n paar dae lank aanhoudend gereën en die mure van etlike geboue was so deurdrenk dat daar

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

min hoop was dat hulle staande sou bly (Sien ook Union Hotel). Die nuus van die storm is in een van die eienaardigste stukke wat deur die Mossel Bay Advertiser uitgegee is, die wêreld ingestuur. Joseph Powrie se verhaal het in die Beaufort Courier van 18 Februarie 1876 verskyn:

> "On Friday night the wall of our printing office began to give way, but on Saturday morning we were rejoiced to think that the damage done was not so very great. Our joy, however, was shortlived. On Sunday morning, at 7 o'clock, we were startled out of our usual Sabbath repose by an unlooked-for crash, caused by the tumbling down of the entire wall on the south side, smashing frames and cases, and making the greater part of our plant one mass of 'pie'. We are consequently unable to publish our usual sheet this week. We have, fortunately, been able to secure enough type out of the wreck to get up this account of the disasters."

Volgens die Standard and Mail (15.2.1876: Stormy) is die nuus "pathetically told in a paper which represents all the type available". Die Courier het die wens uitgespreek dat "the Advertiser will soon arise from -- the débris, none the worse for the mishap". Die redakteur het hier op die herrysing van die feniks gesinspeel. Ook die Uitenhage Times (18.2.1876: Hoofartikel) en ander koerante het die gebeure gedek. Ongelukkig het daar nie 'n oorspronklike kopie van hierdie eienaardig gedrukte verslag behoue gebly nie.

Die blad het herrys en is selfs drie en 'n half jaar later op groter bladsye gedruk -- "a new point in our history", het redakteur Powrie trots verklaar. Die eerste vergrote uitgawe was dié van 2 Julie 1879. Die prys was steeds dieselfde alhoewel daar bygevoeg is: "Payable in Advance" (MBA 2.7.1879). Die uitbreiding hou waarskynlik verband met die stigting van 'n mededinger, die Oudtshoorn Courant, twee maande vroeër (Appel 1979: 478). Powrie het ook agt

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

weke later "New and Improved Machinery" ontvang waarmee hy omsendbriewe, kaartjies en programme "in a superior style and with dispatch" kon druk (MBA 3.9.1879: Printing). In 1882 is die prys van die blad vir distrikslesers van 15s. na 12s. 6d. per jaar verlaag (MBA 27.12.1882). Dit kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat die George and Knysna Herald en die Oudtshoorn Tribune beide in Desember 1881 gestig is (MBA 28.12.1881) en groot mededinging verskaf het.

Dit het onder Powrie se redakteurskap ook gebeur dat daar soms soveel advertensies was dat daar nie plek vir enige nuusberigte was nie (MBA 16.9.1874). Die Volksblad het onder die opskrif "The 'Mossel Bay Advertiser' an Advertiser indeed!" na hierdie toestand verwys (MBA 30.9.1874: L&G). Volgens Powrie het hy nie net voorkeur aan advertensies gegee omdat dit geldelik voordelig was nie, maar ook omdat daar meer klagtes sou wees indien advertensies eerder as nuusberigte oorgestaan het (MBA 9.6.1875: L&G). Hierdie toestand het egter slegs sporadies voorgekom. Die briefskrywer, Nemo, het die plaaslike sakeondernemings beskuldig dat hulle nie wou adverteer nie: "Whereas the newspapers of other sea-port towns -- not to speak of those of the meanest inland towns -- bristle with business advertisements, the Advertiser can barely show one decent advertisement of the kind [...] Outsiders who judge of the town and seaport by the paper [...] can come to no other conclusion than that the place is one of the most insignificant in South Africa" (MBA 27.4.1897: Newspaper).

By sy aftrede op 27 April 1897 het Powrie sy afskeidsartikel begin deur diegene wat hom oor die 23 jaar met advertensies ondersteun het, te bedank. Hy het egter sy lot bitter en uitvoerig bekla:

> "So scanty has been the support given to the Advertiser by those whose interests are benefited by its existence, that had it not

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

been for a sense of the injury which the town would suffer thereby we would have discontinued publication years ago. Rather than that the interests of the town should suffer, we have put up with the loss, the worry and the trouble which the product of the newspaper involved, have cut down expenses in all directions, have denied ourselves comforts and conveniences which to most people are considered necessary to the enjoyment of life, have taken no holidays, and have slaved from week end to week end with seldom a Sunday entirely to ourselves. And here we stand to-day with more years and experience than worldly goods, and little better off (as the world would judge it) than when we assumed the editorship."

Volgens die George and Knysna Herald het hy hom inderdaad opreg en pligsgetrou vir die welsyn van die Suidwestelike Distrikte beywer (MBA 11.5.1897: Complimentary). Ook na sy aftrede het Joseph Powrie nie opgehou om 'n aktiewe belangstelling in die welvaart van die dorp te toon nie. Van hom is daar geskryf: "his disposition was so affable and his nature of so benevolent a kind", dat hy onder almal gelief was. Dit was bekend dat hy na sy werknemers se geldelike sowel as geestelike behoeftes omgesien het. By sy aftrede het die werkers 'n geskrewe huldeblyk en 'n leunstoel en leeslamp aan hom oorhandig (MBA 11.5.1897) terwyl die mees gesiene inwoners, onder andere dr. Kitching en menere Vintcent, Bruns en Dymond, by sy begrafnis as slippedraers opgetree het. Hierdie bekende figuur is op 10 November 1900 op 73-jarige ouderdom in sy huis in Meyerstraat oorlede (MBA 13.11.1900: Memoriam). Hy het vir meer as 'n kwarteeu op Mosselbaai gewoon en het onder andere in die Spoorwegkomitee (MBA 6.8.1895) en in die komitee van die Choral Society gedien (MBA 19.7.1882). Sy eggenote is twaalf dae na sy dood oorlede (MBA 27.11.1900: Memoriam). Sy seun, Walter Powrie, was die bestuurder van die Oudtshoornse blad, Het Zuid-Westen (MBA 13.11.1900: Memoriam). Hy was met 'n dogter van magistraat J.T. Eustace getroud (MBA 28.4.1896). Joseph se dogter Annie was die eggenote van die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vooraanstaande sakeman Owen Jones Rowland Mudie (MBA 9.10.1878).

Die Mossel Bay Advertiser is gedurende die 23 jaar van Powrie se redakteurskap in 'n groot dubbelverdiepinggebou op die suidwestelike hoek van Marsh- en Meyerstraat gedruk (MBA 16.4.1901: Advertensie). Die gebou is na mev. Jane Nancy Powrie se dood deur ene mnr. Redelinghuis gekoop (MBA 21.5.1901: Brokkie). Hy het dit as losieshuis bedryf wat later as die Central Boarding House bekend gestaan het (BDM: A2: Hotels). Die gebou is op erf 3177 en huisves tans die eiendomsonderneming Harris & Scheltema. Die stoep se oorspronklike houttraliewerk is met sementpilare vervang en die balkon is toegebou. Die RNG beveel aan dat die gebou net gelys word (NMC 1985: 16). Die raad was egter nie heeltemal bewus van die historiese waarde van die gebou nie. Powrie se enkelverdieping kliphuis, The Bungalow, wat in 1897 opgerig is, was langs die koerantkantoor in Meyerstraat (MBA 6.7.1897: Council; 3.4.1901: Property). Die huis met sy stoepreling en versierings van pragtige figuursaagwerk word deur die RNG as moontlike gedenkwaardigheid aanbeveel (NMC 1985: 43).

5.4.1.4 Mossel Bay Advertiser onder F. McIntyre (4.5.1897 - 1902 en daarna)

Die derde redakteur-eienaar van die Mossel Bay Advertiser was dr. Francis William Neil McIntyre wat op 4 Mei 1897 by Powrie oorgeneem het (MBA 4.5.1897). Hy was vir baie jare redakteur van die Somerset East Budget (MBA 6.4.1897: Hoofartikel). McIntyre het Mosselbaai egter goed geken aangesien hy van die laat sestigerjare sowat sewe jaar lank skoolhoof op die dorp was. Hy was in dié tyd ook kortstondig voorleser en orrelis van die NG kerk (Sien Voorleser en Eerste skole).

Die koerantkantoor is met sy oorname na 'n pas opgerigte dubbelverdiepinggebou in Marshstraat verskuif. Dit was naby die vorige gebou en oorkant die St.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Peter's kerk. Die redakteur se huis was net langsaan (AK: MB erf 5: 3108; MBA 3.5.1898: Advertensie; 25.12.1899: Advertensie). McIntyre het die sakegemeenskap aangemoedig om te adverteer deur brokkies soos die volgende te plaas: "Wanted at this office. What? Advertisements" (MBA 20.7.1897). Sy pogings is aanvanklik met sukses bekroon en die blad was skielik vol advertensies wat in raampies gedruk en vergesel van illustrasies was. Tevrede skryf hy in die uitgawe van 13 Julie 1897: "Our paper looks radiant to-day, for it displays on its front page a word-picture on a scale of proportions that arrests the eye, rivets the attention, and chaperons the mind over an array of merchandise that instinctively transports the soul to all parts of the globe, and inveigles it into the purchase of some one or other of the commodities that in endless variety can supply the wants of man, woman and child."

Hy het dikwels die lesers se aandag op spesifieke advertensies gevestig (MBA 17.7.1900:brokkie; 25.3.1902: L&G). 'n Skrale agt maande na sy oorname het omstandighede so verander dat hy verplig was om te vra: "What is the use of an Advertiser in which people do not advertise? Can we be expected to continue to run a business that does not pay? Must we depend for support on the crumbs that are cast us by firms in England?" (MBA 14.12.1897). Twee jaar na sy oorname is die koerant sonder sukses te koop aangebied (MBA 5.9.1899: Sale).

McIntyre het erken het dat hy in sy private lewe 'n "Bondsman" was (MBA 10.1.1899: Hoofartikel), dit wil sê dat hy die Afrikaner-nasionalistiese, anti-imperialistiese party, die Afrikanerbond, gesteun het. Hy het egter alles in sy vermoë gedoen om onpartydig te wees. Anders as sy voorganger, was hy langdradig en het hy kolomme vol geskryf sonder om veel te sê. Sy taalgebruik was aan die een kant soms uiters fleurig en hoogdrawend terwyl hy aan die anderkant weer platvloerse uitdrukkings soos "shut up", "don't" en "let's", wat voorheen nie voorgekom het nie, gebruik het (MBA 1.6.1897: Hoofartikel).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

THE circulation of any of the following 11 papers only is prohibited in districts under Martial Law:

PAPERS—

"Ons Land."
"South African News."
"Onze Courant."
"Middellansche Afrikaander."
"Truth."
"Ons Weeklyksch Blad."
"South African Weekly Edition."
"Het Oosten."
"Reynolds Weekly."
"Freeman."
"Review of Reviews."

No postmaster or others are to forward or to deliver any of the above.

Anyone found in possession of any of the above-named papers, received after this date, will be dealt with and, if necessary, punished under Martial Law.

BY ORDER OF THE COMMANDANT,

Dated at Mossel Bay
this 26th day of March, 1901.

GOD SAVE THE KING.

No 10.

De circulatie van eenige van slechts de volgende 11 bladen wordt verboden in distrikten onder de Krygswet:

BLADEN—

"Ons Land."
"South African News."
"Onze Courant."
"Middellansche Afrikaander."
"Truth."
"Ons Weeklyksch Blad."
"South African Weekly Edition."
"Het Oosten."
"Reynolds Weekly."
"Freeman."
"Review of Reviews,"

Geene postmeester of anderen moet eenig van bovengemelde bladen verzenden of afleveren.

Eenig een in bezit bevonden van eenig der bovengemelde bladen, na dezen datum, zal behandeld worden en, indien noodzakelyk, gestraft onder de Militaire Wet.

OP LAST VAN DEN COMMANDANT.

Gedagteekend te Mossel Baai,
heden den 26sten dag van Maart, 1901.

GOD BEHOEDE DEN KONING.

No 10.

'n Berig tydens die Anglo-Boereoorlog in die Mossel Bay Advertiser (26.3.1901) waarvolgens 'n verbod op die verspreiding van sekere koerante uitgevaardig is. Die verbod is later op alle blaaie van toepassing gemaak en het groot ongerief vir die gemeenskap veroorsaak.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die inwoners het groot ongerief beleef gedurende die Anglo-Boereoorlog. Die verspreiding van sekere koerante, onder andere Ons Land, Onze Courant, en South African News, is in Maart 1901 verbied (MBA 26.3.1901: Supplement). In Julie van daardie jaar was daar 'n opskudding toe beveel is dat die posmeester alle buitelandse blaaie, behalwe dié van Brittanje, moes vernietig. Kaapstadse koerante kon eers 21 dae na ontvangs afgelewer word (MBA 23.7.1901: Startling). Nege dae na hierdie slag is die gemeenskap verder geskok toe 'n telegram aangekondig het dat hoegenaamd geen koerante in die distrik Mosselbaai versprei mog word nie. Dit het die Mossel Bay Advertiser ingesluit. Redakteur McIntyre se poging om die koerant as advertensieblad uit te gee, het misluk. Hy het wel verlof ontvang om 'n beriggie ter verduideliking saam met amptelike kennisgewings op 'n vel papier te laat verskyn (MBA 30.7.1901: Martial Law). Hierdie blaadjie was sowat 300 by 300 millimeter groot en slegs aan die een kant bedruk. Dit het verskyn onder die opskrif "'M.B. Advertiser.' Under Martial Law". Die gewone uitgawe vir daardie dag, 30 Julie 1901, was reeds gereed, maar kon nie versprei word nie. 'n Kopie van hierdie ongewenste uitgawe is by die ander Advertisers vir 1901 in die Suid-Afrikaanse Biblioteek ingebind. Die verbod is 'n week later opgehef alhoewel die Advertiser aan sensorskap onderworpe sou wees. Alle blaaie wat per pos gekom het, was steeds, tot die ontsteltenis van die gemeenskap verbode (MBA 6.8.1901: Hoofartikel).

Mosselbaai was vir bykans 'n maand van die buitewêreld afgesny. "We are altogether in the dark as to what takes place in the world outside of this town," het redakteur McIntyre geskryf. Op 24 Augustus 1901 is die beperkings tot die vreugde van die gemeenskap, wat dit as 'n groot ontbering ervaar het, opgehef. Koerante is egter plaaslik gesensor voordat dit beskikbaar gestel is (MBA 27.8.1901: L&G). Die vreugde was nie van lange duur nie aangesien die pad na Kaapstad oor Riversdal sowat twee weke later deur die Boere beset is en Kaapse pos gevolglik nie die dorp kon bereik nie. Daar was ook nie gereelde stoombootverbinding met Tafelbaai soos die geval met Algoabaai was nie. Uit

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"M. B. Advertiser."

UNDER MARTIAL LAW.

JULY 30, 1901.

Gymkhana.

IT is proposed to hold a Gymkhana and Military Sports very shortly.—

To wind up in the evening with a Military Concert. The full programme will be published for general information in a few days.

Mossel Bay Town Guard.

GAZETTE.

SERGT. A. H. J. Bourne to be Adjutant with the rank of Lieutenant.

MARTIAL LAW.

The following telegram from the O.C., Southern Area, was received by the Commandant yesterday, and posted up at the Port Office.

"Please note that circulating of all newspapers in your district is prohibited. Selling or circulating newspapers from this date will come under breach of Martial Law Regulations. Please instruct all newsagents, post-contractors and railways accordingly."

In consequence of this order, we had a conversation with the Commandant as to whether the "Mossel Bay Advertiser" might not be allowed to appear and circulate as an ADVERTISING SHEET and not as a NEWSPAPER. But he said that the order is peremptory and the utmost he could do was to allow a slip to appear with the Government and Military Notices, and, for this week, the notices of the Divisional and Municipal Councils We are permitted by the Commandant to make this statement.

NOTICE.

Sale of Port Boat.

NOTICE is hereby given that the old Port Boat, four oars and four rowlocks, will be sold by public auction, without reserve, on

WEDNESDAY, JULY 31, 1901,

at 11 a.m,

in front of the Port Boat House, near the jetty.

HARRY M. EDYE,
C.C.

Civil Commissioner's Office,
Mossel Bay, 19th July, 1901.

Union-Castle Line.

(MESSRS DONALD CURRIE & CO., MANAGERS.)

MAIL STEAMERS

Leave Cape Town for Southampton, calling at Madeira—

Aug. 7—DUNOTTAR CASTLE, Capt. Rigby.
" 10—BRITON, Capt. J W Creaghe
" 21—NORHAM CASTLE, Capt. Becher.
" 28—CARISBROOK CASTLE, Capt. Tyson.

Leave Mossel Bay for Cape Town—

On or about—

Aug. 3—DUNOTTAR CASTLE, Capt. Rigby.
" 14—BRITON, Capt. J W Creaghe
" 17—NORHAM CASTLE, Capt. Becher.
" 24—CARISBROOK CASTLE, Capt. Tyson.

INTERMEDIATE AND EXTRA STEAMERS

Leave Cape Town for London weekly—

Leave Mossel Bay for Algoa Bay, East London and Natal.

On or about—

July 31—GOTH, Capt. E L Travers.

For particulars of Freight and Passage Money apply :—

At George & Riversdale—G. R. VARKEVISSER.

At Oudtshoorn—PRINCE, VINCENT & Co.

At Mossel Bay—PRINCE, VINCENT & Co.

Mossel Bay Municipality.

Election Notice.

IN accordance with Section 54 of Act No 45 of 1882, Notice is hereby given that the undermentioned persons have been duly nominated as Candidates for the office of Councillor for the Municipality of Mossel Bay for three years, namely.—

Joseph Alton Cuff,
Frederick Dickinson,
Charles William Black,
Andre Anton Wassung.

A Poll, for the election of two Councillors, will be taken at the Town Hall on Wednesday, 7th August, 1901, from 9 a.m. to 5 p.m.

A. J. VINCENT,
Mayor & Returning Officer.

Municipal Office,
Mossel Bay, 23rd July, 1901.

Hierdie enkele velletjie van 300 by 300 mm het die gewone uitgawe van die Mossel Bay Advertiser van 30 Julie 1901 vervang nadat die verspreiding van enige koerant in die distrik Mosselbaai onder krygswet verbied is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

koerante wat die dorp van Port Elizabeth bereik het, kon die Advertiser aflei wat in die buitewêreld aan die gang was. So is verskeie kilometer spoorlyn tussen Worcester en Swellendam verwoes terwyl 'n deel van die telegraaflyn ook beskadig is (MBA 17.9.1901: Hoofartikel). Die drukkeryvoorman het in 'n stadium vir 'n geruime tyd diens gedoen in die loopgrawe bo die dorp in die koppe, en McIntyre moes verskoning maak vir moontlike gebreke (MBA 10.9.1901: L&G). Die koerant is tydens die laaste deel van die oorlog op klein blaaie gedruk.

5.4.2 Die bydrae van die blad

5.4.2.1 Redakteurs en lesertal

Koerante is volgens die Britse skrywer, Francis Williams, unieke barometers van hul tyd aangesien hulle die geestesklimaat van 'n gemeenskap beter as enigiets anders aantoon (1969: 1). Die Advertiser is geen uitsondering nie. Volgens die koerantman P.J. Cillié (1967: 2) kan verandering in eienaarskap die karakter van 'n koerant verander. Die feit dat die Advertiser slegs drie redakteurs in 'n tydperk van 31 jaar gehad het, het groot kontinuïteit beteken. Die invloedryke South African Trade Journal and Shipping Gazette (Maart 1893: 5) het die Mossel Bay Advertiser "a social purveyor of news and the political mouth-piece of the district", gunstig met ander plaaslike Koloniale blaaie vergelyk.

Die redakteur-eienaar het geen maklike taak gehad nie. Powrie het geskryf dat sy beroep nie winsgewend was nie en ook nie vreugde of gemoedsrus verskaf het nie (MBA 22.5.1888: Correspondence). Hy is by twee geleenthede weens laster gedagvaar -- in 1876 deur die Lid van die Wetgewende Vergadering vir George, William Walter, oor 'n sogenaamde lasterlike brief, en drie jaar later deur Edward O'Connell, 'n hofamptenaar op Oudtshoorn, weens 'n berig deur die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

betrokke dorp se korrespondent. Powrie is skuldig bevind op die eerste klag, maar slegs £5 met koste is opgelê. Die tweede klag is later teruggetrek en die korrespondent is gedagvaar (MBA 8.11.1876: Hoofartikel; 16.5.1877; 6.8.1879: Hoofartikel; 8.10.1879: Hoofartikel).

Powrie, en later ook McIntyre, het 'n winkel saam met die drukkery bedryf. Dit was as The Advertiser Book Store bekend. Hier is 'n wye verskeidenheid goedere te koop aangebied -- van fietse (MBA 15.8.1899) en naaimasjiene (MBA 22.8.1899) tot "dainty opera Glasses in Velvet Cases" (MBA 17.10.1899), "Chrystographs" (daar kon nie vasgestel word wat dit is nie), "stereoscopes and views" ('n optiese instrument wat mens in staat stel om gelyktydig na twee afbeeldings van dieselfde voorwerp te kyk sodat dit as 'n soliede voorwerp gesien word), toiletpapier, musiekinstrumente, muurtekste (MBA 3.5.1898) en groentesaad (MBA 22.10.1884). Koerante en tydskrifte van oor die wêreld kon deur hulle bestel word (MBA 15.11.1898).

Die oplaag van die Mossel Bay Advertiser is ongelukkig nie bekend nie. Volgens Adlard was dit groot en het die koerant "a respectable and enterprising class of readers" gehad (MBA 12.3.1873: Hoofartikel). Dit is, soos reeds gesien, oor 'n groot gebied versprei waar dit vir agt jaar, tot met die stigting van die Oudtshoorn Courant in 1879, die enigste blad was (Appel 1979:478). Die Swellendamse Overberg Courant, wat slegs 'n halwe dekade bestaan het, is reeds in 1864, ses jaar voor die koms van die Advertiser, gesluit (Burrows 1952:79). Die George and Knysna Herald is eers in 1881 gestig (MBA 28.12.1881) en die South-Western Echo and Riversdale Advertiser elf jaar later in 1892 (MBA 23.8.1892: Brokkie). Daar kan dus aangeneem word dat die sirkulasie, veral in die vroeë jare, aansienlik moes gewees het. Die Cape Argus en die gewilde Cape Times wat onderskeidelik in 1857 en 1876 gestig is (De Kock 1983: 112; Shaw 1975: 3), sou min kompetisie gebied het. Die Advertiser is ook in Europa gelees. Prof. Holloway, beroemde medisynevervaardiger en gereelde ad-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Supplement to the Mossel Bay Advertiser

Ivy Bros'. Novelties.

SPECIAL PRICES PREVIOUS TO STOCK-TAKING.

A LARGE VARIETY OF

COSTUMES, JACKETS, JERSEYS, ULSTERS, AND FURS

AT CLEARING PRICES.

LEADING LINES AT WHOLESALE PRICES.

JACKETS.

100 Black Cloth, Braided Fronts and Sleeves, 7/11
300 New shapes Cloth Jackets, Military Braided, &c., 8/11 to 25/-
250 Reefers, Navy and Fancy Cloths, 8/11 to 25/-
20 Fancy Tweeds and Nap Cloths, trimmed Astrachan and braided, 18/9 to 35/-
Plush Seal Jackets 25/-, 37/6, 47/6
Children's Reefers, from 3/11
Children's and Maids' Jackets, 7/11 to 35/-

No. 200.
Vicuna trimmed, Feather trimmings, and Brocaded Velvet, 57/6.
Making Bodice, 10/6 extra.

OLIVIA.
Felt Hat, 14/6.
Jacket made to order, trimmed Velvet, from 37/6.

No. 400.
Russian Net Costume, for Evening or Day wear, 30/-.
Making Bodice, 10/6 extra.

300 Children's Ulsters to select from.
Cloaks from 4/11.

ULSTERS AND TRAVELLING CLOAKS.

75 Fancy Cloth Ulsters, with detachable Cape, 17/6, worth 35/-
New Ulsters, Matalasse and Harris Tweeds, 7/11, 10/9, 15/- upwards
Children's Ulsters, new shapes, 3/11, 5/-, 6/11, 8/11 up
New Cloth Travelling Cloaks, lined Satin, trimmed Fur, 47/6, usual price 4 guineas
Ladies should see our latest importation in Fashionable Capes and Three-quarter Cloaks, bought at 50 per cent. off London prices
200 New Three-quarter Cloaks, all the best goods, 5/11, 7/11, 9/11, up to 50/-

'n Tweeblad-katalogus met puik kunsvakwerk wat as bylae tot die Mossel Bay Advertiser van 31 Mei 1892 verskyn het. Hierdie advertensie van 'n Port Elizabethse firma was uniek. Só 'n bylae het nooit weer voorgekom nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

No. 100.
Stylish Bonnet, Velvet and Jet, 14/6
Plush & Feathers, 18/6
Very popular.

IVY BROS.,

MAIN-STREET, PORT ELIZABETH,

Beg to announce that they are showing **Leading** and **Clearing Lines** in all Departments **previous to Stock-taking,**

REPRESENTING

THE LATEST FASHIONS OF THE DAY

IN

Mantles, Jackets, Ulsters, Cloaks
Costumes, Dress Materials, Skirts
Millinery, Fur Goods, Blankets
Flannels, Molletons, &c., &c.

The favour of an early visit is respectfully solicited.

Felt Hat, trimmed Velvet and Feathers, 17/6
Silk Velvet, Jet and Lace, 21/-
Very becoming.

Fashionable Millinery.

No. 270.
New shape Straw Hat, Jet and Lace, 15/6
Felt, trimmed Ribbon and Feathers 18/6
All Lace and Jet, 20/-

Girls' and Maids' Hats, for School and best wear, from 6/11.

No. 300. New Bonnet.
Velvet and Feathers, 18/6.
Very Stylish.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verteerder, het dit weekliks by sy kantoor in Londen op leêr geplaas (MBA 7.3.1871; 10.1.1872). Dit is ook bekend dat daar 'n intekenaar in Switserland was (MBA 14.2.1872: Correspondence).

5.4.2.2 Inhoud

Al die uitgawes het min of meer dieselfde uitleg gehad. Die koerant het vier bladsye beslaan wat deur die jare in grootte gewissel het. Die voorblad was op enkele uitsonderings na, tipies van Koloniale blaaie van dié tyd, geheel en al met klein advertensies gevul. Die res van die uitgawe is aan gereelde rubrieke soos "Mossel Bay Produce Market", "Shipping Intelligence", "Latest Telegrams", "Overgenomen uit andere Couranten" en "Local and General" gewy (MBA 1.11.1876). Notules van verrigtinge van die Afdelingsraad en Dorpsraad het gereeld verskyn. 'n Plaaslike geselsrubriek, "Notes by the Way", is in die negentigerjare deur "Q in the Corner" geskryf wat sy adres skertsend as "The Castle, Aloe-street" aangegee het. Jack-O'-Lantern se rubriek, "Odds and Ends", het in die tagtigerjare ook lig op plaaslike toestande gewerp. Briewe van elders het die Mosselbaai-lesers se horisonte verbreed. "Our Paris Letter" en "Our London Letter" het gereeld in die sewentigerjare verskyn (MBA 22.10.1873; 25.10.1876) en "Johannesburg Jottings (From our own Correspondent)", vir 'n maand in 1890 (MBA 9.9.1890; 14.10.1890).

Indien 'n onderwerp besonder aktueel was, is feitlik die hele koerant daaraan gewy. In Desember 1884/Januarie 1885 toe die waternood op sy ergste was, is die koerant in so 'n mate deur watersake oorheers dat redakteur Powrie dikwels gemeld het dat ander berigte moes oorstaan (MBA 17.12.1884; 24.12.1884; 14.1.1885). Hydrocephakus het in 'n brief opgemerk: "Talking about water, Mr. Editor, your paper has been uncommon watery this last week or two. 'Water, water, everywhere', as the man says in the book. 'But oh! for a drop to drink', as the other man says" (MBA 17.12.1884: Corner). Toe die Millwoodse

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

goudkoors op sy hoogste was, is die Advertiser in 1886 grootliks met artikels en advertensies oor goud gevul (MBA 19.5.1886; 26.5.1886, 2.6.1886). In die eerste helfte van 1890 het spoorwegsake weer oorheers.

Briewe van lesers is prominent onder die opskrif "Original Correspondence" geplaas. Menings wat onder 'n skuilnaam sou verskyn, moes van 'n visitekaartjie vergesel word (MBA 1.11.1882; 21.2.1883). Latynse skuilname was gewild en het die liefde vir dié taal, wat die Victoriaanse Tyd gekenmerk het, weerspieël (Altick 1974:74). Skrywers het soms bepaalde koerante versoek om hul brief oor te neem deur 'n naskrif soos die volgende by te voeg: "P.S. Z.W.Echo, gelieve den bovenstaanden brief over te nemen" (MBA 3.5.1898: Correspondentie).

Fiksie is sporadies van Oktober 1882 aangebied toe die eerste vervolgverhaal, "Wrecked Hopes, or a tale of Fate" deur Azile Ornom, verskyn het. Dit is weekliks vir drie maande vervolg (MBA 25.10.1882; 17.1.1883). 'n Ander verhaal, "Reminiscences of sport and adventure in South Africa", het vir 'n volle sewe maande verskyn (MBA 14.9.1887; 24.4.1888). Die voorlees van boeke en tydskrifte, gewoonlik deur die hoof van die huisgesin, was 'n gewilde Victoriaanse tydverdryf. Lang romans het ook in Britse blaaie as vervolgverhale verskyn (Phillips 1978:95). Beide die Engelse en Afrikaanse lesers van die tyd het 'n besondere liefde vir verse gehad. Daar is met groot entoesiasme oor veral plaaslike, maar ook oor landsgebeure, gerym. Ryme het verskyn oor onderwerpe soos die stranding van skepe (MBA 4.11.1902), koningin Victoria se jubileum (MBA 25.5.1887), die spoorweë (MBA 29.4.1885), die Diamantveld (MBA 17.1.1871), verkiesings (MBA 5.12.1883), oorloë (MBA 24.11.1880; 12.2.1901) en ook oor die weer (MBA 22.10.1889) en die Matigheidsbeweging (MBA 29.12.1880). Redakteur Powrie het selfs by geleentheid sy Nuwejaarswense in digvorm oorgedra (MBA 30.12.1885).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Alhoewel by die stigting van die koerant besluit is dat Nederlands ook as medium gebruik sou word, het daar min van gekom. Baie intekenare was slegs Nederlands magtig, maar het die blad vir sakedoeleindes ontvang. Om hulle in staat te stel om self die nuus te lees, het Powrie in Julie 1879, bykans vyf jaar na sy oorname, aangekondig dat daar voortaan van die kolomme opsy gesit sou word vir beriggewing in die Nederlandse taal (MBA 2.7.1879). Daar kan aanvaar word dat die bedreiging wat die pas gestigte Oudtshoorn Courant (Appel 1979: 478) ingehou het, vir hierdie stap verantwoordelik was. Dit was veral sake wat vir boere van belang was wat in Nederlands verskyn het. Lang berigte en artikels is in die tagtigerjare gereeld uit Het Volksblad en De Zuid-Afrikaan oorgeneem. "Die kerel op die Vlakte" het in 1889 gereeld oorspronklike verhale vir die Mossel Bay Advertiser geskryf (MBA 11.6.1889: Nieuws; 14.5.1889; 7.5.1889) en 'n paar vervolgverhale van A.J.G. van Laaren van Dalen is in 1890 uit Land en Volk oorgeneem (MBA 29.7.1890; 19.8.1890; 9.9.1890). Die Nederlandse artikels het egter 'n baie klein gedeelte van elke uitgawe uitgemaak. Met "Bondsman" Francis McIntyre se oorname is veel meer ruimte aan die Afrikaner afgestaan en het selfs hoofartikels in Nederlands verskyn.

5.4.2.3 Beïnvloeding van die openbare mening

Die verskillende redakteurs het hul bes gedoen om hul lesers te beïnvloed. Op die gebied van natuurbewaring het Adlard byvoorbeeld teen graffiti op rotswande te velde getrek (MBA 11.5.1881: Vandalism) en McIntyre, wat 'n groot natuurliefhebber moes gewees het, het gereeld gewaarsku teen die beskadiging van wortels met die pluk van veldblomme (MBA 28.8.1900: Brokkie; 9.9.1902; L&G). Hy het ook in 'n lang betoog onder die opskrif "Oh, my poor Country" uitgevaar teen die afbrand van veld (MBA 22.8.1899; Hoofartikel). Die Advertiser het ook praktiese wenke gegee deur byvoorbeeld die gemeenskap aan te moedig om vroegtydig met jubileumreëlings te begin (MBA 9.2.1887: Hoofartikel)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en te waarsku dat die kaai betyds herstel moet word (MBA 9.8.1899: Hoofartikel). Die blad het nie gehuiwer om die plaaslike owerheid, dikwels met groot felheid, aan te val nie. Die Mossel Bay Advertiser het sy taak as opvoeder ernstig beskou en berigte waarin inligting verskaf word, is legio. Lesers is byvoorbeeld oor die geskiedenis van die grammofoon (MBA 9.10.1878: Inventor), die lewe van sint Blaise na wie Mosselbaai oorspronklik vernoem is (MBA 20.7.1881: Odds) en die betekenis van die woord "jubileum" (MBA 15.6.1887: Hoofartikel) ingelig.

As die hooftaak van 'n koerant, naamlik die verskaffing van nuus, onderrig en vermaak in ag geneem word, is dit duidelik dat die Advertiser geslaag was. Volgens die Britse koerantkenner, G.A. Cranfield (1978: 226), word daar steeds gedebatteer of koerante die openbare mening beïnvloed en of hulle dit bloot weergee. Die Mossel Bay Advertiser het beslis die denke van sy lesers probeer vorm en het 'n enorme bydrae tot die ontwikkeling van die dorp gelewer. Dit bestaan vandag, na bykans 120 jaar, steeds.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6. SAKE

Mosselbaai se ontwikkeling op sakegebied gaan hand aan hand met die oopstelling van die hinterland en die verbetering van verbindingsweë. Die voorafgaande hoofstuk moet dus as inleiding tot hierdie bespreking gesien word.

6.1 Markte

Boere het reeds in Januarie 1844 die owerheid versoek om 'n mark in die Baai in te stel. Hulle was ontevrede omdat handelaars hulle met koopware in plaas van kontant vir produkte vergoed het. Ook die siviele kommissaris op George en M.W. Theunissen, een van die eerste bouers op Mosselbaai, het afsonderlik memories in hierdie verband aan die owerheid gerig. Volgens die skrywers is die boere se tyd met die smous van hul produkte verspil en is hulle boonop gekul. Tot 150 wavragte produkte is in hierdie tyd maandeliks in die Baai gelewer.

Die mark is in Augustus van die volgende jaar geproklameer en die regulasies is in die Government Gazette gepubliseer. Die een morg kroongrond waarop die skeepseinpaal al die jare gestaan het, is tot markplein verklaar. Die mark sou elke oggend vroeg gehou word, maar nie op Sondae nie. Kontant sou na aftrekking van markgeld vir produkte betaal word. Die markmeester het in sy versoek om toerusting soos meubels en weegskale klem daarop gelê dat die markklok groot en welluidend moes wees vanweë die mark se nabyheid aan die see. 'n Houthuisie van drie by drie meter is opgerig. Ná die stigting van die munisipaliteit in 1852 is die mark twee maal per dag gehou (Scheffler 1988a: 71). Ses jaar later is 'n munisipale gebou, wat as die Market House bekend was, opgerig (Sien Munisipale geboue). In die laat sewentigerjare was daar

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

talle klagtes oor die gebreke van die gebou, veral nadat dit gereën en produkte, soos velle, nat geword het. Die grond om die gebou is ook deur die verkeer modderig gemaak en het kooppryse nadelig beïnvloed (MBA 10.4.1878: L&G). 'n Nuwe munisipale gebou, wat 'n volstruisveermark en 'n kantoor vir die markmeester gehuisves en voorsiening vir die berg van vyf- tot seshonderd bale wol gemaak het (MBA 5.2.1879: Correspondence), is op 15 Augustus 1879 ingewy (MBA 21.8.1879: Hoofartikel). In 1884 is besluit om die markwerf met planke te bedek eerder as om dit te plavei (MBA 9.1.1884: Municipality). Produkte soos velle, horings, graangewasse, brandewyn, tabak en groente is van die hand gesit. Van 1871 is ook volstruisvere te koop aangebied (Scheffler 1988a: 71). Ná die opening van die nuwe gebou is 'n spesiale "Vogelstruisvederen Markt" op Dinsdae en Donderdae aangebied (MBA 10.9.1879).

Die eerste mark waarop uitsluitlik wol verhandel is, is in Desember 1857 gehou. Die wolmark gedurende die laaste kwart van die jaar, was een van die belangrikste gebeurtenisse in die Baai. Die Mossel Bay Advertiser het dikwels berig hoe woelig die dorp daar uitgesien het en hoe fluks sake gedoen is. Boere het in groot getalle van oral met ossewaens en perdekarre aangetou. In die vroeë sewentigerjare was daar tydens so 'n veiling reeds vyftig volgelaaide waens op die markplein en in die aangrensende strate byeen. Boervroue het die geleentheid benut om inkopies te doen en te kuier. Winkeliers het hulle daarop toegespits om in hul behoeftes te voorsien.

Die wol is aanvanklik direk van die waens af verkoop. Kopers van groot uitvoerfirmas het van Port Elizabeth en Kaapstad gekom. Daar is lewendig gebie en 'n vriendelike gees van wedywering het onder die boere geheers om die hoogste prys te behaal. Die dag is dikwels in die Standard Hotel, waar sjampanje vryelik geskink is, afgesluit. In die tagtigerjare staan dié geleentheid as die "jaarlikse wol- en veremark" bekend. In 1902, ná opheffing van die Krygswet (wat onder meer bepaal het dat geen markte gehou mag word

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nie), is meer as 1 100 bale wol van die hand gesit (Scheffler 1988a: 71).

Die oggendmark het in die vroeë negentigerjare doodgeloop omdat boere hul produkte deur middel van "coolies" (amptelike naam van die pakkiesdraers by die hawe) wat as tussenhandelaars opgetree het, verkoop het (MBA 17.2.1891: Divisional). Op versoek van die "Suid-Westelike Distrikte Boere Vereniging" is besluit om die vroeë oggendmark weer in te stel en 'n gereelde advertensie in Hollands in die koerant te plaas (MBA 10.8.1897: Council). Die mark is op 2 September 1897 hervat. Daar was heelwat probleme aangesien die klok nie 'n kwartier voor die tyd gelui is nie, en die markmeester hardhorend en boonop ook nie Hollands magtig was nie (MBA 7.9.1897: Council). Slegs twee waens, die een met hawer en die ander met lemoene en groente, het opgedaag. Die pryse was laag en daar is voorgestel dat die produkte voortaan op tafels uitgestal word sodat honde nie daarteen kon urineer nie. Boere is gevra om die volgende te lewer: skaap-, bees- en varkvleis, spek, hamme, eiers, uitgebraaide vet (hard of sag), kersvet, "boschjeswas", harders, speenvarkies, botter, kalk, bronkors, heuning, groot waterkrappe, semels, graan en meel, wild en biltong. Die wetsagent en vendumeester (MBA 2.11.1897: advertensie), E.S. Puckle, is as ondermarkmeester aangestel (MBA 7.9.1897: markt). Hy was volgens die Advertiser uiters geskik vir die taak: "his eyes sparkle, his countenance beams, his lips bubble over with racy quotations and extemplore witticisms that diffuse good humour among the audience, and makes them relax their purse strings at the voice of the charmer". Die mark was gou gewild en (MBA 26.10.1897: Jottings) hoë pryse is vir voedsel behaal (MBA 26.10.1897: Markt).

6.2 Groothandelaars

Daar was verbasend baie groothandelaars op Mosselbaai. Die groot firmas, waarvan sommige jare lank bestaan het, het almal in hierdie kategorie geval. Hulle het handelsware van die buiteland ingevoer en dan met ossewaens na ander

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sentra vervoer. Die groothandelaars het dus nie net in die dorp se behoeftes voorsien nie, maar ook in dié van die binnelandse bevolking. Wanneer 'n skip met 'n lading aangekom het, is 'n advertensie onmiddellik in die Mossel Bay Advertiser geplaas waarin die pas uitgepakte ware gelys en die vaartuig se naam en plek van invoer vermeld is. Daar is ook dikwels geadverteer watter produkte met watter skip verwag is. 'n Advertensie wat dramaties verklaar het: "Per Piccadilly, hourly expected, Direct from Boston", het nie net in die uitgawe van 10 Januarie 1872 verskyn nie, maar ook twee weke later. Die brik wat uurliks verwag is, het eers op 6 Februarie in die baai anker gegooi (MBA 24.1.1872; 7.2.1872).

Die rol van die sakebedryf kan nie oorskat word nie. Afgesien van die mans wat by die hawe of in die boubedryf werksaam was, was die oorgrote meerderheid werknemers van groothandelaars. W.F. Taylor, predikant van die St. Peter's-kerk, het in die laat sewentigerjare geskryf: "In a place like this, where trade is almost the sole occupation [...]" (MBA 30.1.1878: Correspondence).

In 1863 het BHD (Bryan Henry Darnell), voormalige redakteur en medestigter van die Cape Argus (De Kock 1983: 112), in 'n berig in die Overberg Courant (15.4.1863) verklaar: "The district of Aliwal South [...] reposes under the shadow of two mercantile establishments, which enjoy a monopoly of its trade." Die ondernemings waarna verwys is, was die groothandelsake van Barry & Nephews en Prince, Collison & Co. Volgens die Cape Argus van 21 Desember 1858 het die twee firmas, wat beide takke van bekende sakeondernemings was, die "finest stores of all" op die dorp besit. Slegs die belangrikste van die groothandelaars sal bespreek word.

6.2.1 Barry & Nephews

Joseph Barry, wat later die Overbergse groothandelsfirma Barry & Nephews sou

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Thomas Bowler se potloodskets (C.1860) van die Mosselbaaise tak van Barry & Nephews. Die dubbelverdieping was in daardie stadium die imposantste sakegebou op die dorp. Let op dat die pakhuis toe nog nie tot die huidige afmetings verleng is nie. Regs voor op die markplein kan die skeepseinpaal gesien word en links agter die VOC-graanskuur met sy rietdak en gewel.

Foto: Kaapse Argief M777

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

stig, was een van die eerste sakelui op Mosselbaai. Hy het in 1825 egter sy bedrywighede in die Baai gestaak as gevolg van die onaangename houding van Hendrik Oostwald Acker, die plaaslike resident (soos die poshouer onder die Britse bewind bekend was). Barry is in Maart 1827 ná 'n reeks terugslae bankrot verklaar, maar hy het twee maande daarna in vennootskap met 'n ander Mosselbaaise handelaar die staatsgeboue (residensie, stal en graanskuur), wat vir die eerste keer saam verhuur is, betrek. Hy het hierna sodanig herstel dat hy in 1834 die firma Barry & Nephews, met hoofstandplaas in Swellendam, kon stig. Hierdie uiters suksesvolle onderneming het handelshuise op verskillende dorpe in die Wes-Kaap gehad, asook kantore in Kaapstad en Londen.

Joseph, die senior vennoot, en sy neefs Thomas en John Barry het die grond waarop hulle hul opvallende gebou kort daarna sou oprig, in Augustus 1847 op 'n openbare veiling gekoop. Die ongepleisterde dubbelverdieping van klip was die mees imposante sakegebou op die dorpie. Die skuifraamvensters en deure is omlys met witgeverfde, dekoratiewe pleisterwerk. Die gebou is op 'n hoogtetjie naby die see en is as baken aangegee vir skepe om die regte ankerplek te vind. Barry & Nephews se Mosselbaaise tak was ook gerieflik na aan die Markplein en by die ingang van die hoofroete na George. Thomas Bowler het in omstreeks 1860 'n potloodskets van die pakhuis, wat aanvanklik veel korter as vandag was, gemaak. 'n Foto van 1864 toon dat die gebou toe reeds aan die seekant tot die teenswoordige afmetings verleng is. Die trapgewel is eers in die huidige eeu aangebring. Voor die gebou was daar van die vroegste tye 'n skeepseinpaal. Die betrokke rederyvlag is hier gehys wanneer 'n skip waarvoor die onderneming die agent was, die Baai aangedoen het (Scheffler 1988a: 70-71). Die paal is in April 1939 verwyder (BDM: L2: Commerce, firms closed).

Die Barry-skoener was 'n bekende gesig in die baai. Die kusvaarder het Britse handelsware wat te koop aangebied is, na Mosselbaai gebring en dan wol en ander produkte wat ter plaatse van die boere gekoop is, ingeskeep. In dié opsig was

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die Barry-gebou, nou reeds na die see se kant verleng, en die Market House met markklok regs. 'n Wa kruie stadig oor die markplein aan in die rigting van George. Die telegraafpaal dui daarop dat die foto van na 1863 dateer.

Foto: Bartolomeu Dias-museum, afdruk geskenk deur P. Storrar

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Barry 'n baanbreker aangesien dit toe nog gebruiklik vir handelaars was om produkte in die Kaap ten behoewe van boere van die hand te sit. Die onderneming, wat as Barry & Co sowel as Barry & Nephews in Mosselbaai bekend was, was so suksesvol dat hulle later ook die ou VOC-graanskuur, wat intussen aan die handelaar Adam Bland verkoop is, moes huur om as pakhuis te gebruik.

Die Mosselbaai-tak is in April 1872 na 'n reeks terugslae, waaronder die stranding van hul kusvaarder, gesluit (Scheffler 1988a: 70-71). Joseph Joshua Barry, die oudste seun van John Barry, Lid van die Wetgewende Raad en een van die "Nephews" (MBA 24.1.1871: Memoriam; 3.11.1875), en John Frazer Hudson het in Junie 1872 'n vennootskap aangegaan en die onderneming hierna as Barry, Hudson & Co. bedryf (MBA 19.6.1872: Advertensie). Op 6 Maart 1876, vier maande na Barry se dood, het Cornelis Adolph Vreede by Hudson aangesluit en saam het hulle Hudson, Vreede & Co bestuur (MBA 3.11.1875; 8.3.1876: Notice). Hudson se seun, George Matthews, het hom opgevolg. Hy is in 1885 as vennoot aangestel (MBA 1.4.1885) en later as senior vennoot. Die onderneming het in die dertigerjare van die huidige eeu nog steeds dieselfde naam gedra (AK: MB erf 4: 3067). Die Barry-gebou is tans as die Oker-gebou bekend vanweë die feit dat die African Golden Ochre-maatskappy die gebou in 1941 bekom en oker van die distrik Albertinia hier verwerk het (Scheffler 1988a: 70-71). Die gebou, wat op die noordwestelike hoek van Kerk- en Markstraat (erf 3067) geleë is, word deur die RNG as een van die belangrikstes op die dorp beskryf en as nasionale gedenkwaardigheid aanbeveel (NMC 1985: 47).

Joseph Joshua Barry is slegs drie jaar nadat hy hom op Mosselbaai gevestig het, op 27 Oktober 1875 oorlede. Sy oorskot is in die Engelse kerkhof by die Punt begrawe. Tydens die begrafnis was die vernaamste sakeondernemings gesluit en het alle vlae halfmas gehang (MBA 24.1.1871: Memoriam; 3.11.1875).

John Frazer Hudson is op 10 Oktober 1817 in Ierland gebore. Hy het in 1837 as

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

twintigjarige weens gesondheidsredes na die Kaapkolonie gekom. Hudson het hom as boer in die distrik Swellendam gevestig waar hy Joseph Barry ontmoet het. Hy het Barry se onderneming op Riversdal van 1846 vir veertien jaar bestuur totdat hy aan die einde van 1860 die Mosselbaaise tak oorgeneem het. Hudson is in 1878 as Lid van die Wetgewende Raad verkies. Hy was verskeie kere voorsitter van die Dorpsraad en het ook onder meer in die Afdelingsraad, skoolraad en hawebestuur gedien. Dit is onder sy leiding dat 'n wetsontwerp vir die Kleinbosch-waterskema deurgevoer is. In 1884 het die bekwame, maar teruggetrokke Hudson as gevolg van swak gesondheid bedank as Lid van die Wetgewende Raad, asook uit al sy ander openbare ampte. Hy is op 7 November 1888 op 71-jarige leeftyd oorlede en sy oorskot is in die Punt-begraafplaas begrawe (Almanac 1862: 156-157; MBA 10.12.1884: Hoofartikel; 3.3.1886: Hoofartikel; 13.11.1888: Memoriam). Sy dagboek, En route to South Africa in 1837, waarin hy van sy skeepsreis vertel, word in die manuskripversameling van die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad bewaar.

George Matthews Hudson was besonder skrander. Hy het in 1874, ná sy skoolopleiding op Mosselbaai, op die jongste toelaatbare ouderdom aan die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop gematrikuleer en met lof geslaag (MBA 19.8.1874). Dié universiteit het die vorige jaar tot stand gekom en was bloot 'n eksaminerende inrigting wat leerplanne opgestel het, die Matrikulasie-, Junior Sertifikaat- en ander eksamens afgeneem het en grade toegeken het (Du Toit 1976: 72). Met die behaling van sy BA-graad een jaar later was hy vierde in sy klas (MBA 27.10.1875). Hy is op 31 Desember 1896 as senior vennoot van Hudson, Vreede & Co op Mosselbaai oorlede (GKH 6.1.1897). Hy was slegs 39 jaar oud (MBA 5.1.1897). Sy vrou het vyf jaar later na Engeland verhuis (MBA 11.2.1902: Farewell!). Hudsonstraat is na hom of sy vader vernoem. George Hudson moet nie met sy naamgenoot, wat van 1875 vir drie jaar siviele kommissaris en resident-magistraat was, verwar word nie (MBA 28.1.1875; 15.8.1878).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

George Hudson se huis was langs die huidige Mossel Bay Advertiser-gebou op ou erwe 8,9 en 10 van blok F aan Gravestraat. Die groot huis het behalwe die badkamer, spens, kombuis en buitegeboue, twaalf kamers, 'n tennisbaan en groot vrugteboord gehad (MBA 3.12.1901; 14.1.1902; 18.2.1902: Advertensies). 'n Foto uit die tagtigerjare toon 'n imposante dubbelverdieping-woning met twee gewels (BDM: J00012). Die gebou is egter as enkelverdieping opgerig en kan as sodanig op 'n foto van fotograaf Fenneysey, wat Mosselbaai gereeld tussen 1872 en 1876 besoek het, gesien word (BDM: DD00214). Die grond is oorspronklik op 7 Augustus 1847 saam met die grond waarop die Barry-gebou daar naby opgerig is, deur Barry & Nephews gekoop. Dit is op 22 Augustus 1872 aan George se vader, J.F. Hudson, oorgedra (AK: GF 10: 66; 68; 69). Dit was net nadat hy as vennoot aangestel is (MBA 12.6.1872). Hy kon die huis met die oordrag opgerig het, maar dit is meer waarskynlik dat die woning uit 'n veel vroeër tyd gedateer het en tot toe deur een van die Barrys bewoon is. Die gebou (Gravestraat 6) is tans in twee eenhede verdeel en is weer 'n enkelverdieping. Die RNG spreek homself soos volg oor dié gebou uit: "This is a fine complex, probably from the end of the last century. As it is situated in the historic core it should be protected in the Town Planning Scheme and investigated for proclamation" (NMC 1985: 35).

Cornelis Adolph Vreede is in 1818 vermoedelik in Nederland gebore. Hy was in die vroeë sestigerjare die plaaslike landings- en verskepingsagent (Almanac 1862: 157) en gevestigde sakeman met etlike geboue. Hy was ouderling in die NG gemeente en het in die boukommissie van die Klipkerk gedien. Vreede is op 2 Oktober 1885 op 67-jarige leeftyd in sy huis oorlede (Argus 21.5.1863; MBA 14.10.1885; Steyn 1945: 22;38). Sy huis was die eerste dubbelverdieping-woning op die dorp en is deur die pionier en eerste landings- en verskepingsagent, J.B.A. Bland, gebou. Dit het jare lank as The Castle bekend gestaan en het 'n onbelemmerde uitsig oor die baai gehad. Die huis was op 'n deel van ou erf 5

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

The Mossel Bay Advertiser

Vol. XII.- No. 539 | MOSSEL BAY, CAPE OF GOOD HOPE, WEDNESDAY, APRIL 26, 1882. | [PRICE 3d]

EX "MONSOON."

PRINCE, VINTCENT, & CO.

ARE NOW LANDING A FULL CARGO,

CONSISTING OF

Bass's Ale, qts.,
Red Heart Rum, Guinness's Stout, qts.,
Bernard's Ginger Wine, Lime Juice Cordial, Hunt's Port,
Vinegar in ¼-casks, Huntley & Palmer's Biscuits, Single Blocks,
Scotch Cart, Wagon, and Patent Mail Axles, Wagon Brakes, Wagon and
P.M. Bushes, Bolts and Nuts, Buck Irons, Crowbars, Single and Double Cart Steps,
Folding Carriage Steps, Wagon Canvas, Short Link Chain, Doorscrapers, Dashboard Irons,
Stable, Garden, and Dung Forks, Fishing Lines, white and brown, Antifriction Grease, Window Glass, Glue Pots,
Wooden Grain Shovels, Garden, Dutch, and Grubbing Hoes, Granite and Hand Hammers, Horseshoes, Crown
Bar Iron, Round and Half-round Bar Iron, Bevilled Iron, Sheet Iron, Rimlocks, Padlocks, Lead Pipe, Sheet Lead,
Shot, Mill Picks, Wire Nails, Horseshoe Nails, Panel Pins, Wrought Rose Nails, Ovendoors, Socket Pipes,
Pickaxes, Negro Pots, Soap Pots, Camp Ovens, Rakes, Rivets, Blister Steel, Sluice Valves, Register Grates,
Seltzogenes, 3 and 5 pt., Grasshopper and Elliptic Springs, Lyndon's, Parkes', Foster's, and other Cape
Spades, Shovels, round and square, Japanned Fencing Staples, Bed Screws, Wood Screws,
Dorset, Jackal, and Tiger Traps, Tin, 1c and 1x, Blued and Tinned Tacks,
Smiths' Vices, Iron Wove Wire, Wagon Jacks, Wire
Netting, 3 feet and 4 feet 6 inches,
Airbricks, plain and ornamented,
Sheet Zinc.

Tanfield Moor Smithy Coals
Cooper's Sheep Dipping Powder
Galvanized Corrugated Iron 6 to 10 feet
Curved Verandah Iron
Galvanized Pipe Hooks, Heads, Shoes, Swan Necks, Elbows, Drive and Screw Brackets

Verandah Columns, 9 and 10 ft., fluted and plain
Lipscombe's Patent Filters
Perambulators single and double
Galvanized and Black Annealed Fencing Wire
Brandram's Flowers of Sulphur
400-Gallon Tanks
4/4 Fancy Matting

Gilt Carved Frame Chimney Glasses
Walnut Frame do. do.
Bedsteads, in Children's Cots, Stumps,' French Beds, and Half Testers
Cape Pair Harness Japanned Mountings
Mahogany Chests of Drawers, solid tops

GUNPOWDER, ETC.

F in 1 and 5-lb. Canisters, Blasting, in ¼-cases, Westley Richards' Cap Carbine Cartridges.

PERFUMERY, ETC.

Luce's Eau de Cologne, Rimmel's assorted Essences, Toilet Vinegar, Eau de Cologne, and Lavender Water.

TINWARE.

Pannikins, Dust Pans, Funnels, Kettles and Comfores, Round Kettles, Oval Pudding Pans, Pie Dishes, Sugar Boxes, Toilet Sets, Soup Tureens, Tea Pots, Deep Round Wash Bowls, Coffee Pots, Camp Kettles, Colanders, Dish Covers.

LAMPS, &c.

Table, Hanging, and Wall Lamps, Hurricane Lanterns, Spare Globes, Chimneys, Shades, Wicks, &c

CROCKERY AND GLASSWARE.

Crates containing Boston Tea Cups and Saucers, Assorted Bowls, Irish and London Cups and Saucers, Tea Pots, Soup and Dinner Plates, China Tea and Coffee Services, Egg Cups, Toilet Sets, Dinner Services for 12, 18, and 24 persons, Flower Centres, Caraffes and Ups, plain and engraved, Flycatchers, Round and Oval Glass Dishes, Champagnes, Fern Tumblers, Finger Glasses, Cut Decanters, Jugs in Sets, Pickle Jars.

Gossage's P M and National Blue Mottled Soap, 25, 28, and 30 bars.

OILMAN'S STORES, ETC.

Cloves, Carraway Seeds, Carbonate of Soda, Epsom Salts, Paraffine, Stearine, Belmont, and National Sperm Candles, Bleached Ginger, Oakey's Wellington Knife Polish, Mace, Macaroni, Vermicelli, Nutmegs, Cocoa-nut Oil, Salad Oil, Castor Oil, Scented Cocoa-nut Oil, Round and Fine Oatmeal, Pickles, Ground Black Pepper, Colman's Starch, Salmon, in 1-lb. tins, Sardines, Small Sago, Tapioca, Jams.

OILS, PAINTS, ETC.

Red Lead, White Lead, Lamp Black, Hubbuck's assorted Paints, Black Paint, Egyptian Green, Brilliant Green, Ground Burnt Umber, Ground and Dry Chrome Yellow, Burnt Sienna, White Zinc, Purple Brown, Yellow Ochre, Boiled and Raw Linseed Oil, Colza Oil, Glue, Pitch, Wax Pitch, Pumice Stone, Rosin, Turpentine, Coal and Stockholm Tar, Carriage Copal, Gold Size, and Oak Varnishes, French Polish, Whiting.

Hip and Sponge Baths, Galvanized Buckets, Fire Bricks, Fire Clay, Picked Coir, Coffee Roasters, Patent Fuse, Red Ink, Knife Boards, Nye's Patent Coffee Mills, Masons' Wood Mallets, Mortars and Pestles, Glass Marbles, Plaster of Paris, Clay Pipes, Iron and Brass Wire Sieves, Shoe Thread Tinsmith's Wire, Copper Wire, Black Lead, Wall Paper, Bread Slicers, Bread Pans, Neck and Tower Bolts, Japanned Roller Buckles, Iron Braces with 24 and 36 Bits, Bannister Brooms, Hair Brooms, Grain Bags, Day & Martin's Blacking, Borax, Nye's Patent Mincers, Cooks' Skimmers and Ladles, Japanned Chest Handles, Curry Combs, Brass Pillar and Bed-room Candlesticks, Cash Boxes, with patent locks, Wine and Beer Corks, Wire Dish Covers, Flesh Forks, 2 and 3 prong, Frying Pans, Glass Paper, Gridirons, 8 to 16 bar, Butt Hinges, Brass Kettles and Comfores, Tinned and Wrought Iron Kettles, Jack, Smoothing, Bead, Trying and German Jack Planes, Farriers' Pincers, Japanned Snuffers, Enamelled Saucepans, Tin Whistles, Washstands, Galvanized Screws and Washers.

Mossel Bay, 13th April, 1882.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Prince, Vintcent & Co adverteer 'n volle skeepslading wat pas ontvang is. Hierdie volblad-advertensie toon aan watter wye verskeidenheid ware die firma verhandel het en gee ook 'n blik op die tydsgees. Die volgende word onder andere genoem: Red Heart-rum, rytuie, tentdoek vir waens, misvurke, hoefysters, seeppotte, kampeeroonde, slagysters vir tiers, skaapdip, gekurfde verandasink, verandapilare, kinderwaentjies (enkel en dubbel), blom van swawel, buskruit, "toilet vinegar", lamppype en -pitte, Boston-teekoppies, eetserviese vir 24 mense, vlieë-vangers van porselein, vingerbakkies, paraffien-, stearine- en spermaceti kerse, kasterolie, geblikte salm, heup-en sponsbad-dens, muurpapier en "Flesh Forks".

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aan die latere Vintcent-plein geleë (GA 22.10.1868: Sale; 12.8.1869: Sale). Die imposante woning met sy tennisbaan en groot tuin (MBA 18.7.1893: Advertensie) is na die Vreedes deur die groothandelaar F.W. Mataré bewoon (MBA 1.8.1893: L&G). Dit is later in die huidige eeu as die losieshuis Cedar Hall bedryf totdat C.P. Nel dit gesloop het om 'n motorhawe op te rig (BDM: A3: ongedateerde knipsel). Nadat laasgenoemde ook gesloop is, is 'n Pick 'n Pay-winkelsentrum op die perseel opgerig en in Maart 1989 ingewy (MBA 17.3.1989: 1). 'n Groot boom van die oorspronklike tuin het behoue gebly. Die huis is sigbaar op al die saamgestelde foto's van die dorp wat van die hawe geneem is.

6.2.2 Prince, Vintcent & Co

Die Kaapstadse onderneming Prince, Collison & Co het 'n tak op Mosselbaai geopen nadat 'n plaaslike handelaar wat as agent vir hulle opgetree het, in 1850 bankrot verklaar is. Henry Ralph Harris moes vrag wat Prince, Collison & Co direk van Londen na Mosselbaai ingevoer het, van die hand sit (Gazette 8.11.1849). 'n Bitter rusie het ontstaan en in April van daardie jaar is Harris se handelsware deur die Hooggeregshof aan die vennote van die Kaapstadse firma G.W. Prince en F. Collison toegeken ter delging van sy skulde (Gazette 2.5.1850). 'n Vendusie is geadverteer waar "every article offered will be positively sold to the highest Bidders, in order to close this most Disgusting Account and to enable the Undersigned to wind up all their affairs at, and to retire from Mossel Bay" (Gazette 30.5.1850). Ten spyte van die voorneme om die Baai so gou moontlik te verlaat, het die vennote Harris se eiendom aangekoop; dit is op 23 November 1850 aan Prince, Collison & Co oorgedra (AK: MB erf 4: 2969). G.P. Hoffman en J. Vintcent is as agente aangestel (Gazette 2.5.1850) en 'n kleinhandelsliksens is in Januarie 1851 uitgereik (Gazette 23.1.1851). Die onderneming het later 'n groothandelsaak geword. Dit het in die vroeë sestigerjare tydens die vennootskap met John Shepherd, een van Prince se eksekuteurs, kortstondig as Collison, Shepherd & Co bekend gestaan (AK:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Trekosse lê geduldig voor die oorspronklike gebou van Prince, Vintcent & Co. 'n Deel van die onderverdieping is reeds voor dorpswording deur die pionierbouer, C.F. Pohl, opgerig en is die oudste bouwerk op Mosselbaai. Die sleutelpatroon-versiering was kenmerkend van die vroeë argitektuur. Let op dat daar nog nie aangebou is nie.

Foto: Bartolomeu Dias-museum L PBM 00661

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Transfers 28: 457; Argus 29.5.1862: Advertensie). Ná G.W. Prince se dood het sy seun en Joseph Vintcent saam Prince, Vintcent & Co gestig. Hul maatskappy was op 30 Junie 1863 reeds gestig (AK: Transfers 28: 455 1/2).

George William Prince se seun, John Sampson Prince (1824-1907), is in Kaapstad gebore, maar is op twaalfjarige ouderdom vir sy opvoeding na Engeland gestuur. In 1842 het hy by sy vader se onderneming as klerk aangesluit en is elf jaar later as vennoot aangestel. Met die dood van sy vader en die gevolglike ontbinding van die firma, het hy die tak op Mosselbaai oorgeneem en hom by Joseph Vintcent aangesluit. Die firma is toe voortaan as Prince, Vintcent & Co bedryf. Prince het vir vyftien jaar die distrikte George en Riversdal in die Kaapse Wetgewende Vergadering verteenwoordig (MBA 27.8.1907:3). In die sewentiger-jare het hy hom in Londen gevestig waar hy 'n agentskap van Prince, Vintcent & Co gestig en die aankope behartig het (MBA 12.8.1874; 6.1.1875). Hy is later daar oorlede.

'n Ondersoek wat in Desember 1983 deur skrywer in die Public Record Office in Londen gedoen is, het geen inligting omtrent dié firma opgelewer nie alhoewel daar verwag kon word om gegewens in die Companies Registration Office-groep (BT 41 en BT 31) te vind.

Francis Collison was die senior vennoot van die ondernemings Francis Collison & Co van Londen en Collison & Co van Kaapstad. Ná sy dood in 1876 buite Londen (Argus 23.3.1876), is sy seun, Henry Clerke Collison, as vennoot aangestel (SA Comm Advt 30.5.1857).

Joseph Vintcent (1809-1873) is in Nederland gebore en het in 1839 of vroeg in 1840 na Suid-Afrika gekom. Denys Buckle (1986: 29), wat 'n geskiedenis van die familie saamgestel het, fouteer wanneer hy meld dat Vintcent in 1843 of 1844 geïmmigreer het (KA: CO 4027: 689). Behalwe Nederlands, was die egpaar ook

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n Blik op 'n bedrywige Blandstraat van Vintcent-plein. Die struktuur met die poort op regterhand is in 1901 voltooi en maak deel uit van Prince, Vintcent en Co se gebou. Let daarop dat die tweede nuwe deel nog nie aangebou is nie. Dié sou 'n jaar later volg. Die skoolgebou verskyn op linkerhand laer af.

Foto: Bartolomeu Dias-museum L PBM 00662

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Engels en Frans magtig (Cape Times 1.10.1894). In 1843 het Vintcent die plaas Matjes Valley en 1/16de van Honing Klip naby Mosselbaai gekoop (SAB: Crail-kaart) waar hy met skape geboer het (Zuid-Afrikaan 31.12.1873: Vintcent). Vyf jaar later is hy as vrederegter vir die distrik aangestel (Gazette 29.6.1848) en in 1850 as agent vir Prince, Collison & Co (Gazette 30.5.1850). Hy is in 1871 as lid van die Kaapse Wetgewende Raad verkies. Die portefeulje van tesourier-generaal is hom aangebied, maar hy moes vanweë swak gesondheid daarvoor bedank (Zuid-Afrikaan 31.12.1873). Sy oudste seun, Lewis Anthony Vintcent, wat in 1873 as vennoot tot die firma toegetree het (MBA 2.7.1873), was meer as twintig jaar Parlementslid vir George (MBA 2.10.1894: Hoofartikel). Ook hy moes vir 'n portefeulje vanweë swak gesondheid bedank (Cape Times 1.10.1894). Sy jongste suster, Agnes, was as eggenoot van John X. Merriman eersteministersvrou (Laurence 1930: 20). Lewis se tweede seun, Alwyn Ignatius, wat hom as hoof van die firma opgevolg het, was ook Parlementslid (Anoniem 1969: 9) en besonder bekwaam as burgemeester (MBA 30.7.1901: Hoofartikel). Die stoomsleepboot, Alwyn Vintcent, wat deel vorm van die beoogde Suid-Afrikaanse Maritieme Museum in Kaapstad, is na hom vernoem (Burger 19.4.1989: 4). Die Vintcents het as sakelui 'n belangrike bydrae tot die ontwikkeling van Mosselbaai gelewer en ook op sosiale gebied hul plek in die gemeenskap volgestaan.

Prince, Vintcent & Co, wat ook 'n tak op Oudtshoorn (Appel 1979: 285) en 'n winkel op die Millwoodse Goudveld (MBA 3.9.1889: Advertensie) gehad het, was verskepers van wol, volstruisvere, diamante, velle, aalwyn en algemene ware. Hulle het ook boumateriaal, plofstof, landboumasjinerie, ysterware, sagteware, kruideniersware, tabak en alkoholiese drank direk ingevoer (MBA 24.1.1871: Advertensie; Playne 1910: 415). Hul "Cape Brandy" is in 1878 eervol vermeld op die Wêreldtentoonstelling in Parys (Gazette 3.8.1880). Met die stormloop na die Kimberleyse diamantveld het die firma 'n brosjure uitgegee om as riglyn vir voornemende immigrante te dien. Hierin is die roete via Mosselbaai as die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hier is die Vintcent-woning vir 'n feesgeleentheid getooi met palmtakke, Union Jacks en spandoek, wat waarskynlik rooi was. Die grondverdieping is deur C.F. Pohl opgerig en was die eerste huis in die nedersetting.

Foto: Bartolomeu Dias-museum H PBM geen nommer

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

beste aangegee (MBA 7.2.1871: Supplement).

Die eiendom wat Prince, Collison & Co van Harris gekoop het, het bestaan uit 'n enkelverdieping-winkel op die suidoostelike hoek van Kerk- en Blandstraat en 'n enkelverdieping-huis naby die hoek van Kerk- en Marshstraat. Die geboue was deur 'n tuin geskei en het op die eerste drie erwe wat in Mosselbaai uitgegee is, gestaan. Dit is deur die bouer C.F. Pohl vir eie gebruik opgerig nadat hy die erwe in 1820 van die owerheid gekoop het (AK: GF 3: 14-16). Pohl het die twee geboue later aan H.O. Acker, Mosselbaai se tweede poshouer, verkoop (AK: Transfers 299: 80) wat dit weer aan Harris van die hand gesit het (AK: Transfers 752: 33). Prince, Collison & Co het die winkelgebou na die Punt se kant verleng en nog 'n verdieping aangebring. Dit is waarskynlik in 1855 gedoen aangesien hulle toe met bouwerk besig was (KA: CO 2918: 26.5.1855). Daar kan met sekerheid beweer word dat dit voor Desember 1858 plaasgevind het aangesien die Cape Argus dit toe as een van die twee deftigste geboue op die dorp beskryf het (Argus 21.12.1858). Was dit nie vir die verwydering van 'n hoekgedeelte in 1961 om die straat te verbreed nie (AK: MB erf 5: 3390), sou die hele oorspronklike onderverdieping vandag nog behoue gewees het. Die grondverdieping van die gedeelte met die twee vensters en deur wat naaste aan Kerkstraat is, is die oudste bestaande bouwerk op Mosselbaai. Buckle (1986: 16) gee die datum van die vergrote gebou as C.1840 aan, maar op N. Maurant se uiters betroubare skets van 1852 (KA: AG 16349) kan duidelik gesien word dat die winkel toe nog sy oorspronklike afmetings gehad het. Die gebou is na 1890 ook na die agterkant vergroot deur 'n bestaande pakhuis met die gebou te verbind (KA: AG 16353.1-4). Die Blandstraat-fasade is later verder verleng deur die aanbouing van twee dele wat deur poorte gekenmerk word. Die deel naaste aan die oorspronklike bousel is in 1901 voltooi (MBA 13.8.1901) en die verste deel in 1903 (MBA 7.7.1903).

Die hele groep geboue moet volgens die RNG tot nasionale gedenkwaardigheid

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verklaar word (NMC 1985: 7-8). Prince, Vintcent & Co, wat tans deur die vyfde geslag Vintcents bestuur word, doen steeds hier sake. Pohl se huis, wat later ook nog 'n verdieping bygekry het, was vir dekades die Vintcent-gesin se woning. Hierdie gebou, wat reeds 32 jaar voor dorpswording as die heel eerste woning op Mosselbaai opgerig is, is in die vyftigerjare van die huidige eeu gesloop om plek te maak vir 'n motorhawe.

6.2.3 P.J. Wassung & Co

P.J. Wassung & Co is deur vier geslagte Wassungs bestuur en het 119 jaar lank bestaan. Die groothandelsonderneming is in 'n groot dubbelverdieping-gebou op die suidoostelike hoek van Marsh- en Kerkstraat bedryf waar die OK-winkel tans geleë is. Tenders vir die oprigting van die klipgebou van 21,3 by 10,4 meter is in September 1877 gevra (MBA 26.9.1877). Dit was oorspronklik 'n eenvoudige, reghoekige gebou met skuifraamvensters, maar in Mei 1902 is die onderste verdieping se klein vensterruitjies met groot winkelruite vervang en is 'n veranda aangebring (MBA 6.5.1902: Brokkie).

Petrus Johannes Wassung (1823-1901), stigter van die onderneming, het in Maart 1839 op vyftienjarige ouderdom saam met sy ouers uit Duitsland in Tafelbaai aangekom (KA: CO 4057: 60). Hy en sy vrou het hulle in 1856 in Mosselbaai gevestig (SAB: Crail file 16: Wassung) waar hy in 1868 'n bakkery en winkel bedryf het (Gazette 7.2.1868). Sy enigste seun, André Anton (1848 - 1935), het hom in die onderneming bygestaan wat mettertyd in 'n florerende groothandelsaak ontwikkel het. Ná P.J. Wassung se dood op 14 Desember 1901 (MBA 17.12.1901: Death Notice) is die firma as Wassung Brothers bedryf (MBA 11.3.1902: Notice) en is die winkel as The Corner Shop geadverteer (MBA 25.3.1902). Die "Brothers" het waarskynlik verwys na twee van A.A. Wassung se seuns wat aan die onderneming verbonde was. Die oudste seun, Peter John (1872 - 1950), het later die firma bestuur. Peter John se seun, Edwin Meyer Wassung (1901 - 1984), het

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

in 1921 by hom aangesluit en later die firma, wat in hierdie stadium Wassung & Co geheet het, oorgeneem. Die naam is in 1948 na Mosenthals Wassung & Co en in 1968 na Kenner Wassung (Pty) Ltd. verander. Die onderneming, wat vir vier geslagte in die familie se hande was, is in 1975 verkoop (SAB: Crail file 16: Wassung). Kruideniersware, klerasie, algemene handelsware en alkoholiese drank is aangehou (MBA 11.3.1902: Notice; 25.3 1902).

Die familie was invloedryk. P.J. Wassung was oorspronklik Luthers, maar het in die sewentigerjare by die NG kerk aangesluit waar hy 'n leidende rol gespeel het. Hy is spoedig tot ouderling verkies en het die Hollandse kerkdienste in 'n herderlose tydperk waargeneem. Hy het ook in die boukommissie van die Klipkerk gedien en was vir die reëlings vir die hoeksteenlegging verantwoordelik (Steyn 1945: 25; 38). P.J. Wassung was vir baie jare lid van die Afdelingsraad en die Dorpsraad (MBA 2.4.1884: Hoofartikel) en het van tyd tot tyd as burgemeester gedien (MBA 10.10.1883: Municipality; 7.5.1895: Council). Met sy vertrek op 'n besoek aan Duitsland in 1884 het die Dorpsraad 'n adres aan hom oorhandig waarin van sy agtien jaar diens in die Raad melding gemaak is (MBA 9.4.1884: L&G). Ook sy seun en kleinseun was later raadslid en burgemeester (BDM: PBM00249; GKH 12.10.1910: Local; MBA 9.9.1902: Council). Sy agterkleinseun was voorsitter van die Afdelingsraad en hawebestuur (SAB: Crail file 16: Wassung).

P.J. Wassung se groot dubbelverdieping-woning, Milner House, was langs die residensie geleë (MBA 23.4.1895: Brigade; 19.8.1902). Daar was slegs een gebou tussen Milner House en die winkel. Die Wassung-huis is op die suidoostelike hoek van Marsh- en Matfieldstraat geleë en huisves tans 'n tak van Truworths. Ná sy dood het sy kleinseun die groot en elegante huis Westleigh naby die park opgerig (SAB: Crail file 16: Wassung; MBA 9.9.1902: Council).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.2.4 Fleming & Mudie en J. Mudie & Son

Die firma Fleming & Mudie is op 20 September 1870 gestig. Die twee vennote, William Fleming en John Mudie, was handelaars en kommissie-agente (Gazette 30.9.1870). Die Cape Argus van 17 Oktober 1871 verwys na 'n gebou wat deur hulle in aanbou was, maar dit was slegs 'n pakskuur van sink (MBA 22.11.1871: L&G). Die groot klipgebou in Kerkstraat is op 19 Desember 1873 aan hulle oorgedra (AK: MB erf 4: 3027). Die gebou verskyn op 'n saamgestelde foto uit 1864 (KA: AG16350.1-.3). Dit is in 1857 deur Meyer & Co opgerig en is toe deur die resident-magistraat as "the most extensive and commodious premises in this village" beskryf (KA: CO 2943: 23.5.1857). In 1861 is die eiendom aan Hawes & Co oorgedra (AK: MB erf 4: 3027) wat benewens hul sakeonderneming ook die Victoria Hotel in die gebou bedryf het (GA 8.3.1866: Advertensie; MBA 19.5.1891: Advertensie).

Fleming & Mudie se gebou was met nuwerwetse geriewe soos "speaking tubes" en 'n brand- en inbraakbestande vertrek toegerus, terwyl ondergrondse watertenks en pompe beskerming teen brand gebied het (MBA 19.5.1891). In 1881 is berig dat die gebou telefonies met kaptein Harries se kantoor by die hawe en met Rowland Mudie se huis teen die heuwel verbind sou word. Dit sou die eerste telefoonverbinding op die dorp wees (MBA 26.10.1881). Die plan is egter nie uitgevoer nie (Sien Posdienste). Die sakegebou met sy hoë stoep en sleutelpatroon-sierwerk huisves tans die kantoor van die Mossel Bay Advertiser. Dit is op die suidwestelike hoek van Kerk- en Gravestraat geleë en word deur die RNG as moontlike gedenkwaardigheid aanbeveel (NMC 1985: 47). Let daarop dat Fransen en Cook (1980: 377) se beraamde oprigtingsdatum van C.1880 meer as twintig jaar uit is (Sien ook Mataré & Bruns hierna).

Die onderneming het takke op Mosselbaai sowel as in Kaapstad gehad (GKH 19.4.1882). Hulle het ses advertensies, sommige ook in Hollands, in die eerste

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

uitgawe van die Mossel Bay Advertiser geplaas (4.1.1871) waarin onderneem is om Koloniale produkte soos brandewyn, volstruisvere, wol, velle en graan kontant teen die hoogste markpryse te koop. "Algemeene Handelswaren bestaande uit Oliewaren (van alle soorten), Ijzerwaren, Glas en Aardewerk, Schrijfbehoeften, London-gemaakte klederen, Schoenen en Laarzen, Dundee Goederen, Kousen, Garen en Band, Bier, Wijn en Geestrijke Dranken, Rio, Indian, Mauritius, Natal, en Amerikaansche Producten" is in voorraad gehou. Hul agentskapsafdeling is soos volg geadverteer:

> "AGENCY BUSINESS Fleming & Mudie Will undertake all kinds of Commission Agency. Goods forwarded to any part of the World, or received and cleared, whether from Abroad or from Colonial Ports. Passages to England can now be engaged on Easy Terms, by Union Steamship Company's Ships, for which they are Agents" (MBA 4.1.1871).

William Fleming, die senior vennoot, "who have striven to bring this sea-port into favourable notice", aldus die Advertiser (MBA 27.9.1871: Hoofartikel), het nie op die dorp gewoon nie, maar dit wel dikwels besoek (MBA 10.7.1894: Orbituary). Hy was Lid van die Wetgewende Raad (MBA 4.10.1871: Hoofartikel), later Lid van die Wetgewende Vergadering vir Graaff-Reinet en ook burgemeester van Kaapstad (MBA 10.7.1894: Orbituary).

Die Skots gebore John Mudie (1839 - 1898) het in 1857 as vyftienjarige in Tafelbaai aangekom. Hy het hom in 1870 op Mosselbaai gevestig waar hy (met die uitsondering van vier jaar) tot sy dood gewoon het. Hy was 'n vooraanstaande lid van die gemeenskap en 'n groot kampvegter vir spoorverbinding. Mudie was voorsitter van die Kamer van Koophandel en haweraad en het in die komitees van talle instellings gedien. Hy was stigterslid en eerste meester van die St. Blaise-Vrymesselaarslosie en is ook deur die losie begrawe (Sien Begrafnisse).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"[The sea wall] will be a lasting witness of his having lived in our midst and worked for us", het redakteur McIntyre berig (MBA 26.4.1898: Gedachtenis; Memoriam). 'n Fotografiese portret wat in die losie opgehang sou word, is in een van C.W. Black se vertoonvensters uitgestal (MBA 22.11.1898: Forget).

Fleming & Mudie is in 1886 as gevolg van verliese ontbind (MBA 21.7.1886: Advertensie) en die gebou is deur Mataré, Bruns & Co gekoop (MBA 15.9.1891: Mataré). Die bestuurder op Mosselbaai en junior vennoot, John Mudie, het in 1890 sy eie firma (MBA 26.4.1898: Gedachtenis), John Mudie & Son, gestig. Dit is in September 1900 deur sy seun, D.R. Mudie, oorgeneem (MBA 4.12.1900: Notice). Die onderneming is in 1976 ná 'n bestaan van 86 jaar gesluit (HSW 16.6.1976). Die gebou waarin die skeepsagentskap bedryf is, was die eerste Vrymesselaarslosie en is as sodanig in 1876 voltooi (MBA 28.6.1876: L&G). Dit is in 1887 verkoop (MBA 13.7.1887) nadat 'n nuwe losie gebou is. Die enkelverdieping-gebou is in Blandstraat, direk oorkant Crookstraat, geleë en volgens die RNG nie bewarenswaardig nie (NMC 1985: 7). Die Raad was met hul uitspraak egter nie bewus van die belangrike geskiedkundige betekenis van die gebou nie.

6.2.5 Mataré, Bruns & Co

Mataré, Bruns & Co is in 1878 gestig en was oorspronklik in 'n gebou in Kerkstraat (op ou erf 6) gehuisves (MBA 16.1.1878). Dié gebou het aan C.A. Vreede behoort. Die groothandelsfirma het so gegroei dat dit in Oktober 1891 die imposante Fleming & Mudie-gebou (Sien Fleming & Mudie hierbo), wat skuins oorkant hul gehuurde pakhuis was, kon koop en binnenshuis nuut inrig (MBA 15.9.1891: Mataré). Die S.A. Trade Journal and Shipping Gazette het kort hierna Mataré, Bruns & Co as "One of the smartest and most enterprising houses" aan die Koloniale kus bestempel en 'n uitvoerige beskrywing van die gebou gegee. Dit was steeds die aantreklikste en grootste sakegebou op Mosselbaai.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit was vierkantig met 'n sylengte van 36,6 meter. Die 66 centimeter dik mure was van klip en die dak van lei. Al die deure en vensters was van Birmese kiaat (djati). Die hoofingang was in 'n ruim voorportaal met 'n trap na die boonste verdieping. Die private kantoor was aan die een kant en die bankierskantoor en monstervertrek aan die ander. Die volgende is ook op die grondverdieping gehuisves: die produktepakkamer, doeanepakhuis, afsendings-kantoor, Amerikaanse ware, ysterware, olie, verwe en vernisse, kruideniers- en oliehandelaarsware, wyn, spiritualieë en gebottelde bier, en onbewerkte ware. Op die boonste verdieping was die volgende afdelings: breekgoed en glasware, skryfbehoeftes, ysterware, blik- en borselware en 'n groot afdeling vir sagteware, klerasie, stewels en skoene, en kramery. Daar was ook afdelings vir meubels, leerwerk en tuie en 'n verpakkingsafdeling.

Die voorportaal, bankierskantoor en private kantoor is met hoë dado's van eikepanele versier. Die binnekante van die bankierskantoor en private kantoor was van mahoniehout en dié van die verkoopskantoor op die boonste verdieping van eik. "The shelving upstairs is very extensive, with tables, counters and glass cases of good design and neatly painted. One large glass show-case covers the whole of the north wall of the long room upstairs in which the soft goods are shown. [...] All the offices are finished off in the most modern style, and speaking-tubes extend all over the premises." Aangrensend aan die private kantoor was 'n brandkamer van 5,5 by 4,6 meter met vuurvaste steenmure wat 900 millimeter dik en verder beskerm deur "Milner's improved patent fire-and-thiefproof appliances". As voorsorgsmaatreël teen brand was daar die twee groot ondergrondse watertenks, wat reeds genoem is. Een tenk was voor die winkel en een met 'n inhoudsvermoë van 27 000 liter daaragter. Op die grondverdieping was 'n kragtige ysterhystoestel waarmee die swaarste vrag deur slegs een mens boontoe gehys kon word (Anoniem 1891: 9). Hierdie hystoestel en die laaideure op die boonste verdieping het behoue gebly. Ook die <u>Mossel Bay Advertiser</u> het die gebou as 'n "ornament to the town" beskryf (12.9.1893:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Mataré, Bruns & Co se imposante gebou op die hoek van Kerk- en Gravestraat wat in die negentiger-jare die grootste en deftigste op die dorp was. Die kantore was met praatbuise toegerus en ondergrondse watertenks het sekuriteit teen brande verleen. Fleming & Mudie was tot in 1886 hier gehuisves. Die hoë smal geboutjie op linkerhand is die Standard Bank-gebou van 1902.

Foto: Bartolomeu Dias-museum, afdruk geskenk deur P. Storrar

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Mataré).

Die onderneming het allerlei ware direk van Engeland, Amerika, Europa en ander wêreldddele ingevoer. Hulle was ook kopers en uitvoerders van wol en ander Koloniale produkte. Groot hoeveelhede aalwyn en boegoe is na Amerika uitgevoer en volstruisvere na Londen. F.W. Mataré en C.H. Bruns het ook 'n tak op Oudtshoorn gehad. Die twee Duitsers was daarvoor verantwoordelik dat die klein firma volgens die Trade Journal "through hard work, constant personal attention to business, pluck and sound judgment [...] to the front rank" gestyg het.

Friedrich Wilhelm Hubert Mataré het in 1872 van Duitsland na Suid-Afrika gekom en in 1878 in vennootskap met C.H. Bruns die in- en uitvoeronderneming gestig. Mataré, die senior vennoot, is in 1887 as Keiserlike Duitse vise-konsul aangestel en is verskeie kere tot voorsitter van die Kamer van Koophandel verkies (MBA 12.9.1893: Mataré). Die Mataré-gesin het die groot herehuis The Castle bewoon wat van die handelaar C.A. Vreede gekoop is (Sien Barry & Nephews).

Carl Heinrich Bruns, wat in Duitsland gebore is, het vir baie jare op die munisipaliteit gedien en was ook vir minstens drie termyne voorsitter (MBA 6.8.1882: Correspondence; 10.8.1897; 17.4.1900: Hoofartikel). Hy was 'n bekwame man, 'n goeie spreker (MBA 7.10.1902: Hoofartikel) en het aktief aan die gemeenskapslewe deelgeneem (MBA 3.3.1886: Hoofartikel). Mosselbaai het dit aan Carl Bruns te danke dat die grot by Kaap St. Blaise nie in Junie 1898 in die naam van vooruitgang weggeskiet is nie. Hy was tot sy dood 'n groot teenstander van die steengroef by die Punt (Sien Natuurlike aantreklikhede).

6.3 Winkels

Daar is geslagte lank op 'n verbeeldinglose wyse op die platteland sake gedoen

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

deurdat slegs 'n paar soorte stapelprodukte en gewone handelsware te koop aangebied is. Die publiek was aan niks anders gewoond nie, en die winkelier het nie oor die nodige inisiatief beskik om uit te brei nie. Goeie telegrafiese en posdienste en vinnige stoombote het die plattelandse winkel egter grootliks verander. Winkeliers wat bewus was van die noodsaaklikheid van vooruitgang het nou na vore gekom en 'n verskeidenheid aantreklike ware teen mededingende pryse te koop aangebied. Plattelandse handelsondernemings het grootliks verbeter, en alhoewel 'n magdom ware steeds in dieselfde winkel verkoop is, is die voorraad ordelik gerangskik en was die winkels in gerieflike, ruim en dikwels aantreklike geboue gehuisves. Die gesaghebbende South African Trade Journal and Shipping Gazette het in 1891 tereg beweer dat hierdie ontwikkeling veral op hawedorpe soos Mosselbaai van toepassing was (Anoniem 1891: 9).

Verskeie aantreklike geboue is in die loop van die tydperk opgerig. Winkelvensters het egter nog grotendeels as bron van lig eerder as uitstalplek gedien. Groot vensters was iets besonders en die Advertiser het dikwels na "the fine show windows of C.W.Black's establishment" verwys (MBA 19.5.1891: Brokkie; 22.11.1898; 6.5.1902: Brokkie). Van die negentigerjare word gevind dat klein ruitjies stadigaan met groot winkelruite vervang word. Winkelname soos Cheapside House, Aliwal House, Elephant House en London House was gewild (MBA 4.7.1877; 4.4.1881; 10.2.1886; 11.9.1888). Met die uitsondering van Laer-Kerkstraat was daar nie 'n sakebuurt nie en het winkels en huise langs mekaar voorgekom.

Ware van reg oor die aardbol is te koop aangebied. Van die Verenigde State van Amerika is skoolleie, tamatiesous, tabak (8.2.1882), verskillende modelle "Park settees with Awnings", rytuie, "Bent Wood Rocking Chairs", "Carpet Bags" (MBA 12.1.1881), "Invalid Gala Chairs", "Doty Washers and wringers" (MBA 6.5.1885) en veral baie plaaswerktuie (MBA 17.5.1876) ingevoer. Van Duitsland was daar

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gerookte hamme, Erbstwurst, bier, Rynse wyn, paraffienstowe, en oleografieë (namaaksel van 'n skildery met olieverf op linne gedruk) (MBA 18.9.1878: Mataré). Van Hongkong is ingelegde gemmer, Manilla-sigare en kamferhoutkiste ingevoer (MBA 13.12.1882). Van China was daar "Souchong"-tee, bamboesblindings vir verandas, sago en kassia (MBA 29.10.1884). Van Japan porselein, verlakte ware en kamerskerms van sy of papier (MBA 29.11.1892).

Die Westerse tegnologiese revolusie het Mosselbaai nie verbygegaan nie en dorsmasjiene (GA 27.12.1866), maaimasjiene (MBA 14.11.1877), windpompe (MBA 17.6.1874), "Halsted Celebrated American Ostrich Incubators" (MBA 17.4.1878), Singer-naaimasjiene (MBA 26.2.1879), tikmasjiene (MBA 30.11.1897), perspektoskope om foto's mee te bekyk (MBA 29.8.1899), en "Patent Safety Bottle Openers", wat die gevaar verbonde aan die oopmaak van sodawater uitgeskakel het (MBA 1.5.1900), is te koop aangebied.

Afgesien van vars vleis, vrugte en groente is die meeste voedselsoorte ingevoer. In die dae voor yskaste was baie produkte ingelê. Varkvet (MBA 13.3.1878: Lucas) en kaas in blase (MBA 29.5.1878: Mataré), Deense en Normandiese botter (MBA 21.3.1883: Hudson; 11.7.1883: Prince) en Edelweiss onversoete kondensmelk in "patent stoppered bottles" (MBA 24.10.1883: Prince), konfyte, ingemaakte vleis, salm en kreef is op die tafels van gegoedes aangetref (MBA 11.7.1877).

Van 1873 was meubels algemeen in die winkels beskikbaar. Voor dié datum moes inwoners dit van Kaapstad bestel of op vendusies aankoop. Laasgenoemde het gereeld plaasgevind aangesien diegene wat Mosselbaai verlaat het, gewoonlik hul hele huishouding as gevolg van die hoë vervoerkoste van die hand gesit het (MBA 5.1.1876: Advertensie; 1.11.1876: Advertensie). Alles wat die Victoriaanse interieur gekenmerk het, kon plaaslik bekom word. Nie net onmisbaarhede is geadverteer nie, maar ook die tallose prente en "bibelots" (snuisterye) wat op

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"whatnots" (klein standers met verskeie uitstalrakke) en in ander sierkassies uitgestal is (Evans 1966: 161). Hier volg voorbeelde van huisware wat op die dorp gekoop kon word: heupbaddens van eik, "Bath Bricks", verlakte kameremmers (MBA 18.3.1874: Prince), wastafeltjies (MBA 4.6.1873: Marillac), "looking-glasses" (MBA 6.8.1873: Fleming), kwispedoor-voetstoeltjies, "Walnut Canterbury What-nots", bedtrappies (MBA 7.1.1874: Fleming), Amerikaanse orrels (MBA 28.7.1880: Jones), biljarttafels (MBA 4.6.1873: Marillac), skryftafels met geheime laaitjies (MBA 24.11.1880: Prince), maritieme olieverfskilderye (MBA 29.8.1883: Jones), porseleinfiguurtjies, blompotte, papiermaché-tafeltjies, wolmandjies, parfuumstanders, sambreelstanders, hoederakke (MBA 9.12.1885: Divine), plafon-waaiers (MBA 11.12.1900: Hudson) en muurpapier direk van Parys (MBA 3.11.1875: Marillac).

6.3.1 Divine, Hall & Co: die latere C.W.Black

Divine, Hall & Co was die toonaangewende klerasiewinkel op die dorp en die eerste in sy soort. Die Advertiser het in Julie 1873 Henry James Divine en W.A. Hall se aankoms met die Basuto aangekondig en gemeld dat hulle eersdaags 'n "fashionable clothing, linendrapery, and haberdashery establishment" sou open (MBA 16.7.1873: L&G). Twee weke later (MBA 30.7.1873) is die volgende advertensie met groot vertoon op die voorblad geplaas:

> "New Stores! New Goods! The want of a Fashionable Drapery Establishment, where the Latest Styles can be procured at the Lowest Prices, has long been felt in this thriving Town. Divine, Hall, & Co in order to meet that want, have opened an extensive Drapery & Haberdashery Establishment at the corner of Bland and Church-streets, and Customers will find upon trial that all their requirements can be supplied AT CAPE TOWN PRICES."

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

C.W Black se winkel (vroeër Divine, Hall & Co) op die gevaarlike Kerk- en Blandstraathoek. 'n Paar noodlottige ongelukke het hier gebeur nadat perdekarre buite beheer geraak en passasiers kop eerste teen die gebou geslinger is. Let op die twee straatlampe en die jasse wat buite hang. Die statige dubbelverdieping langs-aan is dié van die Bank of Africa.

Foto: Bartolomeu Dias-museum J PBM 00193

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ook die winkel was aantreklik. Dit het verskeie groot vensters met winkelglasruite (Tydgenootlike foto's) gehad en die vertoonkamer is gereeld vernuwe (MBA 2.9.1874; 23.8.1876; 20.5.1890: Supplement). Die onderneming het op 'n nuwerwetse wyse sake gedoen soos die gemeenskap nog nie vantevore ervaar het nie. Daar is gereeld geadverteer met prominente opskrifte soos "Nachtmaal! Voorstelling!" (MBA 23.9.1874). Nuwe klere is tydens spesiale vertonings bekendgestel soos die volgende advertensie aandui:

> "Special Show of Novelties -- 1875
>
> The more advanced Novelties for the present Season are now ready, and we purpose showing the latest Models and several new Materials in Costumes, Tabliers, Cuirasses, and Jackets on Monday next" (MBA 6.10.1875).

Die eerste "Clearance Sale" op die dorp (wat nie die vorm van 'n vendusie aangeneem het nie) is in Januarie 1876 aangebied (MBA 19.1.1876) en is daarna gereeld met "an IMMENSE SACRIFICE" voor die voorraadopname herhaal (MBA 17.1.1877; 14.1.1880). Met Kersfees kon kontantkopers persoonlik 'n geskenk uitsoek wat gelyk was aan dubbel die gewone kontantafslag (MBA 13.12.1876). Eksotiese Japanse ware soos sonsambrele, waaiers, lanterns, ghongs, tuinbanke en "scent sprayers" is jaarliks as Kersgeskenke beskikbaar gestel (MBA 28.11.1893). In die tagtigerjare is geadverteer dat hulle hul pryse sou verlaag indien 'n koper kon bewys dat 'n mededinger 'n soortgelyke artikel teen 'n laer prys te koop aanbied (MBA 10.2.1886). Monsters sou na enige adres in die distrik gestuur word (MBA 6.10.1875). Tydens hul uitverkoping met die aftrede van een van die vennote is die versekering gegee dat "Customers from a distance will find it worth while to make visit specially" (MBA 8.5.1888). Die firma het ook 'n groothandelsafdeling gehad (MBA 13.8.1873: Advertensie).

W.A. Hall het op 31 Maart 1879, ses jaar ná hul koms, afgetree en Mosselbaai

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verlaat (MBA 22.3.1879; 2.4.1879). Henry James Divine is sowat 'n maand daarna, op 3 Mei 1879 op 32-jarige leeftyd, aan sy hart dood (MBA 28.5.1879). Die twee sakemanne het nooit die perseel besit nie, maar het die onderneming bedryf namens die toonaangewende Kaapstadse afdelingswinkel S.R. Stuttaford & Co. (AK: MB erf 4: 3022), wat in hierdie tyd takke op kleiner dorpe gestig het. C.W. Black en R.W. Hall is vervolgens as bestuurders aangestel (Anoniem 1850: 21). Nadat R.W. Hall in Mei 1888 afgetree het, was Black alleen in beheer. Die firma het in hierdie stadium takke op Mosselbaai, Oudtshoorn, George en Ladismith gehad (MBA 8.5.1888: Advertensie; 30.8.1892: Correspondence). Stuttafords het intussen besluit om al hul aandag aan hul twee hoofwinkels in Kaapstad en Johannesburg te wy en Black het die Mosselbaai-winkel in 1896 oorgeneem (AK: MB erf 4: 3022; Anoniem 1850: 21). Die naam is toe na C.W. Black verander (MBA 8.12.1896).

Die noordwestelike hoek van Kerk- en Blandstraat, waar die winkel geleë was, het al die jare as "The Old Corner" bekend gestaan. Black se advertensies is gereeld afgesluit met "GO TO THE OLD CORNER. HOUD U BIJ DEN OUDEN HOEK!" (MBA 28.9.1897 ens). Hierdie hoek was die gevaarlikste op die dorp en alle verkeer in die George-rigting moes hier verby. Die meeste ernstige ongelukke het dan ook hier voorgekom. In 1898 het 'n sorgvrye naweek tragies geeïndig toe sportmanne, wat aan 'n voetbaltoernooi kom deelneem het, hier in 'n noodlottige ongeluk betrokke was. Die karperde het met die afkom in die steil Kerkstraat buite beheer geraak en blindelings in die gebou vasgejaag in plaas daarvan om in Blandstraat in te draai. Die kar is verpletter en die insittendes is kop eerste op die stoep en teen die muur gewerp. Die drywer se kop is verbrysel (MBA 6.9.1898: Fatal; Ongeluk). Ironies genoeg het 'n advertensie op dieselfde bladsy waarop die ongeluksberig verskyn het, genooi: "Visit the Old Corner Bezoekt den oude Hoek". 'n Poskardrywer is per geleentheid op dieselfde wyse aan skedelbreuk dood (MBA 23.1.1884: Fatal), en 'n boer was by 'n ander geleentheid bewusteloos nadat hy teen die muur gegooi is (MBA 2.4.1895:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

DIVINE, HALL, & CO.

ARE JUST RECEIVING

A new shipment of the Frister & Rossman Singer System Sewing Machine

WHICH THEY OFFER AT OLD PRICES.

DIVINE, HALL, & CO., SOLE AGENTS



FOR THE SOUTH-WESTERN DISTRICTS.

Our attention having been drawn to an *imitation* which has been introduced into this market, we shall be willing to oblige any of the public who wish for a cheap machine by importing this spurious, gingerbread article at 50s. each, but we strongly recommend the F & R Machine mentioned above as being more trustworthy and reliable, and well worthy the extra outlay.

BY SAME STEAMER WE ARE RECEIVING

Prince, Combination, Lunch, Social, Tea, and Milk Biscuits
Salmon, Green Peas, Gelatine, Potted Tongue
Ham and Anchovy, Golden Syrup 2 and 4 lb. tins
Mixed Pickles, Mustard, Tartaric Acid, Hams
Nestle's Milk Food, Pearl Tapioca, Ginger
S. M. Cheese, Pearl Barley, English Jams, assorted

Divine, Hall & Co het afgesien van klerasie ook ander ware verhandel soos uit hierdie reklamestof van 1889 gesien kan word.

(MBA 3.12.1889)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Brokkie). Ander reisigers was gelukkiger (MBA 28.7.1875: L&G). 'n Dogtertjie is ook later hier deur 'n fiets omgery (MBA 13.2.1900: Brokkie). Die Mossel Bay Advertiser het meermale beswaar gemaak teen die "furious driving" om die hoek en gemaan dat boere en stalknegte groter versigtigheid aan die dag moes lê (MBA 2.4.1895: Brokkie; 15.11.1898: Brokkie).

Die enkelverdiepinggebou is in 1947 aan J.M. Shirley verkoop wat die winkel daarna onder sy eie naam bedryf het. Die eiendom is in 1961 aan Barclays Bank oorgedra (AK: MB erf 4: 3022) wat dit daarna gesloop het om plek vir die huidige Barclays Bank-gebou te maak. Was dit nie vir hierdie sloping nie, sou feitlik die hele Benede-Kerkstraat sy historiese karakter behou het.

Charles William Black is in 1855 in Engeland gebore en het ná sy aankoms in Kaapstad by Thorne, Stuttaford & Co gewerk. Op Mosselbaai het hy die eerste huis op die heuwel, wat hy van Rowland Mudie gekoop het, bewoon (MBA 27.4.1887; 7.9.1887). Black het op eie koste 'n pad daarheen laat uitkap. Hy het in die Dorpsraad gedien waar hy genadeloos was teenoor diegene wat hul eie belange wou bevorder. Dit het dan ook uiteindelik tot sy bedanking gelei. Sy taak was volgens hom "to bring the burning-glass of criticism on the shortcomings of our Council" (Anoniem 1850: 21). Redakteur Powrie het geskryf dat Mosselbaai Black vir sy bydrae moes bedank en het bygevoeg: "with that never-resting energy which is a marked characteristic of his, he has thrown his whole soul into the work of extending and beautifying the Park, and with a boundless enthusiasm he has combined a knowledge of detail which few amateurs in aboriculture possess" (MBA 21.7.1896: Hoofartikel). C.W. Black het ook op eie koste die NG kerkhof uitgelê (Sien Begraafplase).

6.4 Banke

Soos elders op die platteland het geld in die vroeë jare op Mosselbaai nie 'n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

belangrike rol in saketransaksies gespeel nie aangesien ruilhandel toegepas is. Indien die waarde van die boere se produkte dié van die huishoudelike ware waarvoor dit geruil is, oorskry het, is vir die balans 'n stuk plaasgereedskap verskaf (Davids 1960: 15). Van die toonaangewende firmas in die Kolonie, soos Barry & Nephews, het egter 'n bankafdeling gehad en hul eie banknote gedruk (Amphlett 1914: 15). In 1863 was daar reeds 'n tak van die Cape Town Savings Bank op die dorp (Blue Book 1863: JJ14).

6.4.1 Standard Bank

Die Mosselbaaise tak van die Standard Bank of British South Africa was die derde in die Kaapkolonie en is in November 1863 op versoek van die handelsgemeenskap gestig. Dit was slegs drie maande nadat die tweede tak, dié van Kaapstad, gestig is. Die hoofkantoor in Port Elizabeth is in 1862 deur die Britse firma tot stand gebring. Die plaaslike bestuur het uit die volgende sakelui bestaan: J. Vintcent, C.A. Vreede, J.F. Hudson, J.A. Muller en Nicolaas M. Meyer (Amphlett 1914: 14-15). Die bank is aanvanklik in twee kamers van die weduwee H.C. Sonbyron se huis in Laer-Kerkstraat gehuisves. Ruimte was 'n probleem en in Januarie 1872 is die bank na die geriefliker gebou van John Cairncross, ook in Laer-Kerkstraat, verskuif. Hierdie dubbelverdieping van klip het nie slegs die banklokaal en bestuurderskantoor gehuisves nie, maar ook die bestuurderswoning. Die rekenmeester het 'n jaar later in die woongedeelte selfmoord gepleeg. Die gebou is beveilig, maar daar was geen brandkluis nie. Die bank was langs die pos- en telegraafkantoor en gerieflik naby aan die belangrikste handelshuise. Die gebou, wat in Januarie 1874 van Cairncross gekoop is, was met die eeuwending nie meer geskik nie en is gesloop om plek te maak vir 'n nuwe gebou "of more pretentious appearance, and more befitting the important position it holds here" (MBA 8.1.1873: L&G; 31.7.1900: Brokkie). Volgens die Mossel Bay Advertiser het die nuwe banklokaal die omliggende geboue oorskadu en het dit "an appearance of greater importance than ever to the

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

street in which it stands" verleen (MBA 13.8.1901: Lamps). Die Standard Bank was van mening dat Kerkstraat in daardie stadium reeds 'n systraat was en daarom skaars geskik vir 'n bank (BDM: A3 Standard Bank-verslae).

Die "magnificent new building", wat deur die plaaslike bouaannemers Cochrane & Cherry opgerig is, is op 21 Julie 1902 ingewy (MBA 22.7.1902: Inauguration). Fransen beskryf die gebou as 'n nou dubbelverdieping met gekunstelde pleisterwerk wat bestaan het uit swaar rustiekwerk, reliëfwerk, 'n nis, en met 'n balustrade bo. Hy fouteer egter wanneer hy beweer dat sir Herbert Baker die argitek was (Fransen & Cook 1980: 377) aangesien die Kaapstadse firma Milne & Sladdin vir die ontwerp verantwoordelik was (MBA 13.8.1901: Lamps). Die argitektuurhistorikus Désirée Picton-Seymour beskryf die gebou as "an interesting fortress-like building and although on a small scale, it has all the dignity and solidity of many a large bank premises" (1977: 152). Die banktransaksies is op die grondverdieping afgehandel terwyl die boonste verdieping as woondeel deur bankpersoneel benut is. Die Standard Bank het in 1952 na 'n nuwe gebou in Marshstraat verhuis (BDM: A3). Die RNG beveel aan dat die ou gebou (op erf 3078), wat in die sewentigerjare van die huidige eeu van sloping gered is (MBA 28.9.1979), tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar word (NMC 1985: 47). 'n Voorportaaltjie is met die verbreding van Kerkstraat verwyder.

6.4.2 Ander banke

Die Bank of Africa (Ltd.), die latere Barclays Bank, het hul nuut opgerigte gebou in Desember 1902 betrek. Die imposante gebou was langs C.W. Black se winkel en teenoor die Standard Bank se gebou in Laer-Kerkstraat. Die Mossel Bay Advertiser (16.12.1902: Bank) het berig: "The new building is a striking and beautiful feature in the surroundings of Church Square, which it extensively improves. The interior of the Bank is replete with every

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

convenience, and is finished off with elaborate elegance and luxurious accommodation. The furniture and appointments are massive and elegant, and the whole is a testimony to the artistic talent of the architect and the solid and sterling work of the contractors; Messrs Cochrane & Cherry."

Die dubbelverdieping was volgens foto's indrukwekkend en het ses erkers ("bays") gehad met balustrade en pediment. Volgens Picton-Seymour (1977: 152) was dit: "Another good example of a small bank building on an impressive scale." Die gebou en ook die historiese "Old Corner" van C.W. Black is later saam gesloop om plek te maak vir 'n nuwe Barclays Bank-gebou.

Die African Banking Corporation, wat in Oktober 1900 op Mosselbaai gestig (MBA 16.10.1900) is, het hul nuwe gebou in Blandstraat in 1903 betrek (MBA 6.1.1903: Offices; 3.2.1903: Notice). Dit was langs W. Harries & Co (MBA 4.3.1902) en was besonder imposant vir 'n dorpie van Mosselbaai se grootte. Désirée Picton-Seymour (1977: 152) merk tereg op dat die dorp in die vorige eeu veel belangriker as hawedorp was as wat dit vandag is en dat die oprigting van indrukwekkende bankgeboue daarom geregverdig was.

6.5 Hotelle

Die hotelle was gewilde bymekaarkomplekke vir die dorp se manlike inwoners. Al drie hotelle het in die sewentigerjare reeds oor biljarttafels beskik en in hul kantiene die beste ingevoerde drank bedien. Die plaaslike NG leraar, ds. I.G. Horak, was nie daarmee gediend dat buitemense wat vir kerkgeleenthede dorp toe gekom het, in die hotelle moes tuisgaan nie aangesien dit onmatige drankgebruik in die hand gewerk het (Steyn 1945: 21). Die magistraat, het soos reeds gesien, ook na hierdie wangedrag verwys wat gereeld gedurende Nagmaalnaweke in kantiene voorgekom het (Sien Misdaad).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Sportmanne het in die hotelle klubs gestig, vergaderings gehou en oorwinnings gevier (Sien Sport). Formele dinees is dikwels hier aangebied vir politieke verteenwoordigers (MBA 29.6.1881: Hoofartikel), werksmense met die voltooiing van 'n boukontrak (MBA 18.2.1885) en as afskeidsgesellighede. Slegs lede van die manlike geslag is uitgenooi, selfs wanneer daar van 'n egpaar afskeid geneem is en waar die eggenote self 'n belangrike rol in die gemeenskap gespeel het (MBA 3.9.1889: Farewell). Die eetsaal is vir hierdie geleenthede versier en die siviele kommissaris en resident-magistraat het gewoonlik die voorsitterstoel ingeneem. Enorme maaltye met talle gange is voorgesit. Tot nege vleisdisse en dieselfde getal nageregte is bedien. Die Advertiser het oor so 'n ete geskryf: "the best of viands [was] placed on the table without stint" (MBA 29.6.1881: Reception). Mosselbaai se groot spesialiteit, oesters, is in die hotelle bedien. Die Cape Argus het in 1858 reeds berig dat Mosselbaai die enigste plek benewens Simonstad was waar 'n onbeperkte hoeveelheid van dié lekkerny geniet kon word (21.12.1858: Cape). Afskeidsonthale wat die vorm van "oyster suppers" aangeneem het, is gereeld in die tagtigerjare aangebied deur die uitsonderlike Maria Mackay, bestuurder van twee van die hotelle (MBA 28.9.1887: Departure; 11.12.1888: Farewell).

Ná afloop van die ete is die tafeldoek verwyder en is tientalle heildronke ingestel waarop dikwels in "feeling language" geantwoord is (MBA 11.12.1888: Farewell). Daar is op die gesondheid van amper elke lid van die Britse koningshuis gedrink, "in such a way that no doubt could be left as to the loyalty of all who were present" (MBA 18.2.1885: Dinner). Alhoewel die onthale vir vroue taboe was, is daar aan hulle gedink deur die laaste heildronk op die "Ladies" in te stel. Een van die mans het namens hulle geantwoord (MBA 28.9.1887: Departure). Ná die heildronke het hulle gemoedelik verkeer. Die Advertiser (3.9.1889: Farewell) het van hierdie deel van 'n bankbestuurder se afskeid soos volg verslag gedoen: "The weightier portion of the evening's programme being thus ended, the company devoted themselves to song and harmony,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

which at the call of the Chairman, were unflaggingly kept up until about half past ten o'clock when votes of thanks to the chairman and Vice-Chairman, and the singing of 'Auld lang syne' and the National Anthem brought a very pleasant evening to a close."

Die hotelle was nie die toonbeeld van higiëne nie. Sanitêre geriewe het veel te wense gelaat. Die omgewing van die Standard en Union Hotel in Blandstraat het sleg geruik vanweë die berugte afvoersloot agter die "Queen's Warehouse". Die omgewing van die Masonic Hotel in Marshstraat was weer onwelriekend as gevolg van 'n slagplaas op dieselfde erf (Sien "Shambles"). Die hotelle is kwaai getref deur die ernstige waterskaarste waaronder die dorp in die vroeë tagtigerjare gebuk gegaan het. Was dit nie dat Maria Mackay se goedhartige bure haar hotel van water voorsien het nie, sou die Standard moes sluit. Toe elke druppel drinkwater ten duurste gekoop moes word, het sy bier teen verlaagde pryse beskikbaar gestel. Ná die voltooiing van die Kleinbosch-waterskema vroeg in 1885 het die hotelle vir die eerste keer badkamers ingerig. Met die waterbeperkings van die negentigerjare is hotelle, tot groot ergernis van mev. Mackay, van dieselfde hoeveelheid water as gewone huishoudings voorsien (Sien Kleinbosch-skema en Tuinbou).

Tot voor die koms van die Union Steamship Company se Grand Hotel in 1894 en die Castle Company se Mount Nelson Hotel in 1899, het ook die blyplekke in Kaapstad veel te wense gelaat. Daar is gesê dat die hotelle die mees onhigiëniese dorpies in Engeland in die skande sou steek (Bolsmann 1978: 75-76).

6.5.1 Standard Hotel: "A solid palatial looking structure"

Die kantienhouer Joseph Focks (Gazette 15.2.1849) het in 1858 sy drinkplek van Marshstraat na Blandstraat (ou erf 14) geskuif waar hy benewens 'n taphuis ook 'n herberg vir reisigers geopen het (KA: CO 2984: 16). Die eiendom is op 25

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Junie 1859 aan hom oorgedra (AK: MB erf 4: 2983). Hy het die geboutjie, wat reeds vroeër opgerig is (BDM: ongenommerde kaart), die Marine Hotel genoem. Die Londense joernalis en medestigter van die Cape Argus, R.W. Murray, het in 1858 ten tyde van die opening van Meiringspoort ook Mosselbaai aangedoen (De Kock 1983: 112; Franklin 1975: 50) en die hotel soos volg beskryf: "the coolies who carried our parcels patronized the Marine Hotel, the hostelry of Mr. Focks, who we found civil and attentive. It is a nice, clean place, where you can get a good feather bed and swallow real Mossel Bay 'natives' to your heart's content. The hotel is pleasantly situated, overlooking the bay, with a stoep in front covered with a verandah. From here you obtain a view of the district of George in the distance, and close under your feet lies the bay" (Argus 10.3.1858: Meiringspoort).

'n Saamgestelde foto van 1864 (KA: AG16350.1-.3) toon 'n enkelverdieping-rietdakgeboutjie met 'n afdakkie voor. Focks het gereeld in 1863 in die Cape Argus geadverteer en gemeld dat die hotel naby die kaai was en dat skeepspassasiers dit gerieflik en aangenaam sou vind (24.3.1863; 26.3.1863; 28.3.1863). Hy is kort hierna oorlede en die eiendom is op 18 Oktober 1864 aan John Strang oorgedra (AK: MB erf 4: 3100). Joseph Focks was vennoot in die kontrakteursonderneming Brown en Focks, wat reeds in 1845 in die Baai werksaam was (Steyn 1945: 11).

John Strang het die gebou binnenshuis gerestoureer, dit die Standard Family Hotel genoem en in die George Advertiser geadverteer dat dit die oudste hotel op Mosselbaai was en een van die bestes in die Kolonie. Vir reisigers oor land was daar "Good Stabling and Forage, a Groom always in attendance" (19.1.1865). In die eerste uitgawe van die Mossel Bay Advertiser wat op 4 Januarie 1871 verskyn het, is aangekondig dat die hotel vergroot is deur die toevoeging van 'n gerieflike kothuis waar reisigers en gesinne sonder vrees vir enige steurnisse kon tuisgaan. 'n Goeie en goedkoop voorraad port, sjerrie,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sjampanje, klaret, brandewyn, bier en ander drank, wat waarskynlik vir die steurnisse verantwoordelik kon wees, was altyd beskikbaar. Die kothuis verskyn ook op die saamgestelde foto van 1864. Toe Strang die hotel in 1873 aan John Armstrong verkoop het, het dit bestaan uit drie geboue waarvan twee onder 'n gras- en een onder 'n sinkdak was (AK MB erf 4: 3100); MBA 8.1.1873). John Strang was diaken in die Engelse kerk (MBA 18.4.1871: L&G). Ná die verkoping het hy vir hom 'n houthuis gebou en is hy na die Diamantveld om daar sy geluk te beproef (MBA 20.3.1872). Strang het hom 'n jaar later op Frazerburg en daarna op Oudtshoorn gevestig waar hy winkels geopen het (MBA 7.5.1873; 7.4.1875).

Die nuwe eienaar, die Brits gebore John Armstrong wat pas as plaaslike vuurtoringwagter afgetree het (MBA 13.8.1873), het die geboue verbeter (MBA 16.4.1873: Advertensie) en 'n biljarttafel, wat volgens die Advertiser een van die bestes in die Kolonie was, aangekoop (MBA 6.8.1873: L&G). Kort voor sy dood in Desember 1877 het hy groot strukturele veranderings aangebring. Op 'n saamgestelde foto van daardie jaar (KA: AG16351.1-.3) kan gesien word dat hy 'n aansienlike dubbelverdieping van klip aan die westelike kant van die twee huisies opgerig het. By sy dood was dit nog nie heeltemal voltooi nie. Die Mossel Bay Advertiser (19.12.1877) het geskryf dat hy nie slegs vir die destydse behoeftes voorsiening gemaak het nie, "but such as would to a great extent meet the wants of the future, in which he had unbounded hope, and the fine and commodious stone building now bearing the name of the 'Royal Standard Hotel' will ever remain a monument to his energy and to his conviction that Mossel Bay is destined to become one of the great commercial centres of South Africa".

Sy vrou, Susanha, is sewe maande nadat hy die hotel gekoop het, oorlede (MBA 26.11.1873). Hy is daarna met 'n plaaslike vrou, Maria Jessie Margaret Waites, getroud. Sy het die bestuur oorgeneem en die hotel vir meer as veertig jaar

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tot in 1920 met besonder groot sukses beheer (AK: MB erf 4: 3100). Maria Armstrong het drie jaar ná haar man se dood met Hugh Mackay, 'n Skotse rekenmeester van die plaaslike Standard Bank, in die huwelik getree (Oudt Cour 7.12.1880). Sy was 'n merkwaardige vrou en gelief onder die gemeenskap en sakelui. Van die "worthy hostess" is geskryf: "She is indeed an ideal boniface, and all that care, good management, and scrupulous cleanliness can command, are brought into operation in the development of the business, which is deservedly one of volume and profit" (BDM: A2 Hotels: Ongedateerde knipsel). Sy en haar man het ook die Union Hotel vir agt jaar besit en bestuur. Die volgende rympie, 'n parodie op "Widdy Malone", is geskryf deur 'n reisiger en het oorspronklik in die George and Knysna Herald verskyn (MBA 17.8.1897: Supplement):

Have ye heard of good Mistress Mackay,
I pray?
She dwells at far famed Mossel Bay,
So gay.
'T is her Standard Hotel
That is managed so well,
It's a pleasure you'll find it to stay
The day,
That you chance to be going that way!

Alhoewel sy die wettige eienaar en ook lisensiehouer (MBA 15.2.1898: Licencing) van die hotel was en gereeld in die plaaslike blad onder haar eie naam geadverteer het, het die Mossel Bay Advertiser haar dikwels nie as eienaar van die hotel erken nie. In die uitgawe van 13 Junie 1883 is lesers se aandag byvoorbeeld gevestig op "Mr. Mackay's advertisement on our front page". Sy het ook in koerante soos die Oudtshoorn Tribune (22.2.1883) en George and Knysna Herald (2.7.1884) geadverteer en die bewoording dikwels, anders as wat dit toe

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die gebruik was, verander. Die volgende het op 30 April 1884 in die Advertiser verskyn:

"Travellers! Visitors! Passengers!

The

Standard Hotel, Mossel Bay

Facing the Bay

The largest and most conveniently situated Hotel

in the Town.

Replete with every comfort.

Passengers met on arrival, by Steamer or Post Cart,

and Baggage attended to.

Families privately Accommodated.

Splendid Moderate

Good Forage

New stable Charges.

Carts and Horses for Hire.

M. Mackay, Proprietress."

In 1885, net na die voltooiing van die Kleinbosch-waterskema, is 'n badkamer vir die eerste keer in die koerant genoem (MBA 25.2.1885). Van 1892 is bygevoeg: "Passengers met on receipt of wire" en "Post cart Agency" (MBA 27.12.1892). Maria Mackay se Standard Hotel moes ongetwyfeld die beste op die dorp gewees het aangesien prokureur-generaal H.H. Juta (later sir) en sy gesin dié hotel gekies het vir hul vakansie in die somer van 1894. Sy moeder en Karl Marx, die vader van die Kommunisme, was broer en suster (Strydom 1976: 437). Gedurende daardie Januarie het 149 mense in die hotel oorgebly (MBA 6.2.1894: Visitors). Die volgende seisoen is dié inrigting deur die bestuurder as die beste hotel in die Suidwestelike Distrikte beskryf (MBA 5.11.1895). 'n Durbanse besoeker het in die Natal Mercury gemeld dat die cuisine uitstekend

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

was en het Hugh Mackay beskryf as "a host in himself; possessing numerous conveyances, he not only has the means of transport, but is always delighted to show visitors round" (MBA 11.6.1895: Resort). Mackay is kort daarna, op 15 April 1896 na sestien jaar se huwelikslewe, skielik oorlede. Die egpaar het ses kinders gehad (MBA 21.4.1896: Obituary).

Die eienares, van wie daar gesê is dat haar "enterprise knows no bounds", het met die eeuwisseling nog 'n verdieping aangebring op die deel wat tot in daardie stadium 'n enkelverdieping was (MBA 13.11.1900: Enterprise). 'n Bestudering van saamgestelde foto's (AK: AG16351.1-.3 & J2803) toon dat die twee huisies tussen 1877 en 1879 onder een sinkdak saamgevoeg is. Dit is hierdie gebou wat nou in 'n dubbelverdieping omskep is. Die resultaat was "a lot of spacious rooms, light and bright, commanding a fine view front and back". Van die hotel is gesê: "[It is] a solid palatial looking structure that betokens the best traditions of the time honoured hospitality of the old English Inn." Dit kon nou met elke moontlike gerief spog (BDM: A2: Hotels; MBA 13.11.1900: Enterprise). Daardie Oukersdag (1900) het die redakteur Mosselbaai as gesondheidsoord aangeprys en van die plaaslike hotelle geskryf: "the oldest and best known being the Standard Hotel, whose name and fame are known to hundreds of visitors and travellers from all parts of the globe, who know and have experienced that its popular proprietress and hostess is second to none in providing everything that the most fastidious can wish for" (MBA 24.12.1900).

Aan die einde van die tydperk het die hotel meer as veertig slaapkamers gehad en stalgeriewe vir sestig perde. Volgens 'n reisiger het die hotel gunstig met dié in Kaapstad vergelyk. Die kos was uitstekend "and above all, the sanitary arrangements are most cleanly and up to date" (MBA 8.4.1902: Impressions), wat nie van alle Suid-Afrikaanse hotelle gesê kon word nie. Oesters is in die seisoen bedien en die hotel het sy eie konfyt gemaak en vrugte ingelê (Playne 1910: 420).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Standard Hotel Facing the Sea Mossel Bay

Die Standard Hotel met sy 40 slaapkamers en stalplek vir 60 perde is vir meer as vier dekades deur die legendariese Maria Mackay bestuur. Daar kan duidelik gesien word dat die hotel uit twee geboue bestaan het. Dié op regterhand is van nuuts af gebou en dié op linkerhand is 'n samevoeging van die oorspronklike twee rietdakhuisies. Let op die seil-gordyne en vlagpaal. Die beroemde Karl Marx se neef het met sy gesin hier vakansie gehou.

Foto: poskaart geskenk deur T.G. Scheffler

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tydens Maria en haar eerste man, John Armstrong, se eienaarskap het die Standard van drie klein geboutjies gegroei tot 'n groot hotel wat uit twee indrukwekkende dubbelverdiepings bestaan het. Dit was op ou erwe 13 en 14 geleë (MBA 14.2.1899: Licencing). As gevolg van die helling was die twee aangrensende geboue nie op dieselfde vlak nie. Tydgenootlike foto's toon dat beide stoepe en balkonne gehad het met aantreklike gietystertraliewerk en gekurfde en gestreepte verandasink. Voor die stoepe was seilgordyne wat toegetrek kon word. Die hotel was ook, soos baie ander geboue, van 'n vlagpaal voorsien. In die dertigerjare van die huidige eeu het dit weer eens as die Marine Hotel bekend gestaan. Swaar klipboë is toe voor die stoepe aangebring (BDM: A2: Hotels) wat die aantreklike voorkoms versteur het. Tans heet die kompleks wat op die suidoostelike hoek van Bland- en Crookstraat (erf 3100) geleë is, die Ocean View Hotel. Die RNG beveel aan dat dié ou baken gelys en bewaar moet word (NMC 1985: 6).

6.5.2 Union Hotel

Die hotel, wat vir die grootste deel van die tydperk as die Union Hotel bekend sou staan, het aanvanklik Town's Hotel geheet. Die skeepstimmerman John Benn het die perseel (ou erf 8) in 1848 gekoop (SAB: Crail card: Benn). Dit is op 24 September 1850 aan hom oorgedra (AK: MB erf 5: 3130), en 'n jaar later doen hy aansoek om 'n kantienlisensie vir die erf (Gazette 11.12.1851). Benn is in 1855 na Knysna ontbied om te help met die berging van die Musquash wat by Coney Glen vergaan het (Parkes 1988: 51). William Town, wat ook markmeester was (Almanac 1858: 163), het die hotel hierna namens Benn bestuur (KA: CO 2984: 16). R.W. Murray van die Cape Argus het tydens sy besoek in 1858 gemeld dat hy by Town se hotel verbygegaan het, "a very good one we were told" (Argus 10.3.1858). 'n Saamgestelde foto van 1864 (KA: AG16350.1-.3) toon 'n enkelverdieping-rietdakgeboutjie van ongeveer dieselfde grootte as die Standard

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hotel. Dit was in Blandstraat naby die houtkaai. Toe die erf in Mei 1833 oorspronklik toegeken is, was dit op voorwaarde dat 'n huis van minstens 12,2 by 4,6 meter binne agtien maande gebou moes word (AK: GF 4: 7). Die hotelgebou kon dus tussen 1833 en 1834 reeds opgerig gewees het.

Voordat John Benn na Mosselbaai gekom het, was hy pontwagter by Malgas aan die Breërivier (Almanac 1845: 253). Hy was 'n boorling van Deptford, tuiste van die beroemde Britse skeepsbouwerf waar Pieter die Grote in 1698 skeepsbou bestudeer het (Kemp 1988: 240-241). Nadat hy Mosselbaai in 1855 tydelik verlaat het, het hy in Knysna as skeepsbouer aangebly. Hier het hy onder meer die seilskip Annie Benn gebou op 'n kiel wat deur die plaaslike skoolmeester en latere historikus, George McCall Theal, gelê is (Parkes 1988: 51). Benn het ook op Knysna 'n hotel en kantien bedryf (Gazette 12.4.1864). In 1868 is hy as loods aangestel (Parkes 1988: 52) en het hy sy hotelonderneming op Mosselbaai, "those desirable, valuable, and well-known premises, immediately fronting the New Jetty, known as Town's Hotel", op die mark geplaas (GA 25.6.1868).

Nadat die hotel vir twee dekades aan Benn behoort het, is dit aan die Duits gebore John Frederich verkoop wat dit die Union Hotel genoem het. Hy het in Oktober 1872 aangekondig dat sy "Commodious Hotel" pas voltooi is (MBA 2.10.1872). As in ag geneem word dat oordrag reeds in Augustus 1869 plaasgevind het (AK: MB erf 5: 3130), kan aangeneem word dat die tweede verdieping wat op die saamgestelde foto van 1877 (KA: AG16351.1-.3) verskyn, nou opgerig is. Die beskrywing "Commodious" sou skaars op die oorspronklike geboutjie van toepassing kon gewees het. Met goew. sir Henry Barkly se besoek aan die Baai in 1873, was Frederich se Union veel groter as die Standard Hotel en het die goewerneur daar tuis gegaan (MBA 2.10.1873: Supplement). 'n Biljartkamer is die volgende jaar geopen (MBA 18.2.1874).

Vroeg in Februarie 1876 is Mosselbaai een Donderdagnag oorval deur 'n hewige

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

storm wat bykans al die geboue op die dorp beskadig het. Die volgende middag om vieruur het die eerste mure begin intuimel: "Towards night people became very apprehensive as to the safety of their houses, many persons remaining up the whole night in dread that at any moment the walls might give way to the incessant battering of wind and rain. Shortly after eight o'clock Mr. A.B. Munro's residence gave signs of weakness, portions of the gable coming down. But at about three o'clock on Saturday morning the fury of the gale was something terrific. The rain came down in torrents and the wind blew at one time from the south-east, at another from the south-west, with great force, the elements seeming to combine in the work of destruction, which then became general. It was really an anxious hour to many persons in Mossel Bay. Few could remain in their beds with any feeling of security. Everywhere lights were seen moving about, and above the din of the storm could be heard the crash of falling walls and chimneys, but it was only when daylight returned that the extent of the damage done could be realised, and then, truly, the sight was lamentable."

Hierdie aanskoulike beskrywing wat in die Standard and Mail (15.2.1876: Stormy) verskyn het, het voorts berig dat 'n deel van die Union Hotel, wat deur Frederich opgerig is, ineengestort het. Was dit nie vir die puin en dat die vloer van die boonste verdieping sigbaar was nie, sou dit moeilik wees om te glo dat daar voorheen enige bouwerk gestaan het. Twee jong mans wat ten tyde van die ramp op die eerste verdieping geslaap het, het wonderbaarlik ontkom. Een is met die ineenstorting in die agterplaas uitgeskiet terwyl die ander, oënskynlik dood, in sy bed onder 'n puinhoop aangetref is. Niemand is beseer nie. Die waardevolle biljarttafel op die onderste verdieping is totaal verwoes. Die volgende oggend het ook 'n muur van die Advertiser-gebou ineengestort. Skade is op verskeie dorpe so ver as Queen's Town en King William's Town aangerig. Mosselbaai is egter die ergste getref. Sowat 'n jaar later was die herbouing voltooi en het die hotel weer soos voor die storm daar

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

uitgesien. Nog 'n jaar later is die gebou vergroot. Die Union Hotel het private verblyf aan gesinne gebied, goeie stalgeriewe en voer verskaf en 'n kar en perde verhuur (MBA 9.1.1878). Anders as by die Standard Hotel, is "respectable monthly boarders" ingeneem (MBA 24.1.1877).

John Frederich het onder meer 'n slaghuis (MBA 3.9.1879), 'n spuitwaterfabriek in Marshstraat (BDM: L2: Ongedateerde knipsel) en koringmeul wat met stoom aangedryf is, besit (MBA 7.9.1881). As Dorpsraadslid en burgemeester het hy die belange van minder gegoedes op die hart gedra. Hy was konserwatief en teen die instelling van straatbeligting en 'n munisipale emmerstelsel gekant (MBA 8.3.1898: Council; 7.6.1901: Council). 'n Foto wat van hom in Odense, Denemarke, as jong man geneem is, toon dat die regterkant van sy gesig geskend was en dat hy waarskynlik 'n glasoog gehad het (BDM: 00326).

Ná Frederich se sesjarige eienaarskap, waarin die hotel omskep is van 'n rietdakgeboutjie tot die imposante struktuur wat op talle foto's verskyn, het die instelling dikwels van eienaar verander. Buiten die Makays wat die Union vir agt jaar besit het, het die ander eienaars slegs vir 'n jaar of drie gebly. Die hotel was slegs 'n honderd treë van die kaai, "consequently commanding all the trade from the Shipping" (MBA 18.8.1880; 25.8.1896). Daar was private sitkamers vir gesinne (MBA 14.8.1878) en 'n "spacious dining hall" (MBA 2.5.1877). Dit is as een van die bes gemeubileerde hotelle in die Kolonie beskou en was die tradisionele tuiste van die omgangsregter (MBA 7.3.1899). Besoekende tandartse het hul spreekkamers hier ingerig (Sien <u>Tandheelkundige dienste</u>). 'n Passasierskar het twee keer per week van die hotel na George vertrek (MBA 18.8.1880). In 1897 het die eienaars, John Foster en Thomas Alexander Cunningham, 'n spuitwaterfabriek by die hotel ingerig (MBA 24.8.1897; 6.6.1899). Ná die dood van die 34-jarige Cunningham in April 1898 (MBA 19.4.1898), het Herman Solomon die hotel oorgeneem en die naam na Trevanion Hotel verander (MBA 12.9.1899; 26.9.1899).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Krieketspelers in wit flanel poseer op die balkon van die Union Hotel met sy kenmerkende sleutelpatroonversiering. Onder die hotel was 'n vierkantige tenk so breed soos die gebou vir vuilwater en riool. Die boonste verdieping het tydens 'n stormnag in 1876 ineengestort sodat slegs die vloer sigbaar was. Mosselbaai se eerste straatposbus staan regs van die boom.

Foto: Bartolomeu Dias-museum PBM 00428

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die higiëne het soms veel te wense gelaat. Henry Holloway, wat die hotel in Augustus 1878 van Frederich oorgeneem en vir vier jaar besit het, is in 1881 beboet omdat die perseel nie "in a proper state of cleanliness" was nie (MBA 13.7.1881: Court). Die volgende jaar met die pokke-epidemie het die munisipaliteit besluit dat die hotel se "water-closet" verwyder moes word (MBA 12.7.1882). Ná die voltooiing van die Kleinbosch-waterskema het Samuel Mills, wat toe die eienaar was, in die Advertiser (4.2.1885) geadverteer:

"UNION HOTEL

Shower	Shower	Shower
baths!	baths!	baths!"

Mills, wat ook die Masonic Hotel in daardie stadium besit het (MBA 9.3.1887), is in 1886 na die Millwoodse Goudveld waar hy die Pioneer Hotel en 'n algemene handelaarsonderneming gestig het (MBA 23.6.1886: L&G; 30.6.1886). Mills, wat die bestuur van die Seepuntse hotel in die vroeë negentigerjare sou oorneem (MBA 28.3.1893: L&G), het in Oktober 1888 die Union aan die Mackays verkoop (MBA 2.10.1888). Tydens hul bestuur was daar geen klagte in verband met onhigiëniese toestande nie. In 1902 is die destydse eienaar, Herman Solomon, daaraan skuldig bevind dat die hotel in 'n liederlike toestand was. Die agterplaas, buitegeboue en kelders was vuil en die bediendes se toilette was "in a filthy state" met ontlasting op die vloer. Wasgoed is ook sonder permit op die perseel versorg. Vuilwater en riool van 'n spoellatrine het in 'n groot vierkantige tenk ingeloop wat onder die hotel was en oor die hele breedte van die gebou gestrek het. Die Advertiser (4.3.1902: Court) het berig: "The Commissioner said he wished it recorded that it was one of the worst cases of its kind [...]".

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vroeg in die 20ste eeu het die Trevanion Hotel oor sestien slaapkamers, 'n badkamer, drie sitkamers, twee kombuise en 'n groot biljartkamer en kroeg beskik (MBA 23.1.1906). Tydgenootlike foto's toon 'n groot, aantreklike dubbelverdieping-klipgebou met sinkdak. 'n Stoep en oordekte balkon met traliewerk van hout het oor die hele lengte van die gebou geloop. Die hoeke en syvensters is met 'n sleutelpatroon, wat so kenmerkend van Mosselbaai se vroeë argitektuur was, versier. Die gebou is in 1935 gesloop (BDM: byskrif van foto 00428).

6.5.3 Masonic Hotel

Die Masonic Hotel in Marshstraat het 'n "splendid view of the Bay" gehad (MBA 23.8.1882) en was besonder gerieflik vir poskarpassasiers aangesien dit naby die poskantoor was (MBA 28.2.1877). Louis Mostert Zietsman het in 1876 die sakeman A.B.B. Munro se groot huis gekoop en as hotel ingerig. Hy het die Masonic tot met die eeuwending besit (AK: MB erf 4: 2871), maar altyd verhuur (MBA 16.8.1876: Tenders). Die aangrensende straatjie is na hom vernoem. Die gebou is in 1877 verbeter (MBA 28.2.1877). Daar was altesaam 26 kamers en stalgeriewe vir 20 perde (MBA 21.5.1879: Sale). "A Splendid New English Billiard Table by Thurston" (MBA 10.12.1879) het besoekers na die kantien gelok waar A. Ohlsson & Co se bier uit die vat beskikbaar was (MBA 5.9.1883). Die lawaai wat dikwels hier gehoor is, het die magistraat wat langsaan gewoon het, gegrief (Sien Misdaad). Spesiale tariewe is vir gesinne en loseerders aangebied (MBA 4.10.1876), en 'n kar en perde was altyd te huur (MBA 27.12.1892: Almanac). Een van die bestuurders is in 1881 daarvan aangekla dat vullis by die hotel opgehoop het, maar is vrygespreek (MBA 13.7.1881). Die feit dat die Masonic Hotel nie oor kwasiedeftige sanitêre geriewe soos die ander hotelle beskik het nie, het waarskynlik meegebring dat dit ook skoner was. In Brittanje is in hierdie tyd dikwels gevind dat vername burgers met binnenshuise spoeltoilette ingewandskoors opgedoen het terwyl die minder

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Marshstraat in die rigting van die park. Die Masonic Hotel is links voor met die residensie langsaan. Die ruwe klipslooitjie waarin die hondjie lê, het bygedra tot die stank wat die hoofstraat omgewe het. 'n Kapkar beweeg in die middel van die straat af en die Britse koopvaardyvlag wapper regs.

Foto: Kaapse Argief AG710

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gegoedes dit vrygespring het (Wright: 1960: 210-211).

In 1893 is geadverteer dat daar twaalf slaapkamers, ruim eet- en sitkamers en stalruimte vir sestig perde was (MBA 28.3.1893). Volgens 'n dogter van een van die bestuurders om en by die eeuwending, is die hotel met behulp van olielampe belig en is rye Chinese lanterns met Kersfees opgehang. Saans het 'n man met 'n leer 'n diep koningsblou lamp met die woorde "Masonic Hotel" daarop buite die hotel aangesteek. Binne was daar 'n enorme portret van koningin Victoria (BDM: A2: mev. Vlotman).

Die hotel was op die suidoostelike hoek van Marshstraat en Zietsmanstraat op ou erf 26 (MBA 4.10.1876) waar die Camelot-restourant tans is. Tydgenootlike foto's toon 'n dubbelverdieping met stoep- en balkonrelings van gekruiste houtsparre. Regop gietysterletters het die naam van die hotel op die dak uitgespel. In 1909 is 'n derde verdieping en 'n gewel aangebring en het 'n balustrade en pilare van beton die aantreklike houtwerk vervang. Die naam is na die Grand Hotel verander. Die gebou is op 10 September 1974 deur 'n brand verwoes (BDM: A2: Fotobyskrifte).

6.6 Diensbedrywe

6.6.1 Barbiers: "plying the tonsorial art"

Daar was tot laat in die tydperk geen barbiersdienste op die dorp nie. Dit was opmerklik aangesien feitlik alle gesiene mans in hierdie tyd bok- en ander baarde en gewakste snorre gehad het wat gereeld versorg moes word. Despair het reeds in Augustus 1873 in die briewekolom van die Advertiser gekla dat inwoners op vriende vir hierdie dienste aangewese was en dat die resultate gevolglik amateuragtig daar uitgesien het. Hy het die opening van 'n haarsalon voorgestaan, al was dit slegs een keer per week vir 'n paar uur oop (MBA

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.8.1873). In die vroeë tagtigerjare is 'n eenvoudige barbierswinkel deur Richard Peter Matfield (seun van George, eienaar van die Rose & Crown en broer van William) bedryf (MBA 14.3.1883).

Daar het egter 'n verrassing op die mans van Mosselbaai gewag. Op 20 Desember 1882 het 'n reuse-advertensie dwarsoor die voorblad van die Advertiser die aandag getrek. In groot, indrukwekkende swart letters, wat selde in die blad gebruik is, is dramaties aangekondig:

"A BOON TO THE PUBLIC!
IMPORTANT NOTICE!!
First-class Hairdressing Saloon!!
HAIR-BRUSHING BY MACHINERY!!"

Redakteur Powrie het gemeld dat dit skaars nodig was om die aankondiging onder lesers se aandag te bring. Hy het Joseph Illingworth, bestuurder van die onderneming, sukses toegewens aangesien daar lank reeds 'n groot behoefte aan haarkappersdienste bestaan het. "We are promised the luxury, too, of having our hair brushed by machinery. Those who have undergone this operation will, we doubt not, have it repeated as often as they can." Die kunstige Illingworth was 'n snyer op die dorp en het twee jaar vantevore die versiering van die Sprigg-brug behartig toe dit geopen is (MBA 2.3.1881: Opening). Hy het die nuutste masjinerie vir sy "GRAND SALOON" van Engeland bestel. In sy boek Clean and decent (1960: 244-245) beskryf Lawrence Wright hierdie toestelle as "ingenious but rather frightening". Dit het volgens hom bestaan uit "a long revolving pulley-shaft above the row of chairs, driven by steam [...] From the pulleys, loose leather belts hung down, and when tightened drove large cylindrical hair brushes with what must have been tremendous effect."

Die salon, 'n ruim en goed beligte vertrek, is in Februarie die volgende jaar

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

The Mossel Bay Advertiser

AND OFFICIAL GAZETTE FOR THE DISTRICTS OF

Mossel Bay, George, Knysna, Riversdale, and Oudtshoorn.

Vol. XII.- No. 573 MOSSEL BAY, CAPE OF GOOD HOPE, WEDNESDAY, DECEMBER 20, 1882. 4d.

A BOON TO THE PUBLIC.

IMPORTANT NOTICE!!

First-class Hairdressing Saloon!!

HAIR-BRUSHING BY MACHINERY!!

J. ILLINGWORTH having seen the want long existing in Mossel Bay of a good Hairdresser, has decided upon securing the services of one, and of fitting up a **GRAND SALOON** with the most modern appliances for the purposes of Hairdressing and Shampooing, and trusts he may obtain the patronage of the Public.

Not having yet received the necessary Machinery, &c., which have been specially ordered from England, J. I. will give due notice when his Saloon will be opened.

LADIES WAITED UPON AT THEIR OWN RESIDENCES.

CIGARS, TOBACCOS, & PIPES.

J. I. purposes at the same time adding a Department where the Best Cigars, Tobaccos, and Smokers' requirements may be procured. Scents and other Perfumery.

TAILORING & OUTFITTING DEPARTMENT.

Large additions to the present Stock in Fancy Tweed Suitings, Doeskins, Fancy Worsted and Broadcloth Coatings, and White Serge, are shortly expected, and will be worthy of inspection.

SPECIALITY.

Fancy Tweed Jacket Suits, £4 10s., net cash—Fit and Workmanship guaranteed.

Prince, Vintcent, & Co.

HAVE RECEIVED

Per "DRUMMOND CASTLE,"

Horrockses' 36-in A Longcloth, Men's French Regatta Shirts, Men's French Soft Felt and Drab Shell Hats, Men's Pongee Silk Dust Coats, Men's Fancy Tweed, Black Cloth, and Diagonal Worsted Imperial Sacs, Printed Chintz Cotton Handkerchiefs, Boys' and Youths' Russet Bluchers, "Where is it?" Memo. Books, Cream-laid Foolscap, Apron Bill Files, Chamois Skins, Finest Cabin Biscuits, Marmalade, Apricot Jam, Swiss Milk, Potted Meats, Golden Syrup in 4 and 7-lb. tins, Compton's Bacon, Brown Windsor Soap, Dutch Mottoes, Scotch Mixtures, Mints, 6d. and 1s. size, Harness Leather, Plain and Plated Long Props and Stump Joints, Lead Pipe, 1¼ and 1½ in.

AND HAVE ON HAND

Huntley & Palmer's Christmas Biscuits in Fancy Tins, Stilton Cheese, Fresh Currants, Candied Lemon, Orange, and Citron Peels, Compton's Hams.

MOSSEL BAY BOARD OF EXECUTORS,

LOAN, TRUST, AND AGENCY COMPANY

(LIMITED).

Subscribed Capital	...	...	...	£5,000
Paid-up Capital...	...	...	...	2,000

Registered under the Joint-stock Limited Liabilities Act, No. 23 of 1861.

DIRECTORS:

ALFRED JONES, Esq., CHAIRMAN.

FREDRICK MATARE, Esq. ROBERT W. HALL, Esq.

JOHAN O. LEEB, Esq. CART. W. HARRIES.

AUDITORS:

E. B. HALL, Esq. J. L. PHILIP, Esq.

BANKERS:

THE STANDARD BANK OF BRITISH SOUTH AFRICA (LIMITED).

SECRETARY:

N. J. R. SWART, Esq.

BUSINESS.

The Company undertakes—The Raising of Loans; The Investment of Capital; The Administration of Estates—Testate, Intestate, or Insolvent; The Agency and Management of the Affairs of Private Persons; The Sale and Purchase of Landed and other Properties, Stock, Shares, &c.; The Collection of Bonds, Bills, and Accounts; The Agency of Life, Fire, and Marine Insurance Companies, and all kinds of Trust and General Agency Business.

EENE VERKOOPING VAN

Fancy Goederen, Speelgoed, enz.

TER AFDOENING VAN DE SCHULD NOG RUSTENDE OP DE

Engelsche (St. Peter's) Kerk,

MOSSELBAAI.

ZAL IN HET

STADHUIS,

GEHOUDEN WORDEN OP

Zaturdag, 23 Dec. 1882,

Te beginnen ten 10 ure.

Bovenstande sluit in zich eene verscheidenheid van Smaakvolle Artikelen geschikt voor Kers en Nieuwjaars Geschenken.

In den Avond zal er een Kersboom zijn.

De Deuren zullen te half 8 ure geopened worden.

Toegang 6d., Kinderen 3d.

Hierdie dramatiese aankondiging vir 'n deftige haarsalon, het op 20 Des. 1882 waarskynlik 'n groot opskudding veroorsaak.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geopen. 'n Professionele kapper en "Artist in Hair, of London Experience" is aangestel wat "the Cutting of Hair in all its branches" sou behartig. Indien verlang, sou hy ook van tyd tot tyd George, Oudtshoorn en Riversdal besoek. Skeerbenodigdhede soos "Rodgers's Hollow Ground Razors" en "Magic Strops" en rookbenodigdhede soos Briar- en Meerschaum-pype en die beste Havana-, Manilla- en Duitse sigare is te koop aangebied. Volgens die Advertiser sou 'n beter salon nie in die Kolonie gevind word nie. Die blad het sy lesers "who have not yet experienced the pleasure of being shampoed and having their hair brushed by machinery", sterk aangeraai om Illingworth dadelik te besoek. Die skeerafdeling is ook aanbeveel. Vir vroue is spesiale voorsiening gemaak: "Ladies waited upon at their own Residences by appointment" (MBA 7.2.1883; 28.2.1883).

Illingworth het in 1888 na Kaapstad verhuis (MBA 21.8.1888). Dit wil voorkom asof die salon gesluit is en of die gemeenskap weer vir ses jaar sonder haarkappersdienste was. Die Advertiser het in Maart 1894 berig dat daar in 'n lang gevoelde behoefte voorsien sou word toe E.H. Hanreck, seun van Joseph Hanreck, eienaar van salonne in Johannesburg, Bloemfontein en Londen, aangekondig het dat hy 'n "Hair-dressing Saloon and Toilet Club" op die Engelse patroon sou open (MBA 13.3.1894: Brokkie; Advertensie). Die salon was in Blandstraat. Kort daarna is berig dat die dorp se mans weer versorg daar uitgesien het (MBA 27.3.1894: Notes).

In Januarie 1897 is 'n salon in Matfieldstraat geopen toe G.W. Matfield, vroeër van Oudtshoorn, daar sake begin doen het. Dit was van 6.30 vm. tot 7.30 nm. en op Sondae van 7.30 vm. tot 9.30 vm. oop (MBA 12.1.1897). 'n Jaar later het William Voges van Oudtshoorn 'n barbiersaak in Blandstraat geopen waar hy ook klere skoongemaak en herstel het (MBA 22.2.1898). In 1899 verskyn 'n advertensie vir R. Wyness se salon en tabakwinkel "where he is plying the tonsorial art to the satisfaction of the many whom he hopes will favour him

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

with their patronage". Dit was in die Marshstraat-gebou waar Joseph Powrie se boekwinkel vroeër was. Amerikaanse sjampoes wat spesiaal aanbeveel is vir gebruik ná seebaaiery, kon hier gekoop word (MBA 28.3.1899: Principal; 7.11.1899: Wyness). 'n Besoeker het in hierdie tyd gekla dat hy meer as die gewoonlike bedrag vir haarsny moes betaal. Toe hy later daaromtrent navraag gaan doen het, is hy meegedeel dat 'n hoër tarief vir besoekers gegeld het (MBA 22.8.1899: Correspondence).

6.6.2 Kleremakers

In 1874 het twee inwoners dit in die plaaslike blad bekla dat daar geen snyer op die dorp was nie en dat mansklere in Kaapstad gemaak moes word (MBA 11.5.1874: Correspondence; 22.7.1874: Correspondence). Vroue was beter daaraan toe aangesien mev. Gavin reeds in 1871 'n mode- en hoedemakery op klein skaal bedryf het. Sy het verseker: "Mourning and Wedding Orders will receive prompt attention" (MBA 4.9.1871). In 1876 met die opening van A.B. Munro se winkel Aliwal House, "an Establishment for the Sale of Fancy Articles and Fineries", is aangekondig dat daar ook 'n mode- en hoedemakersafdeling sou wees (MBA 12.1.1876: Advertensie). Hy het drie jaar later 'n "Tailor and Gentlemen's Outfitter"-onderneming in Cairncross se gebou in Kerkstraat geopen waar 'n "thoroughly competent Cutter-out" van Londen in sy diens was. Vir kliënte in die distrik het hy geadverteer: "New Rules for Self-measurement and Patterns forwarded free on application" (MBA 1.1.1879: Advertensie).

Munro se Aliwal House is in 1879 deur B.B. Lyons oorgeneem (MBA 26.3.1879: Advertensie), en sy snyersonderneming deur die bestuurder, Joseph Illingworth (MBA 31.12.1879: Advertensie). Soos met sy haarkapsalon, het Illingworth ook die kleremakery in 'n groot advertensie, wat dwarsoor die Mossel Bay Advertiser se voorblad gedruk was, bekend gestel: "To those of his friends living at a distance J.I. is desirous of intimating it is his intention of obtaining the

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

GENTLEMANLY DRESS.

"Dress does not make a man, but it often makes a successful one. The most precious stone, you know, must be cut and polished. You must dress according to your age, your pursuits, your objects in life. In youth a little fancy is rather expected. . . . What all men should avoid is the 'Shabby Genteel.' No man ever gets over it. I will save you from that. You had better be in rags."—*Lord Beaconsfield.*

J. ILLINGWORTH,

TAILOR AND HABITMAKER.

Owing to the general depression J. I. has reduced prices all round and allows Ten per Cent for Cash.

Fresh Assortments of New Goods always on hand.

THE CARLTON PATENT.

SIMPLICITY!!



SECURITY!!

The Mouthpiece can be detached with half a turn.

The Mount is as secure as the old Screw.

THIS PIPE NEVER GETS OUT OF ORDER.

To be had with Sterling Silver or Electro-plated Mounts, with Cover or without, of the above.

CIGARS, CIGARETTES, TRANSVAAL TOBACCO, &c. &c. &c.

Joseph Illingworth gebruik in hierdie advertensie vir sy snyersonderneming 'n aanhaling van Lord Beaconsfield in die hoop dat dit die mans van Mosselbaai sou beïnvloed om meer aandag en geld aan hul voorkoms te bestee.

(MBA 21.5.1884)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

services of a first-rate Cutter from England, which will enable him at stated intervals to wait upon them for their favours. J.I. begs further to state that his staff of Workmen will be shortly augmented by several First-class Tailors it is his intention to get out from Home."

Hy het inderdaad 'n paar "journeyman tailor[s]" aangestel wat rondgereis het (MBA 25.6.1884: Court). Ook verteenwoordigers van Kaapstadse snyersondernemings het in die negentigerjare die dorp en distrik aangedoen vir bestellings (MBA 5.12.1893: Notes).

Verskeie vroue soos mej. Ackerberg, die juffroue Mileham en mev. Ransby (MBA 2.11.1881: Notice; 31.1.1883; 3.8.1887: Advertensie) het deur die jare vroueklere en hoede tuis gemaak.

6.6.3 Fotograwe: "Secure the Shadow ere it fades"

Afgeleë plattelandse gemeenskappe soos Mosselbaai is deur rondreisende fotograwe besoek wat beeltenisse op liggevoelige plaat vasgelê het (GA 5.1.1865: Advertensie). Portrette was dan ook in die sestigerjare as "likenesses" bekend (GA 19.11.1868: Lost).

Mosselbaai se buurdorp, George, het betreklik vroeg reeds oor 'n fotograaf beskik. Die Britse fotograaf en drukker Thomas Brown Adlard wat in 1864 die George Advertiser sou stig, het hom in 1861 op die dorp gevestig waar hy tot in 1863 'n portretateljee gehad het (Sien ook Mossel Bay Advertiser). In Maart 1869 het hy, bygestaan deur sy vrou, die ateljee weer op 'n deeltydse basis geopen. Portrette is daagliks van 1 nm. tot sonsondergang geneem en foto's van die St. Blaise-vuurtoring en "Panoramic Views" van Mosselbaai is te koop aangebied (Bull & Denfield 1970: 183; GA 4.3.1869; 25.3.1869: Advertensie). Die vroegste bekende saamgestelde foto van die dorp wat uit 1864 dateer (KA:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

AG16350.1-.3), is waarskynlik sy werk. Alhoewel hy in 1871 na Mosselbaai verhuis het om die Mossel Bay Advertiser te stig, het hy nie fotografiese werk hier gedoen nie.

Van 1871 was daar, met die uitsondering van slegs twee jaar, gereeld 'n fotograaf op die dorp. C.D.C. Feneysey, wat met 'n eerste prys op die voorskou van die internasionale Philadelphia Exhibition in Kaapstad bekroon is (MBA 1.12.1875), het Mosselbaai gereeld tussen 1872 en 1876 besoek. Hy het aanvanklik T.B. Adlard se koerantperseel gebruik (MBA 16.10.1872: Advertensie), maar het in 1876 'n tydelike tentdak agter 'n huis aangebring waar hy portrette geneem het wanneer die weersomstandighede dit toegelaat het. Dit was egter so ondoeltreffend dat hy 'n maand later 'n werksplek in 'n gebou in Kerkstraat ingerig het (MBA 2.2.1876: L&G; 8.3.1876).

Fotograaf C. Dickenson van Walker & Dickenson van Port Elizabeth, wat in 1877 etlike maande op Mosselbaai vertoef het, het John Gavin se perseel in Kerkstraat gebruik (MBA 21.3.1877: Advertensie). Hy was waarskynlik 'n broer van F. Dickinson wat in dieselfde jaar met John Gavin se dogter in die huwelik getree en die familieonderneming oorgeneem het (MBA 4.7.1877; 22.8.1877). Die ateljee was waarskynlik dieselfde as dié wat Feneysey die vorige jaar gebruik het. Dickenson het die belangrikste geboue, sportspanne, die kampioenbemanning van die regatta en wenners van die sportbyeenkoms op Koninginsverjaardag gefotografeer en opnames van die dorp gemaak. Volgens die Advertiser was die werk "exceedingly well executed" (MBA 6.6.1877: L&G). Die bekende saamgestelde foto van 1877, waarop die name van geboue met pyle aangedui is (KA: AG16351.1-.3), kan aan hom toegeskryf word.

In Desember van dieselfde jaar het Mosselbaai sy eerste residensiële fotograaf gekry toe Isaac Bashford Gavin sy onderneming begin het. Gavin se advertensies was met 'n houtsnee-afdruk van 'n ateljeetoneel geïllustreer: 'n fotograaf met

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kamera op 'n driepootstander druk besig om 'n deftige paar af te neem. Die woorde "Secure the Shadow ere it fades" het onderaan verskyn (MBA 19.12.1877). In Suid-Afrika was soortgelyke illustrasies skaars. Hierdie houtsnee-afdruk was een van drie wat oorspronklik aan die Kaapstadse fotograaf W.F. Walter behoort het en wat na sy dood deur Adlard gekoop is. Laasgenoemde het dit ook vroeër vir sy eie advertensies gebruik. Nadat hy die Advertiser verkoop het, het dit die eiendom van die koerant gebly en is die houtsnee ook vir ander fotograwe gebruik (Bull & Denfield 1970: 122-125).

Ook I.B. Gavin het aanvanklik sy beroep in John Gavin, wat moontlik sy vader was, se Kerkstraat-gebou beoefen (MBA 19.12.1877: Advertensie). Die groot dubbelverdieping met hoë staandak en hoekingang was op die suidwestelike hoek van Kerk- en Springstraat en was 'n bekende baken totdat dit in 1978 gesloop is (BDM: A3: knipsel). 'n Beskrywing en 'n foto van die gebou verskyn in The old buildings of the Cape (Fransen en Cook 1980: 377 & 383). Anderhalfjaar na Gavin se koms (MBA 4.6.1879) is aangekondig:

> "I.B. Gavin Begs to announce that his New Studio is now complete. By it he will be enabled to meet the convenience of his Customers in all weather; and having recently received from England a supply of Photographic Accessories, Portraits will be produced with all the latest improvements ensuring permanency."

Die ateljee was kenmerkend van die tyd: 'n houtgebou waarvan 'n deel van 'n muur en die dak van glas was. Dit was naby Blandstraat agter mnr. A.L. Snell, hoof van die seunskool, se huis geleë (MBA 8.12.1886: Fire). Die agterkant van Gavin se foto's was aantreklik met gekrulde letters bedruk: "From the studio of Isaac B. Gavin, Art Photographer Mossel Bay" (Tydgenootlike foto's). Sy werk, wat deur die Advertiser beskryf is as "executed in a superior style" (MBA 4.6.1879: L&G), is drie jaar later (MBA 11.10.1882) selfs verbeter deur die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Secure the Shadow ere the Substance fades,

I. B. GAVIN

BEGS to inform the Inhabitants of Mossel Bay that he is now prepared to take Portraits on the Permises of Mr J. GAVIN, Church Street.

I.B. Gavin het gereeld hierdie houtsnee-afdruk, wat oorspronklik die eiendom van die Kaapstadse fotograaf W.F. Walter was, in sy advertensies gebruik.

(MBA 19.6.1878)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aankoop van nuwe toerusting:

> "I.B. Gavin Has received per Athenian the Wonderful American Instrument, whereby he is able to take and finish Photographs in ten minutes at the low price of 36 Gems for 6s. Also Backgrounds and Accessories by which the prettiest poses and best results can be obtained. Also the instantaneous process, which enables him to secure expression, which adds so much to the beauty of the picture."

Gavin het jaarliks sy ateljee vir 'n paar maande gesluit en dorpe soos Oudtshoorn, Uniondale, Willowmore, George en Knysna met sy "travelling studio" besoek (MBA 20.8.1879; 18.2.1880; 26.10.1881). Die "splendid Collection of Views" van "some of the most beautiful and romantic scenery in the Colony" is ná die reise te koop aangebied (MBA 29.12.1880). Ter plaatse is "Groups, Buildings, Scenery [...] at the shortest notice" afgeneem (MBA 11.10.1882), asook enigiets wat nuuswaardig was. So is portrette van die oorlewendes van die bark Mabel Young geneem en te koop aangebied. Dié skip het aan die ooskus vergaan en die matrose is na Mosselbaai gebring van waar hulle verskeep sou word (MBA 13.8.1879: Young; 20.8.1879). Kinders by 'n kostuumbal is teen verminderde pryse gefotografeer (MBA 26.8.1885), en winkels is op versoek van binne afgeneem. Joseph Illingworth het ná so 'n opdrag geweier om die rekening van die fotograaf te betaal (MBA 28.6.1882: Court), moontlik omdat hy nie tevrede was met die resultaat nie.

In Januarie 1883 het Gavin 'n vennootskap met die Weense kunstenaar Von Harnach aangegaan en is die naam van die onderneming na Gavin & Von Harnach verander. Inwoners kon nou ook vergrotings in olieverf en waterverf bestel (MBA 17.1.1883; 31.1.1883). Die vennootskap was nie van lange duur nie en Gavin het in Februarie 1884 aangekondig dat hy Mosselbaai sou verlaat en dat foto's vir

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

oulaas bestel moes word aangesien hy beplan het om al die negatiewe te vernietig (MBA 6.2.1884). Hy het egter afgesien van sy plan en aangebly. Die versameling negatiewe is wel daarna verwoes toe sy ateljee een nag in Desember 1886 afgebrand het. Ook sy waardevolle fotografiese toerusting het in die slag gebly. Die gebou en apparaat was vir £450 verseker (MBA 8.12.1886: Fire). Hy het sy onderneming ses maande later gesluit (MBA 22.6.1887) en sy ateljee, wat waarskynlik herbou is, is op 'n veiling verkoop (MBA 21.2.1888). Talle van sy foto's het behoue gebly. I.B. Gavin, wat krieket en sokker op Mosselbaai gespeel het, is minder as vier jaar ná sy vertrek op Klerksdorp aan tifus oorlede (MBA 17.2.1891: Doodsberig; Brokkie).

J.T.G. Edgar het Gavin se onderneming oorgeneem (MBA 17.4.1888: Advertensie) en 'n nuwe houtgebou opgerig. Die ateljee was oorkant die Standard Hotel in Blandstraat (MBA 6.3.1888: Council; 27.12.1892: Almanac). Sy werk was vermoedelik aanvanklik nie op peil nie aangesien die plaaslike blad in Desember 1890 berig het dat die "get-up and finish very much improved" is en dat dit gunstig met dié van belangriker fotograwe kon vergelyk (MBA 2.12.1890: L&G). Wanneer hy sy bedrywighede gestaak het, is nie bekend nie, maar mej. H. Edgar, wat die ateljee later beset ("occupy") het, het dit in 1896 te koop aangebied aangesien sy Mosselbaai sou verlaat (MBA 19.5.1896: Advertensie). Of sy ook 'n fotograaf was of net daar gewoon het, is onbekend.

Tot 1902 was daar nie weer 'n plaaslike fotograaf nie. Die gemeenskap is egter in die vyfjaartydperk van 1897 tot 1902 deur twaalf verskillende reisende "photographic artists" bedien waarvan sommiges meermale gekom het. Die Advertiser het tereg opgemerk dat daar voldoende werk vir 'n voltydse fotograaf op die dorp was (MBA 23.4.1901: Brokkie). Van die fotograwe was Fred Pfuhl van Oudtshoorn, C.A. Mason van Oudtshoorn, R.T. Selkirk, J.H. Angus, L. Wolfinsohn & Udwin, ene Jones, H.A. Dorner van die Transvaal, A. Landmark, B. Fyne van Kaapstad, ene Marx van die American Photographic Company en J. Paterson (MBA

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

26.10.1897; 2.11.1897; 4.1.1898; 20.9.1898; 17.7.1900; 23.4.1901; 27.8.1901; 14.1.1902; 25.3.1902; 8.4.1902; 30.9.1902). Ander fotograwe wat in die sewentiger-, tagtiger- en vroeë negentigerjare gekom het, was: J.L. de Visser, Edward O'Connell van die Oos-Kaap, ene Goodinge van Port Elizabeth, James Gribble van die Paarl en ene Hodgson (MBA 28.2.1871; 8.3.1876; 18.8.1880; 8.1.1889; 7.3.1893). Die kortste wat 'n fotograaf gebly het, was drie dae. Die meeste het egter een of twee maande vertoef en ander het selfs drie, vier en in een geval sewe maande op die dorp gewerk. In 1899 het ook 'n Fransman geboue en groepe mense gefotografeer vir 'n geïllustreerde werk wat met die Wêreldtentoonstelling in Parys gepubliseer sou word. Sestien fotograwe was vir dié doel in Suid-Afrika (MBA 4.7.1899: Brokkie).

In 1876 het 'n stuk in die Advertiser verskyn waarin 'n fotograaf onthul het dat die meeste mense 'n besoek aan 'n portretateljee gelykgestel het aan 'n besoek aan die spreekkamer van 'n tandarts en dat hul senuagtigheid dit moeilik gemaak het om 'n goeie foto te neem. Hy het ook verduidelik dat die lang beligtingstyd die gebruik van die ongewilde nekstut, wat hul koppe moes stilhou, genoodsaak het en dat poseerders om dieselfde rede daarteen moes waak om hul uitdrukkings te verander (20.12.1876: Complaints). Behalwe om 'n portret te laat neem, was heelwat ander fotografiese dienste op die dorp beskikbaar. Die Mosselbaaise gemeenskap kon ou foto's, selfs al was hulle hoe dof of swak, tot lewensgrootte laat vergroot (MBA 8.3.1876), geëmaljeerde portrette bestel (MBA 8.1.1889), fotografiese Kerskaarte met opnames van Mosselbaai koop (MBA 8.11.1892), prente laat raam en persoonlike foto's op skryfbehoeftes en poskaarte laat aanbring (MBA 13.5.1902).

Fotografie het in die vroeë negentigerjare as stokperdjie gewild geword. Ook op Mosselbaai is 'n vereniging gestig (Sien Fotografiese vereniging). Professionele fotograwe het aanvanklik bedreig gevoel, maar het spoedig agtergekom dat, net soos dit op musiekgebied die geval was, die amateur die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

beroepsman se grootste vriend was (Oudt Cour 23.6.1892). Professionele fotograwe soos B. Fyne het later amateurs se plate ontwikkel en afdrukke vir hulle gemaak (MBA 25.3.1902).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

7. MARITIEME MOSSELBAAI

7.1 Oseanografiese toestande

Mosselbaai is byna halfpad tussen die Kaapse Skiereiland en Algoabaai geleë. Dit is die enigste hawe van belang op die agthonderd kilometer lange kuslyn. Die baai omvat die hele watergebied wat ingesluit word deur 'n reguit lyn getrek van Kaap St. Blaise tot aan die mond van die Klein-Brakrivier. Die kus in die omgewing van die dorp is rotsagtig en word slegs deur drie klein sanderige inhamme -- Varkensbaai, Munrobaai en Ermebaai -- onderbreek. Die res van die kus aan die westekant is sanderig en duine kom voor tussen die Hartenboschrivier en Klein-Brakrivier. Robbe-eiland, 'n rotsagtige eilandjie van sowat 4,5 meter hoog, is 5 kilometer van die hawe geleë (Gazette 29.1.1864: Directions; Nel 1947: 96; Raubenheimer 1943 III: 1; Stroebel 1969: 110).

7.2 "Harbour of Refuge"

7.2.1 Historiese agtergrond

Mosselbaai was vir meer as 'n eeu lank 'n gesogte aandoenplek op die seeroete na die Ooste. Portugese, en later ook Nederlandse, seevaarders het hul lang vaarte hier onderbreek om te ververs en te rus. Tafelbaai het aan die begin van die 17de eeu egter al hoe gewilder geword en algaande Mosselbaai se plek ingeneem. Die Baai het daarna steeds 'n belangrike funksie verrig deurdat dit tydens westewindstorms skuilplek aan seilskepe verskaf het. Seevaarders was bewus daarvan dat dit een van die min natuurlike hawens aan die rotsagtige suidooskus was en het sporadies hier aangedoen om onder meer hul lekkende houtskepe te herstel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die inham naby die fontein (tans bekend as Munrobaai), is as landingsplek gebruik. Alhoewel goewerneur Somerset gemeen het dat 'n kaai met min moeite hier opgerig sou kon word, is geen hawestrukture gebou nie aangesien later besef is dat die aangrensende Varkensbaai geskikter sou wees. 'n Doeanebeampte is in 1841 aangestel om toesig oor die hawe te hou en gelde te in. Die gebrek aan hawegeriewe het veral die handelaars verontrief aangesien ware dikwels deur die branding beskadig is terwyl dit aan wal gebring is. In November 1843 het 'n plaaslike sakeman, Henry Ralph Harris, toestemming van die koloniale regering verkry om 'n hawehoof in Varkensbaai op te rig. Of dit ooit gebou is, is te betwyfel. 'n Memorie wat hy en twee ander sakelui vyf jaar later aan die owerheid gerig het, het tot gevolg gehad dat 'n "Board of Commissioners for Improving the Port and Harbour of Mossel Bay" aangestel is (Scheffler 1988a: 67; Scheffler 1988c: 38).

Nadat toestemming in 1854 daartoe verleen is, het die plaaslike verskepings- en landingsagent, Daniel Bland, 'n klein klipkaai op eie koste gebou. Dit was aan die oostekant van Varkensbaai (Sien kaart) en net lank genoeg vir een boot om by vas te meer. Dit is vier jaar later, met die oog op die opening van Meiringspoort en die gevolglike verwagte toename in skeepvaart, met 18 meter verleng. Die kaai was nou sowat 47 meter lank en 18 meter breed en het die verskeping en landing van handelsware grootliks vergemaklik. In 1860, nadat 'n gunstige verslag van die hawemeester aan die Parlement voorgelê is, het die owerheid die kaai, wat as Bland's Jetty bekend was, oorgeneem (Scheffler 1988a: 71-72). Die Kaapkolonie was in hierdie stadium baie hawebewus. Die vermaarde haweingenieur, sir John Coode, se skema vir die verbetering van die Tafelbaaise hawe is deur die Parlement aangeneem en Prins Alfred, koningin Victoria se sestienjarige seun, het in September van daardie jaar die eerste vrag grond laat stort as begin van die projek (Murray 1953: 28; Picard 1969: 30).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

7.2.2 Hawe-ontwikkeling

7.2.2.1 Dekade sestig

Na die opening van Meiringspoort is gevind dat die hawegeriewe nie meer voldoende was nie, en is daar in Julie 1862 begin met die bou van 'n nuwe en aansienlik groter kaai. Dit is wes van die oorspronklike kaai, aan die onderpunt van Blandstraat, opgerig. Die struktuur was volgens resident-magistraat Marsh oor die 122 meter lank (Blue Book 1862: JJ27). Die oprit was van klip en was 76 meter lank en 15 meter breed. Nel fouteer wanneer hy in sy verhandeling beweer dat die kaai self 76 meter by 15 meter was (Nel 1947: 17). Die kaai was die tweede in sy soort in die Kolonie; die pale was van ysterhout en die dek van Kaapse dennehout (Argus 8.3.1862: Supplement). Met laagwater was die water by die punt van die struktuur slegs sowat 'n vaam (sowat 1,82 meter) diep (Du Plessis 1976: 42). Beide Bland's Jetty en die nuwe houtkaai verskyn op die saamgestelde foto van 1864 (KA: AG16350.1-.3).

Die kaai was die eerste openbare werk op Mosselbaai en is op die inwoners se koste opgerig. 'n Bedrag van £700 is deur middel van obligasies, wat van owerheidsweë gewaarborg is, verkry. Siviele ingenieur G.W. Pilkington was vir die bouwerk verantwoordelik terwyl siviele ingenieur F. Molesworth Pfeil namens die haweraad toesig gehou het. Die laaste steen wat die klipwerk sou voltooi, is op 3 Maart 1862 feestelik deur die tesourier-generaal, Richard Southey, gelê. Hy is vergesel van die koloniale sekretaris, F.W. Reitz. Die genooide gaste, waaronder 28 vroue, het die verrigtinge van 'n verhoog gevolg. Die afdak was met helderkleurige vlagdoek versier om luister aan hierdie spesiale geleentheid, die eerste openbare feesgeleentheid op die dorp, te verleen. Die mans is daarna in die biblioteek (die eerste munisipale gebou) op 'n "Tiffen" onthaal. Dertien heildronke is onder die voorsitterskap van die voorsitter van die haweraad, E.C. Crockett, ingestel en beantwoord. Daar is onder andere op

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die Koningin, Goewerneur, Parlement, handel, landbou, pers en "the Ladies" gedrink. Laasgenoemde "who, though absent, were far from being forgotten, during that portion of the proceedings which custom has, unfortunately, limited to the sterner sex [...]", aldus die verslaggewer. Die middagete het tot sesuur die aand geduur. Later het genooide gaste tot laatnag in die Bland-woning, The Castle, gedans. Vir die gewone burgery is daar die middag boeresport op die dorpsplein (waarskynlik die markplein) aangebied. Die Cape Argus het onder die opskrif "Mossel Bay Completion of the new Pier" toespraak vir toespraak oor die verrigtinge verslag gedoen en 'n bladsy in fyn druk daaraan afgestaan.

Southey het die bou van die kaai as die begin van 'n nuwe era vir die "rising and important port" beskou. Hy het gesê: "I know there are many now present who will live to see your harbour filled with ships from all parts of the world, riding at anchor in perfect safety, sheltered from the south-east by artificial means, as they now would be from all other points of the compass by natural causes" (Argus 8.3.1862).

Die kaai is in 1862 voltooi. Water is deur middel van 'n ysterpyp, wat langs die kaai af gelê is, aan die skeepvaart voorsien (Blue Book 1862: JJ27). 'n Hawekantoor is in dieselfde jaar wes van die kaai opgerig. G.W. Pilkington was weer eens die kontrakteur en F.M. Pfeil die toesighoudende ingenieur (Argus 8.3.1862). Op die saamgestelde foto van 1864 (KA: AG16350.1-.3) kan gesien word dat die hawekantoor 'n klein enkelverdieping-geboutjie met veranda was.

Die volgende stap deur die haweraad was om 'n vuurtoring, ook op eie koste, te bou (MBA 29.11.1876: Coode). Die vierkantige toring, "most substantially built of a beautiful stone quarried and shaped on the spot", is in 1863 voltooi. Dit is op Kaap St. Blaise en 73 meter bo seespieël gelęë. 'n Stilstaande lantern met 'n rooi straalbrekingslig van die derde klas is op 15 Maart 1864 in gebruik

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die St.Blaise-vuurtoring met die ysterreling wat in Maart 1891 om die bopunt aangebring is. Die oorspronklike stilstaande lantern met rooi straalbrekingslig van die derde klas is op 15 Maart 1864 in gebruik geneem. Voor die woongedeelte poseer 'n paar mense waaronder 'n man, waarskynlik die vuurtoringwagter, met twee kinders. 'n Kamera op 'n driepoot verskyn op die voorgrond. Die rotsriwwe van die natuurlike swemsloep, die Poort, kan links onder die gebou gesien word.

Foto: Bartolomeu Dias-museum P PBM 00291

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geneem. Op 'n helder nag was dit oor 'n afstand van vyftien seemyl sigbaar (Blue Book 1863: JJ14; Gazette 29.1.1864). Die ingenieur was weer eens E.M. Pfeil wat volgens resident-magistraat George Marsh ook vir die ontwerp verantwoordelik was (Blue Book 1864: JJ15). Die Kaappuntse vuurtoring, 'n vierkantige toring soortgelyk aan dié van St. Blaise, is drie jaar vroeër in gebruik geneem (Murray 1953: 27). Robbeneiland se lantern is 'n jaar na dié van Mosselbaai aangesteek. Die eerste vuurtoring in Suid-Afrika dateer uit 1824 en is dié van Mouille-punt (Hattersley 1969: 175). Dit is interessant om daarop te let dat die Afrikaanse woord vuurtoring aan die oorspronklike waarskuwingstelsels herinner. Dié stelsels het uit bakenvure bestaan wat gewoonlik op verhewe strukture aan die gang gehou is en is reeds in Antieke Egipte gebruik (Kemp 1988: 482).

Pas nadat die gemeenskap groot koste aangegaan het om die hawegeriewe te verbeter, is die amp van hawemeester in 1867 van owerheidsweë afgeskaf. Die Robinsonspas was amper voltooi en dit sou Mosselbaai en die vrugbare Oudtshoorn-distrik slegs 'n dagreis van mekaar bring en groot ontwikkeling op handelsgebied veroorsaak. Die resident-magistraat het dit as besonder nadelig vir die Baai bestempel. Ook op Knysna is die pos van hawemeester tot die verontwaardiging van die gemeenskap afgeskaf. Kwarantyn- en hawepligte is voortaan deur die magistraat uitgevoer en 'n gelisensieerde loods het vaartuie op versoek tot by 'n ankerplek gehelp (Blue Book 1868: JJ21; GA 8.8.1867: Harbour; Parkes & Williams 1988: 51).

7.2.2.2 <u>Dekade sewentig</u>

In 1872 is bevind dat die kaaipale deur wurms weggevreet is en slegs die helfte van hul oorspronklike dikte was. Die kaai was lendelam en het onrusbarend geskud wanneer 'n vragboot daarteen gestamp het (MBA 14.2.1872: L&G). Dit is in 1874 verbeter en ook verleng. Groepies het daagliks by die hawe saamgedrom

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

om die twee duikers wat onderwaterwerk gedoen het, gade te slaan. "The diving costume is the astonishment and wonder of the natives, and when seen just emerging from the water, presents the most hideous aspect to our unsophisticated country cousins, even to the extent of inspiring some of them with dread", het die Advertiser berig en voorts vertel van hoe 'n boer die hasepad gekies het toe die "glaring eyes" van 'n "seeduiwel" bo die water verskyn het (MBA 5.8.1874: L&G).

Die jaar 1874 was baie bedrywig vir die haweraad. Afgesien van die werk aan die kaai, is peilwerk ook deur stafkommandant Daniel John May van die Royal Navy gedoen om die vermaarde Britse haweingenieur, sir John Coode, te help met die opstel van planne vir die verbetering van die hawe (MBA 28.10.1874: L&G). May was 'n gesaghebbende op die gebied van Kaapse hawens; hy was in 1862 assistent-opmeter tydens die Admiraliteitsopname van die Kaapse kus. Die stafkommandant was met een van die bekende Barrys van Barry & Nephews getroud (Parkes & Williams 1988: 37). 'n Groot doeanegebou van klip, die "Queen's Warehouse", is ook in die jaar 1874 direk agter die klein hawekantoortjie opgerig. Die enkelverdieping met sy twee groot omlyste deure en drie venstertjies verskyn op die saamgestelde foto van 1877 (KA: AG16351.1-.3).

Die volgende jaar (1875) is die pos van hawemeester heringestel (MBA 21.7.1875) en het Kapt. William Harries se private landings- en verskepingsmaatskappy 'n beweegbare stoomhystoestel ingevoer. Die naamgewingsplegtigheid op die kaai is deur verteenwoordigers van al die sakeondernemings bygewoon. Resident-magistraat George Hudson het 'n toespraak gehou en die nuwe aanwins met behulp van die gebruiklike bottel sjampanje Alpha gedoop (MBA 21.4.1875: L&G). Die stoomkraan het werkers in staat gestel om die vrag van 'n swaar gelaaide boot, waarvan die ontskeping eers anderhalf uur geduur het, in minder as twintig minute te hanteer (MBA 28.4.1875: L&G). Die inwoners het die wondere van die eeu van die masjien gesmaak en niks kon vooruitgang meer keer nie. 'n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Stoomsleepboot van sowat 20 ton is deur 'n aantal plaaslike sakemanne aangekoop en het op 25 Mei 1876 aan boord van die Royal Mail steamship European aangekom (MBA 31.5.1876: Launch; 5.7.1876: Grunt). Die eerste stoomsleepbote in Suid-Afrikaanse waters is reeds sestien jaar vantevore in 1860 by Port Natal en in Tafelbaai in gebruik geneem (Murray 1953: 27). In Mosselbaai was so 'n boot sy gewig in goud werd aangesien skepe vanweë die vlak hawe genoodsaak was om ver weg in die baai te anker. Alle vrag moes dus moeisaam met ligters heen en weer vervoer word. Die stoomsleepboot het die werk grootliks vergemaklik. Die feit dat die boot slegs sewe maande later te koop aangebied is (MBA 13.12.1876), is waarskynlik aan geldelike probleme toe te skryf. In hierdie stadium was daar al minstens drie ligters in kapt. Harries se vloot (MBA 29.11.1876: L&G).

Die immer toenemende vrag het tot gevolg gehad dat die hawe verbeter moes word. Die vinnigste roete van die kus na die delwerye was nog van Mosselbaai en dié hawe het gevolglik gedeeltelik in die behoeftes van die steeds groeiende Kimberley voorsien. Spoorwegverbinding tussen die Diamantveld en die hawens van Port Elizabeth en Kaapstad is eers in 1885 bewerkstellig (Nel 1947: 20-21). Die haweingenieur vir wie die peilings twee jaar vantevore gedoen is, het die Kolonie in 1876 besoek om verslag oor al die Kaapse hawens te doen. Sir John Coode was die beroemste haweingenieur van die tyd en was verantwoordelik vir haweprojekte in die Verenigde Koninkryk, Ceylon, Nieu-Seeland en ander Britse kolonies. In Suid-Afrika het hy onder meer die hawens van Tafelbaai en Oos-Londen ontwerp (Leverton 1977: 179). Hy is vergesel van Daniel John May, wat intussen tot kaptein bevorder is (Parkes & Williams 1988: 37). Mosselbaai het in November van daardie jaar aan die beurt gekom (MBA 29.11.1876: Coode), maar die kundige se bevinding was 'n groot skok vir die gemeenskap. Volgens Coode was die baai besig om vlakker te word en kon nuwe hawewerke gevolglik nie aanbeveel word nie. Op sy voorstel sou dieptepeilings al om die ses maande gedoen word (SAB: Crail: Rex Collection). Die Mossel Bay Advertiser het gemeen dat die toestand moontlik net seisoensgebonde was en aan wind en strome

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

toegeskryf kon word. Volgens redakteur Powrie was die verslag "not only disappointing, but also a damaging one" (MBA 28.11.1877: Hoofartikel). 'n Riversdaller wat voorheen jare lank op Mosselbaai gewoon het, het in 'n brief verduidelik dat die strand oopgespoel word gedurende suidelike stormwinde en dat die sand in die baai bly totdat westelike winde weer waai. "I am quite sure that the depth of soundings in the bay varies, and is influenced by these winds [...]. It often happens, however, that these very clever people do not like to be informed of the simple workings of nature" (MBA 19.12.1877: L&G). Die skrywer, wie se teorie later korrek bewys is (Nel 1947: 24), was hoogs waarskynlik die voormalige verskepings- en landingsagent Daniel Bland, wat ook die eerste kaai gebou het. Hy was in die sewentigerjare Lid van die Wetgewende Vergadering vir Riversdal (GKH 16.11.1892). Die koloniale media het heerlik met Mosselbaai gespot wat dan aan die opdroog sou wees en het voorspel dat inwoners spoedig droogvoets oor die baai sou kon loop. Plaaslik is verweer: "the Nubian, Dublin Castle, German, Conway Castle, Pretoria, Balmoral Castle, or those other floating palaces that visit Mossel Bay, shallow though it may be, find[...] water enough" (MBA 5.2.1879: Correspondence). Tenders is in 1879 gevra vir die lê van 'n tremspoor by die kaai om die verskeping en landing van goedere te vergemaklik (MBA 3.9.1879).

7.2.2.3 Dekade tagtig

Vyf jaar na die kortstondige teenwoordigheid van die eerste stoomsleepboot kon die Baai in Julie 1881 weer met een spog. Die ondernemende kapt. Harries het self die boot, wat Gnat geheet het, op Mosselbaai gebou. Dit was 16,7 meter lank, 2,7 meter breed met 'n diepgang van 1,50 meter. Die masjinerie is in Falmouth vervaardig (MBA 6.7.1881: Launch; 19.10.1881). Ook die Gnat was nie 'n lang dienstyd beskore nie. Die boot was in Mei 1882 slegs tien maande oud toe dit tydens 'n hewige storm in "angry breakers, whose white and curled tops came seething on with a fury of war horses", beskadig is. Die reuse-branders

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

G.W. Pilkington se houtkaai tussen 1880 en 1882. Daar kan duidelik gesien word hoe die buitenste deel van die krom struktuur in die rigting van die heersende branding strek. Die water was hier met laagwater slegs sowat 'n vaam (1,82 m) diep. Voor die "Queen's Warehouse" op linkerhand kan die oorspronklike hawekantoortjie van 1862 en die seinpaal gesien word. Let daarop dat eersgenoemde gebou slegs 'n enkelverdieping is. Aan albei kante van die kaai by "that gallows arrangement"-kraan, lê 'n ligter met mas en opgerolde seile. Nog 'n ligter (sonder seile) kan 'n bietjie meer na links gesien word. Die geboutjie onder die kraan is kapt. Harries se masjienkamer. Op die voorgrond staan 'n groepie by 'n ruiter met 'n weglêsnor en gesels. 'n Paar honde sit rustig en wag. Vier werkers is besig om bale wol met die kaai na die wagtende ligters af te rol. Die tremspore het laaiwerk vergemaklik.

Foto: Kaapse Argief J2802

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het feitlik al die kaptein se ligters beskadig en was ook vir een van die Baai se grootste rampe verantwoordelik: die skipbreuk van die Duitse skoener Louisa Dorothea met verlies van drie man (MBA 31.5.1882). Die Gnat se opvolger, die Helen, is op 24 Januarie 1883 te water gelaat. Die boot is deur John Bowden in Cornwall gebou en was 0,91 meter korter en 0,30 meter breër as sy voorganger. Die ruim was 1,75 meter diep en die voorkajuit 5,18 meter lank. Die Helen was van twee maste, twee loggerseile en 'n kluiwerseil voorsien (MBA 6.9.1882; 31.5.1883) en was gevolglik geskik vir beide stoom- en seilvaart.

Teen hierdie tyd het die handel so toegeneem dat daar vir groter kaairuimte voorsiening gemaak moes word. 'n Hyskraan van tien ton is aangebring (Nel 1947: 22) en die doeanegebou ("Queen's Warehouse") is deur die kontrakteurs Pickard & James vergroot (Oudt Trib 2.2.1882: Mossel Bay). Die klipgebou van 1874 is na die seekant verleng deur die toevoeging van die 1862-hawekantoortjie en die aanbring van nog 'n verdieping. Op die saamgestelde foto van 1880/84 (KA: AG16352) kan duidelik gesien word dat die gebou nou drie groot deure het in plaas van twee soos tevore. Nuwe kantore vir die haweraad is ook in die gebou gehuisves. Volgens die plaaslike blad was die gebou 'n groot verbetering op die "unsightly structure and inconvenient offices, which a few months ago stood on the site. In one part of the new building, the communication between the lower and upper offices is by means of a handsome iron spiral stair, the first one erected in Mossel Bay" (MBA 31.5.1882).

'n Jaar na die aankoms van die Helen het kapt. Harries sy vloot uitgebrei deur die toevoeging van 'n klein stoombarkas. Die Midge was vir passasiersverkeer bedoel en kon 25 tot 30 opvarendes met gemak na en van die rede vervoer (MBA 13.2.1884: Brokkie). Die boot is egter 'n skrale drie maande later tydens 'n stormsterk suidoostewind op die strand gedryf en die kiel is erg beskadig (MBA 14.5.1884: L&G).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In Februarie 1885 is die kaaiverlenging, wat nege maande geduur het, voltooi. Mosselbaai was nou die trotse besitter van 'n nuwe laaisteier met aanlêgeriewe vir hoog- sowel as laagwater. Twee sterk handkrane is aangebring en die hystoestelle wat voorheen vir vrag gebruik is, is gerestoureer (MBA 18.2.1885: L&G). Spoorverbinding tussen Kimberley en die hawens van Port Elizabeth en Kaapstad is egter in hierdie jaar voltooi. Mosselbaai is mettertyd as hawe vir die Groot Karoo verdring en het hierna stadig in vergelyking met ander hawestede ontwikkel (Nel 1947: 20,22). Ses jaar later (1891) is die hawemeester onverwags van owerheidsweë gevra om af te tree en is die pos by Mosselbaai afgeskaf. In die Parlement is verklaar dat daar te min werk vir so 'n iemand op Mosselbaai was (MBA 24.2.1891: Hoofartikel; 11.8.1891: Brokkie). In hierdie stadium was daar vyf krane by die kaai waarvan twee met stoom aangedryf is (MBA 3.2.1891: Correspondence).

7.2.2.4 Dekade negentig

In 1895 is begin met die bou van 'n strandmuur tussen die kaai en die sleephelling naby kapt. Harries se timmermanswerkwinkel (MBA 10.9.1895: Brokkie). Die sandstrand tussen dié twee punte, die landings- en skoonmaakplek van die vissers, is in die proses drooggelê. Die vissers is hierna na die klipperige strandjie anderkant die sleephelling naby die ou kaai verskuif. 'n Gebrek aan ruimte en die feit dat die visafval met die klippies gemeng en 'n onuithoudbare stank tot gevolg gehad het, het groot ergernis onder die visserslui sowel as die hawewerkers veroorsaak (MBA 27.4.1897: Correspondence).

Kapt. Harries het baie terugslae ondervind. In Oktober 1889 het sy masjienkamer, 'n houtgeboutjie op die kaai, uitgebrand. Die kaaiplanke het ook vlam gevat, maar kon gelukkig geblus word (MBA 15.10.1889: Fire). Ook die stoomsleepboot Helen is in April 1894 op die rotse gedryf. Die ligters moes daarna met roeibote gesleep word. Harries is binne 'n week na die ongeluk na

Die hawegebied tussen 1895 en 1897. Op die voorgrond is kapt. Harries se skeepswerf met 'n stoomsleepboot op die sleephelling. Let op dat die vissers se strand met die bou van die strandmuur in 1895 drooggelê is. Hulle is daarna net regs van die skeepswerf gehuisves. Die hoë seinpaal, wat die oue in 1892 vervang het, staan voor die doeanegebou. Die veldjie langsaan is deur die "rocket brigade" as oefenplek gebruik. Die foto is die werk van die bekende Arthur Elliott. Foto: Kaapse Argief M719

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Engeland om 'n nuwe sleepboot (MBA 10.4.1894: Wreck), die Morning Star, te bekom. Hy was 0,75 meter langer as die Gnat en 0,30 meter breër. Die ruim was 1,68 meter diep (MBA 24.4.1894: Notes & Tug).

Harries het aan die einde van 1896 sy landings- en verskepingsonderneming aan 'n plaaslik gestigte maatskappy, die Mossel Bay Boating Co. (Limited), verkoop. Vyfduisend aandele is aangebied waarvoor daar vier keer soveel aansoeke ontvang is. Harries se toerusting het in hierdie stadium bestaan uit twee stoomsleepbote, sewe ligters, geboue, bote en skepe, waens, muile, perde en voorraad (GKH 18.11.1896: Mossel Bay; MBA 17.11.1896; 15.12.1896: Boating). Die maatskappy het tot in 1916 bestaan toe dit deur die owerheid oorgeneem is (Nel 1947: 26).

Die vuurtoring se stilstaande paraffienlantern met sy rooi lig is op 21 Oktober 1897 met 'n nuwe dubbel flitsende wit lig van 5 000 kerskrag vervang. Die lig het elke vyftien sekondes twee keer vinnig na mekaar geflits. 'n Nuwe lantern is terselfdertyd in gebruik geneem. Die lens kon draai en het elke dertig sekondes 'n omwenteling voltooi (GKH 9.11.1910: Hoofartikel; MBA 8.6.1897: Mariners; 2.11.1897: Mariners).

Aanbevelings wat sir John Coode in 1883 gemaak het, is uiteindelik anderhalf dekade later in 1898 goedgekeur. Die hawewerk sou bestaan uit 'n 170 meter lange golfbreker van klip met 'n klipkaai van 150 meter aan die lykant. Dié strukture sou parallel aan die kus strek. 'n Resident-ingenieur is in 1898, 'n jaar voor die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog, aangestel (Du Plessis 1976: 43). 'n Spoorlyn wat langs die Punt-begraafplaas verbygeloop het, is aangelê na die steengroewe om die vervoer van klip te vergemaklik (MBA 22.2.1898: Jottings). Die kontrakteurs vir die skema was Cochrane & Cherry (MBA 26.4.1898) wat ook die Standard Bank-gebou opgerig het. Die nuwe hawewerke is eers na 1902 voltooi. In 1901 is 'n groot pakhuis van 61 meter by 15 meter van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

klip naby die hawe gebou. Die ou pakhuise sou daarna gesloop word om plek vir die vergroting van die nuwe te maak (MBA 26.3.1901: Boating).

Intussen het die Boating Co in 1899 'n nuwe stoomsleepboot, die Evening Star, van Engeland ingevoer. Hy was 20 meter lank en 4,5 meter breed (MBA 14.3.1899: Boating). Nog 'n sleepboot, die St. Blaize, is later in dieselfde jaar in Engeland te water gelaat en het onder eie stoom na Mosselbaai gevaar. Sy afmetings was dieselfde as dié van die Evening Star (MBA 3.10.1899: Bannatyne).

7.2.3 Haweraad

Die haweraad was aan kritiek onderworpe as gevolg van die feit dat hul werksaamhede dig gehou is. Met Joseph Powrie se oorname as redakteur in 1874 is hy meegedeel dat die raad "do not court publicity and reports of their sayings and doings have consequently not appeared in the local paper". Dit het selfs geblyk dat die Eastern Province Herald onbewus daarvan was dat Mosselbaai oor 'n haweraad beskik het (MBA 10.5.1882). Dit het die inwoners, wat oor die algemeen 'n lewendige belangstelling in die hawe gehad het, gegrief dat hulle eers met die advertering vir tenders van beoogde uitbreidings te hore gekom het. Daar was ook ontevredenheid oor die verkiesing van die lede. Redakteur Powrie was dit eens dat die raad nie "wholly representative" was nie (MBA 2.3.1897: Correspondence & Notes). 'n Notule, soos dié van die munisipale en afdelingsraadsvergaderings wat gereeld geplaas is, het vir die eerste keer in die Mossel Bay Advertiser van 13 April 1897 verskyn.

7.2.4 Elektriese beligting van kaai

Gerugte het in 1892 die ronde gedoen dat die kaai snags tydens ontskepingswerk elektries verlig sou word. Krag sou van kapt. Harries se stoomsaagmeule naby die hawe aangelê word. Die Mossel Bay Advertiser het gevoel dat die sterk en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

egalige elektriese lig die gevaar wat die olielampe ingehou het, sou uitskakel. 'n Trekperd het juis 'n paar nagte vantevore vir die flikkerende lig geskrik, losgebreek en in sy dolle vaart om weg te kom, byna 'n werker platgetrap (MBA 26.1.1892: Notes).

Die kaai is 'n paar jaar later wel met krag van die saagmeule verlig, maar dit was slegs vir twee uitvoerings van die Oudtshoorn Volunteer Band (MBA 8.1.1895; 7.1.1896). Elektriese beligting is in 1901 by die hawe aangebring om die bou van die nuwe hawewerk te vergemaklik (Sien Elektriese lig) (MBA 21.5.1901: Brokkie). In Kaapstad was die eerste elektriese beligting ook in die dokke. Dit is in 1882 in gebruik geneem, dertien jaar voor die strate van soortgelyke ligte voorsien is (Picard 1969: 95).

7.2.5 Kaptein William Harries

Kapt. William Harries was voor sy koms na Mosselbaai gesagvoerder van die Alma en daarna van die Knysna Belle, albei kusvaarders wat tussen Tafelbaai en Knysna gevaar het. Hy was met 'n nooi Goldsbury, dogter van die magistraatsklerk op Knysna, getroud en was ook 'n aandeelhouer van die landings- en verskepingsagentskap daar. Na sy vrou, Helen Catherine, se dood in Desember 1873 is hy met haar suster, Anna, getroud. Die egpaar het hulle in die middel sewentigerjare op Mosselbaai gevestig (Parkes & Williams 1988: 136-137; SAB: Crail file 23: 19.2.1961) waar kapt. Harries die plaaslike landings- en verskepingsagentskap oorgeneem het. Samuel en John Goldsbury, twee bekendes op Mosselbaai, was waarskynlik verwant aan Harries se vrou. Hulle was die kaptein dikwels met sy bote behulpsaam. Eersgenoemde se voornaam was dieselfde as dié van haar vader wat later siviele kommissaris en resident-magistraat op Knysna was. Mev. Harries se grootvader was ook 'n seekaptein (Philip 1981: 145). Kapt. Harries se oudste dogter, Helen, is ses maande voor die verkoop van sy verskepingsonderneming getroud met Hilligard M. Louwrens van die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vooraanstaande prokureursfirma Reitz en Louwrens (MBA 23.6.1896: Matrimonial).

Kapt. Harries (en die latere Boating Co) het nie net verbyvarende skepe en plaaslike bote herstel nie, maar ook sporadies vaartuie, veral ligters, gebou (MBA 14.5.1879; 13.7.1897: Boating). Soos reeds gesien, is Mosselbaai se tweede stoomsleepboot, die Gnat, in 1881 op sy skeepsbouwerf gebou terwyl die enjin van Falmouth ingevoer is (MBA 6.7.1881: Launch). Die sleephelling en kapt. Harries se timmermanswerkswinkel was onder die groot sandduin naby Bland's Jetty (MBA 17.4.1894: Notes). In 1876 het die ondernemende kaptein 'n stoomsaagmeule ingevoer waarmee hy geelhout uit die Knysna-bosse bewerk het (MBA 5.7.1876; 21.6.1876). Die saagmeule was op die suidoostelike hoek van Meyer- en Blandstraat. Die ou klipgebou wat tans voor op die perseel is, is in 1902 deur Searle & Co opgerig (MBA 11.3.1902). 'n Klein dubbelverdieping-klippakhuis wat van veel vroeër dateer, het agter op die erf behoue gebly. Die RNG beveel aan dat die gebou as gedenkwaardigheid verklaar word (NMC 1985: 6). Die hele perseel behoort tans aan Grindrod Shipping.

Kapt. Harries het al die ligters besit wat gebruik is om vrag van die ankerplek na die kaai te verskeep. Alhoewel die bote gewoonlik gesleep is, was hulle ook met maste en seile toegerus. Die eerstes kon sowat 30 tot 35 ton verskeep (MBA 14.5.1879; 27.4.1881). In 1882 het William Harries 'n nuwe soort ligter van John Bowden in Engeland ontvang. Die Kate het van die ander ligters verskil deurdat dit 'n plat boom gehad het en ook veel langer was. Dit was 15,5 meter lank, 4,87 meter breed met 'n diepte van 1,90 meter en het 'n dek voor en agter gehad. In die middel was 'n ruimte van 4,57 meter lank wat met 'n seil bedek kon word. Die nuwe ligter kon 60 ton dra, dit wil sê dubbel soveel as sy voorgangers (MBA 23.8.1882).

Soos reeds gesien, het die kaptein sy "Boating business" in 1896 aan die Mossel Bay Boating Company verkoop. Hy het vir nog drie jaar in die Baai aangebly.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Die sleephelling met 'n stoomsleepboot heel links. Kaptein Harries se skrynwerkerswinkel waar bote herstel en gebou is, was net agter die helling en Bland's Jetty (1854) net regs daarvan. Die vissers se strandjie, wat later drooggelê is, kan op die foto gesien word. Die "Queen's Warehouse" by die voet van die houtkaai is hier reeds in 'n dubbelverdieping omskep.

Foto: Bartolomeu Dias-museum, geskenk deur P. Storrar.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Op 1 Desember 1899 het hy egter ook sy doeane- en versendingsfirma verkoop. Die nuwe eienaar was sy klerklike assistent, W.C. Furness, seun van 'n afgetrede skeepskaptein wat ook voorheen in Harries se diens was. Die naam W. Harries & Co is behou (MBA 5.12.1899: Notice). Kapt. William Harries het die Baai twee weke later verlaat (MBA 19.12.1899: Brokkie) en hom op Somerset-Wes gevestig waar hy ook oorlede is (SAB: Crail file 23: 19.2.1961). Die Furness-familie het die onderneming vir drie geslagte bestuur. W. Harries & Co is in 1980 deur Grindrod Shipping oorgeneem (BDM: L2: Knipsels).

7.2.6 Oorspronklike hawegeboue vandag

Die doeanegebou van 1874 word tans steeds vir dieselfde doel gebruik as waarvoor dit aanvanklik opgerig is. Dit is links van die Blandstraat-ingang tot die hawe geleë. Geen veranderings is buite aan die gebou aangebring nie. Selfs die houtbalkon wat in 1898 opgerig is (MBA 15.2.1898: Authority), het behoue gebly. Die RNG beveel aan dat "This very fine building" tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar word (NMC 1985: 5). Die kloktoring-gebou, wat in 1902 deur die Mossel Bay Boating Company opgerig is (MBA 4.2.1902: Hoofartikel), behoort vandag aan die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste. Die gebou word in die argitektuurhistorikus Désireé Picton-Seymour se boek Historical buildings in South Africa (1989: 82) beskryf.

Die Kaap St. Blaise-vuurtoring by die Punt is een van die oudste geboue op Mosselbaai. Volgens die RNG het R. Robinson, die koloniale ingenieur wat vir die projek verantwoordelik was, die toring ontwerp. Die ontwerp is egter, soos reeds gesien, deur siviele ingenieur E.M. Pheil gedoen. Die RNG beveel aan dat die 20,5 meter hoë toring tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar word (NMC 1985: 1). Die huidige ysterreling om die bopunt van die struktuur is nie dié wat in 1891 aangebring is nie (MBA 31.3.1891: Brokkie).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

7.2.7 "[T]his the Cinderella of the ports"

Die algemene gevoel op die dorp was dat die owerheid die hawe van Mosselbaai afgeskeep het. Die Dorpsraad was ontevrede omdat staatsgeld nie vir ontwikkelings beskikbaar gestel is nie alhoewel die owerheid jaarliks 'n aansienlike inkomste verkry het uit die distrikte wat die hawe gebruik het. Selfs die kaai en vuurtoring moes met plaaslike belasting gebou word (MBA 29.11.1876: Coode). Redakteur Adlard het die gemeenskap se onvergenoegdheid in 'n hoofartikel, wat onder andere die noodsaaklikheid van 'n golfbreker bepreek het, saamgevat: "whilst thousands of pounds are annually expended on other ports, Mossel Bay gets nothing" (MBA 5.3.1873: Hoofartikel). Sy opvolger het gewaarsku dat indien spoorverbinding nie verkry word nie, Mosselbaai ten spyte van sy "splendid harbour and all the facilities it posesses [will] sink to little better than a fishing hamlet, and 'Ichabod' may be written upon its walls, for then, indeed, will its glory have departed" (MBA 26.4.1876: Hoofartikel).

L.A. Vintcent, Lid van die Wetgewende Vergadering, het in 'n toespraak by die opening van die Schermbrucker-reservoir na Mosselbaai as "this Cinderella of the ports" verwys (MBA 3.3.1886: Hoofartikel). Kort daarna is die hawe beledig toe 'n reuse-kaart wat deur die landmeter-generaal vir die Indian and Colonial Exhibition in Londen voorberei is, die vier hoofhawens van die Kolonie as Kaapstad, Port Elizabeth, Oos-londen en Port Alfred (Kowie) aangegee het. Die gemeenskap was onthuts. Mosselbaai is geheel en al geïgnoreer. Redakteur Powrie het geskryf: "We were utterly unaware that the Kowie was one of the 'principal ports' of the Colony. Perhaps it has become so since its toy railway, hatched in insolvency, reared in liquidation, and shortly to be consigned to chancery had been completed and contributed to the Colony Exchequer the magnificent sum of something like 2 shillings and 11 pence halfpenny per day."

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Mosselbaai se in- en uitvoer het dié van Port Alfred ver oortref en meer doeanegeld is ook plaaslik geïn. Hy het vervolg: "to say that Port Alfred ranks as the fourth port of importance in the Colony is simply to utter an absurdity. But it is worse than an absurdity: it is a wilful misrepresentation, put forth by Colonial officials" (MBA 10.3.1886: Hoofartikel).

Oudtshoorn se Het Zuid-Westen het simpatiek na "the forgotten and neglected Mossel Bay" verwys en die behandeling wat die baai gekry het as stiefmoederlik bestempel. "For Table Bay and Algoa Bay there has always been an open heart and open purse", het die redakteur geskryf (MBA 23.7.1901: Hoofartikel). Dié blad se houding was egter die uitsondering. Die Kaapse koerante was Mosselbaai nie goedgesind nie. Redakteur Powrie het dit in die volgende woorde opgesom:

> "The spirit of the Cape Town Press has been for some time past of a most ungenerous nature towards this place. When anything has occurred which would reflect a little to the credit to the place it has been referred to in as few words as possible, or altogether ignored; but if anything disparaging can be said, then full prominence is given to it, and we see in large letters such headings as 'Mossel Bay dished', 'No chance for Mossel Bay' (MBA 7.4.1886: Hoofartikel).

Dit was veral die Cape Argus wat hom hieraan skuldig gemaak het. Die koerant het in die sestigerjare gereeld ruimte aan gebeure op Mosselbaai afgestaan. Sy houding het egter na die ontdekking van diamante verander en het veral van die tagtigerjare, toe Mosselbaai alles in die stryd gewerp het om spoorverbinding te bekom, vyandig teenoor die Baai geword. Soos reeds gesien, het Tafelbaai 'n aansienlike deel van Mosselbaai se in- en uitvoer oorgeneem nadat daar begin is met die bou van die spoorweg na Kimberley. Die Mossel Bay Advertiser het die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Kaapse pers se negatiewe houding toegeskryf aan die feit dat Kaapstad gevrees het dat hul handel ("the trade which she has unfairly filched from us") daaronder sou ly as Mosselbaai spoorverbinding sou kry (MBA 17.3.1886: Hoofartikel; 7.4.1886: Hoofartikel). Powrie het verklaar: "in their secret hearts they dread us -- they dread the day when a railway will give us a fair chance to compete with them. And well they may" (MBA 16.4.1889: Tweede hoofartikel). Die blad was vas daarvan oortuig dat die verlore handel met die Beaufort- en Prins Albert-distrik hervat sou word nadat spoorverbinding eers bewerkstellig is (MBA 7.4.1886: Hoofartikel).

Skeepkapteins van ander lande is dikwels in Tafelbaai en Algoabaai gewaarsku dat dit lewensgevaarlik was om Mosselbaai aan te doen. Die Advertiser het graag getuigskrifte van gesagvoerders geplaas wat aangenaam verras was wanneer hulle uiteindelik die baai persoonlik gesien het (MBA 12.6.1888: Countess; 29.1.1889: Port; 24.2.1891: Notes; 3.3.1891: Correspondence; 9.8.1892: Correspondence).

Die Mossel Bay Advertiser het male sonder tal teen die Cape Argus se wanvoorstellings en verdraaiing van feite te velde getrek. Om 'n aanduiding te gee van hoe erg dit was, volg hier slegs 'n paar aanhalings in dié verband wat in sowat anderhalfjaar verskyn het:

> "Our contemporary can never utter anything of Mossel Bay but abuse. Any dirty stick will do to beat a dog with, and we must say that he does not mind how his fingers are soiled in the use" (MBA 1.10.1889: Hoofartikel).

> "The [...] Hon. Mr. Meurant's report [...] has afforded the Cape Argus another opportunity of indulging in its favourite pastime of mud-slinging. Whenever a chance offers for writing down Mossel Bay, our contemporary, of course, never allows it to pass by, and

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

if misrepresentation, perversion of facts, and suppression of whatever may be favourable to this port is needed, why no one can do it better than the writer of the Argus" (MBA 4.3.1890: Hoofartikel).

"The untruthful Argus at its dirty work again. Why the Cape Argus should always try to throw mud at Mossel Bay we are at a loss to understand [...]" (MBA 26.8.1890: Brokkie).

"The Cape Argus has been at its dirty work again. It would willingly wipe out Mossel Bay if it could; but as that is altogether beyond its power, the next best thing its savage hate can do is to vilify it as much as possible, -- bespatter it with all the mud it can lay its hands on" (MBA 3.2.1891: Hoofartikel).

'n Positiewe berig oor Mosselbaai het so selde in die Kaapse pers verskyn dat, indien dit wel gebeur het, die hele stuk in die Advertiser aangehaal is. In Oktober 1891 is 'n lang artikel van die Cape Times geplaas. Dit was 'n beskrywing van die dorp en is volgens redakteur Powrie ongetwyfeld deur 'n onbevooroordeelde besoeker geskryf (MBA 20.10.1891: Chat).

Die Advertiser het in Junie 1892 die volgende rym deur "Vondel" geplaas waarin hy sy gevoelens oor die owerheid se stiefmoederlike behandeling lug:

"Veel belooven, en weinig gegeven
Doet de gekken in vreugde leven.

Eerst brug en lichthuis, dat was het beweren,
Dan met de Spoortrein een begin gemaakt;

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die anders dacht, zou de groote Raad onteeren,
Zoo wordt toekomstig plan, voor d'onze afgebaàkt.

Zoo wordt gij Vrienden van de schoone Baai
Door beloften, die geheel op nul uitdraaien
Gesust, terwijl een ander al nu voordeel maai,
En gij u doekies om het oog laat draaien.

Staat op te zaâm, laat uwe stemmen hooren,
Over't onrecht reeds zoo lang u aangedaan,
Laat praatjes en beloften, dezen stem niet smoren,
Voordat de Trein door Mosselbaai zal gaan."
(MBA 28.6.1892)

Die gevoel van verwaarlosing was so sterk dat 'n bemarkingsbrosjure, wat in 1892 by die South African and International Exhibition in Kimberley versprei is, van die volgende titel voorsien is: "General Discription of the Town and District of Mossel Bay, an Unjustly neglected Port and undeveloped Watering Place and Health Resort" (Sien Badplaas en gesondheidsoord). Die hawe se ietwat tragiese geskiedenis is in 1895 soos volg deur die South African Telegraph se "Travelling Special" opgesom:

> "It [Mossel Bay] is a fighting port, and it is its misfortune rather than its fault that it is not the chief port of the Colony -- it is not owing to the lack of energy of its merchants. [...] Time was when the port had a very large trade, when it entered into competition with Cape Town and Port Elizabeth in the Beaufort West and Northern trade, but that was in the pre-railway days [...] In those days things were booming at Aliwal or Mossel Bay, as it is now called. Houses and shops were built extensively, and the municipality, with a vigour which might with advantage be

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

followed by those of other villages, set about attending to the wants of the community. [...] Laterly, however, things have not been going so well at Mossel Bay" (MBA 29.10.1895).

Tydens die bou van die Mosselbaai-spoorlyn vroeg in die huidige eeu was die sakelui nie meer so seker soos vroeër dat die in- en uitvoer weer sou toeneem nie. Die simpatiekgesinde Zuid-Westen het die gevoel soos volg beskryf: "The leading people at Mossel Bay indeed still cherish the hope of a fine and well-deserved future for town and harbour -- but this hope is accompanied by much anxiety and solicitude. They still have faith in their town and bay, but their faith is with fear and trembling" (MBA 23.7.1901: Hoofartikel).

Soos reeds gesien, is die sakelui se vrese bewaarheid. Mosselbaai was sy verlore handel vir goed kwyt en selfs die koms van die spoorweg kon die Baai se glorie nie herstel nie.

7.3 Skeepvaart

7.3.1 Instelling van stoomdienste

Die eerste stoomdiens tussen die Kaapkolonie en Engeland is in 1850 op versoek van die plaaslike sakegemeenskap ingestel. Die maandelikse diens na Kaapstad wat "Her Majesty's Mails" moes verskeep, is deur die General Screw Steam Ship Co, Ltd, behartig. Toe die diens in 1854 skielike vanweë die hoë koste beëindig is, het dit groot konsternasie in die Kaapkolonie tot gevolg gehad (Murray 1933: 14-20). Die owerheid het twee jaar later (1856) 'n kontrak met die Lindsay Line aangegaan, maar die diens het kort daarna met die Indiese Muitery en die gevolglike vraag na troepeskepe tot 'n einde gekom (Murray 1933: 26).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Na die twee minder geslaagde pogings is 'n ooreenkoms, wat suksesvol sou wees, in September 1857 met die Union Line aangegaan. Vyf stoomskepe is in diens geplaas en die maandelikse vaarte na Tafelbaai moes binne 42 dae afgelê word (Murray 1933: 30). Met die sluiting van 'n nuwe kontrak in Januarie 1868 is die diens na twee keer per maand uitgebrei (Murray 1953: 40). Van 1876 is die posdiens, wat voortaan weekliks sou wees, gesamentlik deur die bekende Union Line en Donald Currie se Castle Line behartig. Die twee rederye se skepe het om die beurt gevaar en die owerheid, wat mededinging begeer het, het samesmelting verbied. Hierdie reëling het tot gevolg gehad dat nie al die skepe van die Union Company meer benut is nie. Om werk aan hulle te verskaf, is 'n nuwe maandelikse diens in November 1876 van Southampton direk na Port Elizabeth ingestel. Die diens het as die "Intermediate Service" bekend gestaan omdat die skepe "intermediately" met die posbote gevaar het. Die gewone diens was as die "Mail Service" bekend (Murray 1953: 75).

Die twee rederye het op 8 Maart 1900 gealgameer nadat die klousule wat dié stap verbied het, uit die kontrak weggelaat is. Die redery is toe as die Union-Castle Mail Steamship Co, Ltd, geregistreer. Alle skepe is hierna na Britse kastele genoem soos wat dit die gebruik van die Castle Company was (Murray 1953: 136-138).

7.3.2 Gereelde stoomverbinding met Mosselbaai

Die General Steam Ship Co het in 1852 'n aanvullende diens tussen Tafelbaai en Port Natal ingestel en sodoende die eerste gereelde seeposdiens aan Mosselbaai verskaf. Hierdie diens het egter ook twee jaar later met die beëindiging van die redery skipbreuk gely (Murray 1933: 18,20). Na 'n tydperk van drie jaar sonder 'n seeposdiens, is 'n gereelde kusdiens in 1857 deur John T. Rennie se stoomskepe tussen Kaapstad en Natal via kushawens ingestel. Die Rennie-diens is in 1863 deur die Union Company oorgeneem. Hierdie diens was egter so

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ongereeld dat bevredigende aansluiting met posbote in Kaapstad selde gemaak is (Murray 1933: 32). Kortstondige mededinging van die Diamond Line het tot gevolg gehad dat die Union Line sy English Mail Service in Februarie 1864 na Algoabaai uitgebrei het en oseaanskepe gevolglik gereeld in kushawens gesien is (Murray 1933: 33).

Met die instelling van die Union Line se "Intermediate"-diens in 1876 het die Mossel Bay Advertiser geesdriftig aangekondig: "Wij zullen nu twee malen per maand bezoek krijgen van de groote Union Stoomboten" (MBA 5.7.1876: Nieuws). In 1879 was die diens selfs beter; die Cape of Good Hope Almanac (1879: 469) verklaar: "Ocean steamers call in once a week, each way [...]".

Die skepe van die Clan Line, 'n nuwe redery wat tussen Glasgow via Liverpool en die Kaap gevaar het, het in Desember 1883 hul diens na Kalkutta uitgebrei. Elke tweede stoomskip het Mosselbaai aangedoen (MBA 27.12.1883: Brokkie). Van Februarie 1881 is ook Donald Currie se oseaanskepe elke alternatiewe Saterdag in Mosselbaai voor anker gesien (MBA 2.2.1881; 7.3.1883: Castle).

Na jare van gereelde diens is Mosselbaai teen die einde van 1896 ernstig getref toe die Union Steamship Co en die Castle Mail Packets Co hul weeklikse diens afgeskaf het. Posbote het Mosselbaai hierna slegs een keer elke drie weke aangedoen en ook net op hul ooswaartse vaart. Die Advertiser het dit as 'n geweldige slag bestempel en voorspel dat die hawe die passasiersverkeer, wat grootliks toegeneem het sedert die instelling van die gereelde diens, sou verloor. Die kusvaarders se vaartye was te onseker om passasiersverkeer in die hand te werk. Die Kamer van Koophandel het op 11 September 1896 besluit: "That this Chamber most strongly protests against the arbitrary and unfair treatment this port is threatened with at the hands of the Union and Castle Co's [...] which is neither warranted by a falling off in cargo of this port, with a railway connection close at hand." Hul skrywe aan die bestuur van die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

rederye is in Mei 1898 opgevolg deur 'n petisie aan die Parlement wat deur vele inwoners onderteken is (MBA 3.2.1891: Hoofartikel; 15.9.1896: Commerce; 17.5.1898: Claim). Later in die jaar is aangekondig dat 'n weeklikse diens heringestel sou word (MBA 6.9.1898: Brokkie). Dit lyk egter nie asof dit gebeur het nie aangesien die Kamer van Koophandel later van 'n veertiendaagse diens melding maak (MBA 20.2.1900: Commerce).

7.3.3 Skepe en skeepvaartnuus

Vir die inwoners van Mosselbaai was dit niks vreemds om matrose van verskillende nasionaliteite op straat te sien nie. In die sewentigerjare het daar gereeld seilskepe van Amerika, Frankryk, Duitsland, Swede, Noorweë en Denemarke aangedoen. In 1874 het ook 'n Italiaanse bark "through stress of weather", soos daar altyd na ongunstige weerstoestande verwys is, die Baai opgesoek (MBA 20.5.1874: L&G). Inwoners kon in die Mossel Bay Advertiser onder die hofie Shipping Intelligence lees watter skepe verwag word en waarvandaan hulle onderweg was (MBA 27.7.1881). Die blad het ook aangegee watter skepe gedurende die week aangekom en vertrek het (MBA 20.11.1875). Die inwoners was dus goed ingelig ten opsigte van die bedrywigheid in die hawe. Hulle het dikwels afgestap na die kaai om skepe van verre lande te bewonder. Die meeste kon barke, brikke, brigantyne en skoeners uitmekaar ken. Soms is interessante vrag ook ontskeep soos toe 94 muile (ses het die vaart nie oorleef nie) in 1881 van Montevideo aangekom het (MBA 7.12.1881). Volstruise is by etlike geleenthede in die vroeë tagtigerjare ingeskeep op vaartuie wat na Australië of Natal onderweg was. Die grootste vrag voëls wat uitgevoer is, het uit 124 bestaan. Van hulle is 38 tydens die vaart dood (MBA 10.8.1881: L&G; 21.9.1881; 28.3.1883; 18.7.1883). 'n Reeks sketse in Eric Rosenthal se boek Victorian South Africa (1975: 124) toon hoe volstruise in hoë houtkiste in die ruim van 'n skip neergelaat word. Onderdeks het hulle los rondgeloop. Die uitvoer van volstruise is kort daarna beperk deurdat die Kaapse owerheid 'n belasting van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

£100 per voël gehef het. Om hierdie heffing te omseil, is volstruise hierna oor land na Natal vervoer waarvandaan hulle uitgevoer is (MBA 17.11.1886: Brokkie).

Die inwoners was ook goed ingelig ten opsigte van skeepvaartnuus in die algemeen. Die koerant het byvoorbeeld gereeld in die tagtigerjare berig oor 'n ou gebruik, the "oiling of the sea", wat toe ondersoek is deur die Amerikaanse hidrografiese afdeling. Hierdie departement het seelui aangemoedig om tydens storms olie oor die "troubled waters" te gooi om die see tot bedaring te bring en daarna aan hulle verslag te doen. Sakke wat lossies met kalfaatpluis gestop en met olie gevul is, is ook oor die rand van die skip gehang. 'n Dun, klewerige lagie het op die oppervlak van die water om die vaartuig gevorm en het verhoed dat die branders oor die dek breek. Berigte van sukses het van bemannings wêreldwyd ingestroom. In Amerika is die sakke met 'n nuwe uitvindsel, 'n "oiler", vervang en dit het die gevaar van selfontbranding in 'n warm ruim uitgeskakel (Kemp 1988: 614; MBA 2.9.1885: Troubled Waters; 14.9.1887: Oiling; 28.9.1887: L&G). Die olietegniek is ook in Vleesbaai in die distrik Mosselbaai met welslae aangewend by die oorskeping van vroulike passsasiers na die stranding van die Union Line se stoomskip Asiatic (SA Illustrated News 10.5.1884: Asiatic). 'n Briefskrywer het in die plaaslike blad voorgestel dat 'n golfbreker in Mosselbaai met behulp van oliesakke gebou word (MBA 23.10.1888: Correspondence).

Die Advertiser het ook sy lesers op die hoogte gehou van die hewige wedywering tussen die twee rederye wat saam die Royal Mail Steamship Service behartig het. Die owerheid het 'n beloning betaal vir elke dag wat 'n skip vroeg aangekom het en die toelaatbare vaartyd is met die sluit van elke nuwe kontrak verkort (Murray 1953: 75). Die rederye het selfs na die afskaffing van snelheidspremies in 1888 steeds verbete meegeding om te sien wie die passaat die vinnigste kon aflê (Murray 1953: 116). Hierdie wedywering het groot

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

opwinding aan die Kolonialers verskaf. Rekordbrekende vaarte het hoofopskrifte in die Britse en Kaapse pers behaal. Ook die Advertiser het getrou oor die vaarte berig en gemeld hoeveel dae, ure en minute dit geduur het en met hoeveel tyd dit die vorige rekord oortref het (MBA 8.1.1889: Roslin). Wanneer 'n vaart besonder vinnig na Mosselbaai afgelê is, is dit ook vermeld (MBA 29.6.1881). Die rederye het mekaar nie net op die gebied van snelheid probeer oortref nie, maar ook deur die bou van groter en luukser vaartuie. Die Mossel Bay Advertiser het berig oor elke nuwe Union- of Castle-stoomskip wat in Brittanje te water gelaat is (MBA 3.12.1879; 24.8.1881; 8.2.1882; ens). Later het uitvoerige beskrywings gevolg van die vaartuie, of hulle na Mosselbaai sou kom al dan nie (MBA 19.4.1876; 27.6.1877; 8.8.1877; ens).

Na die instelling van die interkoloniale seeposdiens tussen die Kaapkolonie en Natal, is aanvanklik slegs kleiner kusvaarders soos die Union-redery se Anglian, Natal en Basuto en Donald Currie se Florence, Venice en Melrose, om net van die bekendstes te noem, in Mosselbaai gesien. Later het die rederye se oseaanskepe elke Saterdag aangedoen en kon die Mosselbaaise inwoners die nuutste vaartuie, waarvan hulle vroeër net kon lees, persoonlik sien. Hierdie groot drywende paleise, soos die Advertiser hulle graag genoem het, was slegs drie tot vier maande na hul tewaterlating reeds in Mosselbaai (MBA 3.12.1879: Kinfauns; 10.3.1880: Shipping; 17.12.1879: Grantully; 7.4.1880: Shipping). Dit is dan ook nie verbasend dat die nuutste tegnologiese uitvindings vir die eerste keer aan boord van hierdie skepe besigtig is nie. Elektriese lig is so vir die eerste keer plaaslik gesien toe die Union-redery se Trojan op 8 September 1880 in die Baai was (MBA 14.9.1880). (Sien Elektriese lig.) Met 'n latere besoek is die skip se nuwe vrieskamer in die grootste besonderhede in die Argus en Mossel Bay Advertiser bespreek. 'n Berig het ingelig: "Icicles hang from the roof, the walls are covered with snow, and the breath creates a small cloud in the frozen atmosphere; and this whilst a few yards away, on the deck of the vessel, the thermometer registered eighty degrees in the shade"

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(MBA 21.9.1887: L&G). Die nuwe skepe was geweldig luuks en deftig. Die Union-redery se Royal Mail Ship Mexican, wat Mosselbaai vir die eerste keer op 6 April 1883 aangedoen het, se baddens was nie net van marmer nie, maar ook die mure van die rookkamer (MBA 11.4.1883). Die Advertiser het na die massiewe R.M.St. Briton van dieselfde redery, wat Mosselbaai onderweg na Southampton aangedoen het, verwys as "this noble piece of workmanship and triumph of art and science" en vervolg:

> "This beautiful model of symmetry and gigantic proportions, which is a veritable floating palace, is the embodiment of elegance, comfort, and most elaborate equipments and appointments furnished without any regard to expense, and is replete with every convenience that the most fastidious of mortals can wish for. [...] There is nothing gaudy about the decorations of this suberb vessel -- all is rich and elegant, chaste and in harmony in every detail. It must afford great pleasure to be passengers by such a grand means of conveyance over the vasty deep" (MBA 22.3.1898: Briton).

Die stoomskepe kon besoek word. Inwoners is vriendelik aan boord ontvang en rondgewys. Soms is van die gaste selfs op drankies, ontbyt of middagete onthaal (MBA 4.11.1890: Dunottar; 25.10.1892: Scott; 7.5.1895: Norman), alhoewel dit gewoonlik net die "elite" was. Wanneer daar 'n regimentsorkes aan boord was, het hulle tot groot vreugde van die besoekers musiek gemaak (MBA 22.2.1882). Met die eerste besoek van die Union Company se reuse-stoomskip Briton in Maart 1898, kon dorpenaars gratis met die sleepboot na die ankerplek vaar en het honderde van die geleentheid gebruik gemaak (MBA 22.3.1898: Briton). Die prys van 'n retoerkaartjie vir die sleepboot was in hierdie tyd normaalweg een sjieling (MBA 30.11.1897: Notice).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

7.3.4 Aankoms van posboot

Net soos in Kaapstad was die aankoms van die posboot 'n groot gebeurtenis op die stil dorpie. Burgers het uitgesien na oorsese pos en handelaars na die vragte, wat gewoonlik uit skaars eetware en spesiale goedere, soos fyn tekstielstowwe, bestaan het (Murray 1953: 20; 271-272). In Kaapstad is die vlagpaal op Seinheuwel afwagtend dopgehou om te sien of die skip in aantog was (Murray 1953: 41), en in Mosselbaai is alle oë gerig op die seinpos bokant die vuurtoring op Kaap St. Blaise (MBA 29.11.1892: Notes). Van hier af was daar 'n goeie uitsig oor die oseaan en was alle skepe, ongeag of hulle sou aandoen of nie, sigbaar. Die gemeenskap was op die seinwerk gesteld en daar was gou klagte as die sein vir 'n skoener byvoorbeeld met dié vir 'n bark of brik omgeruil is (MBA 7.5.1879: Correspondence; 19.5.1891: Notes), of as daar foutief aangekondig is dat 'n skip byvoorbeeld uit 'n oostelike rigting in plaas van uit 'n westelike rigting in aantog was (MBA 17.4.1894: Notes). Wanneer die seinpos die aankoms van 'n onverwagte vaartuig aangedui het, het dit groot nuuskierigheid en bespiegeling tot gevolg gehad (MBA 12.5.1875: Curieux; 26.7.1876: Lincoln).

Op Mosselbaai het die posboot nie soos in Kaapstad met sy aankoms twee kanonskote afgevuur nie (Murray 1953: 41). Die rede hiervoor was waarskynlik omdat die ankerplek van oral op die dorp sigbaar was. Die kere wat 'n skip wel 'n skoot afgeskiet het, was die inwoners "alarmed" en is dit in die Advertiser berig (GA 26.3.1868; MBA 11.3.1874: L&G).

Die skepe van die twee stoomvaartlyne was so 'n gereelde gesig dat die inwoners elke vaartuig van ver aan sy kluiwerseile kon herken (MBA 12.5.1875: Curieux). Die stoomskepe was nog almal van maste en seile voorsien en het soveel moontlik van die wind gebruik gemaak om steenkoolkoste laag te hou (Murray 1953: 119). Veral Donald Currie se skepe was maklik sigbaar met hul duifgrys rompe en



Kaap St. Blaise met die vuurtoring waarvoor die gemeenskap self moes betaal. Die seinpos daarbo het skepe op die horison aangekondig. Die waterverftekening is die werk van Whateley Elliot (later sir), resident-ingenieur van die Oos-Londense hawewerke en 'n eertydse student van die befaamde John Coode.

Foto: Africana Museum E79

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

helderrooi skoorstene met swart rande. Die vaartuie van die ouer Union Line was geheel en al swart (Murray 1953: 79). Die eerste skip van hierdie redery om geel skoorstene te kry, was die Scott (Murray 1953: 124) wat Mosselbaai vir die eerste keer in Oktober 1892 aangedoen het (MBA 25.10.1892: Scot). Van die gereelde skepe was bemind en het byname gehad soos die Florence, wat "Florrie" genoem is (MBA 30.6.1875: L&G). Die Mossel Bay Advertiser het met die stranding van 'n kusvaarder wat vir vyf jaar die Baai aangedoen het, geskryf: "One cannot help looking on the loss of the Bismarck as on the loss of an old friend" (MBA 5.2.1873: Wreck).

Die inwoners het ook die plaaslike vissers- en kusbote so goed geken dat baie hulle van omtrent enige afstand kon herken. As 'n vreemde seilboot dus op die horison verskyn het, is daar na die "spyglasses" gegryp om sy identiteit te probeer vasstel (MBA 4.7.1877: Accident). Skeepsklerke van die verskillende handelshuise het met mekaar gewedywer om die skip eerste met bootjies te bereik om sodoende die agentskap van die vaartuig te bekom. Toeskouers aan wal het soms selfs weddenskappe aangegaan oor wie die gelukkige sou wees (MBA 6.9.1876: L&G). Die Castle Mail Packets Co se agente was Prince, Vintcent & Co en dié van die Union Steam Ship Co, Fleming & Mudie (MBA 24.9.1884). Die Clan Line se agentskap is deur Hudson, Vreede & Co gehou, wat ook agente vir Lloyd's was (MBA 4.9.1888: Advertensie). Wanneer 'n skip van een van die rederye in die hawe was, het dié se rederyvlag gewoonlik by sy agent se kantoor gewapper. Die Union Line se vlag was wit met 'n rooi kruis ("X") in 'n blou raam. Dié van die Castle Line was hoofsaaklik blou met 'n rooi letter "C" op 'n wit diamant in die middel. Dit was op die Skotse vlag gebaseer en die letter het vir "Currie" gestaan (Murray 1933: 165; Murray 1953: 55). Sir Donald Currie het tydens sy besoek aan die Kaapkolonie in Januarie 1888 in Mosselbaai van skepe verwissel. Hy was onderweg na die Millwoodse goudveld by Knysna en het 'n paar uur aan land deurgebring. By sy terugkoms op 16 Januarie het hy die plaaslike Kamer van Koophandel toegespreek en is hy op 'n vaart om Robbe-eiland en op 'n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

middagete in die Union Hotel onthaal (MBA 17.1.1888: Currie).

Met die aankoms van die posboot het mense gewoonlik na die hawe gestroom. Ook op mooi maanligaande het burgers op die kaai vergader om die bedrywigheid gade te slaan en te kyk hoe die passasiers aan wal gebring word (MBA 1.11.1898: Brokkie). Wanneer die posboot se koms saamgeval het met 'n spesiale gebeurtenis op die dorp, is die opwinding, net soos in die Moederstad die geval was (Murray 1953: 41), selfs verhoog. So het die indrukwekkende Hawarden Castle byvoorbeeld in 1883 en die Goth in 1898 tydens die jaarlikse regatta in die Baai anker gegooi en volgens die Advertiser tot die aantreklikheid van die toneel bygedra (MBA 30.5.1883: Boating; 4.10.1898: Regatta).

7.3.5 Gesagvoerders

Die skeepkapteins se name was aan almal bekend. Net soos die Kaapstadse koerante, het die Mossel Bay Advertiser ook sonder uitsondering die name van gesagvoerders in skeepvaartaankondigings gemeld. Feitlik die hele gemeenskap het belang gestel in die gesagvoering van die posbote (Murray 1953: 79) en die blad het gereeld oor nuwe aanstellings berig (MBA 23.1.1884: L&G; 16.10.1888: L&G). Die kapteins is in baie huise as gaste verwelkom (Murray 1953: 79) en hul welstand is op die hart gedra. Siektes en sterftes is in die pers aangekondig (MBA 4.3.1874: L&G; 28.4.1886: Death; 26.11.1895: L&G), en meegevoel is met gades se afsterwe (MBA 30.7.1884: L&G) en die stranding van skepe betuig (MBA 5.2.1873: Wreck). By die dood van 'n geliefde gesagvoerder het vlae halfmas gehang (MBA 22.8.1893: L&G) en by die aftrede van 'n ander is 'n adres oorhandig (MBA 26.2.1873: Address). Daar is ook 'n beroep op die gemeenskap gedoen om tot 'n fonds vir die weduwee en wese van 'n skeepskaptein by te dra (MBA 10.9.1884; Brokkie). Kapteins wat na 'n lang afwesigheid weer aangedoen het, is in die koerant verwelkom (MBA 21.2.1883; 18.9.1894: L&G). Een van die gesagvoerders, John McMillan van die bark William Wilson, het hom

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

na sy aftrede op Mosselbaai gevestig en 'n winkel geopen (MBA 1.3.1898). Twee kapteins is in dié tydperk op Mosselbaai begrawe. Jens Hansen Thomsen van die Deense bark Erna is in 1894 in die Standard Hotel oorlede nadat die skip vir mediese hulp aangedoen het (MBA 16.10.1894: Erna) en Johannes Thorbjorrisen van die skoener Lilla is vier jaar later dood op 'n bankie op die kaai aangetref (MBA 13.9.1898: Dead).

7.3.6 Ontvangs van oorlogskepe

Die besoek van 'n oorlogskip het alle sosiale gebeurtenisse oortref. Die nuus dat so 'n skip Mosselbaai sou aandoen, het groot opwinding, "quite a flutter of excitement", soos die Advertiser dit by geleentheid gestel het, veroorsaak (MBA 24.8.1887: Naval). 'n Komitee is onmiddellik aangewys wat vir die onthaalreëlings verantwoordelik was. Die hoofgeleentheid was 'n deftige dansparty waar die room van die gemeenskap die offisiere, geklee in aanduniform, kon ontmoet (MBA 3.7.1872: L&G; 31.8.1887: Raleigh; ens). Tydens die besoek van die vlagskip HMS Doris in Junie 1899, is die stadsaal volgens die Adveriser in 'n "fairy palace" omskep met feëliggies, Chinese lanterns, vlae en loofwerk. Baniere aan die mure het verklaar: "Britannia rules the Waves", "God save the Queen" en "One Flag, one Fleet, one Throne". 'n Menigte het tot laatnag by die saal se deure saamgedrom om die skouspel gade te slaan (MBA 27.6.1899: Doris; Vlaggeschip).

Bedags is krieketwedstryde, en in later jare ook sokkerwedstryde, tussen die plaaslike span en dié van die skip gespeel (MBA 31.8.1887: Raleigh; 3.1.1899; 27.6.1899: Football). Wanneer 'n oorlogskip die Baai onverwags binnegestoom het, is die reëlings inderhaas getref (MBA 29.9.1880: Boadicea). Soms is 'n tee- en dansparty aan boord aangebied om vir die inwoners se gasvryheid te vergoed (MBA 31.8.1887: Raleigh). Skietoefeninge is dikwels gehou en dan het die kanonne oor die baai gebulder (MBA 27.3.1888: Acorn; 27.6.1899: Doris;

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

18.11.1902: Torpedo). Inwoners kon ook hierdie skepe besoek (MBA 29.9.1880: Boadicea; 21.7.1886: Racer; 27.3.1888: Acorn).

Britse oorlogskepe het Mosselbaai sedert die tagtigerjare sporadies aangedoen. Gedurende die Anglo-Boereoorlog was dié skepe 'n algemene gesig en in September 1902 was daar selfs by een geleentheid vyf oorlogskepe voor anker (MBA 23.9.1902: Squadron). Ook twee oorlogskepe van ander nasies het Mosselbaai in die onderhawige tydperk besoek. Die Nederlandse fregat Curacao het in Junie 1872 tydens stormweer kom skuiling soek. Dit was so 'n ongewone gebeurtenis dat daar 25 jaar later nog daarna verwys is. Die offisiere het in 'n bedankingsbrief geskryf dat dit grootliks tot die genot van hul besoek bygedra het dat die meeste inwoners Nederlands kon verstaan. Menere Vreede en Vintcent se dansparty, wat deur 'n groot aantal vroue bygewoon is, het tot vieruur die oggend geduur (MBA 26.6.1872: L&G; 3.7.1872: L&G; 10.7.1872: Curacao; 8.11.1898: Bezoek).

Die Duitse oorlogskip Schwalbe het Mosselbaai in November 1898 met sy teenwoordigheid vereer. 'n Luisterryke bal en ete, waarvoor geen koste of moeite ontsien is nie, is deur die Duitse vise-konsul, Friedrich Mataré, aangebied. Ongelukkig het die skip 'n dag laat aangekom en moes die deftige onthaal tot die teleurstelling van gasheer sowel as gemeenskap sonder die gaste gehou word. Die Duitse offisiere is later wel op 'n tuinparty met orkesmusiek in die park vergas (MBA 22.11.1898: Schwalbe).

7.3.7 Bedrywigheid in die baai

Die Mossel Bay Advertiser het nooit nagelaat om te meld as daar ongewoon baie skepe in die baai was nie en het trots berig watter bedrywige indruk die hawegebied geskep het. Die blad het vertel van die passasiers wat aan land gekom het, die vloot bote wat op en af tussen die kaai en stoomskepe beweeg

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het, en die volle ladings wat beide ontskeep en ingeskeep is. Op 'n dag in November 1897 is byvoorbeeld 1 300 bale wol langs die kaai afgerol. In November 1878 was daar op 'n Vrydag en Saterdag gesamentlik vyf stoombote in die rede (MBA 20.11.1878), in Junie 1879 op een dag vier buitelandse seilskepe en 'n Kaapse skoener (MBA 4.6.1879) en op Saterdag 11 Junie 1881 die rekordgetal van vyf stoomskepe en vier seilskepe. Die baai het volgens die Advertiser by laasgenoemde geleentheid die interessantste en bedrywigste gesig ooit gebied (MBA 15.6.1881). Redakteur McIntyre moet agtien jaar later in Junie 1899 egter skryf: "The sight of three steamers and two sailing vessels simultaneously at anchor [...] is rather a rare one for Mossel Bay". Hy het die redakteurskap oorgeneem na die afskaffing van die weeklikse posdiens in 1896 en het gevolglik nie die bloeitydperk van die hawe as koerantman beleef nie. Hy het die werksaamhede in die hawegebied by hierdie geleentheid soos volg verder beskryf:

> "Last week the Bay wore an exceedingly bustling and business-like appearance. At the jetty work proceeded incessantly and actively from early morning to dewy evening till 10 p.m. The steam-tugs glided backwards and forwards with lighters in tow, laden with railway material and merchandise. [...] In the evening especially, with the sea calm as a mirror, and the vessels all more or less lit up, the launches each with its light, gliding over the waters lit up by the moon and sparkling under its radiance, afforded a feast to the eye viewing it from the balconies or stoeps of the houses facing the pretty picture. During the day too the bustle and animation on the jetty, the navvies at work on the railway earthworks facing the beach, -- all betokened activity, bidding us hope that Mossel Bay is at last quickening into the life and energy that hold out the prospect of prosperity and progress. It seems as if we have at last come to the turn in the long lane that

Twee stoom- en drie seilskepe lê teen die agtergrond van die Outeniekwaberge in die rede voor anker. Op die voorgrond staan die hawemeester. 'n Man is besig om 'n perdekar wat pas met 'n vrag velle aangekom het, af te laai. Op die kaai self is dit die ene bedrywigheid soos bote met koloniale produkte gelaai word. Die maste en gerolde seile van twee ligters steek links van die kaai uit en dié van 'n ander, aan die regterkant. Op die voorgrond lê stapels velle en bale wol gereed vir verskeping. Hierdie foto dateer van 'n later tydperk as J2802.

Foto: Kaapse Argief J2801

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

seemed endless, and that if the construction of the railway is proceeded with, subject to no more interruptions and reverses, the port will soon become the busy scene of active operations, and resound with the voices peculiar to the busy haunts of trade and commerce" (MBA 20.6.1899: Activity).

7.3.8 Swak behandeling deur stoomvaartmaatskappye

Die haweowerheid op Mosselbaai het gevoel dat hulle swak behandel word deur die Royal Mail Steamship Service. Dit het meermale gebeur dat pos nie ontskeep is nie (MBA 14.3.1877: L&G; 1.4.1885: Hoofartikel) en dat vaartuie wat snags aangekom het, soms tot twee uur lank op hul mishorings geblaas het om onmiddellike diens te eis. Van die skeepkapteins het ook kanonskote afgevuur om hul ongeduld te toon. Min het die inwoners so gegrief soos hierdie behandeling en die Mossel Bay Advertiser het na so 'n gebeurtenis die gesagvoerder se gedrag ten sterkste afgekeur (MBA 15.2.1882; 1.4.1885: Hoofartikel; 17.10.1893: Norham). Alhoewel die jaarlikse regatta met die Koningin se verjaardag in 1883 in volle swang was toe die manjifieke Hawarden Castle Mosselbaai vir die eerste keer aangedoen het, het die skip onmiddellike ontskeping geëis. Die haweamptenare was by die regatta betrokke en die skip kon gevolglik nie dadelik bedien word nie. Dit het groot onaangenaamheid tot gevolg gehad en daardie aand is daar nie, soos dit die gebruik op dié feesdag was, 'n vuurwerkvertoning aan boord gehou nie (MBA 30.5.1883).

Wat die gemeenskap egter die meeste ontstel het, was die feit dat die twee rederye van 1878 Sondagswerk op hulle afgedwing het. Die plaaslike burgers het, soos die Victoriaanse Britte, groot waarde aan Sabbatsheiliging geskenk (Altick 1973: 183). Dit was byvoorbeeld 'n strafbare oortreding om Sondae op Mosselbaai met 'n bal op straat te speel, aan enige buitelugspeletjie deel te neem of om met 'n perd te jaag (MBM 1884: 21). In die Britse hawedorp

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bournemouth is geen treine tot in 1914 op Sondae toegelaat nie, orkesmusiek was tot veel later verbode en stoomskepe is eers in 1929 toegelaat om by die pier aan te meer (Hern 1967: 110). Daar kan dus verstaan word dat redakteur Powrie gelaaide waens wat op 'n Sondag deur die strate na die hawe beweeg het, as 'n "unseemly sight" bestempel het (MBA 30.1.1878: Hoofartikel). Vertoë van die Kamer van Koophandel aan die rederye (MBA 21.8.1878: Chamber) en van plaaslike geestelikes aan die owerheid (MBA 27.1.1886: Correspondence) het niks opgelewer nie. In Januarie 1888 is sake selfs vererger toe die posdae verander is. Tot in daardie stadium is Britse pos op Saterdae ontvang en kon briewe op dié dag beantwoord word vir verskeping die volgende dag. Volgens die nuwe reëling het posbote egter voortaan op Sondae aangedoen wat meegebring het dat sakelui verplig was om hul korrespondensie op dié dag af te handel. Indien hulle geweier het om dit te doen, moes korrespondensie 'n week lank wag vir die volgende posboot (MBA 14.12.1887: Hoofartikel). 'n Petisie aan die posmeester-generaal was onsuksesvol (MBA 21.12.1887: Hoofartikel). Selfs die Volksbode het op die ongelukkige toedrag van sake kommentaar gelewer: "Het is te betreuren dat de Mosselbaaiers zoo ongelukkig zijn en dat er zoo min acht worden gegeven op hun protest, alsof zij geene zielen hebben" (MBA 17.1.1888: Nieuws). In die laat negentigerjare het die Boating Co die prys van sleepbootkaartjies op Sondae verdubbel, waarskynlik om besoeke aan posbote op dié dag te ontmoedig (MBA 30.11.1897: Notice). In 1898 het die Dorpsraad 'n versoekskrif aan die Kaapse owerheid gerig nadat Sondagswerk in Natal beëindig is, maar sir Gordon Sprigg het geantwoord dat, alhoewel hulle Mosselbaai simpatiekgesind was, die staat nie aan die rederye kon voorskryf nie (MBA 5.4.1898: Council; 10.5.1898: Council).

Na die afskaffing in 1896 van die Royal Mail Steamship Service se gereelde weeklikse diens tussen Mosselbaai en Tafelbaai, was daar plaaslik groot ontevredenheid oor die nuwe reëlings wat as wisselvallig en ontoereikend beskryf is. Passasiers kon Kaapstad sonder moeite bereik met die weeklikse

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

stoomskip van die Union Line wat Mosselbaai onderweg na Tafelbaai aangedoen het. Dit was egter 'n groot probleem om weer terug te keer of om van Mosselbaai na Port Elizabeth te vaar. Passasiers was dikwels vir drie weke in Kaapstad of op Mosselbaai gestrand voordat daar 'n skip in 'n oostelike rigting aangedoen het. Dit het ook soms gebeur dat daar slegs vir minder as helfte van die wagtende passasiers plek aan boord was. Hierdie toedrag van sake het uiteraard groot verliese op handelsgebied teweeggebring. Die Advertiser (22.4.1902: Hoofartikel) se versugting was teen die tyd al 'n refrein: "When will the Company treat Mossel Bay with more consideration?"

7.3.9 Passasiersdienste

7.3.9.1 Passasiers en passasiepryse

Die name van passasiers wat op Mosselbaai geland of skeepgegaan het, is gereeld in die Mossel Bay Advertiser geplaas. Die lyste gee 'n goeie aanduiding van wie van skeepsvervoer gebruik gemaak het. Melding word onder andere gemaak van vroue met babas en kindermeisies (MBA 15.10.1879; 21.5.1879), vroue met persoonlike diensmeisies (GA 18.7.1867: Mossel Bay; MBA 8.1.1873) en kinders onderweg na Kaapstadse skole (MBA 22.12.1880). Professionele vermaaklikheids-kunstenaars soos "Mr and Mrs Ilbanez, troupe, and four baboons" (MBA 5.6.1878: L&G) en "Messrs Field, Abell, and Klear, one pony, and three dogs" (MBA 26.6.1878) kom ook voor. Die laksman se bewegings tydens professionele reise word genoem (MBA 22.5.1888; 3.11.1880). Die staat het ook van die rederye se dienste gebruik gemaak en passasierslyste is sporadies afgesluit met sinsnedes soos "and two lunatics" (MBA 26.6.1878), "and one pauper" (MBA 17.4.1878) en "one convict" (MBA 1.11.1876). Alhoewel daar gewoonlik slegs een of twee gevangenes aan boord was, het daar by enkele geleenthede groot spanne gevangenes geland, soos toe tagtig vir die bou van die Swartbergpas en honderd vir werk aan Meiringspoort aangekom het (MBA 16.9.1885; 14.10.1885).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Passasiepryse was in die middel sestigerjare volgens die George Advertiser buitensporig hoog (MBA 2.11.1865: L&G). 'n Vaart as kajuitpassasier van Mosselbaai na Tafelbaai aan boord Barry & Nephews se stoomvaarder Kadie, het £4 4s gekos en as dekpassasier £2 10s (GA 9.11.1865). Die Union Line het hul pryse in 1869 verlaag (GA 4.3.1869) toe die Kolonie 'n tyd van depressie binnegegaan het (Murray 1953: 44). 'n Eersteklaspassaat na Tafelbaai was £3 3s en 'n tweedeklas £2 2s. Kinder- en bediendepassate was goedkoper (GA 4.3.1869). Met die ernstige depressie van die tagtigerjare is die prys ook verlaag (MBA 18.2.1885; Murray 1953: 110). In hierdie tyd is spesiale pryse vir kusvaarte aan die volgende mense toegestaan: sendelinge, predikante van die Kaapkolonie en onderwysers van sendingskole; redakteurs, subredakteurs en verslaggewers; toneelgeselskappe, skoolkinders en bona-fide sportspanne (MBA 18.3.1885: Brokkie). Ekskursiekaartjies is sporadies met Kersvakansies aangebied (MBA 19.12.1877; 10.12.1884) en ook tydens tentoonstellings wat in Kaapstad, Port Elizabeth en Grahamstad gehou is (MBA 24.9.1884; 28.10.1885: L&G; 23.11.1887: Brokkie). Vir laasgenoemde tentoonstelling het 23 passasiers in Mosselbaai skeepgegaan (MBA 14.12.1887: L&G).

7.3.9.2 Dienste

Voornemende passasiers het die seinpos op Kaap St. Blaise dopgehou. Sodra die skip op die horison verskyn het, is die betrokke seinskyf gehys en het die mense hulle na die hawe gehaas. Die sleepboot en ligters is dadelik gereed gemaak en na die kaai gebring. Die seine is egter, soos reeds gesien, soms verwar en dit het gebeur dat passasiers in die vroeë oggendure met bagasie en al by die kaai opgedaag het om te verneem dat dit nie hul skip was nie (MBA 17.4.1894: Notes; 14.8.1900: Disappointment). Van die bevelvoerders was soms ongeduldig en het twee kanonskote afgevuur om die passasiers aan te jaag (MBA 7.4.1875; 18.5.1881). Dit het ook gebeur dat 'n ongeduldige kaptein met 'n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

besoeker aan boord ankers gelig het. George Matfield, eienaar van die Rose & Crown-kantien, is op dié wyse in die sewentigerjare onverwags na Tafelbaai (MBA 10.5.1876: L&G). Soms het skepe tot twee dae te vroeg opgedaag, en dan het dit 'n geharwar afgegee en moes passasiers inderhaas gereed maak om aan boord te gaan. By een geleentheid kon die bekende sakeman C.W. Noble en sy vrou, wat na Engeland sou vaar, selfs nie eens hul vriende groet nie. By 'n ander geleentheid is dr. Thomas Kitching en sy dogter, wat ook onderweg na Engeland was, op dieselfde wyse verontrief (MBA 11.2.1902: England; 18.2.1902: L&G).

Dit het gereeld gebeur dat die skip om onbekende redes verbygevaar het. Dit het groot ongerief, irritasie en koste tot gevolg gehad. Passasiers wat in Tafelbaai moes oorskeep, het voortdurend gevrees dat hulle hul aansluiting sou verpas (MBA 16.10.1878: Hoofartikel). Van die gestrande passasiers, waaronder gewoonlik heelwat binnelanders (MBA 5.1.1887: Hoofartikel), moes vir 'n week of langer onbepland op Mosselbaai in 'n hotel tuisgaan. In Augustus 1900 moes 'n groep wat weens stormagtige weer die vorige week nie kon skeepgaan nie, geskok toekyk hoe ook die volgende skip verbyvaar en hulle weer eens agtergelaat is. Die plaaslike blad het met die ongelukkiges, waarvan heelparty in die hotel moes oorbly, gesimpatiseer (MBA 14.8.1900: Disappointment). Plattelanders wat familielede op Mosselbaai kom haal het, is ook geraak deur die verbyvaar van skepe (MBA 18.2.1885: L&G). Op 29 Januarie 1889 het redakteur Powrie verklaar: "We are weary of complaining" en het bygevoeg dat binnelanders eerder die bykomende koste sou aangaan om oorland te reis.

Passasiers is met 'n sleepboot na die wagtende stoomskepe geneem. Dit was tydens hoë branding of 'n lae gety ongerieflik en selfs gevaarlik om by die kaai in die boot te klim (MBA 31.3.1896: Weather). 'n Middeljarige vrou het in 1899 op dié wyse tussen die boot en die kaai beland. Sy kon gelukkig gered word voordat sy beseer is (MBA 17.10.1899: Norman). Snags was die proses heelwat gevaarliker. 'n Regulasie het bepaal dat die gladde trappies gereeld

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geskraap en met sand bedek moes word. 'n Lig moes ook op die kaai aangebring word wanneer 'n skip aandoen (MBA 25.3.1885: Correspondence). Hierdie regulasies is egter nie altyd uitgevoer nie (MBA 10.5.1892: Notes; 31.1.1899: Hoofartikel), soos ook blyk uit die volgende beskrywing van die distriksgeneesheer van Knysna. Hy en veertig ander passasiers het op so 'n aand met die sleepboot die kaai genader:

> "There was a large crowd awaiting the tug, the swell was considerable, the steps slippery and the jetty in darkness. Luggage [sic] had to be sought for by match light. There were no police or port officials. Or, if they were, they were useless. It was a surging scene of confusion, and of danger to life, limb and property" (MBA 11.9.1900: Correspondence).

Van 1901 het skepe gereeld snags aangedoen (MBA 22.1.1901) en is lamppale op die kaai aangebring (MBA 30.7.1901: Incidents). Mosselbaai was ontevrede met die toedrag van sake. Die Advertiser het geskryf: "The inconvenience is a very serious one -- especially to ladies and children who have to do the best they can to look after themselves and their luggage in the darkness, to their great distress and discomfort." Die blad het voorts gewaarsku: "this night work is attended with dangers that are sometimes not absent from even the day. Some gruesome accident will probably result from these night proceedings" (MBA 22.1.1901: Protest).

Wanneer die see onstuimig was, kon passasiers nie met die klein sleepbote, wat maklik oorgehel het, verskeep word nie. Diegene wat bedags oorboord geval het, is gered (MBA 8.10.195: Notes), maar 'n man wat in 1896 in die donker in die water beland het, was nie so gelukkig nie (MBA 1.12.1896: Fatal). Die ligters was veel groter en meer stabiel en was gevolglik meer geskik vir gebruik tydens ongunstige toestande. Passasiers kon dit ook nie altyd waag om by die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kaaitrappies in die vaartuie te klim nie, maar is soms van die kaai in die bote laat sak (MBA 17.5.1882; 12.8.1902: L&G). Dit het gebeur dat selfs die ligters amper omgeslaan het of deur die branding verswelg is (MBA 4.1.1882; 7.9.1897: Jottings). Van die passasiers het soms geweier om die vaart na die ankerplek af te lê (MBA 4.1.1882). Tydens storms is geen passasiers ingeskeep of geland nie (MBA 2.3.1887: Brokkie; 26.2.1889: Brokkie). Die sakeman Andrew Miller het tydens 'n storm daarop aangedring om na die rede verskeep te word en het uiteindelik vyf vissers oorreed om hom met 'n skuitjie te neem. Hy is veilig by die skip besorg, maar die vissers is die diepsee ingedryf. 'n Ligter en 'n ander boot het tevergeefs probeer om hulle te red. As dit nie was dat die ST Lapland juis toe om St. Blaise gestoom gekom het nie, sou die skuit met man en muis vergaan het (MBA 3.12.1879).

Die ankerplek was sowat anderhalf kilometer van die kaai (Nel 1947: 96). Van die kapteins het egter geglo dat dit veiliger was om verder van die kus aan te lê, met die gevolg dat passasiers soms seesiek was nog voordat hulle aan boord gegaan het (MBA 30.6.1875: L&G). Die inskeping en landing van passasiers was dan ook veel gevaarliker aangesien die proses buite die beskerming van die baai plaasgevind het (MBA 15.10.1889: Brokkie).

Opvarendes het met behulp van 'n kampanjeleer van die sleepboot of ligter aan boord van die skip (en andersom) gekom. Mense is egter ook met toue opgehys (MBA 25.10.1876) en in stoele laat sak (MBA 11.7.1877: L&G). Dit was gevaarlik wanneer die bootjie langs die hoë romp van die skip gelê en dobber het aangesien die deining dit maklik teen die vaartuig kon slinger. Redakteur Joseph Powrie se skoonseun (MBA 9.10.1878), die vooraanstaande sakeman Rowland Mudie, is op dié wyse uit die boot gewerp, maar het gelukkig nie tussen die twee vaartuie geval nie (MBA 26.7.1882). 'n Vrou wat gegly het terwyl sy teen die kampanjeleer opgeklim het, het wel tussen die twee vaartuie beland en is amper vergruis (MBA 28.4.1896: Brokkie). Die voorheen vermelde distriks-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geneesheer van Knysna het vertel hoe hy en sy veertig medepassasiers, van wie sewentig persent swak van die seesiekte was, die skip moes verlaat: "there were several ladies! Nothing for transit but a wet ladder, heaving with every wave!" (MBA 11.9.1900: Correspondence). Dit was inderdaad gevaarlik en mense is soms ernstig beseer wanneer hulle die posboot bestyg of verlaat het (MBA 25.10.1876; 30.5.1877: L&G; 11.7.1877: L&G). Snags was die proses uiteraard selfs gevaarliker (MBA 15.9.1880).

Op Sondag, 19 April 1885, moes die hawelui tot hul ontsteltenis sien dat die Asiatic van die Union Line slegs 'n jakobsleer beskikbaar gehad het aangesien die kampanjeleer beskadig was. Die vroue het dit onmoontlik gevind om by dié touleertjie (Kemp 1988: 424) op te klim en is ten einde raad opgehys in 'n mandjie van 0,91 tot 1,21 meter hoog. Die Mossel Bay Advertiser was hieroor hoogs verontwaardig en het geskryf: "At all events, some better mode of transferring the passengers than a dirty, clumsy basket might have been devised." Die feit dat die vroue slegs met groot moeite en ongerief in en uit die mandjie kon kom en dit laag was (MBA 22.4.1885: Hoofartikel), dui daarop dat dit waarskynlik nie 'n spesiale passasiersmandjie was nie.

'n Passasiersmandjie is ses jaar later in 1891 deur die haweraad ingevoer (MBA 17.3.1891: Accident). Anders as wat algemeen aanvaar word, is hierdie mandjie in die tydperk slegs gebruik as die see ru was en die sleepboot nie naby die stoomskip kon kom nie. Die toestel het as "the basket" bekend gestaan (MBA 31.3.1896: Weather; 29.10.1895: Mossel Bay; 30.10.1900: Tempestuous; Murray 1953: 270). Hierdie mandjies, wat ook by Oos-Londen en Port Elizabeth gebruik is (Ingpen & Pabst 1984: 78), is in Engeland vervaardig en was silindries van vorm, sowat 1,82 meter wyd en 2,74 meter hoog. Die rottangwerk was met ysterbande en skaaftoue versterk aangesien die houers 'n aansienlike gewig moes dra en rondgestamp is (Murray 1953: 270). Op tydgenootlike tekeninge kan gesien word dat 'n deur die in- en uitklim vergemaklik het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Toestande wat die aankomende passasier by die kaai begroet het, was nie altyd aangenaam nie. Die hawegebied het, net soos dié van Kaapstad (Picard 1969: 68), sleg geruik (Sien Badplaas). In die vroeë tagtigerjare was daar ook meermale klagte oor die onwelvoeglike taal wat aangehoor moes word en die feit dat vuil en verflenterde mans oor die dra van bagasie handgemeen geraak het. Die briefskrywer Vigilans het voorgestel dat slegs gelisensieerde draers toegelaat en die "rabble" deur 'n polisieman weggehou moes word (MBA 15.11.1882: Odds; 20.2.1884: Correspondence). 'n Nuwe regulasie is op 1 Januarie 1884 ingestel waarvolgens alle draers by die munisipaliteit moes registreer (MBA 10.12.1884: Notice), 'n wapen op die linkermou moes vaswerk en slegs vasgestelde drageld kon hef (MBM 1884: 8). Op Mosselbaai het hierdie werkers, net soos in Kaapstad, amptelik as "coolies" bekend gestaan (Laidler 1939: 309).

Daar was geen skuiling op die kaai nie en wagtende passasiers het soms tydens reënbuie tot op die vel nat geword (MBA 17.5.1898: Jottings). Daar was ook geen bewaarplek nie en mense het voortdurend gevrees dat hul bagasie gesteel kon word (MBA 22.1.1901: Correspondence). Afgesien van hierdie ongerief het 'n vaart met allerlei gevare gepaard gegaan. Die Union Steam Ship Co het geen verantwoordelikheid vir die volgende aanvaar nie: "The Act of God, the Queen's Enemies, Pirates, Restraint of Princes, Rulers and People, Vermin, Barratry, Fire on Board in Hulk or Craft, or on Shore, all Accidents, Loss and Damage whatever from Collision, Machinery, Boilers, Fuel and Steam, and Steam Navigation, or from Peril of the Seas, or of Land and Rivers, of whatever Nature or Kind soever [...]" (BDM: EML Dog Licences).

Die passasiersdienste op Mosselbaai was gerieflik in vergelyking met dié van Algoabaai (Port Elizabeth), Oos-Londen en Port Natal. In Algoabaai is aankomende passasiers tot in 1881 oor die rand van die skip geswaai en op die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

onstabiele dek van 'n kotter neergelaat. Hiermee is hulle onder seil na die strand van waar hulle deur Fingo's tot op droë grond geabba is. Na die bou van die North Jetty in 1881, is passasiers, soos in Mosselbaai, met behulp van 'n kampanjeleer en sleepbote geland (Murray 1953: 267). Die grootste ongerief moes in Oos-Londen verduur word waar daar feitlik altyd 'n groot deining was en die wind dikwels aanhoudend gewaai het. Daar was geen golfbreker nie en 'n sandbank het die ingang na die hawe in die Buffelsrivier versper. Passasiers is per ligter vervoer, maar moes vanweë die brandersee onderdeks toegegrendel word waar hulle die vaart na en van die skepe in die donker moes aflê. Dit is dus nie verbasend dat dié hawe die ongewildste aan die Kaapse kus was nie (Murray 1953: 269). Daar was ook geweldige branders buite die ingang van die Port Natalse hawe. Dit was egter die sandbank wat die grootste ongerief veroorsaak het aangesien niemand ooit geweet het of dit op die seildag begaanbaar sou wees of nie. Dit het dikwels gebeur dat passasiers vir dae opgehou is (Murray 1953: 274).

7.4 Skipbreuke en reddingspogings

7.4.1 Skipbreuke

Mosselbaai bied uitstekende skuilplek teen die gevaarlike stormsterk noordwestewinde wat gedurende die wintermaande van April tot September voorkom. Menige skipper het verkies om die beskutte waters van die baai op te soek eerder as om die verraderlike Kaap Agulhas, 192 kilometer daarvandaan, tydens so 'n storm aan te durf. Die Royal Mail Steamship Zulu het in Augustus 1876 tydens een vaart twee keer die hawe verlaat, maar weens ongunstige toestande weer teruggekeer. Die skip het eers met die derde vertrekpoging daarin geslaag om sy vaart te hervat (MBA 23.8.1876: Hoofartikel; Shipping).

Mosselbaai is egter na die suidoostekant oop en is gevolglik aan die volle krag

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van die suidoostewind blootgestel. Hierdie winde heers van September tot April en veroorsaak geweldige golwe in die baai. Tydens so 'n storm was skepe op die sterkte van hul kabels en ankers aangewese. Indien dié gehou het, kon die storm deurstaan word, maar anders is vaartuie gou op die strand gedryf indien hulle nie betyds die oopsee kon kies nie. Gelukkig woed die gevaarlike suidooster selde langer as 36 uur (Gazette 29.1.1864: Sailing). Mosselbaai was andersinds nie onveilig nie; geen moeilikheid is ondervind met seestrome en getye soos in sommige ander hawens nie (Nel 1947: 96) en mis kom selde voor. Die baai was veel beter daaraan toe as Tafelbaai waar beide die noordwestewind en die suidoostewind gevaarlike toestande geskep het (Nel 1947: 98).

In die 32 jaar tussen 1870 en 1902, het twaalf skepe in die baai vergaan. Al die skipbreuke het tydens suidoostewinde, dit wil sê seewinde, voorgekom alhoewel nie almal in die somermaande nie. Behalwe genoemde skipbreuke is drie beskadigde vaartuie wat die baai vir herstelwerk aangedoen het en daarna afgeskryf ("condemned") is, opsetlik op die strand laat dryf. Hierdie "lame ducks" was die jag Zara (22 Julie 1881), die brik Kaimon (1 Januarie 1890) en die bark Platon (1 Mei 1897).

In 1886 is nuwe haweregulasies uitgevaardig nadat daar in die tydperk tussen 1880 en 1882 vier skepe vergaan het en een opsetlik laat strand is. Aanvullende voorsorgsmaatreëls is ook getref. 'n Wit geverfde baken is op die hoogte agter Ermebaai (tans De Bakke) aangebring waar 'n rooi lig snags by stormweer vertoon is. Skepe wat van hul meertoue losgeruk het en nie daarin kon slaag om betyds na buite te vaar nie, is met behulp hiervan na die veiligste strandingsplek aan die kus gelei (MBA 16.6.1886: Port). Die lig was volgens die Mossel Bay Advertiser op die verkeerde plek aangesien die strandjie te klein was en skepe, soos die Noorse skoener Seagull juis kort vantevore, op die rotse kon loop. Die redakteur het die strand by Holgat (tans Dias-strand) waar die Rosebud in 1888 gestrand het, as 'n beter plek beskou. Die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

briefskrywer Triton het hom ondersteun en ook voorgestel dat 'n waghuisie by die voetstuk van die lig aangebring word (MBA 13.3.1894: Hoofartikel; 20.3.1894: Correspondence). Die strand by Holgat is uitgestrek en sou inderdaad veel geskikter vir die doel gewees het. Dit is egter vier kilometer van die dorp geleë en waarskynlik om dié rede as ongerieflik beskou (MBA 4.9.1888).

Daar is ook van 1886 snags twee ligte vertoon om skepe te help sodat hulle goeie ankerplek kon vind. Die bestaande rooi lig op die punt van die kaai is aangevul deur 'n groen lig op 'n wit geverfte baken op die hoogte agter die kaai. Skepe moes snags in die rede ook 'n lig vertoon. Bedags moes alle seine van die hawekantoor beantwoord en streng gehoorsaam word. Indien dit nie gedoen is nie, sou die versekeraars, Lloyd's, en die skeepseienaars daarvan verwittig word. Die Union Jack en die Red Ensign is vir seinwerk gebruik tesame met vlae wat letters van die alfabet voorgestel het. Seine wat na die weer verwys, is slegs vertoon indien ongunstige toestande verwag is (MBA 16.6.1886: Port). Die 22 meter hoë vlagpaal voor die hawekantoor is in November 1892 met 'n nuwe paal van 31 meter vervang. Vlae was nou van ver af sigbaar en het skepe se taak om die korrekte ankerplek te vind grootliks vergemaklik (MBA 2.8.1892: Brokkie; 8.11.1892: Brokkie).

7.4.2 "Rocket brigade"

In die vroeë jare was daar min wat gedoen kon word wanneer 'n storm uit die suidooste opgekom het en 'n skip die een anker na die ander verloor het. Teervate is vroegtydig op die strand geplaas sodat dit, indien nodig, na donker aan die brand gesteek kon word. Belanghebbendes het nie gaan slaap nie, maar die stormagtige nag in die biblioteek (eerste munisipale gebou) deurgebring. Dié gebou was naby die kus en het 'n goeie uitsig oor die baai gehad (GA 30.9.1869: Mossel Bay). Nadat daar in 1872 drie skepe vergaan het, is 'n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"Manby Apparatus" vir die redding van lewens aangeskaf. Korporaal Jones van die Royal Artillery het in Augustus 1873 die bemanning van die haweboot en vrywilligers in die gebruik van die reddingstoerusting kom onderrig. Daarna is hy vir dieselfde doel na Port Elizabeth, Port Alfred en Oos-Londen (MBA 13.8.1873: L&G). Die "Manby Apparatus" was nie 'n nuwe uitvindsel nie; een is reeds in 1846, na 'n reeks skipbreuke, in die Kaapstadse hawe in gebruik geneem (Laidler 1939: 271). Dié hawe was voor op die gebied van lewensredding, soos gesien kan word uit die volgende jaartalle wat die stigting van lewensreddingsdienste elders voorstel: België in 1838, Denemarke en die Verenigde State van Amerika in 1848, Swede in 1856, Frankryk in 1865, Rusland in 1872, Italië in 1879, Spanje in 1880 en Duitsland in 1885 (Kemp 1988: 481).

Die reddingstoerusting is in Engeland deur kapt. G.W. Manby ontwerp. Dit het bestaan uit 'n klein vuurpyltoestel wat op 'n houtbasis gemonteer was en in 'n stootkarretjie vervoer kon word. Nadat dit op die strand in posisie geplaas is, is 'n vuurpyl met 'n lang lyn daaraan vas na die skip geskiet. Indien die skoot suksesvol was, het die lyn op die vaartuig beland en is 'n stewige tou wat daaraan vas was, aan boord getrek en vasgemaak. Die skipbreukelinge het daarna die een na die ander in 'n hangdoek aan wal gegly. Hierdie stelsel was egter slegs van nut indien die vaartuig nie te ver van die kus was nie aangesien die trefafstand slegs 365,6 meter was. Die "Manby Apparatus" wat op Port Elizabeth gebruik is, het behoue gebly (Redgrave 1947: 212).

Die reddingstoestel is 'n jaar nadat dit bekom is, vir die eerste keer tydens die skipbreuk van die Duitse skoener Santos gebruik. Beide skote was egter mis as gevolg van 'n gebrek aan oefening. Die bemanning is gered met 'n tou wat met behulp van 'n boei na die strand laat dryf is (MBA 22.7.1874: Wreck). Die onbekwaamheid van die reddingspan was te wyte aan die hoë koste van die vuurpyle en die Mossel Bay Advertiser het die hoop uitgespreek dat die owerheid iets sou doen om gereelde oefeninge moontlik te maak (MBA 5.8.1874:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofartikel).

Die "rocket brigade" het bestaan uit die bemanning van die haweboot onder aanvoering van die hawekaptein. Na die stranding van die Duitse skoener Louise Dorothea op 30 Mei 1882, waartydens die onbeheerbare skare vir die verdrinking van drie man verantwoordelik was, soos later verduidelik sal word, het die Advertiser 'n vrywilligersbrigade voorgestaan om die bemanning van die haweboot behulpsaam te wees (MBA 31.5.1882: Seas). Van die vyftig vrywilligers wat hulle onmiddellik aangemeld het, is tien aangestel. Die reddingspan was dus nou vyftien man sterk. Die mans en die bootbemanning is elk 5 sjielings per oefening of reddingspoging betaal en die stuurman sewe sjielings en 'n sikspens. Vyftien mans is ook aangestel om sonder vergoeding as spesiale konstabels met skarebeheer behulpsaam te wees. Die nuwe brigade sou vir die eerste ses maande maandeliks oefen en daarna kwartaalliks (MBA 7.6.1882; 2.8.1882; 30.8.1892: Weather).

7.4.3 Oefeninge

Heelwat toeskouers het die oefeninge by Munrobaai bygewoon. Die gemeenskap is gewoonlik vooraf in verband met die oefeninge gewaarsku: "As this instrument makes a somewhat alarming report when fired, we have been requested to mention the fact in order that individuals possessed of sensitive nerves may keep at a respectable distance" (MBA 2.4.1879). Die ou "Manby Apparatus" is in 'n stadium deur die nuwer "Breeches Buoy"-stelsel vervang (BDM: Vertelling H.E. Bragg; MBA 30.8.1892: Weather). Dié van Port Elizabeth is in 1888 bekom (Redgrave 1947: 212) en daar kan aangeneem word dat dit ook toe aan Mosselbaai uitgereik sou gewees het. Die broekboei het van dieselfde beginsel as die ou metode gebruik gemaak behalwe dat die skipbreukeling in 'n seilbroek met reddingsgordel om die middel gehang het terwyl hy aan land gebring is (Kemp 1988: 106). In 1897 is op die grasveld tussen die doeanegebou en sir Jacob

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Barry se kothuise geoefen. Daar is onder meer met vuurpyle na 'n vlag wat in die see gedryf het, geskiet en met die broekboei gewerk (MBA 23.3.1879: Brokkie). Soms is daar nagelaat om die waarskuwing in die pers te doen en dan het van die inwoners, volgens die Advertiser altyd "members of the gentler sex", feitlik 'n toeval gekry (MBA 26.9.1899: Brokkie).

Dit was moeilik om akkuraat met die vuurpyl te skiet en dit was selde dat die eerste probeerslag getref het. Die vuurpyle het soms nie afgegaan nie of kon ook landwaarts draai nadat hulle afgeskiet is en tussen die skare beland. Laasgenoemde het die nag van 11 Maart 1894 gebeur met die stranding van die Noorse skoener Seagull. Gelukkig is niemand deur die swaar ysterbuis beseer nie. Al drie probeerslae was dié nag mis en die skipbreukelinge is uiteindelik gered nadat hulle daarin geslaag het om 'n lyn met behulp van 'n boei aan land te laat dryf (MBA 4.9.1888: Rosebud; 13.3.1894: Hoofartikel; Redgrave 1947: 220). Met die stranding van die Duitse brik Wilhelmina kon die apparaat, wat al vroeg die dag gereed gemaak is, die aand om 'n onbekende rede nie gebruik word nie (MBA 17.3.1880: Wilhelmine). Drie van die vuurpyle was met die Rosebud-redding foutief (MBA 4.9.1888: Weather). Die reddingstelsel is in 'n geboutjie, wat vir dié doel oorkant die magistraatskantoor opgerig is, geberg (MBA 22.11.1876: Municipality).

7.4.4 Redding

Wanneer gevaar gedreig het, is die reddingstoerusting gereed gemaak en is die "rocket brigade" op gereedheidsvoet geplaas. Die brigade was dikwels vir 'n hele dag of nag gereed en in die geval van die Duitse skoener Louise Dorothea vir 'n volle drie dae en drie nagte (MBA 31.5.1882: Seas). Sodra die wag gewaar het dat die skip losdrywend was, is alarm gemaak deur 'n klok te lui (MBA 30.8.1892: Weather) en het die reddingswerkers hulle onmiddellik na die strand gehaas. Die kar met die toerusting is deur muile getrek, maar by meer

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

as een geleentheid kon die drywer nie opgespoor word nie of het die muile te lank getalm. Die manne het dan self met die swaar toestel deur die dik sand geswoeg om uitgeput by die ramptoneel aan te kom. Die Mossel Bay Advertiser het na die stranding van die Seagull voorgestel dat die apparaat en soveel moontlik van die manskappe met "smart horses" na die strand vervoer moes word (MBA 30.8.1892: Weather; 13.3.1894: Hoofartikel). Toe die bark Posiedon [sic] in 1902 op die rotse gedryf is, was die muile betyds gereed, maar is die reddingsaksie vertraag deurdat die heining van die spoorweg, wat intussen langs die kus opgerig is, eers geknip moes word om toegang tot die strand te verleen (MBA 2.9.1902: Tempestuous). Wanneer dit voorgekom het of 'n skipbreuk onvermydelik was, is die reddingstoerusting soms, soos met die Louise Dorothea en die Rosebud, vroegtydig vooruit gestuur na Steenhoogte, 'n punt op die George-pad (MBA 31.5.1882: Disasters; 4.9.1888: Rosebud). Wanneer skepe snags vergaan het, en die oorgrote meerderheid het, is die brigade se taak aansienlik bemoeilik. Die nagte was gewoonlik donker en stormagtig en die span het volgens die Advertiser slegs oor 'n paar blou ligte en twee "miserable lamps" beskik. Na die stranding van die Seagull het E.S. Puckle, kaptein van die brigade, in sy verslag geskryf dat dit so donker was dat hulle hul pligte beswaarlik kon uitvoer. Dit was ook by hierdie geleentheid dat 'n vuurpyl tussen die skare beland het en groot konsternasie veroorsaak het. Dié nag was nie een skoot suksesvol nie en moes die bemanning self 'n lyn aan land kry. Redakteur Powrie het voorgestel dat teervate en droë hout asook 'n goeie voorraad blou ligte te alle tye gereed gehou moes word (MBA 13.3.1894: Hoofartikel).

Die werk van die reddingspan was nie net moeilik nie, maar ook gevaarlik. Wanneer die tou van die apparaat tussen die rotse vasgesit het, moes iemand die brandersee in om dit te probeer loskry (MBA 10.11.1880: Correspondence). By een geleentheid het 'n skipbreukeling onderweg na die strand aan die tou vasgehaak en moes van die mans die geweldige branders trotseer om hom te gaan

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die Noorse bark Galera (431 ton) lê by Danger Point nadat dit om vyfuur die oggend van 26 Augustus 1892 tydens 'n hewige storm vergaan het. Die "Rocket brigade" wat die hele nag waggehou het, moes die swaar kar met reddingstoestel self deur die diep sand na die strand dra omdat die trekmuile nie betyds opgedaag het nie. Ten spyte van hul uitgeputte toestand was die eerste skoot suksesvol en is die bemanning van elf met die broekboei gered. Kapt. Abrahamson was van Tongatabu na Marseilles onderweg en het Mosselbaai om proviand aangedoen. Die bark is gou stukkend geslaan en min van die romp het staande gebly.

Foto: Bartolomeu Dias-museum AA PBM 00109

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

losmaak. Twee opvarendes het juis kort vantevore, tydens dieselfde reddingspoging, van die tou geval en in die branding verdrink (MBA 31.5.1882: Heavy Seas). By 'n ander geleentheid was die manne vir meer as twee uur tot by die middellyf in ysige water (MBA 4.9.1888: Rosebud). Op Port Elizabeth het daar by een geleentheid ses man verdrink toe hulle 'n skipbreukeling wou help wat met die reddingstou in aantog was (Redgrave 1947: 222). Die kaptein van die Rosebud het na die stranding 'n Bybel of 'n "Scottish hymnal" as blyk van waardering aan elke lid van die "rocket brigade" geskenk. Die volgende inskripsie is in die boeke aangebring:

"In memory of the Rosebud, Schooner, driven ashore in a S.E. gale at Mossel Bay on Thursday, 30th Aug., 1888

Right bravely o'er the dancing waves
On a bright and sunny day,
Of all the sights the brightest far,
She gaily made the bay.
She anchored in the roastead calm
But ere a week was o'er
Ere her burden was unladen
She was driven on the shore.
Beaten hard by wind and wave
The brave ship tried her best,
Until upon the sandy bight
She found at last her rest.
Drooping, the beauteous Rosebud fell
By cruel winds distrest."

Een van die Bybels is tans in die Bartolomeu Dias-museum en 'n gesangboek in die besit van wyle mnr. Ernest Robertson se familie in Klein-Brakrivier. Hierdie familie besit ook verskeie baddens wat van die skoener afkomstig was

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(BDM: Vertelling H.E. Bragg).

Die nuus van 'n skeepsramp het gou versprei en het groot opwinding veroorsaak. Groot getalle mense -- met die stranding van die Lady Pryse was daar binne 'n halfuur vyfhonderd -- het op die strand vergader (MBA 10.11.1880: Odds). Mense was ook bereid om die drie uur lange tog na Vleesbaai af te lê nadat dit bekend geword het dat die Union Line se posboot Asiatic daar gestrand het. Hierdie toeskouers was "erg teleurgesteld" toe die skip later weer vlot geraak het. Redakteur Powrie het geskryf: "Thus ended the day's excitement, and strange to say many people seem dissatisfied. Whether it arises from a morbid desire to witness disasters or from disappointment that they got excited to no purpose, we cannot say" (MBA 30.4.1884: Asiatic).

By 'n skipbreuk het omtrent al die aanwesiges 'n hand bygesit om die reddingstou te help span (MBA 10.11.1880: Wreck). Die skare, veral jong mans, het met 'n "display of bravery" (MBA 10.11.1880: Odds) en bevele wat opgewonde geskreeu is die reddingstaak belemmer (MBA 13.3.1894: Hoofartikel). Die enigste keer wat 'n skipbreuk in die tydperk met lewensverlies gepaard gegaan het, is dit, soos reeds gesien, aan die gedrag van die skare toegeskryf. By dié geleentheid, die stranding van die Duitse skoener Louise Dorothea, op 30 Mei 1882, het groot verwarring geheers en was daar geen beheer oor die skare nie. Die vaartuig, wat met sy breedsy na die see gestrand het, was aan bakboord blootgestel aan die volle geweld van die reuse-branders en het gevolglik dadelik begin verbrokkel. Wrakstukke het aan land gespoel en dit was duidelik dat die romp nie lank sou hou nie. Die eerste lyn is suksesvol afgeskiet en twee matrose was aan die oorkom toe die tou skielik meegegee het en hulle in die siedende see verdwyn het. Nog 'n skoot is afgevuur, maar dit was mis. Hierna het drie opvarendes oor boord gespring en na die strand geswem waar twee in 'n uitgeputte toestand aangekom het. Die ander een is nie weer gesien nie. Die derde en laaste vuurpyl wat die span by hulle gehad het, is

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die Union Company se stoomskip Asiatic (2 066 ton) wat op 28 April 1884 in digte mis by Vleesbaai gestrand het. Op die strand kyk sowat vyftig nuuskieriges, meestal mans, hoe passasiers na die wagtende Florence verskeep word. Tydens dié reddingspoging is daar olie op die water gegooi om die brandersee tot bedaring te bring. 'n Paar vroue beskerm deur kappies en 'n sambreel, slaan die drama vanaf twee karre gade. Die vaartuig het later tot teleurstelling van die onvergenoegde groepie weer vlot geraak en die vaart is hervat. Die foto is deur die Mosselbaaise fotograaf, I.B. Gavin, geneem wat net soos die verslaggewer van die Advertiser die tog van drie uur na die ramptoneel aangepak het.

Foto: Bartolomeu Dias-museum AA PBM 00107

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

afgevuur, maar het buite bereik in die takelwerk beland. Die maste het nou begin tuimel en spoedig was slegs die boeg en agterstewe sigbaar. Midskeeps was die romp heeltemal verwoes met branders wat aanhoudend daardeur gespoel het. Die reddingspoging moes noodgedwonge op hierdie punt gestaak word terwyl nog pyle op die dorp gehaal is. Die Advertiser het die toneel soos volg beskryf:

> "When the moon shone out from behind the clouds two men could be plainly seen clinging on to the taffrail aft. The scene now was one not soon to be forgotten. The cries of the men were heart-rendering, yet each one of the vast crowd on the beach knew that for the present no assistance could be rendered, and that at any moment the part on which the men were clinging might give way."

Die agterreling het gelukkig gehou en die kaptein en stuurman het later die land veilig bereik nadat die vuurpyle opgedaag het. Volgens hulle was die wrak ontruim, maar hulpgeroep het kort daarna van die boeg opgeklink. 'n Seun is hierna veilig met die lyn aan land gebring alhoewel hy telkens deur groot branders bedek is. Die reddingspoging het 5 1/2 uur geduur. Die vyf oorlewendes het aan uitputting en blootstelling gely en is deur Hugh en Maria Mackay in die Standard Hotel gehuisves. Twee van die drie drenkelinge is in die kerkhof van die Berlynse Sendinggenootskap by die Punt begrawe. Of die derde se lyk later uitgepoel het, is nie bekend nie (MBA 31.5.1882: Heavy Seas; 7.6.1882).

Mnr. A.G. Robertson, plaaslike Lid van die Wetgewende Vergadering, het kort daarna die ramp in die Parlement geopper met die hoop dat verbeterings in die bestuur van reddingspanne teweeggebring sou kon word. Volgens hom was die skietwerk tydens die Louise Dorothea-voorval besonder akkuraat as in ag geneem is dat vuurpyle nie vir oefendoeleindes beskikbaar gestel is nie. Hy het gesê: "That there was a want of discipline, no one will deny [...] there was no

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

control over the crowd, who were ready and willing enough to lend a helping hand, but who in their eagerness to assist, caused the loss of two lives" (MBA 14.6.1882: Hoofartikel). Soos reeds hierbo gesien, is die "rocket brigade" drie maande later van owerheidsweë vergroot en is gereelde oefeninge ook ingestel.

7.4.5 Gedoemde skepe

Die skepe wat in Mosselbaai vergaan het, was meestal skoeners asook 'n paar barke en brikke. Afgesien van die bark Susan Pardew wat naby Groot-Brakrivier met 30 bemanningslede en 37 passasiers gestrand het (MBA 16.3.1887: Wreck), was daar gewoonlik net tussen agt en elf matrose aan boord. Die skipbreukelinge is goed behandel en 'n bemanningslid van die Susan Pardew het vyftien jaar later nog vertel van die goedhartigheid van die dorpslui (MBA 16.3.1887: Wreck). Geld is ook vir die passasiers van die bark ingesamel sodat hulle hul vaart kon hervat (MBA 29.5.1872: Correspondence). Twee van die bemanning, A. Ericson en F. Thoresen, het op Mosselbaai agtergebly (MBA 16.3.1887: Wreck). Laasgenoemde van kom nog in die plaaslike telefoongids voor. Die skepe was van plekke soos Rio de Janeiro, Adelaide, Kalkutta, Grimstadt, Tongatabu en Londen onderweg. Van die gedoemde vaartuie was vier Brits, vier Noors en drie Duits. Die enigste kusvaarder was die Annie Benn wat deur die Mosselbaaise hoteleienaar John Benn in Knysna gebou is (Sien Union Hotel) (MBA 20.11.1872: Gale). 'n Skoener-jag, wat as een van die beste in sy klas ter wêreld beskryf is, was die Zara wat op 'n plesiervaart van 28 800 kilometer van Londen na Fidji onderweg was. Die vaartuig het agtereenvolgens aan verskillende Britse edelmanne behoort en is dikwels deur die Prins van Wallis vir plesiervaarte gebruik. Die lekkende Zara is opsetlik op die strand gestuur (MBA 27.7.1881). Na die skipbreuke is daar gewoonlik plaaslik 'n hof van ondersoek gehou (MBA 15.5.1872: Pardew; 10.11.1880: Wreck; 27.7.1881; 4.9.1888).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die brik Philia het onder andere ysterwerk vir die bou van die Sprigg-brug oor die Klein-Brakrivier van Engeland gebring. Gelukkig was die vrag reeds ontskeep toe die vaartuig vergaan het (MBA 14.1.1880: Philia). Na 'n skipbreuk was die strand nie net dikwels met wrakstukke besaai nie, maar ook met vrag. Drie van die skepe het ladings koffie aan boord gehad. Met die stranding van die Seagull was daar nog sestig ton in die ruim en was die strand met sakke besaai. Die handelaar Friedrich Mataré, wat die strandreg bekom het, het een sjieling betaal vir elke sak wat geberg is. Met die skipbreuk van die Wilhelmina is vyfhonderd sakke uit die see gered (MBA 17.3.1880: Wilhelmina; 13.3.1894: Shipping; 20.3.1894: Notes; 26.8.1902: Shipping). Nadat die Louise Dorothea op die strand te pletter geslaan is, kon daar volgens die Advertiser vir sowat 'n 800 meter ver op sakke meel en koring geloop word (MBA 31.5.1882): Heavy Seas). Strandjuttery is as 'n ernstige misdaad beskou (MBA 8.1.1895: Waifs & Strays).

7.4.6 Veilings op die strand

Na skeepsrampe is daar altyd 'n vendusie by die wrak op die strand gehou. Die romp, maste, rondhoute en seile en alle herwinbare vrag is opgeveil. By een geleentheid is selfs ook die verlore ankers wat nog op die seebodem in die baai gelê het, verkoop (MBA 8.5.1872: Advertensie). Dit het soms gebeur dat 'n winkeladvertensie vir meubels of ander vrag wat deur 'n spesifieke skip gebring is, op dieselfde bladsy verskyn het as die advertensie vir die veiling by die wrak (MBA 18.1.1880: Philia).

Vyf van die skipbreuke in die tydperk het in die Danger Point-gebied plaasgevind, vyf naby Ermebaai, een in Munrobaai, een net anderkant Munrobaai, twee by Holgat, een vermoedelik naby Voorbaai en een by die mond van die Groot-Brakrivier. Aangesien baie van die plaaslike 19de-eeuse plekname vandag met ander vervang is of nie meer algemeen bekend is nie, word van die plekke se

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



WRECKED SCHOONER 'ROSEBUD.'

A SALE of the Cargo saved out of the "Rosebud" will be held at an early date.

THE CARGO CONSISTS OF

T. R. Rice, Rattans, Cocoanut Oil, Grain and Wool Bags, Coir Fibre, Teak Logs and Planks.

At the same time will be sold

The Rigging, Furniture, Boats, Stores, and Apparel of the said Vessel.

The Sale will be continued day by day as the Goods are landed.

To enable Up-country Buyers to come down, timely notice, when the day of Sale is fixed, will be sent by wire to the following parties:—

Messrs. C. Searle & Co.,	Great Brak River.
G. Row, Jun., Esq.,	George.
J. Cavers, Esq.,	Uniondale.
M. Lipman, Esq.,	Riversdale.
Messrs. Prince, Vintcent, & Co.,	Oudtshoorn.

PRINCE, VINTCENT, & CO.,
Agents.

Mossel Bay, Sept. 4, 1888.

Advertensie vir die veiling waarop onder meer die vrag en takelwerk van die Rosebud verkoop sou word. Van die meubels wat hier genoem word, is steeds in besit van die Robertsonfamilie van Klein-Brakrivier.

(MBA 4.9.1888)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ligging verduidelik.

Danger Point is anderkant die huidige Santosstrand naby Steenhoogte op die George-pad en sowat een kilometer uit die dorp (MBA 20.11.1872: Gale; 19.10.1887: Tragedy; 13.7.1897: Divisional).

Ermebaai is na die skoener Erme, wat in 1872 daar gestrand het, vernoem. Die naam het in onbruik geraak alhoewel dit nog op 'n munisipale kaart van 1959 (M 86: 59.419) voorkom. Die baai is naby Diepkloof (Sien Plakkery) en was sowat 25 minute se stap van die dorp (MBA 13.3.1894: Hoofartikel; 16.5.1899: Nederlandse hoofartikel). Die inham is tans as De Bakke bekend.

Die kusstrook wat vandag as Santosstrand bekend staan, is na die Duitse skoener Santos, wat in 1874 daar op die sand gedryf is, vernoem (MBA 22.7.1874: Wreck). Dié naam is vir die eerste keer deur die Advertiser in die uitgawe van 7 Augustus 1900 gebruik.

Holgat was op die George-pad en sowat 4 kilometer van die dorp by die monding van die Holgatrivier. Hierdie rivier word op 'n afdelingskaart van 1890 as sodanig aangegee. Die strand was vroeg in die huidige eeu bekend as Rosebud Beach na aanleiding van die Rosebud wat in 1888 daar skipbreuk gely het (MBA 4.9.1888). Hierdie naam het egter nooit die naam Holgat in die jare 1870 tot 1902 in die Advertiser vervang nie (MBA 13.3.1894: Hoofartikel). Van ongeveer 1920 het die strand as Pansy Beach bekend gestaan na aanleiding van die delikate skulpe met dié naam wat daar gevind kon word (Speigh 1966: 25). Vandag heet die lang sandstrook Dias-strand.

Die geweldige branders wat soms in die vorige eeu gedreig het om selfs die kaai weg te sleur, (Gazette 29.1.1864: Directions; MBA 31.5.1882: Heavy Seas), is vandag onbekend as gevolg van die beskerming wat die moderne hawehoof bied.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Volgens die Mossel Bay Advertiser was die gemeenskap se opgewondenheid tydens 'n skeepsramp daaraan toe te skryf dat dit so 'n rare gebeurtenis op Mosselbaai was (MBA 14.1.1880: Philia). Daar het inderdaad veel minder skepe in die baai vergaan as in ander koloniale hawens. In die tydperk het dit slegs een keer voorgekom dat meer as een vaartuig (Erme en Annie Benn) in dieselfde storm skipbreuk gely het (MBA 20.11.1872: Gale). In Algoabaai daarteenoor is verskeie skepe soms in dieselfde storm verwoes. Die storm van September 1869 het elf skepe geëis, dié van Augustus 1888, agt en dié van September 1902, agtien. In laasgenoemde storm alleen het daar sestig mense omgekom (Redgrave 1947: 217; 219; 221; Turner 1988: 40-41). Gedurende elk van laasgenoemde twee storms het by Mosselbaai ook 'n skip vergaan, te wete die Rosebud en die Posiedon.

7.4.7 Chronologie van gestrande vaartuie

Alle skipbreuke was sonder lewensverlies behalwe waar anders gemeld.

29.4.1872 Die Britse bark Susan Pardew (378 ton) vergaan gedurende 'n suidoosterstorm naby die mond van die Groot-Brakrivier. Die datum wat deur Malcolm Turner in Shipwrecks and salvage aangegee word, stem nie met dié van die Mossel Bay Advertiser ooreen nie (MBA 15.5.1872: Pardew; 16.3.1887: Wreck; Turner 1988: 180).

19.11.1872 Die driemas-skoener Erme vergaan tydens 'n suidoosterstorm anderkant Danger Point (MBA 20.11.1872: Gale).

20.11.1872 Die skoener Annie Benn (50 ton) vergaan tydens 'n suidoosterstorm op die strand by Danger Point. Turner se datum is 'n week uit (MBA 20.11.1872: Gale; Turner 1988: 179).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

18.7.1874 Die Duitse skoener Santos (163 ton) vergaan tydens 'n swaar suidoosterdeining anderkant Munrobaai (MBA 22.7.1874: Wreck).

11.1.1880 Die Britse brik Philia (236 ton) is deur 'n hewige suidooster op strand gedryf net anderkant Danger Point (MBA 14.1.1880: Philia).

10.3.1880 Die Duitse brik Wilhelmina (149 ton) strand tydens 'n stormsterk suidooster by Ermebaai (MBA 10.3.1880: Wreck; 31.3.1880: Advertensie). Turner se datum is 'n week uit (Turner 1988: 180).

6.11.1880 Die Britse driemas-skoener Lady Pryse (286 ton) vergaan tydens 'n suidoosterstorm naby Danger Point (MBA 10.11.1880: Wreck).

2.7.1881 Die Britse skoener-jag Zara (152 ton) is opsetlik op die strand gestuur in Munrobaai nadat die skip afgeskryf ("condemned") is (MBA 27.7.1881).

30.5.1882 Die Duitse driemas-skoener Louise Dorothea (227 ton) is deur reuse-suidoosterbranders op die strand gedryf by Danger Point. Drie verdrink (MBA 31.5.1882: Heavy Seas). Turner se datum is foutief (MBA 14.6.1882: Hoofartikel; Turner 1988: 180).

28.4.1884 Die Union Co stoomskip Asiatic (2 066 ton) strand by Vleesbaai in digte mis. Die vaartuig het later weer vlot geraak (MBA 30.4.1884: Grounding; Shipping).

30.8.1888 Die Britse driemas-skoener Rosebud (341 ton) is tydens 'n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hewige suidoosterstorm by Holgat op die strand gedryf (MBA 4.9.1888).

1.1.1890 Die beskadigde brik Kaimon (271 ton) is opsetlik by Holgat laat strand nadat dit deur die Hawarden Castle die hawe van Mosselbaai binnegesleep is. Die vaartuig was van Grimstadt na Natal onderweg (MBA 7.1.1890: Shipping; 7.1.1890; Items).

26.8.1892 Die Noorse houtbark Galera (431 ton) vergaan tydens 'n hewige storm by Danger Point (MBA 30.8.1892: Weather). Turner se datum is foutief (1988: 179).

11.3.1894 Die Noorse driemas-skoener Seagull (373 ton) strand tydens 'n suidoosterstorm by Ermebaai (MBA 13.3.1894: Hoofartikel; Shipping; Turner 1988: 180).

1.5.1897 Die Noorse bark Platon (480 ton) is opsetlik by Ermebaai laat strand nadat dit deur die SS Umhloti die hawe van Mosselbaai binnegesleep en afgeskryf ("condemned") is. Die vaartuig was van Newcastle na Port Elizabeth onderweg (MBA 6.4.1897: Dismasted; 4.5.1897: Platon).

1.9.1902 Die Noorse bark Posiedon (607 ton) is tydens 'n suidoosterstorm op die rotse gedryf in die bog van die baai naby Robbe-eiland (MBA 26.8.1902: Shipping; 2.9.1902: Tempestuous).



Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za